
JESAJA SE VERKLARING
VIR DIE KERK IN DIE TYD
VAN DIE NUWE VERBOND
Louwrens Erasmus 2017 ©

Voorblad Hettie Erasmus © Jesaja volgens Rafael

Kopiereg © by Louwrens Erasmus

Hierdie boek is gelisensieer vir eie gebruik. Indien die boek jou gehe[p het in jou verhouding met die HERE, vertel gerus jou vriende daarvan.

My lewe het in 1995 'n drastiese wending geneem na 'n nood operasie vir my blindederm. Toe ek my oë oopmaak na die operasie het die dokter my vertel dt ek baie gelukkig kan wees, aangesien hulle nie net my blindederm kon verwyder het nie, maar ook so 'n meter van my dunderm wat 'n kanker gewas gehad het. Indien hulle dit nie gevind het nie, sou ek heel moontlik binne 'n jaar van kanker gesterf het. Nie die sort van nuus wat jy verwag nie.

So ek lei aan 'n seldsame kanker bekend deesdae as NET kanker maar was vroeër as Carcinoid bekend, en indien die gewas funksioneel was het dit Carcinoid sindroom veroorsaak. Dit is by my die geval en maak dit vir myself onmoontlik om enige beroep te kan beoefen. Dit is nou al sedert 2013 die geval.

Ek glo nie iemand is gereed om op 44 jarige leeftyd te hoor dat jy gaan sterf nie. Dit het my gedwing om seker te maak dat die dag wanneer ek my oë toemaak op hierdie aarde, ek by my verlosser en saligmaker, Jesus sal wees. So al die boeke wat u hier sal vind by www.shama.org.za het ek geskryf in my soeke na dit wat vir my die sekerheid sou gee dat ek saam met Jesus, die Vader en al die gelowiges in die agste dag, die dag sonder begin en einde, sal wees.

Behalwe vir 'n klein pensioen vertrou ons dat daar wel eendag mense donasies sal skenk om ons lewens te vergemaklik, veral nadat my vrou in die tussen tyd haar eie stryd met kanker gehad het. Sy het 'n bilaterale mastektomie ondergaan, en is vandag kanker vry, maar met baie lelike operasie wonde wat dit ook onmoontlik maak om enige kuns borste te kan dra. Oor die afgelope tien jaar het ons darem al twee donasies ontvang al word die artikels en boeke teen 'n tempo van 200+ per maand afgelaai.

Indien u 'n bydrae aan ons wil maak sodat ek die nodige mediese behandeling kan ontvang om my stryd van dertig+ jare te vergemaklik, of om vir herstel werk by haar te kan doen, het ek die nodige besonderhede hieronder aangeheg en kan u dit plaaslik of internasionaal gebruik.Gebruik u foon se kamera om die QR kode te skandeer en dan vir ons 'n bydrae te maak.

My persoonlike blog is louwrense@blogspot.com.

Facebook: https://www.facebook.com/ShamaMinistries

https://buymeacoffee.com/louwrens

Website https://www.shama.org.za

# INHOUD


Jesaja se verklaring van die Kerk in die tyd van die Nuwe Verbond....7
Inleiding....7
Hoofstuk Een....11
My verstaan van liefde volgens die Bybel....14
Altyd twee om aan te dink....15
Die Bybel as riglyn....15
Jesus se maatstaf....17
Hoofstuk Twee....21
Die paradys, en hoe lyk dit volgens die profete?....21
Assirië en die Kerk in Assirië....22
"The Worship of Semiramis....22
Mother and Son Worship....22
Mother Worship....23
Hoe word ek deel van die verbond?....25
1. Besnydenis....25
2. Brood....26
3. Lam slag....26
4. Bloed van die Lam....27
5. Waar was die wet?....27
6. Op wie was dit van toepassing?....27
Egipte en die Kerk in Egipte....28
Edom en die Kerk in Edom....29
Ammon en die Kerk van Ammon....30
Moab en die Moabietiese kerk....31
Filistynse Kerk....31
Die Kerk in Jerusalem....32
Die gebied Babel....32
Hulle is vol van wat die ooste aanbied....34
Joga....34
Nou kom ons by alternatiewe medisyne....35
Akupunktuur....36
Nou gaan Jesaja aan met wat verder fout is in die Kerk....36
Hoogmoed....37
Hoofstuk Drie....39
Verwyder alle steunpilare....39
Om "COOL" te wees....40

Hoofstuk Vier....44
Wie is ‘n sieraad vir die HERE?....44
Hoofstuk Vyf....45
Die wingerd van die HERE....45
Hoofstuk Ses....49
Jesaja se gesig van die HERE en sy roeping....49
Hoofstuk Sewe....51
Ongeloof....51
Hoofstuk Agt....53
Valse leerstellings....54
Voorvader aanbidding....54
Hoofstuk Nege....56
Die koms van Jesus en Sy Koninkryk....56
Die oordeel begin....56
Vals profete, wat moet ons doen?....57
Die voorspoed teoloë....58
Hoofstuk Tien....60
Oordele oor die ware Kerk....60
Oordele oor Assur – Rooms Katolieke Kerk....61
Oordele vervolg: Terug na Israel as Kerk....63
Hoofstuk Elf....64
Aankondiging van Jesus en Sy ryk....64
Hoofstuk Twaalf....65
Wat sal ons as Sy kinders se Psalm wees....65
Hoostuk Dertien....66
Oordeel oor Babel – die goddeloses....66
Hoofstuk Veertien....68
Ons as deel van Israel....68
Die oordeel oor Israel van vandag....68
Wat van die Jode? Wat word hulle geleer en hoekom het hulle reeds hulle geleentheid gehad? ....69
Verdere oordeel oor Babel en Babel se hoof, die satan....75
Nou eers weer ‘n paar woorde oor die Roomse Kerk....75
Oordeel oor Filistea....76
Hoofstuk Vyftien....77
Oor Moab – Die “Ek en My kerk” gelowiges....77
Hoofstuk Sestien....78
Verdere oordele oor Moab – Die “Ek en My kerk” gelowiges....78
Hoofstuk Sewentien....80
Damaskus – Die afvallige Kerk....80

Hoofstuk Agtien....82
Egiptiese Christene....82
Hoofstuk Negentien....83
Die oordeel oor Egipte vervolg....83
Hoofstuk Twintig....85
Wat gebeur as ek terug draai en weer na Egipte gaan nadat ek daaruit getrek het?....85
Hoofstuk Een en twintig....87
Oordeel oor die goddeloses....87
Jesaja Twee en twintig....89
Oordeel oor Jerusalem....89
Bybelse sukses word dan gedefinieer volgens hoeveel godsaligheid ons bereik tydens ons lewe hier op aarde....91
Godsaligheid....91
Die deugde....93
Hoofstuk Drie en twintig....97
Oordeel oor Tirus en Sidon – Die voorspoed (name it, claim it and frame it) leerstellings gemeentes....97
Filistynse Kerk....97
Kom ons kyk na wat die ander profete oor die groep ook profeteer....98
Hoofstuk Vier en twintig....101
Die einde van hierdie aarde - Die sesde seël in Openbaring en Matteus 24: 29-31....101
Die wederkoms soos verklaar deur Jesus in Mattheus 24....101
Die wederkoms soos gesien deur Johannes in Openbaring....103
Hoofstuk Vyf en twintig....107
Die dood word vernietig....107
Die laaste basuin....107
Hoofstuk Ses en twintig....109
Opstanding van die dooies....109
Hoofstuk Sewe en twintig....111
Die herstel van die HERE se volk....111
Hoofstuk Agt en twintig....113
Oordeel oor die wat Jesus verwerp het toe Hy aarde toe gekom het - Die huidige Joodse geloof asook die van die Ou Verbond wat nogsteeds nie Jesus as Messias wil erken nie....113
Die Hoeksteen van die HERE....114
Hoofstuk Nege en twintig....117
Oordeel en herstel vir die HERE se kinders....117
Hoofstuk Dertig....119
Oproep om nie terug te gaan na jou vorige sondige lewe in Egipte nie....119
Wat met die wat rebelleer teen die teruggaan na Egipte sal gebeur....119
Die wat wag op die genade van die HERE se uitkoms....121

Hoostuk Een en dertig ..... 123
Verdere oordeel oor die wat terug na Egipte wou gaan ..... 123
Hoofstuk Twee en dertig ..... 124
Jesus sal in Geregtigheid heers ..... 124
Oordele oor die verleiers ..... 126
Uitstorting van die Heilige Gees op alle gelowiges ..... 127
Jesaja Drie en dertig ..... 131
Die ongelowiges word geoordeel ..... 131
Leraar of leuenaar? ..... 132
Wie sal in Jerusalem by Jesus kan woon? ..... 134
Hoofstuk Vier en dertig ..... 136
Oordeel oor al die verskillende tipes Christene ..... 136
Hoofstuk Vyf en dertig ..... 138
Die uitgesoektes sal erf wat vir hulle bestem is ..... 138

# JESAJA SE VERKLARING VAN DIE KERK IN DIE TYD VAN DIE NUWE VERBOND

## INLEIDING

Ons almal ken gedeeltes van die boek baie goed. Daar is gedeeltes wat ons altyd met Kersfees lees en gedeeltes wat met Nagmaal gelees word en dan is daar ook gedeeltes wat gelees word wanneer ’n nuwe dominee of pastoor in ’n gemeente bevestig word. Maar wat van die res van die boek?

Ek wil hier heel aan die begin ‘n gedeelte aanhaal uit 1 Korintiërs 10, waar Paulus vir die gemeente in Korinte skryf waaroor die Ou Verbond en Israel se geskiedenis so volledig vir ons opgeteken is. Hy wil dat hulle, en dus ons, moet let op hoe die HERE teen Israel opgetree het, en ons dit as ‘n riglyn sal gebruik in ons lewe vandag. *"Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit ‘n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.* ***Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn. En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie.*** *En wees ook nie afgodedienaars soos sommige van hulle was nie, soos geskrywe is: Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel.* ***En laat ons nie hoereer soos sommige van hulle gehoereer het nie, en daar het op een dag drie en twintig duisend geval.*** *En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekom. En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom.* ***Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.*** *Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. Geen versoeking het julle aangegryp behalwe ‘n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra. Daarom, my geliefdes, vlug vir die afgodediens. Ek spreek soos met verstandige mense; oordeel self wat ek sê:* ***die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood. Let op Israel na die vlees: het die wat die offers eet, nie gemeenskap met die altaar nie? Wat sê ek dan? Dat ‘n afgod iets is, of dat ‘n afgodsoffer iets is? Nee, maar dat die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê dat julle met die duiwels gemeenskap moet hou nie. Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die duiwels nie.*** *Of wil ons die ywer van die Here opwek? Is ons miskien sterker as Hy?* " (1 Kor 10:1-22)

So ons kan vandag elke vraagstuk wat ons het, gaan naspeur oor hoe die HERE dit met Israel verwerk het, en dan weet ons hoe Hy teenoor ons gaan optree. Hoekom kan ons seker wees dat Hy dieselfde gaan optree? *“Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na.* ***Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Moenie rondgeslinger word deur allerhande en vreemde leringe nie; want dit is goed dat die hart versterk word deur genade, nie deur voedsel nie, waarvan die wat daarin gewandel het, geen voordeel gehad het nie.”*** (Heb 13:7-9)

So dit leer ons dat die HERE nie anders teenoor ons gaan optree nie, en dat ons kan kyk na ons voorgangers in die geloof, mense soos Moses, Dawid en al die profete, en dan sal ons daaruit kan leer hoe Hy vandag teenoor ons gaan optree. Ek wil net hier in die begin noem dat indien jy

glo dat Israel fisies nog weer tot bekering moet kom voor die einde van die eindtyd, so jy glo in futurisme en die wegraping, jy nie veel gaan baat vind by wat ek hier skryf nie. Die groot rede is dat jy alreeds 'n leuen glo, en indien jy 'n leuen glo, dit half onmoontlik is om jou te oortuig van iets anders, want dan gaan jy sit met wat genoem word, geestelike of kognitiewe dissonansie. Kognitiewe dissonansie is wanneer gelowiges in die kerk hulle op sogenaamde "objektiewe kennis" van norme (in die Bybel en in die kerklike tradisie) beroep, maar die realiteite van die lewe bots met hierdie afgeleide rasionele norme. Hierdie verskynsel kan besonder kompleks van aard wees. Dit is omdat mense hulle in kommunikatiewe interaksie met ander mense binne dieselfde sosiale kontekste bevind. Hierdie interaksie word insingewend wanneer die kennisname van mekaar gegrond word in 'n dinamiek wat mense laat saam voel of van mekaar wegstoot.

Soos genoem indien jy glo dat fisiese Israel herstel moet word, stel ek voor dat jy eers my boek oor die verbond van geregtigheid lees voordat jy hier aangaan om te sien hoekom ek so kan sê, en dalk ook op my bediening se webtuiste kyk na my skrywe oor die verskil tussen Israel en Kerk. Ek kan net noem dat die woord wat gebruik word in die oorspronklike Hebreeus in Eksodus 12 vers 47 vir vergadering *"Die hele vergadering van Israel moet dit hou."*, as volg deur Strongs gedefinieër word:

"**The KJV translates Strong's H5712 in the following manner:**

congregation (124x), company (13x), assembly (9x), multitude (1x), people (1x), swarm (1x)."

Wanneer ons na die King James Version kyk sien ons dat daar na Israel as gemeente meer as 350 keer verwys word in die Ou Verbond. Dit maak ook die deur oop vir ons as heidene om deel te word van die verbond wat die HERE met Israel as gemeente gesluit het, waar Hy vir Moses sê: *"Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. Maar omdat die HERE julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het die HERE julle met 'n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis, uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos. Jy moet dan weet dat die HERE jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom lief het en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte. Maar aan die wat Hom haat, aan elkeen persoonlik, vergeld Hy dit, om hom te vernietig; Hy sal met sy hater nie versuim nie, hom persoonlik sal Hy dit vergelde."* (Deu 7:7-10)

So soos ons hier kan sien behoort die woord eintlik as gemeente vertaal te word, wat daarop wys dat Israel as gemeente die HERE gedien het, en nie as volk nie. Hierdie is die eerste keer in my lewe as skrywer wat ek nodig gehad het om na die oorspronklike teks te verwys aangesien dit nie 100% reg vertaal is in die Ou Vertaling nie. Die woord volk word nêrens gebruik nie, so dit kan dus nie aan Israel as volk gerig wees nie.

So ek verkondig nie vervangingsteologie soos mense dit noem nie, maar dat Israel as Kerk onder die Ou Verbond bekend was, en ons as Kerk in die Nuwe Verbond lewe. So ons is net 'n voortsetting van die Kerk van die Ou Verbond, aangesien Jesus klaar gekom het en as volledige offer aanvaar is in die Hemelse Tabernakel by die Vader.

Ek kan net hier byvoeg dat byna 100% van alle Kerkgenootskappe hulle leerstellings bou op wat net in die Nuwe Verbond opgeteken is, en die Ou Verbond by die venster uitgooi. Daarmee saam al die woorde van die profete wat lig werp op hoe ons vandag nogsteeds kan kyk na die Ou Verbondskerk en dit vandag toepas. So is dit dan dat ek met net een aanhaling Calvyn se hele leerstelling kan betwis en bewys dat hy verkeerd is. Sy aantygings dat die HERE reeds besluit het wie gered sal word, dat babas die sonde van hulle vaders sal dra en dat indien jy eenkeer gered is jy altyd gered is word deur Esegiël heeltemal as vals bewys. *"Maar julle sê: Waarom dra die seun nie saam die ongeregtigheid van die vader nie? Maar die seun het reg en geregtigheid gedoen en al my insettinge onderhou en dit volbring—hy sal sekerlik lewe!* ***Die siel wat sondig, dié moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra***

***nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie; die geregtigheid van die regverdige sal op hom wees, en die goddeloosheid van die goddelose sal op hom wees. Maar as die goddelose hom bekeer van al sy sondes wat hy gedoen het, en al my insettinge onderhou en reg en geregtigheid doen, sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie. Al sy oortredinge wat hy begaan het, sal hom nie toegereken word nie; deur sy geregtigheid wat hy gedoen het, sal hy lewe. Het Ek dan miskien 'n behae in die dood van die goddelose? spreek die Here HERE. Nie liewer daarin dat hy hom bekeer van sy weë en lewe nie? Maar as die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen en handel volgens al die gruwels wat die goddelose doen—sal hy lewe? Aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie; om sy troubreuk wat hy begaan het, en om sy sonde wat hy gedoen het, om hulle ontwil sal hy sterwe.*** *Tog sê julle: Die weg van die Here is nie reg nie. Hoor tog, o huis van Israel! Is my weg nie reg nie? Is júlle weë nie onreg nie? As die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen, dan sterf hy ten gevolge daarvan; deur sy onreg wat hy gedoen het, sterf hy. En as die goddelose hom bekeer van sy goddeloosheid wat hy gedoen het, en reg en geregtigheid doen—hy sal sy siel in die lewe behou; hy het dit ingesien en hom bekeer van al sy oortredinge wat hy begaan het; hy sal sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie. Tog sê die huis van Israel: Die weg van die Here is nie reg nie. Is my weë nie reg nie, o huis van Israel? Is júlle weë nie onreg nie?* ***Daarom sal Ek julle oordeel, o huis van Israel, elkeen volgens sy weë, spreek die Here HERE. Bekeer julle en wend julle af van al julle oortredinge, sodat dit nie 'n struikelblok tot ongeregtigheid vir julle mag wees nie. Werp al julle oortredinge waardeur julle oortree het, van julle af weg en maak vir julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees; want waarom wil julle sterwe, o huis van Israel? Want Ek het geen behae in die dood van hom wat sterwe nie, spreek die Here HERE. Bekeer julle dan en lewe.***" (Esg 18:19-32)

Ek weet dat mense dadelik gaan opspring en sê ons lewe nie meer onder die Ou Verbond nie so die gedeelte is dus nie meer van toepassing nie, maar tog sê Paulus die teendeel. Dit word ook bevestig weer deur hom in Handelinge 17: *"Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan. En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka;* ***hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was.*** *Baie van hulle het dan ook gelowig geword, en van die aansienlike Grieke 'n groot aantal, vroue en manne."* (Hnd 17:10-12) Watter skrifte kon hulle ondersoek? Net die Ou Verbond, want hulle was besig om nog die boeke van die Nuwe Verbond te lewe en te skryf.

Dit is waarom ek vroeër verwys het na my artikel oor die Jode en die Kerk, om te bewys dat die eerste Kerk die Jode was, en ons net 'n beter offer vir sonde het as hulle. Ons het die Lam wat deur die Vader gestuur is, en hulle moes 'n fisiese lam vat om te offer, en dit is die enigste verskil. Lees gerus deur die Hebreërs boek om te sien waaroor die verskille gaan. *"Want as daardie eerste een onberispelik was, sou daar nie plek vir 'n tweede gesoek word nie. Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here,* ***dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring, nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here. Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken die Here nie; want almal sal My ken, klein en groot onder hulle. Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie. As Hy sê 'n nuwe verbond, het Hy die eerste oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning.****"* (Heb 8:7-13) So het die Ou Verbond wat met diere as offer plaasgevind verdwyn, want ons het nou 'n verbond met Jesus as Offerlam.

In my studies van die Bybel het ek gevind dat baie gemeentes sal sê dat slegs dit wat herhaal word in die Nuwe Verbond vandag van krag is, alhoewel ek net die teenoorgestelde vind in

Jesus en Paulus se predeking. Die Nuwe Verbond het geen nuwe leerstellings gebring nie, maar net bevestig wat in Moses en die profete staan. Dit is ook hoe Jesus daarna verwys het in die gelykenis van die ryk man en Lazarus: *"En hy sê: Ek bid u dan, vader, om hom na my vader se huis te stuur— want ek het vyf broers—om hulle dringend te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging kom nie. Toe sê Abraham vir hom:* ***Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister.*** *Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer. Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie,* ***al sou iemand ook uit die dode opstaan****."* (Luk 16:27-31) **Hier sien ons dat hulle selfs nie sal glo indien iemand uit die dood opstaan nie, presies dit wat ons vandag nog by die Joodse geloof vind.**

Ek het baie jare terug begin en as deel van my boek, Aan hom wat oorwin, 'n laaste hoofstuk ingesluit wat oor Jesaja hooftukke 1 tot 10 handel. Ek het die gedeelte afgesluit met die volgende woorde: "*Ek gaan hier eers ophou, totdat ek weer reg is om verder met die oefening te gaan. Ek glo dat dit nog een of ander tyd hierdie jaar sal wees, maar wie weet, dalk is dit eers oor vyf jaar, of dalk glad nie. Ek weet net dat ek nou eers moet ophou, so dit is wat ek doen. Seën vir u op u paadjie vorentoe in die lewe."*

Dit was toe tien jaar gelede, en nou gaan ek eers voort. Al wat ek weet is dat ek baie geleer het gedurende die tyd, en dat ek die gedeelte net as basis vir gebruik het in hierdie boek.

## HOOFSTUK EEN

Nou kan ons begin met hoofstuk een van Jesaja. Die hoofstuk begin sommer met ’n oordeel oor Israel, of soos ons dit eerder ken vandag, as die Kerk, met ander woorde almal wat deel is van die HERE se volk, deel van Sy verbond, maak nie saak aan watter groepering jy behoort nie. Jesaja beskryf hier wat is alles fout. Hierdie hele gedeelte is van toepassing op alle Christene van vandag, gister en môre.

*“Hoor, o hemele, en luister, o aarde, want die HERE spreek: Ek het kinders grootgemaak en verhoog, maar húlle het teen My oortree.* ***‘n Os ken sy besitter en ‘n esel die krip van sy eienaar, maar Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie.*** *Wee die sondige nasie, die volk swaar van skuld, die geslag van kwaaddoeners, die kinders wat verderflik handel! Hulle het die HERE verlaat, die Heilige van Israel verag, hulle het agtertoe weggedraai. Waar wil julle nog geslaan word, dat julle voortgaan met af te wyk? Die hele hoof is siek, en die hele hart is krank. Van die voetsool af tot die hoof toe is daar geen heel plek aan nie, maar wonde en kwesplekke en vars houe! Hulle is nie uitgedruk of verbind of met olie versag nie. Julle land is ‘n wildernis, julle stede is met vuur verbrand, vreemdes verteer julle landerye in jul teenwoordigheid, en dit is ‘n wildernis soos by ‘n omkering deur vreemdes. En die dogter van Sion het oorgebly soos ‘n skermpie in ‘n wingerd, soos ‘n slaapplekkie in ‘n komkommertuin, soos ‘n beleërde stad. As die HERE van die leërskare vir ons nie ‘n klein oorblyfsel oorgelaat het nie—soos Sodom sou ons geword het, ons sou net soos Gomorra gewees het. Hoor die woord van die HERE, owerstes van Sodom! Luister na die wet van onse God, volk van Gomorra!* ***Wat het Ek aan die menigte van julle slagoffers? sê die HERE. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers; en Ek het geen behae in die bloed van stiere of lammers of bokke nie. As julle kom om voor my aangesig te verskyn, wie het dit van julle hand geëis—om my voorhowe te vertrap? Bring nie meer skynheilige offergawes nie; gruwelike reukwerk is dit vir My. Nuwemane en sabbatte, die uitroep van samekomste—Ek verdra geen ongeregtigheid en feestyd nie! Julle nuwemane en julle feestye haat my siel; hulle is My ‘n oorlas. Ek is moeg om dit te dra. En as julle jul hande uitbrei, bedek Ek my oë vir julle; ook as julle die gebed vermenigvuldig, luister Ek nie: julle hande is vol bloed.*** *”* (Isa 1:2-15)

Nogal ernstige woorde hier. Ons probeer almal altyd so mooi optree, gebedskettings maak en bid vir mekaar, onsself te offer vir die HERE, om te doen net wat ons glo Hy wil hê ons moet doen, na die dienste toe gaan met elke geleentheid, dae van verootmoediging aankondig, maar Hy sê Hy verdra dit nie, ons is ‘n oorlas vir Hom. Ons hande is vol bloed, want ons doen nie wat ons moet doen nie. Ons is deur Hom gekastei, van ons voetsole tot ons hoof is daar geen heel plek soos Hy ons slaan om ons op die regte pad te kry, maar ons luister nie.

Ek dink terug aan vroeër vanjaar toe daar ‘n beroep gedoen is op alle Christene in Suid Afrika om ‘n dag van ootmoediging by te woon in Bloemfontein op 22 April 2017. Afhangende na wie jy luister, was daar tussen 300,000 en ‘n miljoen mense daar om te vra dat die HERE ons lot as Christene sal verander in Suid Afrika. Maar, nou kyk ek na die gedeelte hierbo, en nou wonder ek maar net of iemand ooit self ondersoek gedoen het voor hulle daar was. Hoeveel bloed was daar aan die hande van die mense? En die HERE sê hier sommer vroeg in Jesaja dat dit ‘n oorlas is vir Hom wanneer ons dit doen. Hy gaan verder en sê dat wanneer ons die gebed vermenigvuldig, so ons rig gebedsgroepe op, luister Hy nie na ons nie.

Hoekom nie? Want dit het nie vooraf gegaan met belydenis van dit wat ons verkeerd gedoen het nie, en nog steeds doen. Ons hande is vol bloed.

‘n Baie interessante gedeelte wat jesaja ook hieruitlig as dat Hy oor die tye, soos van Jesaja se dae, Elia se dae, na Paulus se dae, altyd ‘n oorblyfsel uithou wat Hy weer gebruik om die mense na Hom te lei. Dit is ook so ‘n oorblyfsel waarvan Paulus geskryf het in sy brief aan die Kerk in Rome, dat Hy weereens ‘n oorblyfsel gehad het wat regverdig was voor Hom om Sy woord weer verder te dra.

Dan volg die gedeelte oor wat ons moet doen. Vers 16 en 17 *"Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor my oë weg, hou op om kwaad te doen, leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee."* So ons almal kry die geleentheid om ons lewe te verander en dit beteken om by 'n doen Christenskap uit te kom, 'n lewe waar ek begin om liefde aan my naaste te bewys. Johannes stel dit soos volg in 1 Johannes 4 : *"20 As iemand sê: Ek het God lief—en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie? En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê."* U sien die Vader het Sy beste, Sy enigste vir ons gegee sonder dat ons dit verdien het of daarvoor gevra het. En dit is wat die HERE van ons verwag, om onsself vir ons medemens te gee sonder dat hy dit verdien of vra. So ek moenie wag tot ek gevra word om mense te help nie, ek moet hulle gaan uitsoek en vir hulle help, al dink ek hulle verdien dit nie, of al het hulle nie gevra nie. Hierdie is die sleutel tot Christenskap. Ek moenie rondloop en vir mense vertel hoe die HERE my seën nie, nee ek moet dit wat ek van die HERE kry aanwend om ander te help.

Ek wil graag hier 'n gedeelte insit wat ek gedurende die tyd wat almal in Bloemfontein saamgekom het om te bid vir ons land die volgende op 'n Chritelike forum gedeel het.

"Ek is bly jy kon gaan en dit beleef. Maar, en dit is 'n groot maar, wanneer ek na die Bybel kyk tel ek 'n paar probleme op. Israel het ook telkemale uitgeroep na die HERE, maar die HERE het meeste kere met antwoorde gekom wat vir ons dalk snaaks is. Jeremia het nogal daarin gespesialiseer want gedurende sy tyd het Israel ook ervaar wat ons vandag aanvaar. Hulle is beleër, en toe nog later weg gevoer na Babel toe. Maar Jeremia gee vir die volk ander antwoorde as wat ons sal verwag.

*"So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Maak julle weë en julle handelinge goed, dat Ek julle kan laat woon in hierdie plek. Vertrou nie op bedrieglike woorde nie—wat sê: Die HERE se tempel, die HERE se tempel, die HERE se tempel is dit! Maar as julle jul weë en julle handelinge waarlik goed maak, as julle waarlik reg doen onder mekaar; vreemdeling, wees en weduwee nie verdruk nie en geen onskuldige bloed in hierdie plek vergiet nie en agter ander gode nie aan loop tot julle eie skade nie— dan sal Ek julle laat woon in hierdie plek, in die land wat Ek aan julle vaders gegee het, van eeu tot eeu. Kyk, julle vertrou op bedrieglike woorde wat nie baat nie."* (Jer 7:3-8)

*"So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Voeg julle brandoffers by julle slagoffers en eet vleis. Want Ek het met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, nie gespreek nie en hulle geen bevel gegee in verband met brandoffer of slagoffer nie. Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik: Luister na my stem, dan sal Ek vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees; en wandel net in die weg wat Ek julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan. Maar hulle het nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar gewandel in wat hulle in die verharding van hul bose hart beraadslaag het, en hulle het agteruitgegaan en nie vooruit nie. Van die dag af dat julle vaders uit Egipteland uitgetrek het tot vandag toe het Ek na julle al my knegte, die profete, gestuur, daagliks, vroeg en laat; maar hulle het na My nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar hul nek verhard; hulle het dit erger gemaak as hul vaders."* (Jer 7:21-26)

Miga stel dit weer anders: *"Waarmee sal ek die HERE tegemoetgaan en my buig voor die hoë God? Sal ek Hom tegemoetgaan met brandoffers, met jaaroud kalwers? Sal die HERE 'n welbehae hê in duisende ramme en tien duisende strome van olie? Sal ek my eersgeborene gee vir my oortreding, die vrug van my liggaam vir die sonde van my siel? Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die HERE van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?"* (Mig 6:6-8)

Jesaja het ook die volk geantwoord op hulle probleme. *"Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes. Wel soek hulle My dag vir dag en het 'n behae in die kennis van my weë! Soos 'n nasie wat geregtigheid doen en die reg van sy God nie verlaat nie, vra hulle My na die*

*regverdige verordeninge; hulle het 'n behae in die toenadering tot God. Waarom vas ons, en U sien dit nie? Waarom kwel ons ons siel, en U weet dit nie? —Kyk, op die dag as julle vas, soek julle geleentheid om sake te doen, en julle jaag al jul arbeiders aan. Kyk, om te twis en te kyf, vas julle, en om te slaan met misdadige vuis; julle vas nie nou om julle stem in die hoogte te laat hoor nie. Is dít die vas wat Ek verkies, die dag as die mens sy siel gaan kwel: dat hy sy hoof buig soos 'n biesie en sak en as uitsprei om sy bed te wees? Noem jy dit vas en 'n dag wat die HERE welgevallig is? Is dít nie die vas wat Ek verkies nie: dat julle losmaak die bande van goddeloosheid, dat julle afhaal die stroppe van die juk en vry laat weggaan die verdruktes en elke juk stukkend breek? Is dit nie dat jy jou brood breek vir hom wat honger het, en ellendiges, swerwelinge in die huis inbring nie? As jy iemand sien wat naak is, dat jy hom klee, en jou vir jou eie vlees nie verberg nie? Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlikheid van die HERE jou agterhoede wees. Dan sal jy roep, en die HERE sal antwoord; jy sal skreeu om hulp, en Hy sal sê: Hier is Ek! As jy van jou verwyder die verdrukking, die uitsteek van die vinger en die leuenagtige woord, en jou siel laat uitgaan na die hongerige, en die neergeboë siel versadig; dan sal jou lig opgaan in die duisternis en jou donkerheid wees soos die middag. En die HERE sal jou gedurigdeur lei en jou siel versadig in dor plekke en jou gebeente sterk maak; en jy sal wees soos 'n tuin wat goed besproei is en soos 'n fontein van waters waarvan die water nooit teleurstel nie. En die wat uit jou voortkom, sal die ou puinhope bou; die fondamente van vorige geslagte sal jy oprig, en jy sal genoem word: Herbouer van gebreekte mure, hersteller van paaie, om bewoonbaar te maak. As jy jou voet terughou van die sabbat—om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die HERE, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die HERE het dit gespreek."* (Jes 58:1-14)

Dit is my "kort" antwoord." Aangesien ek dit nou as deel van die boek gebruik, het ek die gedeeltes hier ingesluit wat ek net na verwys het in my oorspronklike reaksie op die forum. Ek het albei gedeeltes ingesit sodat dit 'n eenheid kan vorm met die res van die verduideliking van die boek van Jesaja. Dit volg later as deel van die bespreking oor die liefde wat Jesaja ook hier aanspreek.

Nou gaan Jesaja verder; *"Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet. Maar as julle weier en wederstrewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek."*(Isa 1:18-20) Dit is die gedeelte wat ons almal ken, maar dit beteken ek moet erken dat ek verkeerd optree, en dan sal Hy my vergewe. Indien nie, sal Sy swaard, die Bybel, ons veroordeel en, verder, is daar sommer met die intrap slag 'n woord wat min mense wil glo. Vers 21 ***"Ag, hoe het die getroue vesting 'n hoer geword! Dit was vol reg, geregtigheid het daarin vernag—en nou moordenaars!"*** Nou wonder ons nog waar die hoer van Openbaring vandaan kom. Hier word dit vir ons uitgespel, dat indien ek my nie aan die HERE onderwerp nie en aangaan met my lewe waar ek nie omgee vir my mede gelowige nie, is ek deel van die hoer. As ek aanhou met my vorm godsdiens, is dit wat my lot gaan wees, deel van die hoer. Ek wil graag vra dat jy deur die boek van Amos sal werk om te sien wat die HERE van my gedrag en optrede as vorm Christen dink. Een gedeelte wat ek kry in Amos wat baie mense omkrap wanneer ek hulle sang bevraagteken wanneer hulle hul nagklub vertonings as "worship" uitmaak, kom uit Amos 5: *"Is die dag van die HERE nie duisternis en geen lig nie, ja, donkerheid sonder 'n ligstraal? Ek haat, Ek versmaad julle feeste en het geen welgevalle aan julle feestye nie. Want al bring julle vir My brandoffers saam met julle spysoffers, Ek het daar geen welbehae in nie, en die dankoffer van julle vetgemaakte kalwers sien Ek nie met welgevalle aan nie.* ***Verwyder van My die geraas van jou liedere! En na die geluid van jou harpe wil Ek nie luister nie."*** (Amo 5:20-23) Baie sekulêre sangers en groepe kan nie eers sulke optredes bekostig of saamstel nie, maar "ons" doen dit mos vir die HERE.

Ons vind ook in Openbaring dat die hoer met al die konings van die wêreld gehoereer het. So is dit dan dat ons in elke groepering van Christene mense gaan kry wat deel is van die hoer. Die hoer en die antichris is nie goed en mense of owerhede wat nog moet kom nie, maar is vandag aktief besig binne elke groepering. Ons sal hulle vind van die Roomse Kerk tot in die nuutste vernuwingsgemeentes. Nie een groep se mense sal almal gered word nie aangesien Paulus ook aan die Galasiërs skryf dat elkeen sy eie pak sal dra. So daar is geen blanko uitnodiging aan 'n spesifieke groepering nie, maar slegs individieë sal gered word.

Nou kan ons verder gaan oor die liefde. Nou wil ek eers 'n vraag vra. Is dit die gemeente se plig om vir die weduwee en wese te sorg? Wat sê Jesaja daarvan. *"Jou vorste is opstandelinge en metgeselle van diewe; elkeen van hulle het omkoopgeskenke lief en jaag beloninge na. Aan die wees doen hulle geen reg nie, en die saak van die weduwee kom nie voor hulle nie."* (Isa 1:23) Hoeveel keer het ek dit nie self in gemeentes ondervind nie. Sodra jy in 'n leierskap posisie kom, word daar vir jou gesorg as leier, maar dan moet jy ook weet waar jou vleisie of jou kar of jou geld aan die einde van die maand vandaan kom. Nou sal jy maak soos hulle wil en nie meer soos die HERE wil nie, want hulle is die gesiene lede van die gemeenskap en gemeente. As hulle sê spring, dan moet jy spring. Maar die oomblik wat jy nie doen soos hulle wil nie, dan gaan jou gemeente ten gronde. So, die leiers moet optree soos die gemeente wil hê dat hulle optree. En dit is verseker nie om na die weduwee en wees om te sien nie, want die gebou moet betaal word, die leraars moet betaal word, ens. En dan moet die boodskap van so 'n aard wees dat jy tog net nie verkeerde optrede uitwys nie, want dan is almal kwaad en word jou gemeente al hoe kleiner, en die ou wat net voorspoed en "goeie" boodskappe gee se gemeente brei net uit. Niemand wil uitvind dat daar by hulle ook fout is nie, want ons word mos volmaak gebore sonder dat ons 'n verlosser nodig het.

Ek het vroeër 'n gedeelte gekwoteer uit wat ek op die Christelike forum geplaas het oor die dag wat almal moes gaan om te bid. Ek het ook twee skakels aangelas wat mense kon gaan lees om te sien wat die HERE regtig van ons verwag. En dit is waarvan Jesaja ook hier praat, namens die weduwee en wese. So die gedeeltes wat ek na verwys het, was as volg:

## MY VERSTAAN VAN LIEFDE VOLGENS DIE BYBEL

Ek wil vandag oor iets skryf wat ek maar min oor praat. Iets wat ontsettend baie na aan my hart is, maar wat ek nog altyd maar huiwerig was om oor te skryf.

Ek kry sovele mense wat nie kan glo dat ek kanker het nie, want ek tree nie altyd op soos een wat kanker het nie. Of hulle kan nie verstaan dat ek maar net kan aangaan met my lewe nie. Partykeer kry ek die gevoel dat baie mense dink dat ek in ontkenning lewe, of dat ek dalk glad nie so ernstig siek is as wat ek dit dalk vir hulle beskryf nie.

Nou kom ons by dit wat ek graag vandag oor wil skryf.

Daar is basies vir my twee redes waaroor ek so leef soos wat ek leef en my optrede bepaal. Ek moet erken dat daar van die goed is wat ek nie altyd oor gelukkig voel nie, maar dit is wanneer ek maar toegee dat dit wat binne my is laat kop uitsteek of sommer net in goeie ou boeretaal, laat ontplof. Of in gewone taal ek net my top blaas. So dit is maar die mees algemeenste rede hoekom ek dalk probeer om nie betrokke te raak by omstandighede wat my omkrap nie, want ek weet nooit wanneer die gebeure my gaan bring by die punt waar ek net genoeg gehad het en alles wat ek mee opgekrop loop het, kop uitsteek. Dit is so dat dit nie vir my of die persone om my 'n goeie ondervinding is nie, want ek sê baie goed wat mense dalk nie sal dink is woorde wat hulle met my sal vereenselwig nie. Ek het al, en partykeer sukkel ek nogsteeds om dit nie te doen nie, mense aangevat het wat doen wat vir my as Christen net onaanvaarbaar is. Hettie weet maar al te goed van die kant want sy is die een wat my tot bedaring kry, en partykeer voel ek nie lus om af te sien daarvan nie. Soos wanneer ek kommentaar sal lewer op 'n koerant berig en dan skielik uitvind dat daar mense opkom op my lys van mense wat ek as vriende kan

bysit op my Facebook rekening wat ek nog nooit iets mee te doen gehad het nie, en ek maar net weereens besef dat in vandag se dae jy maar baie versigtig moet wees oor wat jy sê.

'n Goeie voorbeeld wat wel die regte uitwerking gehad het was baie jare gelede, vroeg 2002, toe die program Uit en Tuis nog op 'n Vrydagaand op TV2 uitgesaai is. In die een program het die regisseur haar eie new age denke volgens my net te vêr gevat en het ek hulle aangekla by die Broadcasting and Complaints Commission of South Africa (BCCSA) en gesê dat die program mense verlei omdat hulle dink dit is 'n gesins program, maar eintlik probeer hulle soveel as moontlik mense te kry om te dink new age is niks nie, so dit kwalifiseer as 'n godsdiens program. Die standpunt het toe al 'n geruime tyd op die program kop uitgesteek. Gelukkig het hulle saam met my gestem en is die program na 'n Sondag geskuif omrede dit eerder as 'n godsdiens program gesien moes word as gesinsvermaak. So baie mense sal sê ek is 'n ou korrelkop, maar vir my is daar geen grys areas nie. Net soos Jesus sê ek maar: *"En Johannes het geantwoord en gesê: Meester, ons het iemand gesien wat in u Naam die duiwels uitdryf; en ons het hom belet, omdat hy U nie saam met ons volg nie. Maar Jesus sê vir hom: Moet hom nie belet nie, want wie nie teen ons is nie, is vir ons."* (Luk 9:49-50) So ek sal nie sommer teen iemand optree nie, maar dan moet dit nie ten koste van die regte verduideliking wees nie.

## ALTYD TWEE OM AAN TE DINK.

Eerstens leef ek nie vir myself nie, maar vir Hettie. Daar is geen lewe sonder haar op aarde vir my nie. Sy is die een wat daar is vir my, maak nie saak hoe ek voel nie. Deur dik en dun altyd daar. Sy is die een wat my nog altyd tot bedaring kan kry, en net sonder dat ek om vergifnis te vra, te vergewe. En dit is waarom ek kan veg want met my siekte is dit dalk makliker om op te gee en die siekte die oorhand oor my te laat kry, maar ek kan nie die lewe indink sonder haar nie, of dat sy sonder my moet aangaan nie.

Ons is al 45 jaar getroud en is een van die mooi dae al 48 jaar bymekaar, en was daar van my kant af en sover ek van haar kant af weet, nog nooit eers 'n gedagte om die een sonder die ander een te lewe nie. Ja, daar was tye wat dit nie altyd maklik was nie, en dan was dit maar my skuld, maar die Bybel beveel my dat die man sy vrou sal lief hê. Dit is nooit net 'n gevoel nie, maar 'n opdrag van die HERE om jou vrou lief te hê. En dan sal die HERE jou verhouding seën. Dan sal hy jou koester en beskerm in alle situasies. Dan kan jy ten spyte van dit wat die vyand probeer, en glo my hy is baie kwaad en probeer baie hard, nog doen wat verliefdes doen en hand aan hand elke dag rondloop, al is daar tye waar ek net in staat is om na my blomme te gaan kyk wat sy baie keer voor moet sorg. Dan kan ek stilletjies uitglip by die deur agter en vir haar 'n roos gaan pluk om net vir haar te wys ek is nogsteeds lief vir haar. Mense moet ook onthou op ons ou dorpie is daar verseker niemand wat vir jou 'n ruiker kan opmaak en stuur nie, want daar bestaan nie 'n mark daarvoor nie, en verseker dus ook nie 'n aanvraag daarvoor nie. Om blomme by ons te kry maak die vervoerkoste dit net nie lonend nie. So 'n enkele roos, of 'n tros blomme is al wat ons vir mekaar kan gee. En dan gebeur dit ook dat ons die blomme aan die plant laat bly, veral as jy sien dat 'n nuwe loot by een van jou rose tot 9 knoppe uitsteek en ons weet dat om dit aan te los, dit vir ons sommer 'n week of twee sal hou, en jy elke dag 'n ruiker vir die ander een kan gee. Al is dit dieselfde tros blomme aan dieselfde roos.

So my lewe gaan verseker nie oor myself nie, maar ek lewe vir haar, en ek weet ook dat sy vir my lewe.

## DIE BYBEL AS RIGLYN

Die eerste gedeelte het gehandel oor my verhouding met Hettie, maar dit is gebou op my liefde vir die HERE. Johannes beskryf dit so mooi vir my in 1 Johannes 4: *"Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God. Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde. Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.*

*Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes. Geliefdes, as God ons so liefgehad het, behoort ons ook mekaar lief te hê."* (1Jn 4:7-11) Hoe het Jesus dit gestel: "*En Hy antwoord hom: Wat is in die wet geskrywe? Hoe lees jy? En hy antwoord en sê: Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself. Toe sê Hy vir hom: Jy het reg geantwoord; doen dit, en jy sal lewe."* (Luk 10:26-28)

Wie is my naaste? My naaste naaste is my lewensmaat, en dit is hoekom ek die stuk ook so geskryf het hoekom Hettie altyd eerste kom. Hoe kan ek sê dat ek die HERE liefhet as ek nie my naaste naaste, my vrou, liefhet nie. Daarna kom my familie, ongeag van hulle sienings of foute, hulle is immers my kinders, my broers en susters.

Die volgende naaste is mense wat glo dat Jesus die Christus is. En dit is die rede waarvoor ek geroep is, en dit is om kinders van die HERE te help om op die nou paadjie te bly. Dit is so maklik om van die pad af te draai en jou te wend na wat mense verkondig, sonder om dit Bybels te ondersoek en dan te volg. Ons lewe vandag in 'n era waar polities korrekte optrede hoër geag word as die Bybel, en dit is wat vir my dit moeilik maak om mense te laat insien dat hulle ten alle tye sal doen wat die HERE van ons verwag.

Daar is sovele gedeeltes in die Bybel wat vir ons wys hoe ons moet lewe, maar ons wil mos altyd graag mense volg wat hoog geag word in die samelewing. En ek dink dit is waar die eerste probleem ontstaan. Die mense se uitspraak is gewoonlik as volg: "Weet jy as jy net hierdie persoon se preke na luister, of hierdie ou se kamp bywoon gaan jy 'n ander persoon wees."

Maar ons lees in Handelinge van 'n ander maatstaf. *"Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan. En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was. Baie van hulle het dan ook gelowig geword, en van die aansienlike Grieke 'n groot aantal, vroue en manne."* (Hnd 17:10-12) Hierdie gedeelte is seker een van die grootste probleme wat ek by mense bespeur, en dit is dat net terwyl die persoon op 'n kansel of verhoog staan, lees uit die Bybel, dan kan ek maar agteroor sit en alles aanvaar wat die persoon kwytraak. Ons het lui geword om op ons hoede te wees om regtig onderskeid te kan maak tussen dit wat ons hoor of dit die waarheid is, en of dit net dalk 'n boodskap is waarvan Jesus, Paulus, Johannes en Petrus ons waarsku.

Jesus se waarskuwing: *"En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei. En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel."* (Mat 24:10-12)

Paulus se waarskuwing: *"Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof waarvan sommige mense afgedwaal en hulle afgewend het na onsinnige praatjies; hulle wil leraars van die wet wees, alhoewel hulle wat hulle sê, of die dinge wat hulle beslis beweer, nie verstaan nie."* (1Ti 1:5-7) *"want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels."* (2Ti 4:3-4)

Johannes se waarskuwing: *"1Jo_2:18 Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is. 1Jo_2:22 Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën. 1Jo_4:3 en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld. 2Jo_1:7 Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris."*

En dan laastens Petrus: *"Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën en 'n vinnige verderf oor hulleself bring; en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word; en uit hebsug sal hulle met verdigte woorde voordeel uit julle trek. Oor hulle is die oordeel van lankal af nie werkeloos nie, en hulle verderf sluimer nie."* (2Pe 2:1-3)

Ek het spesifiek Jesus se gedeelte ingesluit uit Mattheus 24, want in die hoofstuk word die toekoms soos Jesus dit vir ons uitgelig het, gestel van Sy tyd af tot die einde van die aarde wanneer die sesde seël oopgemaak word, en dan in hoofstuk 25 vertel Hy ons wat Sy maatstaf gaan wees om te onderskei tussen die skape, die werklike kinders van die HERE, en die bokke, die wat godsdiens aanbid. Daar is drie kriteria wat Hy gaan gebruik. Die eerste gaan soos met die maagde wat gewag het vir die Bruidegom om te kom, waar daar onderskeid getref gaan word tussen die wat deur die Heilige Gees gelei word elke dag en die wat nie die Helige Gees leiding het nie, dan die tweede kriteria of jy jou talente tot Sy eer gebruik het, of vir jouself of glad nie gebruik het nie, en dan die laaste kriteria of jy jou naaste lief gehad het met die daad of nie.

## JESUS SE MAATSTAF

Ons lees spesifiek wat Jesus as maatstaf gaan gebruik om te bepaal of ek 'n skaap of 'n bok is. Die afgelope maand of wat was ons nou twee keer op die plaas terwyl Hettie moes gaan vir chemo na haar bilaterale mastektomie. Maar dit is 'n bysaak en nie waaroor ek nou skryf nie. Ons het saam gekyk na twee opnames van programme wat op DSTV uitgesaai is waar Bobbie en Karlien van Jaarsveld by betrokke was. Die eerste een was waar hulle moes help om geld in te samel vir 'n tehuis wat na babas kyk wat weggegooi is deur hul ouers, en dan die tweede een oor werk wat hulle by 'n kleuterskool gedoen het waar daar ook vir kinders kos gegee word. Meeste van die kinders woon in karavane saam met hul ouers of familie wat of nie werk nie, of nie die geld het om op 'n ander manier te lewe nie. Van die kindertjies kry Vrydagmiddag 'n groot ete by die skooltjie, en dan is hul eerste kos weer ontbyt Maandagoggend by die skool. Ek kan en sal nie die ouers oordeel nie want ek het nie die inligting om tot 'n slotsom te kom nie, en elke geval is gewoonlik uniek.

Maar nou kyk ek na die gesamentlike biddag wat uitgeroep was vir 22 April waar almal om en by 'n miljoen mense verwag het. Nou sien ek dat daar busse en alles gereel was om die Saterdag vir 'n uur aftesonder en te bid vir ons land. Die idee het ek regtig geen probleem mee nie. Maar, wanneer ek kyk na wat mense sê hoe hulle daar gaan kom, dat daar tot mense is wat van oor die wêreld af gaan vlieg om die byeenkoms by te woon, kan ek net wonder hoeveel geld mense daarop gaan spandeer. Ek sien jy kon indien jy vroeg genoeg was 'n lugversorgde bus kon kry om saam met ander van Pretoria af na Bloemfontein te ry vir R650 per persoon. Nou is al daardie busse vol en kan jy by dieselfde plek nog 'n kaartjie kry vir R850 per persoon, net daar is nie lugreëling nie. Dit sluit glo twee maaltye in. Ander het ek weer van gehoor wat so om en by R3000 en meer gaan spandeer om daarheen te gaan, en dan is dit net brandstofkostes.

Nou wonder ek net hoeveel geld is die naweek spandeer, en hoeveel minder bevooregte mense se omstandighede met die bydraes drasties verander sou word indien ons dit as 'n fondsinsameling sou gebruik. Indien ek die syfers van die MMC 2010 gebruik, het dit gemiddeld R500 gekos om daar te wees, en dit was net toegang tot die byeenkoms. Ek het advertensies op die Internet gesien waar reiskostes so R3000+ gewees het. Ek weet nou nie of dit kos ingesluit het nie, want ek was nie daar nie. Daar was glo om en by 300,000 mans die naweek daar, so as ek so 'n vinnige sommetjie maak is daar 'n minimum van R150 miljoen daardie naweek gespandeer. Ek dink ek kon nogal 'n groot verskil in baie mense se lewens kon maak met so 'n bedrag. So met 'n miljoen mense dink ek sal ons seker hier by die R600 miljoen kon insamel en regtig baie meer werk kon doen as wat Bobbie en Karlien op hul program kon

doen. Ek weet hoe mense optree wanneer hulle niks het en jy vir hulle net 'n sak met 'n paar appels gee wat ek by boere verniet gekry het. Ek moes dit net gaan haal. Dat 'n ou omie my om die nek val en vir sy sê vrou "Sien die HERE bestaan, Hy het ons gebed gehoor." Dan vind jy uit dat hy die Saterdagoggend moes kies tussen R15 se maalvleis of 'n sak appels. Hy wou so graag 'n appel hê, maar moes besluit dat die maalvleis darem iets is wat hulle die week lank sal kan eet.

Maar, ek weet ons moet vas en bid, want dit is wat ons geleer word om te doen. En dit is immers waaroor die dag gaan, want ons vra mos dat die HERE ons omstandighede moet verander. Hy het immers vir Israel uit Egipte laat trek en hulle omstandighede drasties verander. Ons moet mos net bid en dan kan ons terug sit en kyk hoe die HERE ons lot en land sal verander. Ek kan onthou hoe dieselfde sameroeper geprofeteer het dat Thabo Mbeki die parlement nog sal open met skriflesing en gebed, en ek wag nogsteeds. En hy het weer so 'n "profesie" uitgespreek, die keer nie meer met Thabo Mbeki nie, want hy het lankal afgetree.

Maar, ongelukkig is dit nie die boodskap wat Jesus gepredik het nie, en ook nie een van die profete nie. Wat sê Jesaja daaroor? *"Roep uit die keel, hou nie terug nie, verhef jou stem soos 'n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle sondes.* ***Wel soek hulle My dag vir dag en het 'n behae in die kennis van my weë! Soos 'n nasie wat geregtigheid doen en die reg van sy God nie verlaat nie, vra hulle My na die regverdige verordeninge; hulle het 'n behae in die toenadering tot God.*** *Waarom vas ons, en U sien dit nie? Waarom kwel ons ons siel, en U weet dit nie? —****Kyk, op die dag as julle vas, soek julle geleentheid om sake te doen,*** *en julle jaag al jul arbeiders aan. Kyk, om te twis en te kyf, vas julle, en om te slaan met misdadige vuis; julle vas nie nou om julle stem in die hoogte te laat hoor nie. Is dít die vas wat Ek verkies, die dag as die mens sy siel gaan kwel: dat hy sy hoof buig soos 'n biesie en sak en as uitsprei om sy bed te wees? Noem jy dit vas en 'n dag wat die HERE welgevallig is?* ***Is dít nie die vas wat Ek verkies nie: dat julle losmaak die bande van goddeloosheid, dat julle afhaal die stroppe van die juk en vry laat weggaan die verdruktes en elke juk stukkend breek? Is dit nie dat jy jou brood breek vir hom wat honger het, en ellendiges, swerwelinge in die huis inbring nie? As jy iemand sien wat naak is, dat jy hom klee, en jou vir jou eie vlees nie verberg nie? Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlikheid van die HERE jou agterhoede wees. Dan sal jy roep, en die HERE sal antwoord; jy sal skreeu om hulp, en Hy sal sê: Hier is Ek!*** *As jy van jou verwyder die verdrukking, die uitsteek van die vinger en die leuenagtige woord, en jou siel laat uitgaan na die hongerige, en die neergeboë siel versadig; dan sal jou lig opgaan in die duisternis en jou donkerheid wees soos die middag. En die HERE sal jou gedurigdeur lei en jou siel versadig in dor plekke en jou gebeente sterk maak; en jy sal wees soos 'n tuin wat goed besproei is en soos 'n fontein van waters waarvan die water nooit teleurstel nie. En die wat uit jou voortkom, sal die ou puinhope bou; die fondamente van vorige geslagte sal jy oprig, en jy sal genoem word: Herbouer van gebreekte mure, hersteller van paaie, om bewoonbaar te maak. As jy jou voet terughou van die sabbat—om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van die HERE hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in die HERE, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die HERE het dit gespreek."* (Jes 58:1-14)

Wanneer ons na ander gedeeltes in die Ou Testament kyk, sien ons dat die HERE die volk, of soos Eksodus 12 dit stel, die gemeente, moet kyk na die weduwee, wees en vreemdeling. Dit is ook wanneer ons kyk na tiendes wat die mense moes bring voor Jesus se tyd waar Hy ons Lam was en ons nie meer nodig het om mense te betaal om namens ons versoening te doen nie, 'n gedeelte moes gaan vir die tipe mense. Ons het nou alreeds gesien wat Jesaja te sê het daaroor, maar wat van die ander Profete en Apostels.

*"So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Maak julle weë en julle handelinge goed, dat Ek julle kan laat woon in hierdie plek. Vertrou nie op bedrieglike woorde nie—wat sê: Die HERE se tempel, die HERE se tempel, die HERE se tempel is dit! Maar as julle jul weë en julle handelinge waarlik goed maak,* ***as julle waarlik reg doen onder mekaar; vreemdeling, wees en weduwee nie verdruk nie en geen onskuldige bloed in hierdie plek vergiet nie en agter ander gode nie aan loop tot julle eie skade nie— dan sal Ek julle laat woon in hierdie plek,*** *in die land wat Ek aan julle vaders gegee het, van eeu tot eeu. Kyk, julle vertrou op bedrieglike woorde wat nie baat nie."* (Jer 7:3-8)

*"So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Voeg julle brandoffers by julle slagoffers en eet vleis. Want Ek het met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, nie gespreek nie en hulle geen bevel gegee in verband met brandoffer of slagoffer nie. Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik: Luister na my stem, dan sal Ek vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees; en wandel net in die weg wat Ek julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan. Maar hulle het nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar gewandel in wat hulle in die verharding van hul bose hart beraadslaag het, en hulle het agteruitgegaan en nie vooruit nie. Van die dag af dat julle vaders uit Egipteland uitgetrek het tot vandag toe het Ek na julle al my knegte, die profete, gestuur, daagliks, vroeg en laat; maar hulle het na My nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar hul nek verhard; hulle het dit erger gemaak as hul vaders."* (Jer 7:21-26)

Miga stel dit weer anders: *"Waarmee sal ek die HERE tegemoetgaan en my buig voor die hoë God? Sal ek Hom tegemoetgaan met brandoffers, met jaaroud kalwers? Sal die HERE 'n welbehae hê in duisende ramme en tien duisende strome van olie? Sal ek my eersgeborene gee vir my oortreding, die vrug van my liggaam vir die sonde van my siel? Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die HERE van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?"* (Mig 6:6-8)

Hierdie is presies dieselfde maatstaf wat Jesus gebruik in Matteus 25, maar ons sal mos eerder gaan en onsself geniet om net die "teenwoordigheid" van die HERE te ervaar. Maar weet jy dat Jesus sê waar twee of drie in my naam vergader is Hy ook daar. So gebruik liewer jou geld om 'n verskil in mense se lewensomstandighede te maak en so te verseker dat jy die wil van die Vader doen, as wat jy duisende rande spandeer om 'n twee uur lange byeenkoms by te woon wat net mense wat alreeds het, net ryker maak. Kry eerder 'n paar vriende bymekaar en gaan deel die Woord en middele met die wat nie so gelukkig is soos jy nie.

Hoe stel Matteus 25 dit? *"Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.* ***Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom.****"* (Mat 25:34-36)

Maar dit is wat gebeur wanneer jy 'n teologie volg van iemand wat sy teologie hoër ag as die Bybel. Calvyn stel dit as volg: *"****Christ does not here specify every thing that belongs to a pious and holy life, but only, by way of example, refers to some of the duties of charity****, by which we give evidence that we fear God. For though the worship of God is more important than charity towards men, and though, in like manner, faith and supplication are more valuable than alms, yet Christ had good reasons for bringing forward those evidences of true righteousness which are more obvious."*

Dit is nie net 'n gedeelte van wat ons moet doen nie, maar dit is die hart van die evangelie. Johannes stel dit as volg: *"Want dit is die boodskap wat julle van die begin af gehoor het, dat ons mekaar moet liefhê; nie soos Kain wat uit die Bose was en sy broer doodgeslaan het nie. En waarom het hy hom doodgeslaan? Omdat sy werke boos was en dié van sy broer regverdig. Verwonder julle nie, my broeders, as die wêreld julle haat nie. Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet. Hy wat sy broeder nie liefhet nie, bly in die*

*dood. Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie. Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy sy lewe vir ons afgelê het; en ons behoort ons lewe vir die broeders af te lê. Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom? My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid. En hieraan weet ons dat ons uit die waarheid is; en ons sal ons harte voor Hom gerusstel, want as ons hart ons veroordeel, God is meer as ons hart, en Hy weet alles. Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God; en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom."* (1Jn 3:11-22)

Dit is ook hoe ons ons liefde aan die Vader bewys, deur ons naaste lief te hê. *"As iemand sê: Ek het God lief—en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie? En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê."* (1Jn 4:20-21)

Jakobus stel dit so: *"En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie. Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie, dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien; want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly,* ***hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen.*** *As iemand onder julle meen dat hy godsdienstig is en sy tong nie in toom hou nie, maar sy hart mislei, die godsdiens van hierdie man is tevergeefs.* ***Reine en onbesmette godsdiens voor God en die Vader is dít: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jouself vlekkeloos te bewaar van die wêreld.****"* (Jak 1:22-27) En dan gaan hy verder: *"Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie?* ***As daar nou 'n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie—wat baat dit? Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood. Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon. Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder. Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is?****"* (Jak 2:14-20)

Wat ek hier beskryf het is die hart van die Evangelie. En dit is liefde. Dit gaan nie oor uitverkiesing of eie wil nie, nee, dit gaan oor een ding, en dit is liefde. As ek my naaste lief het, bewys ek daarmee dat ek die HERE liefhet. Sonder uitsondering is dit waaroor alles in die Bybel gaan. Liefde.

Maar ongelukkig wil ons maar soos die mense optree wat Jesus ons juis teen waarsku: *"En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei. En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel."* (Matt 24 10-12)

Gelukkig sluit die hoofstuk af met 'n gedeelte wat die HERE sal doen in die tydperk hierna. *"En Ek sal jou weer regters gee soos vroeër en raadsmanne soos in die begin; daarna sal jy 'n stad van geregtigheid, 'n getroue vesting genoem word."*(Isa 1:26) Dit is wat die HERE beplan vir almal wat Hom vrees.

En die was maar hoofstuk een.

# HOOFSTUK TWEE

Hoofstuk twee begin met 'n baie interessante gedeelte. Dit verklaar vir ons dat aan die einde van die dae, sal die HERE se huis op Sion staan en sal die mense almal opgaan sodat Hy hulle kan leer van Sy weë en almal in Sy paaie kan wandel. *"En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem."* Nogal baie interessant dat ons dan sal leer hoe om Hom te eer en in Sy weë te wandel. Meeste van ons dink dat dit is wat ons op aarde moet doen, maar met soveel verskillende faksies, moet ons verseker almal leer sodat ons in eenheid Hom kan dien. Hoe anders gaan ons almal kan saamleef in die Nuwe Jerusalem as ons nie eers almal geleer het wat reg en verkeerd is aangaande ons lering nie?

Maar nou volg 'n gedeelte wat my vir jare besig gehou het. *"En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie."* Wanneer ek na die model van Israel kyk, sien ek dat ons dan in verskillende gedeeltes woonagtig sal wees volgens wat ons glo. Dit is wat vir ons hier duidelik gemaak word. Ons sal nie almal in dieselfde plek woonagtig wees nie, maar sal bly in streke wat ooreenkom met hoe ons glo. Daarna, nadat ons geleer het wat ons moet, sal die HERE oordeel en reg spreek oor almal, en sal daar nie meer 'n bakleiery wees oor wie is reg en wie is verkeerd nie.

Net gou 'n bespreking van die verskillende volke wat Jesaja sien, en dus die verskillende tipes Christene wat ons kry. Ek probeer ook om te verduidelik hoekom sekere mense in sekere gedeeltes sal wees. Ek weet Jesus verklaar dat ons na ons dood in die Paradys sal wees, dit is nou diegene wat deel is van die verbond. Dit was immers Sy woorde aan die kruis dat die een wat sy sondes bely het, Jesus hom meegedeel het dat hy more saam met Hom in die Paradys sal wees. Indien u wil seker maak dat u my interpretasie van die verbond bestaan, kan u die boek hier aflaai. Dit bespreek in detail wat die pad is wat ons as Christene moet volg, so indien u iets lees soos oor die Kerk in Egipte, sal u daarna kan verwys en weet waar hulle vandaan kom, en hoekom hulle as die Kerk in Egipte bekend staan.

## DIE PARADYS, EN HOE LYK DIT VOLGENS DIE PROFETE?

Die profete het dit gesien as oordele oor verskillende gebiede afhangende hoeveel van die stappe van die verbond hulle nagekom het. Nou kan ons uit die profete bepaal watter gebied ek myself in gaan bevind, en sal ons beide die oordele van Openbaring en die oordele wat die profete oor geskryf het, verstaan. Ek wil net eers graag die gedeeltes soos deur die profete genoem identifiseer en redes voor verskaf wat gemaak het dat ons in verskillende gedeeltes gaan bevind, en sekere oordele net sekere mense sal beïnvloed. So die Paradys is deur die profete ook opgedeel in verskillende gebiede of lande en nasies.

Hulle het altyd oordele oor verskillende volke uitgespreek, alhoewel die volke nie deel van Israel was nie. Dit wys op die sewe ander seuns wat Abraham gehad het, wat alhoewel hulle seuns van Abraham was, hulle tog nie as deel van Israel gesien is nie. Ons vind by Abraham dat die eerste seun, Ismael, die menslike poging was en dus nie die HERE se antwoord was nie maar dat hy nogtans 'n groot nasie geword het. So vind ons dit weer by Jakob en Esau, waar Esau sy eersgeboorte reg verkoop het en opgeëindig het as die vader van Edom as nasie. Dit wys ook na die gedeelte in Samuel wat ek vroeër aangehaal het waar Israel as volk hulle onder 'n koning wou vestig. So jou koning gaan bepaal watter gedeelte jy jouself in die Paradys in

bevind omdat jy jou geskaar het onder menslike konings, en nie net die HERE as Koning gedien het nie.

Die verskillende gedeeltes en hoe hulle onderskei kan word van mekaar is as volg:

## ASSIRIË EN DIE KERK IN ASSIRIË.

Die groep is die Roomse Kerk en hulle volgelinge. Hulle is die mense wat die moeder en kind beeld aanbid, soos wat ons vroeër al van gelees het. Hulle het selfs die tien gebooie verander en die tweede gebod uitgehaal en die tiende gebod in twee gedeel het sodat die mense nie agterkom dat hulle nie afbeeldings mag maak en aanbid nie. Hulle verskoning is dat Moses dan self moes afbeeldings maak vir die tabernakel, so hulle mag ook. Ek het in my soeke afgekom op ‘n gedeelte wat iemand anders die hele Assiriese of Roomse Kerk se agtergrond verskaf. Dit is in Engels, maar ek het die in geheel hier ingesit. Nou moet ons ook na die etniesiteit van die mense nagaan, en dan vind jy uit dat hulle oorspronklik ook afstammelinge was van Kus, die seun wat deur Noag vervloek is.

### “THE WORSHIP OF SEMIRAMIS

Semiramis, who was both Nimrod's wife and Tammuz’ mother, was worshiped as the "mother of god" and a "fertility goddess" because she had to be extremely fertile to give birth to all the pagan incarnate gods that represented Nimrod. Where Nimrod is the "sun god", Semiramis is the "moon goddess'. She was worshiped throughout the world by each of the titles associated with Nimrod's worship, in addition to many titles unique to herself (see table below). For instance, the respective Greek and Roman names applied to the worship of Semiramis include: Aphrodite and Venus, the goddess of love; Artemis and Diana, the goddess of hunting and childbirth; Athena and Minerva, the goddess of crafts, war and wisdom; Demeter and Ceres, the goddess of growing things; Gaea and Terra, symbol of the fertile earth; Hera and Juno, the protector of marriage and women, who was the sister and wife of Zeus in Greek mythology, and the wife of Jupiter in Roman mythology; Hestia and Vesta, the goddess of the hearth; plus Rhea or Ops, who was wife and sister of the Greek horned-god Kronos.

### MOTHER AND SON WORSHIP

Semiramis was initially included in the pagan Babylonian trinity as the holy spirit or seed of the divine son in his mother's womb. With time, however, the father Nimrod was practically overlooked and worshiped only as the god-incarnate son in his mother's arms. In other words, the father became invisible and was no longer worshiped, whereas, the mother with the god-incarnate son in her arms became the grand object of worship. Numerous Babylonian monuments show the goddess-mother Semiramis with her son in her arms. This worship of mother and child spread throughout the known world, and given different names in the various languages of the world. Ancient Germans worshipped the virgin Hertha with child in arms. Scandinavians called her Disa pictured with child. The Egyptian mother and child were worshiped as Isis with the infant Osiris or Horus seated on his mother's lap. In India, the mother and child were called Devaki and Krishna, and also Isi and Iswara as they are worshiped to this day. In Asia, they were known as Cybele and Deoius; in pagan Rome, as Fortuna and Jupiter-puer, or Jupiter, the boy; in Greece, as Ceres, the great mother with babe at her breast, or as Irene, the goddess of peace, with the boy Plutus in her arms.

The image of mother with child in her arms was so firmly entrenched in the pagan mind that after the time Christianity appeared on the scene in the fourth century, these statues and paintings were merely renamed and worshiped as the virgin Mary with her god-incarnate son Jesus. Thus, the pagan mother and child entered Christianity as the Roman Catholic worship of Mary with the infant Jesus. In fact, in Tibet, China, and Japan, Jesuit missionaries were astonished to find the counterpart of the madonna and child as devoutly worshiped as they

were in Rome. Shing Moo, the holy mother in China was portrayed with a child in her arms and a glory around her, exactly as if she had been fashioned by Roman Catholic artisans.

## MOTHER WORSHIP

The pagan mother initially derived her deification from the divine nature attributed to her child. She was raised far above the level of all creatures, and worshiped as a partaker of the trinitarian godhead. The mother eventually became the preferred object of worship. The son was exhibited merely as a child in his mother's arms without any particular attraction, whereas the mother's image was displayed in magnificent artistic array and invested with the exquisite beauty attributed to Semiramis during her life.

To justify worship of the mother, she was elevated to a divine station just like her god-incarnate son. The deified queen mother was adored as the incarnation of the holy spirit of peace and love. The highest titles were accordingly bestowed on her. In Egypt, the mother was styled Athor, the "habitation of god" to signify that all the "fullness of the godhead" dwelt in her womb. She was named Hestia in Greece and Vesta, which is just a Roman variation of the same name, meaning the "dwelling-place of deity."

Under her title, "mother of the gods," the goddess queen of Babylon became an object of universal worship. The mother of the gods was worshiped by the Persians, the Syrians, and with the most profound religious veneration by all the kings of Europe and Asia. When Caesar invaded Britain, he discovered the Druid priests worshiping the "**mother of god**" as Virgo-Patitura.

In Egypt, as the "**queen of heaven**" she was the greatest and most worshiped of all the divinities. During Egyptian bondage, the Israelites repeatedly departed from the one true invisible Elohim and worshiped the pagan mother. When the Israelites fell into apostasy under King Solomon, they worshiped this mother goddess as Ashtaroth (Asherah), a name by which the pagan Babylonian goddess was known to the Israelites:

*And the people of Israel again did what was evil in the sight of YHWH, and served the Baals [various lord gods depicting **Nimrod**] and the **Ashtaroth** [**Semiramis**], the gods of Syria, the gods of Sidon, the gods of Moab, the gods of the Ammonites, and the gods of the Philistines; and they forsook YHWH, and did not serve him*. **-Judges**

Later, during the time of the prophet Jeremiah, the Jews worshiped the **queen of heaven** so devoutly that they could not be convinced to give up this paganism even after Jerusalem had been burnt and the land desolated due to this very pagan worship:

*Then all the men who knew that their wives had offered incense to other gods, and all the women who stood by, a great assembly, all the people who dwelt in Pathros in the land of Egypt, answered Jeremiah: "As for the word which you have spoken to us in the name of YHWH, we will not listen to you. But we will do everything that we have vowed, burn incense to the **queen of heaven** [**Semiramis**] and pour out libations to her, as we did, both we and our fathers, our kings and our princes, in the cities of Judah and in the streets of Jerusalem; for then we had plenty of food, and prospered, and saw no evil. But since we left off burning incense to the **queen of heaven** and pouring out libations to her, we have lacked everything and have been consumed by the sword and by famine." And the women said, "When we burned incense to the **queen of heaven** and poured out libations to her, was it without our husbands' approval that we made **cakes** for her bearing her image and poured out libations to her?* – **Jeremiah**

Common names applied to the pagan goddess Semiramis

| **Title** | **Roman** | **Greek** |
|---|---|---|

| | | |
|---|---|---|
| Goddess of Love | Venus | Aphrodite |
| Goddess of Hunting & Childbirth | Diana | Artemis |
| Goddess of Crafts, War & Wisdom | Minerva | Athena |
| Goddess of Growing Things | Ceres | Demeter |
| Symbol of the Fertile Earth | Terra | Gaea |
| Protector of Marriage & Women | Juno | Hera |
| Goddess of the Hearth | Vesta | Hestia |
| Wife and Sister of Kronos | Ops | Rhea |

Worship of mother and child spread from Babylon to the ends of the earth, but were called different names in the languages of the various counties where their worship appeared. The ancient Germans worshipped the virgin **HERTHA** with the child in the arms of his mother**.** The Scandinavians called her **DISA** pictured with her child. In Egypt**,** the mother and her child were worshiped as **ISIS** with the infant **OSIRIS** or **HORUS** seated on his mother's lap. In India**,** the mother and child were called **DEVAKI** and **KRISHNA,** and also **ISI** and **ISWARA** as they are worshiped to this day**.** In Asia, they were known as **CYBELE** and **DEOIUS;** in pagan Rome, as **FORTUNA** and **JUPITER-PUER,** or the boy **JUPITER;** in Greece, as **CERES,** the great mother with babe at her breast, or as **IRENE,** the goddess of peace, with the boy **PLUTUS** in her arms. Even in Tibet, China, and Japan**,** Jesuit missionaries were astonished to find the Roman counterpart of **MADONNA** and **child. SHING MOO**, the holy mother in China was portrayed with a child in her arms and a glory around her.

Semiramis was worshiped in Ephesus as the pagan fertility goddess **DIANA**who represented the generative powers of nature. She was referred to as a fertility goddess because she mothered all the numerous pagan gods representing the god-incarnate Tammuz. Diana was pictured with numerous teats so that she could nurse all the pagan gods, and she wore a tower-shaped crown symbolizing the Babylonian tower of Babel.

Legend has it that after **Semiramis** died, she ascended into heaven and was returned to earth inside a large egg which fell into the Euphrates river. The egg was pushed ashore by a dove and she emerged from the egg as **Astarte** or **Ishtar** (in English, **Easter**). To show her gratitude to the dove, she turned it into an egg-laying rabbit, all signs of fertility. Another sign or symbol found throughout Babylonia is the obelisk, a phallic symbol. These can also be seen in Egypt, Rome and Washington DC. The obelisk in St. Peter's Square at the Vatican was dragged up to Rome from Egypt. The Washington Monument is a sign that Babylon is alive and well in the USA!

In the seventh century C.E., when Rome sought to harness the power of the great population of Ishmaelites in the desert and use them to purge Jews and Messianic believers from the holy land, they groomed a handsome young lad named Mohammed to lead them. They were the creators of the religion of Islam with the moon goddess, Ashteroth (Semiramis) and as their god - Allah.

Source: http://aletheia.consultronix.com/7.html"

## HOE WORD EK DEEL VAN DIE VERBOND?

Dit word volledig vir ons beskryf met die uittog van Israel uit Egipte na die land Kanaän. Dit is immers wat die HERE vir Abraham beloof het waar sy nageslag hulle sal vestig. Dit is dan ook my rigtingwyser vir vandag, aangesien ek ook in Kanaän wil uitkom. Die enigste verskil is Israel het die fisiese tog gemaak, terwyl ons vandag die geestelike tog kan meemaak om by ons Kanaän uit te kom. Dit is die plek wat die HERE vir my bestem het. Ek sal eers beskryf wat Israel moes doen, en dan volg wat dit vir ons as Nuwe Verbondsgenote moet doen en wat dit beteken.

Maar hoekom het die HERE hulle uit Egipte laat trek? *"En in daardie lang tyd het die koning van Egipte gesterwe. En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God.* ***En God het hulle gekerm gehoor, en God het gedink aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob. En God het die kinders van Israel aangesien, en God het hulle geken.****"* (Exo 2:23-25) *"En die HERE sê: Ek het duidelik gesien die ellende van my volk wat in Egipte is; en Ek het hulle jammerklagte oor hulle drywers gehoor, ja, Ek ken hulle smarte. Daarom het Ek neergedaal om hulle uit die hand van die Egiptenaars te verlos en hulle te laat optrek uit daardie land na 'n goeie en wye land, na 'n land wat oorloop van melk en heuning, na die woonplek van die Kanaäniete en Hetiete en Amoriete en Feresiete en Hewiete en Jebusiete.* ***En nou, kyk, die jammerklagte van die kinders van Israel het tot by My gekom. Ook het Ek die verdrukking gesien waarmee die Egiptenaars hulle verdruk."*****(**Exo 3:7-9)

### 1. BESNYDENIS

- Verbond voor Christus: **Besnydenis van die voorhuid. Dit moes hulle herinner dat hulle deel is van God se uitverkore volk.** *"Verder het die HERE aan Moses en Aäron gesê: Dit is die insetting van die pasga: Géén uitlander mag daarvan eet nie. Maar elke slaaf wat 'n man met geld gekoop het, dié moet hy besny; dan kan hy daarvan eet. Geen vreemde inwoner of huurling mag daarvan eet nie. In een huis moet dit geëet word; jy mag niks van die vleis uit die huis buitentoe bring nie; en julle mag geen been daarvan breek nie. Die hele vergadering van Israel moet dit hou.* ***En as 'n vreemdeling by jou vertoef en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is, besny word; en dan mag hy nader kom om dit te vier, en hy sal soos 'n kind van die land wees.*** *Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie.* ***Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef"***. (Exo 12:43-49)

- Verbond met Christus as Lam: **Besnydenis van die hart**. Alle mense word in Egipte gebore, 'n lewe sonder die HERE, 'n lewe waar ek onder die gesag van Satan(Farao) staan. Soos Israel moet ek uitroep na die HERE om my te bevry van Egipte. So my optrede moet verander. Ek moet besef dat ek niks kan doen om myself te red nie. Ek moet glo dat Jesus alles gedoen het om die verhouding tussen my en die Vader te herstel. Ek moet besef dat ek 'n sondaar is en dat ek verlore sal gaan as ek volhou om my eie lewe te lei. Ek moet tot bekering kom. Ek moet soos 'n kind van die HERE optree. Ek moet die liefde van die HERE volgens 1 Johannes 3 begin uitleef op aarde. My optrede moet die bewys wees dat ek kind van God is. Geen uitwendige besnydenis is nodig nie. Maleagi 3:18*: "Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie"*. Jer 31:33: *"Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE:* ***Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees****"*.

  ***"En Ek sal hulle een hart gee, en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee, sodat hulle in my insettinge kan wandel en my verordeninge kan hou en dit doen; en hulle sal vir***

***my 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees.*** *Maar hulle wie se hart agter die hart van hulle verfoeisels en hulle gruwels aan loop—hulle wandel laat Ek op hul hoof neerkom, spreek die Here HERE."* (Eseg 11:19-21)

Kolossense 2:9 *"Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; 10 en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag; 11* ***in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus****, 12 omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het"*.

Wat sê Paulus oor ons as onbesnedenis na die vlees: *"Of behoort God net aan die Jode, en nie ook aan die heidene nie? Ja, ook aan die heidene, aangesien dit inderdaad een God is wat die* ***besnedenes sal regverdig uit die geloof en die onbesnedenes deur die geloof****. Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet." (Rom 3:29-31) maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is,* ***en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God."*** (Rom 2:29)

## 2. BROOD

- Verbond voor Christus: Brood sonder suurdeeg moes geëet word. Suurdeeg was 'n teken dat jy opgepof was en dat jy sonde gehad het. So hulle brood moes wys dat daar nie sonde was nie. Ons vind die volgende skrif in Korintiërs: *"Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuurd is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid."* (1 Kor 5:6-8)
- Verbond met Christus as Lam: Jesus is die brood van die lewe. Hy kon geen sonde hê nie, want Hy is ook God. *"Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe. Dít is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie. Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het.* ***As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid.*** *En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee."*(Joh 6:49-51) *"En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam."* (Mat 26:26)

## 3. LAM SLAG

- Verbond voor Christus: Hulle moes 'n lam slag en eet. *"Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin. Maar as 'n huisgesin te klein is vir 'n lam, dan moet hy en sy buurman wat die naaste aan sy huis is, dit neem volgens die sieletal; na wat elkeen gewoond is om te eet, moet julle die getal op die lam bereken.* ***Julle moet 'n lam hê sonder gebrek,*** *'n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle dit neem. En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand."* (Exo 12:3-6)
- Verbond met Christus as Lam: *"En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge* ***staan daar 'n Lam asof Hy geslag is****, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde. Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit; en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig*

*ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is. Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop* ***uit elke stam en taal en volk en nasie****, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers".* (Open 5:6-10)

## 4. BLOED VAN DIE LAM

- Verbond voor Christus: Hulle moes die bloed aan die deurposte smeer. Dit het beteken dat die dood by die huis verby gegaan het. Exo 12:12-13: *"Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, die HERE. Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is:* ***as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan****. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie."*

- Verbond met Christus as Lam: Ons moet onder die bloed van Jesus kom. *"Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit.* ***Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.****"* (Mat 26:27-28) So indien ek nagmaal gebruik sal die doodsengel my nie kan aanraak nie, en verkry ek die ewige lewe.

## 5. WAAR WAS DIE WET?

- Verbond voor Christus: Wet op kliptafels geskryf soos opgeskrywe in Eksodus 20. Moses beskryf die gevolge ook daarvan verder: "*En die HERE het groot en onheilbrengende tekens en wonders voor ons oë in Egipte aan Farao en sy hele huis gedoen. En Hy het ons daarvandaan uitgelei om ons in te bring, sodat Hy ons die land kan gee wat Hy aan ons vaders met 'n eed beloof het. En die HERE het ons beveel om al hierdie insettinge te volbring, om die Here onse God te vrees, dat dit met ons altyd goed mag gaan, om ons in die lewe te hou soos dit vandag is.* ***En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou*** *voor die aangesig van die HERE onse God soos Hy ons beveel het.*" (Deu 6:22-25) **So hul geregtigheid was uit onderhouding van die wet.**

- Verbond met Christus as Lam: Wet op die hart geskryf. Jer 31:33: *"Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."* Die Hebreërs skrywer druk dit as volg uit: *"Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees." (*Heb 8:10) *"Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land. In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word:* ***DIE HERE ONS GEREGTIGHEID****".* (Jer 23:5-6) So ons geregtigheid is Jesus as verlosser.

## 6. OP WIE WAS DIT VAN TOEPASSING?

- Verbond voor Christus: Beide Israel en buitelanders. Eks 12:49 *"****Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef.*** *Eks 12:38* ***En 'n menigte mense van gemengde bloed het ook saam met hulle opgetrek,*** *en kleinvee en beeste—'n groot hoeveelheid vee."* So selfs in Moses se tyd was vreemdelinge deel van die verbondsvolk. Dit bevestig ook wat die HERE vir Abraham beloof het. *"Daarom*

*sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham,* ***want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies"***.

- Verbond met Christus as Lam: **Daar is geen verandering nie.** Want dit is nie nodig nie. Daar was reeds vir ons voorsiening gemaak. Jesus het net dit kom volbring wat nodig was sodat Hy dit wat op Hom gewys het gedoen het en alle sonde op Hom kon neem en ons in die regte verhouding met die Vader geplaas. Dit geld vir elke persoon wat glo dat Jesus die Lam is, Israel en vreemdeling. Nou kan ons in die geregtigheid van Jesus lewe, want Hy is ons geregtigheid. Soos Jeremia dit stel: *"In dié dae sal Juda verlos word en Jerusalem veilig woon;* ***en dit sal die naam daarvan wees: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID."*** Jer 33:16 Wanneer ons Sy geregtigheid besit dan kan ons met vrymoedigheid na die HERE gaan : *"**Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan**, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word."* Heb 4:16.

## EGIPTE EN DIE KERK IN EGIPTE.

Die mense het deel geword van die verbond soos wat dit vir ons uitgelig is in die gedeelte hierbo, maar hulle het nie uit Egipte getrek nie. So hulle glo nie dat die doop deel is van die pad wat ons moet stap nie, en sal dan die vereistes in hulle volgorde doen deur babas te doop, en dan eers wanneer die kinders groter word, word van hulle verwag om belydenis van hulle geloof af te lê voor hulle aan die nagmaal mag deel. So die mense is maar die volgelinge van Calvyn en al die ander baba dopers. *"En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier. En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskare, te aanbid nie—hulle sal geen reën kry nie.* ***En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie."*** (Sag 14:16-18) Wat is die besondersheid van die huttefees? Dit moes die Israeliete herinner dat hulle slawe was in Egipte, en dat die HERE hulle daaruit gelei het. Die gedeelte kom voor in Sagaria direk na sy beskrywing van die einde van die aarde soos ons dit vandag ken. Die mense kan ons ook direk koppel aan die gemeente in Efese wat in Openbaring 2 van gepraat word. So hier vind ons mense wat nodig het om na Jerusalem te gaan om die huttefees te vier. Dit is so belangrik dat ons die gedeelte verstaan, want nou kry ons vandag van die leeraars van die Kerk in Egipte wat uitsprake maak en beginsels daarstel vir mense om te volg, maar hulle sit nog steeds in Egipte. Hoe kan hulle hulself as kenners uitmaak as hulle nie eers weet hoe om in Jerusalem te kom nie? Daarom dat hulle soveel sondige optredes aanvaarbaar maak vir hulle volgelinge, want hulle sit nog met die Farao, die satan, as hul hoof. Hy is nog die een wat seker maak dat hulle sy koninkryk uitbrei. Hy is nog die hoof van Egipte, maar soos ons later sal sien word die mense net soos al die ander nasies aangespreek deur Jesaja, en indien u wil, gaan kyk maar na die ander profete oor wat hulle te sê het oor die Kerk in Egipte.

Ek wil ook graag net 'n gedeelte insluit wat ek in een van my vroeëre skrywes uitgelig het. Die kom uit Kerkorde en is aanhalings deur Kuyper, een van hulle teoloë, met besprekings wat ek daar gedoen het. Dit kom uit my boek "Op 'n drafstap deur Romeine".

Nou die aanhaling.

*"Selfs die mens se sondige handelinge kan slegs gebeur met sy toestemming en met die krag wat Hy sy skepsel gee. Aangesien Hy gewillig, en nie onwillig nie, toelaat, moet alles wat gebeur - insluitend ons sondige dade en die mens se uiteindelike lot - in die een of ander sin in ooreenstemming wees met wat Hy in die ewigheid bepaal en beveel het. In verhouding met die mate waartoe dit ontken word, word God uitgesluit uit die regering van die wêreld, en het ons slegs 'n eindige God. Natuurlik ontstaan daar sekere probleme wat ons met ons huidige kennis nie volledig kan verklaar nie. Dit is egter nie 'n voldoende rede om dit wat deur die Skrif en die*

*duidelike voorskrifte van die rede bevestig word, te verwerp nie."* Aldus die Gereformeerde Kerkorde.

'n Ander standpunt wat deur Calvyn se standpunt in die Kerkorde opgeneem is en neergepen is deur Kuyper, is die siening oor wat 'wedergeboorte' is. *"C. Veenhof in sy boek 'Predik het Woord' analiseer Kuyper se doopsbeskouing, en toon duidelik aan hoedat hy die **grond** vir die kinderdoop sien in die 'veronderstelde wedergeboorte'. Kuyper se siening oor 'wedergeboorte' is bekend. **Die wedergeboorte is volgens hom die inplanting van 'n 'geloofskiem',** die geloofshebbelikheid of geloofsvermoë in die hart van die kind in sy vroegste bestaansoomblikke. Dit vind plaas deur 'n direkte werking van die Heilige Gees. Hierdie 'kiem' kan sluimerend lê vir jare, en dan, deur die Woordverkondiging, ontkiem en as 'geloofsgeloofsvermoë en die latere geloofswerksaamheid. Nou sê Kuyper: Die moontlikheid van so 'n genadewerk van God in die siel van ons kind, moet by al ons kinders aangeneem word. Wanneer nou die ouers werklik in die verbond lewe, dan is dit hulle plig om elkeen van hulle kinders wat vir hulle gebore word "in de onderstelling dat het genadewerk Gods reeds in hen plaats greep, in den Naam van God Drieenig te laten doopen"*.5 (A. Kuyper: E Voto lll pag. 10, 11, 12). So hoe beskryf hulle hierdie wedergeboorte? Die wedergeboorte is volgens hulle die inplanting van 'n 'geloofskiem', die geloofshebbelikheid of geloofsvermoë in die hart van die kind in sy vroegste bestaansoomblikke.

Ek wil net weer herhaal wat Kuyper sê oor wedergeboorte: *"Die moontlikheid van so 'n genadewerk van God in die siel van ons kind, moet by al ons kinders aangeneem word. Wanneer nou die ouers werklik in die verbond lewe, dan is dit hulle plig om elkeen van hulle kinders wat vir hulle gebore word "in de onderstelling dat het genadewerk Gods reeds in hen plaats greep, in den Naam van God Drieenig te laten doopen"*.5 (A. Kuyper: E Voto lll pag. 10, 11, 12).

**Eerstekeer dat ek hoor dat die Helige Gees na verwys word as 'n kiem. Ek dog altyd 'n kiem is iets wat jy nie wil hê nie, want dit is hoe siektes versprei.** Maar ons weet dat die Bybel verklaar dat dit die eerste werking van die Heilige Gees is, en dit is by alle mense, nie net die wat hierdie "kiem" ontvang het nie. Dit is die Helige Gees wat ons gaan lei na belydenis van ons sondes, soos die Apostel Johannes Jesus se woorde beskryf het: *"Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; **en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is**."* (Joh 16:7-11)

So wat en wie is die Helige Gees? **Hy is die Trooster waarvan Jesus praat wat ons oortuig van ons sonde, ons die pad wys wat na die saligheid lei, en die een wat ons alles gaan leer. Hy is die Een wat die Bybel vir jou gaan oopmaak sodat jy kan verstaan wie die Vader is, hoekom Jesus moes kom, en wat jou gaan lei om by 'n punt in jou lewe uit te kom waar jy op jou knieë gaan neerval en uitroep "Wees my as armoedige sondaar genadig en red my van die dood". HY is die een wat jou gaan oortuig van sonde. En dit is die eerste stap vir my as Christen**.

## EDOM EN DIE KERK IN EDOM.

Hierdie is die Joodse geloof en sy aanhangers. Hulle het die eersgeboorte reg wat hulle gehad het verkoop deur nie Jesus as Seun van God te erken nie. Hulle wag nog steeds vir hulle Messias, maar Hy was alreeds hier. So hulle het soos Esau opgetree en hulle eersgeboorte reg verkoop aan ons, as gelowiges, sodat ons as vreemdelinge die Kerk van Jesus kon word. *"En Jakob het 'n kooksel klaargemaak en Esau het moeg uit die veld gekom. Toe sê Esau vir Jakob: Laat my tog sluk van die rooigoed daar, want ek is moeg. Daarom het hulle hom Edom genoem. En Jakob antwoord: Verkoop eers jou eersgeboortereg aan my. **En Esau sê: Kyk, ek gaan sterwe, en wat baat die eersgeboortereg my dan? Toe antwoord Jakob: Sweer eers vir my. En hy het vir hom gesweer en sy eersgeboortereg aan Jakob verkoop. En Jakob het aan Esau***

***brood en die kooksel lensies gegee; en hy het geëet en gedrink en opgestaan en weggegaan. So het Esau dan sy eersgeboortereg verag.***"(Gen 25:29-34). Verder gee Jakob gee ook vir ons al 'n voorskou van hoe die eersgeborene nie die grootheid van die tweede sal verkry nie. *"En Josef neem hulle twee Efraim met sy regterhand, links van Israel, en Manasse met sy linkerhand, regs van Israel en hy bring hulle by hom.* ***Toe steek Israel sy regterhand uit en lê dit op die hoof van Efraim, hoewel hy die jongste was, en sy linkerhand op die hoof van Manasse: hy het sy hande oorkruis gehou, want Manasse was die eersgeborene.*** *En hy het Josef geseën en gesê: Die God voor wie se aangesig my vaders Abraham en Isak gewandel het, die God wat my as Herder my lewe lank gelei het tot vandag toe, die Engel wat my uit elke teëspoed verlos het—mag Hy die seuns seën, en mag deur hulle my naam genoem word en die naam van my vaders Abraham en Isak, en mag hulle vermeerder in die land in menigte. Toe Josef sien dat sy vader sy regterhand op die hoof van Efraim gelê het, was dit verkeerd in sy oë; en hy het die hand van sy vader gegryp om dit van die hoof van Efraim op die hoof van Manasse oor te bring.* ***En Josef sê aan sy vader: Nie so nie, my vader; want hierdie een is die eersgeborene: lê u regterhand op sy hoof. Maar sy vader weier en sê: Ek weet, my seun, ek weet. Hy sal ook 'n volk word, en hy sal ook groot word; nogtans sal sy jongste broer groter wees as hy, en sy nageslag sal 'n menigte van nasies word."*** (Gen 48:13-19) Ons sal later meer leer oor Edom, en sien watter oordele oor hulle sal kom. Hebreërs stel dit as volg: *"Laat niemand 'n hoereerder wees nie, of 'n onheilige soos Esau, wat vir één spysgereg sy eersgeboortereg verkoop het. Want julle weet dat hy, toe hy ook later die seën wou beërwe, verwerp is, want hy het geen geleentheid vir berou gevind nie, al het hy dit met trane vurig begeer."* (Heb 12:16-17) Ons sien later in Jesaja 5 ook oor hoe die HERE teen hulle sal optree.

## AMMON EN DIE KERK VAN AMMON.

Hulle is afstammelinge van Lot, sy jongste dogter was die stigter van die volk, maar hulle word vir ewig uit die vergadering van die HERE gesluit aangesien hulle nie voedsel aan die Israeliete verskaf het nie. Verder het hulle ook Bileam gekry om Israel te vervloek. So vandag is dit die mense wat hulle eie leiers aanstel in hulle kerke, en altyd die ware Kerk vervloek, en nie dit wat die ware kerk kan bevoordeel, met hulle deel nie. Hulle het Kamos aanbid. Ons vind dat Salomo tempels opgerig het vir Kamos en Molog. Kamos was die naam wat die Moabiete gebruik het, en Molog die naam wat die Ammoniete gebruik het. *"Maar hulle het hul verfoeisels neergesit in die huis waar my Naam oor uitgeroep is, om dit te verontreinig; en hulle het die hoogtes van Baäl gebou wat in die dal van die seun van Hinnom is,* ***om hulle seuns en hulle dogters vir Molog deur die vuur te laat gaan—iets wat Ek hulle nie beveel het nie en wat in my hart nie opgekom het nie, dat hulle hierdie gruwel sou bedrywe om Juda te laat sondig.****"* (Jer 32:34-35) So dit wys op die mense het buiten die HERE ook ander gode aanbid, en dit is waar sommige van die oordele van Openbaring handel. Beide Ammon en Moab het kinders lewend geoffer aan Molog. Die verhaal van die Bybel is dat metale altyd deur vuur gegaan het om gesuiwer te word, en mense deur water moes gaan en soos vandag se gebruik gedoop moet word om hulle te reinig. Hierdie mense het dit dan verwerp en van hulle kinders geoffer in vuur. Hulle glo dat alle gelowe dieselfde is en dat almal gered sal word.*"En Ek sal Rabba 'n weiveld maak vir kamele en die kinders van Ammon 'n lêplek vir kleinvee, en julle sal weet dat Ek die HERE is.* ***Want so sê die Here HERE: Omdat jy in die hand geklap en met die voet gestamp het en bly was met volle veragting in die siel oor die land van Israel—*** *daarom, kyk, Ek strek my hand teen jou uit en gee jou as buit vir die nasies, en Ek sal jou uitroei uit die volke en jou uit die lande verdelg; Ek sal jou vernietig, en jy sal weet dat Ek die HERE is."* (Eseg:25:5-7) Hier leer ons dat die mense altyd gaan juig en dit geniet wanneer opregte Christene aangevat word.

Een punt wat ons vind in die geskiedenis van beide Moad en Ammon, is dat die mense eerder hulle profete volg as wat hulle die Bybel as gesag aanvaar. Die grootste probleem wat ek met die groepe het is dat daar nêrens in die Bybel vir ons beskryf word dat die twee nasies 'n pad het wat weer na Jerusalem toe loop nie, so indien jy gekies het om die profete te volg, sal jy

nooit deel van die ware Kerk, die inwoners van die Nuwe Jerusalem in die hemel sal wees nie. So dit is dus onmoontlik om deel van die Bruid te wees.

## MOAB EN DIE MOABIETIESE KERK.

Dit is die afstammelinge van Lot se oudste dogter, en het Molog aanbid. Sien die gedeelte hierbo oor Ammon vir 'n bespreking van Molog, hulle god. Verder het hulle hoogtes gebou by elke ingang van elke dorp waar hulle hul afgodsdiens gehou het. Dit klink nogal bekend as ons na die wêreld van vandag kyk waar elke genootskap sy eie "kerk" moet bou. *"So spreek die Here HERE:* ***Omdat Moab en Seïr sê: Kyk, die huis van Juda is soos al die nasies—*** *daarom, kyk, Ek maak die berghange van Moab oop, dat dit sonder stede is, sonder sy stede in sy hele gebied, die sieraad van die land: Bet-Jésimot, Baäl-Meon en tot Kirjatáim"* toe; (Eseg 25:8-9) Die mense glo dus ook dat alle mense gered sal word en maak dit nie saak watter god jy aanbid nie, want hulle sê:" ***die huis van Juda is soos al die nasies."*** *"Júlle moet dan nie luister na julle profete en na julle waarsêers en na julle dromers en na julle goëlaars en na julle towenaars nie, wat met julle spreek en sê: Julle sal die koning van Babel nie dien nie."* (Jer 27:9) So sal hulle dus altyd valse profete aanstel wat leuens verkondig, en die volk aansê dat dit altyd net goed sal gaan met die mense. 'n Verdere kenmerk is dat hulle ook verkondig dat alle paaie na Jesus lei, en dat alle gelowe dieselfde is. Vir hulle is daar glad nie 'n verskil tussen Christenskap en ander gelowe nie. Ons vind vandag alreeds hoeveel vooraanstaande teoloë hierdie standpunt huldig, en het hulle selfs al 'n naam vir hulle geloof gekry het, naamlik Chrislam. Dit is 'n kombinasie van glo in Christus, en Islam, of soos ons hulle ook ken, die Moslems. Ander leiers verklaar weer dat hulle nie geroep is om mense se sondes aan te spreek nie, en net "goeie" boodskappe bring. Een van hulle besit die gemeente wat die grootste is en die vinnigste groei in die Amerikaanse geskiedenis.

## FILISTYNSE KERK.

Net soos daar 'n Egiptiese Kerk bestaan, bestaan daar ook 'n Filistynse Kerk. Die mense van die Kerk het wel die pad gevolg wat deur die HERE aangewys is om in Kanaän te kom, maar het nie die Filistyne in hul gebied oorwin nie, en so het die Filistyne hulle oorwin. Daar is ook twee dele van die Kerk. Die eerste deel is die van Sidon, en die tweede deel is die van Tirus. Die gedeeltes was die erfdeel van Aser en Sidon was deel van die Filistyne. Hulle gebied is later deur die Filistyne oorgeneem aangesien Aser nie die Filistyne uitgeroei het soos deur die HERE verwag nie. Hoe is die mense dan wat aan die Kerke behoort, en wat is hulle oordele? Hiervoor moet ons kyk na die oordele wat oor die gedeeltes in die Bybel uitgespreek word. Dit sal dan vir ons riglyne gee oor wie aan die Kerk behoort, want hulle het die pad gevolg wat die HERE aangewys het, hulle het selfs hulle erfdeel ontvang, maar hulle het nie al hulle begeertes gekruisig nie.

Die groep mense se woorde is as volg in Esegiël vir ons opgeteken: *"Mensekind, omdat Tirus oor Jerusalem geroep het: Ha, ha! die poort van die volke is gebreek, dit is na my toe gedraai; ék sal vol word, dit is verwoes— daarom, so sê die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Tirus! en Ek laat baie nasies teen jou optrek soos die see sy golwe laat optrek."* (Eze 26:2-3) Die groep mense is die wat vir almal dit wil wys maak dat hulle soveel mense na die HERE toe gelei het, en dat jy net by hulle moet aansluit en jy is so goed soos in die hemel. Ons het vroeër in Openbaring 3 gelees van die gemeente van Laodicense. Dit is die gemeente wat die profete van geprofeteer het. Vandag vind ons die nuwe apostoliese reformasie wat weer vir hulle profete aanstel, maar wanneer ons na hulle profesieë kyk, is daar soveel wat verkeerd is. Jesaja het ook uitgebrei oor die groep: *"Want U het u volk verwerp, die huis van Jakob,* ***omdat hulle vol is van wat die Ooste aanbied, en van goëlaars soos die Filistyne, en met die kinders van vreemdes dryf hulle handel. En hulle land is vol silwer en goud, en daar is geen end aan hulle skatte nie; en hulle land is vol perde, en daar is geen end aan hulle strydwaens nie. Ook is hulle land vol afgode; voor die werk van hul hande buig hulle hul neer, voor wat hulle vingers gemaak***

***het.*** *So moet dan die mens neergebuig en die man verneder word; en U moet hulle dit nie vergewe nie."* (Isa 2:6-9)

Ons moet ook die verhaal van Dawid en Goliat onthou. Goliat was hierdie magtige reus terwyl Dawid hierdie jong rooikop seun was. *"Daarop neem hy sy staf in sy hand en soek vir hom uit die spruit vyf gladde klippe uit en steek dit in sy herderstas wat hy gehad het, naamlik in die slingersak; en met sy slinger in sy hand het hy nader gekom na die Filistyn. Ook die Filistyn het al nader en nader gekom na Dawid, en die skilddraer voor hom uit.* ***Toe die Filistyn opkyk en Dawid sien, het hy hom verag, omdat hy 'n seun was—rooierig, met 'n mooi voorkoms.*** *En die Filistyn vra vir Dawid: Is ek 'n hond dat jy met stokke na my toe kom? En die Filistyn het Dawid vervloek by sy gode. Verder sê die Filistyn vir Dawid: Kom na my toe, dat ek jou vlees aan die voëls van die hemel en die diere van die veld kan gee.* ***Maar Dawid sê vir die Filistyn: Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die HERE van die leërskare, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het. Vandag sal die HERE jou in my hand oorlewer, dat ek jou kan verslaan en jou hoof van jou wegneem, en die lyke van die leër van die Filistyne vandag aan die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde kan gee, sodat die hele aarde kan weet dat Israel 'n God het. Dan sal hierdie hele menigte moet erken dat die HERE nie deur swaard en deur spies verlos nie; want die stryd behoort aan die HERE, en Hy sal julle in ons hand gee.*** *"* (1Sa 17:40-47)

So die gemeentes is groot massas mense, goed gewapen, maar hulle vertroue is nie op die HERE nie, maar op hule besittings.

## DIE KERK IN JERUSALEM

Wie behoort nou aan diè kerk? Almal wat getrek het uit Egipte, aanvaar het wat die HERE vir hulle ingedagte gehad het, en Kanaän binne gegaan het. Ons sal wel mense kry wat verskillende konings, of soos ons vandag hulle ken as kerkgroepe, aanhang, maar hulle is immers in Kanaän.

Is daar dan oordele oor hulle ook? Verseker. Onthou dat die oordeel van die HERE begin by Sy volk, of soos ons vandag bekend staan as Sy Kerk. Nou mag u vir my vra dat as ons dan alles gedoen het wat ons moes, en ons is dan nou in die beloofde land, hoekom moet daar dan nog oordele oor ons uitgespreek word, of ander gestel, hoekom moet ons dan nog getugtig word? Hebreërs 12 gee vir ons die antwoord. *"Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie. Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie. En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek:* ***My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem.*** *As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie?* ***Maar as julle sonder tugtiging is****, wat almal deelagtig geword het,* ***dan is julle onegte kinders en nie seuns nie.****"* (Heb 12:3-8) Baie interesante woorde wat ons hier vind. Baie male word ons as Christene aangevat omdat ons swaarkry, want die HERE sal nou mos nie Sy bloedjies laat swaarkry nie. Die gedeelte bevestig net mooi die teëndeel.

Meeste van ons glo ook verskillend van mekaar. Dit beteken maar net dat ons onder verskillende konings staan. So word elke groep dan gewys op wat verkeerd is met hulle, want ons sal nogsteeds volgens ons werke geoordeel word. Esegiël 18 bevestig juis dat indien ek doen wat reg is, ek nie probleme sal kry nie, maar dat indien ek afdwaal ek nie dieselfde bestemming sal kry nie. Ook word daar geleer dat die vader nie gestraf sal word vir die seun se oortredings nie, en die seun nie vir die vader s'n nie.

## DIE GEBIED BABEL

Reg deur die profete vind ons dat Babel die ryk van Satan verteenwoordig. So alle profesieë wat gerig word teen Babel, gee vir ons insig oor hoe die HERE met die ongelowiges gaan optree en sal optree. Dit is hoe hulle beskryf word: *"Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: En jy, mensekind, maak vir jou twee paaie waarlangs die swaard van die koning van Babel kan kom; uit een land moet altwee uitgaan; en sny 'n wegwyser uit; sny dit uit by die begin van die pad na 'n stad; jy moet 'n pad maak, dat die swaard kan kom na Rabba, van die kinders van Ammon, en na Juda, in die versterkte stad Jerusalem. Want die koning van Babel gaan staan waar die paaie uitmekaarloop, by die begin van die twee paaie, om van waarsêery gebruik te maak: hy skud die pyle, raadpleeg die huisgode, bekyk die lewer. In sy regterhand is die lot: Jerusalem, om stormramme op te stel, om die mond met geskreeu oop te maak, om die stem te verhef met krygsgeroep, om stormramme op te stel teen die poorte, om 'n wal op te werp, om forte te bou. Maar dit is vir hulle soos 'n bedrieglike waarsêery in hul oë (die plegtigste eedsweringe tog is hulle s'n!); maar hy bring die ongeregtigheid in herinnering, dat hulle gegryp kan word. Daarom, so sê die Here HERE: Omdat julle jul ongeregtigheid in herinnering bring deurdat julle oortredinge openbaar word, sodat julle sondes in al jul handelinge gesien word—omdat julle in herinnering gebring is, sal julle met die hand gegryp word. En jy, onheilige, goddelose, vors van Israel, wie se dag gekom het in die tyd van die uiteindelike afrekening— so sê die Here HERE: Die tulband moet weg, en die kroon moet af! Dit bly nie so nie: Na bo met wat nederig is! Na onder met wat hoog is! Puinhoop, puinhoop, puinhoop sal Ek dit maak. Ook dit sal nie bly nie—totdat Hy kom wat daarop reg het, en aan Hom sal Ek dit gee."* (Eze 21:18-27)

Ek het vroeër 'n gedeelte aangehaal wat Bileam vir Balek gesê het wat aan die einde van die dae sal gebeur, en wil graag die hele gedeelte hier aanhaal sodat ons ook daaruit kan sien watter Christene hulleself in watter gedeelte van die Paradys sal bevind: *"En nou, kyk, ek gaan na my volk toe.* ***Kom, ek sal jou inligting gee, wat hierdie volk jou volk sal aandoen aan die einde van die dae.*** *Toe het hy sy spreuk aangehef en gesê: Bíleam, die seun van Beor, spreek, en die man met geopende oog spreek. Die hoorder van die woorde van God spreek, en hy wat die wetenskap van die Allerhoogste ken, wat die gesigte van die Almagtige sien wat neerval en geopende oë het. Ek sien hom, maar nie nou nie, ek aanskou hom, maar nie naby nie: 'n ster kom te voorskyn uit Jakob, en 'n septer kom uit Israel op, en hy verbrysel die slape van die hoof van Moab en werp al die oorlogsugtiges omver. Ook sal Edom 'n besitting wees; en Seïr, sy vyande, sal 'n besitting wees, maar Israel neem toe in krag. En laat daar een uit Jakob heers en die vrygeraaktes uit die stede vernietig. Toe hy Amalek sien, het hy sy spreuk aangehef en gesê: Amalek is die eersteling van die heidene, maar sy einde is ondergang. Toe hy die Keniete sien, het hy sy spreuk aangehef en gesê: Jou woonplek is vas, en jou nes is gebou op die rots. Ewenwel sal Kain tot verwoesting wees. Hoe lank nog? Assur sal jou as gevangene wegvoer. Verder het hy sy spreuk aangehef en gesê: Wee, wie sal lewe as God dít beskik? En skepe kom van die kant van die Kittiërs af, en hulle verneder Assur en hulle verneder Heber; en hy is ook tot ondergang bestem. Toe het Bíleam hom klaargemaak en weggetrek en na sy woonplek teruggekeer. En Balak het ook sy koers gegaan."* (Num 24:14-25)

Die belofte in Esegiël gee ook vir ons te kenne dat ons in verskillende volke sal wees, maar dat die HERE ons sal bymekaar bring, almal as Sy volk. *"En Ek sal julle uit die volke uitlei en julle versamel uit die lande waarin julle verstrooi is, deur 'n sterke hand en deur 'n uitgestrekte arm en deur uitgestorte grimmigheid. En Ek sal julle bring in die woestyn van die volke, en Ek sal daar met julle in die gerig tree van aangesig tot aangesig. Soos Ek met julle vaders in die woestyn van Egipteland in die gerig getree het, so sal Ek met julle in die gerig tree, spreek die Here HERE.* ***En Ek sal julle onder die herderstaf laat deurgaan en julle bring in die band van die verbond. En Ek sal uit julle afsonder die wat opstandig is en teen My oortree; Ek sal hulle uit die land van hul vreemdelingskap uitlei, maar hulle sal in die land van Israel nie kom nie; en julle sal weet dat Ek die HERE is. Maar julle, o huis van Israel, so sê die Here HERE: Gaan weg en dien elkeen sy drekgode; maar hierná—sekerlik sal julle na My luister en my heilige Naam nie meer ontheilig met julle offergawes en julle drekgode nie. Want op my heilige berg, op die verhewe berg van Israel, spreek die Here HERE, daar sal die hele huis van Israel, hulle almal, My dien in die land; daar sal Ek 'n behae in hulle hê en daar sal Ek julle offergawes***

***eis en die eerstelinge van julle aanbiedinge by al julle heilige gawes. As 'n lieflike geur sal Ek 'n behae in julle hê wanneer Ek julle uit die volke uitlei en julle uit die lande versamel waarin julle verstrooi was, en Ek sal My in julle as die Heilige laat ken voor die oë van die nasies. En julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek julle in die land van Israel bring, in die land waar Ek my hand oor opgehef het om dit aan julle vaders te gee.*** *Daar sal julle dan dink aan julle weë en al julle handelinge waarmee julle jul verontreinig het, en julle sal vir julself walglik wees vanweë al jul slegte dinge wat julle gedoen het. En julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek met julle handel ter wille van my Naam en nie volgens julle verkeerde weë of julle verdorwe handelinge nie, o huis van Israel, spreek die Here HERE."* (Eze 20:34-44)

Hoekom sal dit gebeur? Wat is dan fout met ons as Christene? Die volgende verse maak dit redelik duidelik. Onthou net die oordeel begin by die Kerk.

## HULLE IS VOL VAN WAT DIE OOSTE AANBIED.

Hoeveel gebruike vind ons nie vandag wat van ander gelowe oorgewaai het na Christenskap nie, soos New Age, joga, "chanting", meditering om maar net 'n paar te noem. Al hierdie Hindu en Boeddhistiese gewoontes het hul plek in Christenskap gekry en word aanvaar. Net ter verduideliking van wat "chanting" is, is die herhaling van 'n woord of vers oor en oor, of net die "rustige" musiek wat jou laat ontspan. Daar is hoevele liedere vandag wat uit een of twee reels bestaan wat net herhaal word en die gehoor en betrokkenis laat voel of hulle in 'n ander wêreld ingaan. Dan sê die mense gewoonlik dat die tasbaarheid van die Heilige Gees gevoel kon word, maar intussen is dit 'n manier om met die mistieke wêreld kontak te maak, en is gebaseer op Buddisme en deel van joga. Dan is daar die beweging wat Christendom en Islam kombineer met die benaming van Chrislam. En dit word deur vooraanstaande Christene verkondig. Daar is byvoorbeeld die een preek van Brian Houston van Hillsong waar hy verwys dat die Vader in die Ou Testament bekend is by Christene as "Abba Father" en vir die Moslem as "Allah".

Sien https://www.youtube.com/watch?v=o_cbAgOuz5I waar die Pous en andere soos Houston dit uitspel.

### JOGA

So word die ware Kerk geinfiltreer deur die ooste en ander gelowe en dit is waarvan Jesaja hier praat. Wanneer ons na geneeskunde kyk, sien ons waar joga vandaan kom volgens die Wikipedia:

"**Joga** (Sanskrit: "verbinding", "vereniging"), **is as filosofiese stelsel een van die ses ortodokse denkrigtings van die Hindoes, maar het ook baie gemeen met verskeie ander Indiese denkrigtings en godsdienstige stelsels**. In die praktyk is joga die uitskakeling van alle negatiewe geestelike funksies, soos sinlike denke en materialistiese begeertes, deur middel van meditasie- en konsentrasie-oefeninge wat voorafgegaan word deur asemhalingsoefeninge en askese.

Die standaardwerk oor joga is die Jogasoetra van Patandjali, wat waarskynlik in die 5de eeu n.C. saamgestel is. Die agt afdelings (langa's) in hierdie werk bestaan hoofsaaklik uit 'n streng psigiese opleiding met betrekking tot selfhipnotiese metodes. Die wysgerige grondslag is ontleen aan die Samkha-stelsel. Joga speel ook 'n belangrike rol in die Boeddhisme.

Een van die beginsels waarop joga berus, is dat spanning in die liggaam die direkte gevolg is van druksituasies waaraan die mens blootgestel word - en wat dikwels hoofsaaklik beïnvloed word deur die denke en reaksies op bepaalde situasies. Gevolglik moet sowel die liggaam as die intellek aan ontspanningsoefeninge blootgestel word, sodat gewoontes wat spanning veroorsaak, verbreek kan word.

Die getroue beoefening van joga lei daartoe dat die liggaam meer buigsaam en soepel word. In samehang hiermee sluit die beoefening van joga ook asemhalingsoefeninge (pranayama) en meditasietegnieke in wat liggaam en gees verder ontspan en sodoende die mens se algemene gesondheid verbeter.

Enige persoon kan baat vind by joga. Dit stimuleer die onwillekeurige spierstelsel en verbeter bloedsirkulasie, energievlakke en lewenskragtigheid. Op intellektuele en geestelike gebied lei dit tot kalmte en 'n gevoel van welgeluksaligheid. Dit is nie alleen die gevolg van die meditasietegnieke nie, maar kan ook in groot mate aan die fisieke oefeninge toegeskryf word.

Tot hier die beskrywing. Dit is duidelik dat die tegnieke van die Ooste afkom, en nie van die HERE nie, wat beteken jy is besig met afgode diens.

## NOU KOM ONS BY ALTERNATIEWE MEDISYNE.

Alternatiewe medisyne se werking word as holisties beskryf omdat dit van 'n mistiese kragbron gebruik maak. Chiropraktyk, akupunktuur, homeopatie en joga word bespreek.

**Alternatiewe medisyne het 'n bonatuurlike werking omdat dit gebaseer is op die valse aanname dat siektes deur faktore soos versteurings in die vloei van 'n mistiese energiekrag in 'n persoon se liggaam veroorsaak word. Onpersoonlike, mistiese kragte is egter okkulties van aard en derhalwe die terrein van die werking van demone.** Om jou hieraan bloot te stel, kan ernstige geestelike probleme tot gevolg he. Baie "geloofsgenesers" wat selfs hulle professie in die Naam van die Here beoefen, maak ook van hierdie duiwelse magte gebruik om mense te genees.

Die gebruik van alternatiewe medisyne is 'n toenemende gier in die wereld - ook onder Christene. In hierdie praktyk gaan dit nie primer om medisyne of genesing nie, maar dit is 'n manier om by jou beursie en jou siel uit te kom. Daar is baie nut in vitamiene en kruie wat getoets, higienies geproduseer en verpak is. Die regte oefeninge en stres-verligtende massering kan ook voordelig wees. Wanneer hierdie gebruike egter met Nuwe Era idees en tegnieke vermeng word, kan dit tot geestelike probleme en selfs demoniese bindings lei.

Wanneer jy jouself of jou kinders aan enige filosofie, tegniek of idee blootstel wat aan die Oosterse mistiek gekoppel is, begewe jy jou in troebel waters. Die Oosterse mistiek, asook mistisisme in die Afrika- en ander heidense kulture van die wereld, verwys na 'n kategorie van verborge, paranormale kragte van 'n onbekende oorsprong. Afhangende van die kultuur waarin die mistiese kragte gemanipuleer word, word daarna as toorkrag, geesteskrag, magiese krag, kosmiese krag, lewenskrag, energievloei, psigiese energie of die universele intelligensie verwys. Uit 'n Bybelse oogpunt weet ons dat die kragte wat die heidene gebruik, okkulties en demonies van aard is.

Geen idee het nog ooit uit 'n heidense religie gekom sonder dat dit in sy kern op misleiding ingestel is nie. Satan se groot doel is om beheer oor mense se lewens te verkry. In die proses gebruik hy dikwels logiese idees, maar hy meng dit met genoeg gif om jou geestelik te verstrik. Dit is juis 'n kenmerk van alternatiewe medisyne dat voordelige eienskappe in baie daarvan voorkom, maar dit is altyd met genoeg valse tegnieke vermeng om jou geestelike vrede te verwoes.

Die meeste beoefenaars van alternatiewe medisyne glo dat daar 'n *energiekrag (energy force)* is wat die gesondheid van jou liggaam bepaal. Baie van hierdie beoefenaars skryf aan die energiekrag 'n eie intelligensie of persoonlikheid toe. D. Palmer sê in sy teorie oor chiropraktyk die volgende oor hierdie *krag:* "Die [moderne] chiropraktisyn glo dat die ingebore intelligensie wat die liggaam beheer, aan die universele [kosmiese] intelligensie verbind is waardeur die wereld beheer word. Elke persoon is deur sy senustelsel aan die universele intelligensie

gekoppel" (John F. Thie: *Touch for health: a practical guide to natural health using acupuncture, touch, and massage).*

Op die konferensie van die Parlement vir Wereldgodsdienste in Kaapstad in Desember 1999, het 'n chiropraktisyn ook 'n lesing gelewer. Hy is dr. Jeffrey Ptak van Chiropractors Restoring Energy Worldwide, VSA, en sy lesing was getiteld: "Chiropraktyk: ons genees die wereld deur die geestelike mens en die fisiese mens met mekaar in verbinding te bring." Hy verduidelik dit so: "Chiropraktyk het reeds voor die kwantumfisika erkenning aan die bestaan van 'n intelligente, holografiese heelal gegee. **Ons hele filosofie is gebaseer op die alomteenwoordige bestaan van 'n Universele Intelligensie en sy verpersoonliking in individuele lewensvorme. Ons hele doel is om steurings te verwyder sodat die Intelligensie homself deur alle lewensvorme kan uitdruk. Ons sien chiropraktyk dus as 'n onmisbare voordeel vir 'n persoon se geestelike, verstandelike en fisiese welstand. Nadat elke persoon vry is om sy/haar geestelike essensie te openbaar en sy/haar roeping en talente uit te leef, sal die ideaal van universele eenheid verhoog en gedien word.**"

## AKUPUNKTUUR

**Om akupunktuur reg te kan verstaan, is 'n kort verduideliking van Taoïsme nodig. Akupunktuur het uit Taoïsme ontwikkel, wat een van die godsdienste van Sjina is. Net soos Boeddhisme, Hindoeïsme en ander Oosterse godsdienste, is Taoïsme panteïsties.** Dit beteken dat hulle nie in 'n persoonlike Skeppergod glo wat jou kan liefhê, met wie jy kan gesels en in wie jy kan glo nie. Die pantetïstiese godheid is vir hulle soos radio-aktiewe strale wat deur die ganse heelal vibreer. **Hierdie *gees* of *energie (chi* of *ki)* vloei deur die hele skepping en hou alles in stand. God is dus nie in die hemel nie, maar *in alles.* Hierdie *god se* naam is Tao.**

Vir verdere inligting gaan lees gerus die volgende artikel. Dele van die artikel is hier aangehaal.

## NOU GAAN JESAJA AAN MET WAT VERDER FOUT IS IN DIE KERK.

Die volgende gedeelte in dieselfde vers gaan oor goëlaars, met ander woorde mense wat vreemde goeters doen in die naam van Christenskap. Ek was eendag by 'n byeenkoms waar die persoon wat homself as 'n apostel uitgemaak het, vir mense glo die vorige dag gewys het hoe hy stoele op mekaar stapel sonder dat hy daaraan raak, en dit natuurlik uitgemaak as 'n wonderwerk. Al wat hy gedoen het, is gebruik gemaak van psigiese kragte, wat afkomstig is van die Ooste. Ander weer wys hoe hulle hul hare skud en goud uitval en ander bring weer edelgesteentes voort.

Die laaste gedeelte van die vers sê dat die Christene met kinders van vreemdes handel dryf. So die gemeentes het die Woord van die HERE gebruik om mense wat nie deel is van die verbond in die gemeentes op te neem ter wille van geld.

Vêrder word daar ook vir hulle vertel dat hulle vol van silwer en goud is en dat daar geen einde is aan hulle skatte nie. Dit is mos hoe dit met ons gemeentes gaan. Daar moet altyd geld weggesit word en gespaar word, want ons moet mos voorsiening maak vir die maer jare, maar om dit uit te deel vir die wat vandag tekort kom, dit is nie die kerk se probleem nie. En dan aan die anderkant van die spektrum kry jy weer die wat glo dat net terwyl hulle hul tiende gee, moet die HERE hulle seën en indien jy nie geseën word nie, is die fout by jou, want die HERE sal jou ryk maak.

En dan is daar natuurlik die sogenaamde tiende predikers van die "name it and claim it" faam. Ek wondeer of mense bewus is dat die grootste prediker van die groep se persoonlike bates so net kort van $1 biljoen is. So in ons taal so R13 biljoen. Maar jy kan seker wees dat die mense

sal graag sy tydskrif koop, vra dat hy vir hulle sal bid en natuurlik word jy geleer hoe groter die probleem is waarvoor gebid moet word hoe groter bydrae gemaak moet word. Gaan soek maar op die internet en kyk wie is die tien rykste pastore/dominees in die wêreld. Dan sal jy uitvind een van hulle, nogal 'n redelike jong man, sal nooit oor sonde preek nie, want die "Here" het hom nie geroep om oor sonde te preek nie want daar word elke dag genoeg slegte nuus op die TV versprei. So hy sal altyd 'n "goeie" boodskap bring en jou ego streel.

Dan volg 'n gedeelte waar nog verkeerde handelinge uitgelig word, soos die wins maak uit die Woord van die HERE en nog baie ander verkeerde gewoontes. Hoevele gemeentes het winkels in winkelsentrums om hul inkomste te vergroot, want hulle weet dat mense altyd geld sal spandeer by hulle winkels. En hulle kan maar hoë winsgrense gebruik op die produkte, want die mense sal hulle altyd ondersteun. My een dogter het in so 'n winkel gewerk en het later self besluit om die winkel se deure te sluit die dag voor Kersfees nadat al die ander winkels alreeds toe was, want sy moes oopbly net ingeval iemand nog 'n geskenk wou koop, dan kon hulle darem by haar regkom aangesien dit die enigste winkel was wat oop was in die sentrum.

## HOOGMOED

Van vers 9 af in die hoofstuk behandel die HERE dié een probleem wat alle mense raak, naamlik, hoogmoed. Jesaja stel voor dat die mense hulle gaan wegsteek in 'n rots sodat die HERE se oordeel hulle nie tref nie. Dit is dieselfde woorde wat in Openbaring 6 verse 15 -17 gebruik word. *"en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?"*

Hoogmoed is seker die grootste probleem vandag, wat alle mense, oud en jonk, arm en ryk, mee sukkel. Dit is hoe Jesaja dit stel. *"Die hoë oë van die mense sal verneder word, en die hoogheid van die manne neergebuig word; en die HERE alleen sal in dié dag verhewe wees. Want 'n dag is daar vir die HERE van die leërskare oor al wat trots en hoog is, en oor al wat verhewe is, sodat dit verneder kan word; en oor al die hoë en verhewe seders van die Líbanon en oor al die eikebome van Basan; en oor al die hoë berge en oor al die verhewe heuwels; en oor al die hoë torings en oor al die versterkte mure; en oor al die skepe van Tarsis en oor al die kosbare pronkstukke. Dan sal die hoogheid van die mense neergebuig en die trotsheid van die manne verneder word; en die HERE alleen sal in dié dag verhewe wees"*. (Jes 2:11-17)

Wat gaan die mense doen wanneer Jesus op die wolke kom wanneer die fase verby is: *"En hulle sal gaan in die spelonke van die rotse en in die gate van die grond vanweë die skrik van die HERE en om die heerlikheid van sy majesteit ontwil, as Hy Hom gereed maak om die aarde te verskrik. In dié dag sal die mens sy silwerafgode en sy goue afgode wat hy vir hom gemaak het om voor neer te buig, weggooi vir die molle en die vlermuise; om te gaan in die skeure van die rotse en in die klowe van die kranse vanweë die skrik van die HERE en om die heerlikheid van sy majesteit ontwil, as Hy Hom gereed maak om die aarde te verskrik. Laat staan tog die mens wie se asem in sy neus is; want hoe min is hy werd!"* (Jes 2:19-22)

Dit word ook deur Jesus beskryf in Mattheus 24 *"En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid. En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan."* (Mat 24:29-31)

En in Openbaring *"En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?"* (Opn 6:12-17)

Dit is waaroor die gedeelte van die hoofstuk handel, hoe die HERE gaan optree teenoor die wat nie Sy weg volg nie, veral die wat dink hulle is beter as ander. Ons kry sovele mense wat net hulle geloof aanhang en dink hulle is beter as ander, maar hulle vergeet dat almal deur die HERE geskep is, en nie een persoon op die aarde kan verklaar hy is beter as 'n ander persoon as gevolg van sy eie doen en late nie. Ons moet kom by die punt waar ons sal besef ons is net 'n skepsel van die HERE.

Die hele stuk tot aan die einde van hoofstuk vyf gaan daaroor dat omdat ons as mense nog steeds verkeerd doen, sal die HERE ons deur Sy oordele bring tot by die plek waar ons finaal ons voor Hom sal buig en Sy heerskappy aanvaar. Hierdie gedeelte sal oor die Kerk kom, nie oor die mense wat nie die HERE ken nie. Onthou net Israel en Juda was Sy volk en daarom sal dit met ons as Sy nuwe volk, ook gebeur. Die oordeel begin by die Kerk.

# HOOFSTUK DRIE.

## VERWYDER ALLE STEUNPILARE

Hy sal alles waar ons op steun wegneem van ons af. Daar is so baie dinge wat ons op steun. Maar die HERE sê dat Hy elke steun van ons sal verwyder sodat ons slegs op Hom sal steun. Dat Hy ons steunpilaar sal wees. *"Want kyk, die Here HERE van die leërskare sal uit Jerusalem en uit Juda wegneem die stut en die steun, elke stut van brood en elke stut van water, die held en die krygsman, die regter en die profeet en die waarsêer en die oudste; die owerste oor vyftig en die aansienlike en die raadsman en die knap ambagsman en die ervare besweerder."* (Jes 3:1-3)

Daar is so baie dinge in ons lewens waarop ons steun om ons deur te sien. Ons hoor elke dag dat mense praat van as ons maar net die of dat gehad het, of dat ons net die of daardie leier kon kry, of hierdie of daardie werk gehad het, dan sal al ons probleme verdwyn. Hoeveel keer het ek al gehoor dat mense net die en dat hê om seker te maak hulle is reg. Ek weet daar is sekere goed wat ons werklik nodig het. As finansieële adviseur het ek mense help beplan om hulle aftrede te geniet of voorsiening te maak vir elke gebeurlikheid. Dit is nodig, maar dit is nie wat ons fokus moet wees nie. Die HERE is die een wat in 'n oogwink alles kan verander. Vra my maar. Toe ek die eerste operasie gehad het waar hulle hierdie NET (neuroendicrine tumor) ontdek het, was die woorde van die dokter aan my dat indien hulle dit nie "per ongeluk" raakgeloop het nie, sou my familie binne die volgende jaar my begrafnis gehou het. Vandag 22 jaar later is ek nog hier, maar nie vir lank nie. Die gedeelte wat hulle moes los wat hulle nie kon verwyder het nie, het nou weer kritieke afmetings aangeneem, en druk hy die hoofaar van die derms na die lewer toe. So ek sukkel maar met longe wat nie bloed kry nie, die een helfte van die regterlong is reeds nie meer in werkende toestand nie, en dan is daar uitsaaïngs na die skelet, die longe en die lewer. So ek weet hoe dit voel om eendag nog te werk, en die volgende dag is alles weg.

Maar die HERE wil dat ons net op Hom sal steun. Om die waarheid te sê as ons regtig op Hom alleen steun en Hom alleen eerste stel, hou Openbaring die volgende beeld voor: *"Opn 3:12 Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam."* Is dit nie 'n lekker gevoel nie. Om te weet dat indien jy alles in Sy hande los, Hy weer jou as 'n pilaar kan gebruik in Sy tempel, Sy Kerk. Dit is waarna ons moet strewe aangesien ons maar net 'n kort ruk op aarde leef, en dit bepaal waar ons ons sal bevind die dag as ons te sterwe kom.

*"En Ek sal seuns hulle vorste maak, en moedswilliges sal oor hulle heers. En die mense sal mekaar verdruk, man teen man, en die een teen die ander; die seun sal die grysaard, die veragtelike sal die agbare stormloop. As 'n man sy broer aangryp in die huis van sy vader en sê: Jy het 'n kleed, jy moet owerste oor ons wees, en laat hierdie ingestorte puinhoop onder jou toesig wees— dan sal hy in dié dag uitroep en sê: Ek kan geen geneesheer wees nie, en in my huis is geen brood en geen kleed nie; maak my nie 'n owerste van die volke nie. Want Jerusalem het gestruikel, en Juda het geval; want hulle tong en hulle dade is teen die HERE om sy oë, vol heerlikheid, te trotseer."* (Jes 3:4-8)

Die volgende gedeelte ken ons maar te goed in ons "reënboog" nasie. Dit is die kinders wat meeste van die onluste veroorsaak en die plundering wat daarmee gepaard gaan. Ons vorste van vandag, Zuma en sy hele regering wat aan die Gupta's uitverkoop is is die mense wat oor ons heers. Daar is sovele verdrukkings wat elke persoon ondervind dat jy net wil weghardloop. En indien my syfers reg is, is daar al meer as 'n miljoen goed geskoolde Suid Afrikaners die wêreld in om 'n beter toekoms vir hulle en hul families te verseker. Ek het self kinders en kleinkinders in Australië, en dit na my skoonseun se ouers op hul hoewe buite Pretoria aangeval is en sy moeder oorlede is en sy pa vir maande in die hospitaal was.

Hy sal seuns ons vorste maak en kinders sal oor ons heers. Is dit nie wat al vandag die geval is nie? ’n Mens hoef maar net te luister en winkel toe te gaan op ’n Saterdag of Sondag en dan sal jy gou agterkom wie is in beheer van die situasie. Ouer of kind? Vers 12 gaan verder en sê die vroue heers oor die kinders en dit sien ons daagliks hoe vrouens hulle sin kry deur kinders as wapen te gebruik. Vêrder het die leiers, en dit sluit ons kerkleiers in, verleiers geword. Dit hoor ’n mens daagliks van die preekstoel of podium af, ’n boodskap sonder enige ware liefde, wat net jou gerus stel dat jy nie hoef te verander nie. Jesus het mos alles gedoen, maar van gehoorsaamheid is daar nie sprake nie.

Mense wil so graag net iemand kry wat tussen hulle en die “gevaar” sal instaan, dat hulle net verwyder kan word van hierdie elke dag se verdrukking. Ons soek mense wat weer vir ons as Christene kan intree, maar selfs die wat in die regering sit is daar net vir eie gewin. Hulle is die wat die groot salarisse ontvang en so nou en dan iets sal sê oor ‘n onderwerp, maar helaas is hulle ook maar net pione wat ronskuif op die skaakbord. Wanneer jy vra wat hulle doen dan antwoord hulle jou soos wat Jesaja dit ook stel, ek het nie veel ondersteuning nie, en onthou ons is maar ‘n klein party. Ander wat weer hoofde is van groter partye moet maar maak soos hulle volgelinge wil hê hulle moet maak. Ons as Christene is mos maar vandag die minderheid. Daar is wel groot persentasies wat sê hulle is Christene, maar dan raadpleeg hulle nog hul voorvaders, of hulle glo in die leuens wat satan in die Kerk ingevoer het. Jy wat vashou aan die gesonde leer word eenkant toe gestoot want jy is te eng in jou uitkyk. Jy moet “cool” wees anders het jy geen ondersteuning nie.

## OM “COOL” TE WEES

Soos ek nou hier oor die helfde van sestig op pad na sewentig is, het ek tot die slotsom gekom dat ek half oor die muur is.

Ek het ook agter gekom dat die wêreld baie vinnig verander.

Ek het ook agter gekom baie min mense lees nog.

Hulle sal so sywaarts na iets kyk. So vinnig loer. Dalk so halfpad kyk.

Hulle tweet. Hulle IM. Hulle Whatsapp. Maar hulle lees nie.

Meeste epos word nooit oopgemaak nie. Meeste gaan ook nie lees wat ek hier skryf nie.

Meeste boeke wat mense koop word nooit gelees deur die mense wat dit koop nie.

So moet skrywers ook aanpas. Ek moet kort goedjies skryf. Niks seggende goed, anders lees mense dit nie. Gee hulle nie aandag nie.

Wanneer ek vir Christelike gehore skryf, is die standard selfs hoër.

Ek dink al lankal oor die onderwerp, en ek dink ek het die geheim ontdek.

Om vir ‘n Christelike gehoor te skryf moet jy “COOL” wees.

Jy hoef nie noodwendig goed te kan skryf nie.

Jy hoef nie oorspronklik te wees nie.

Jy hoef nie Skriftuurlik te wees nie.

Jy hoef selfs nie eers akkuraat of reg te wees nie.

Jy moet net “COOL” lyk, klink, en “COOL” goed sê wat Christene wil hoor.

Miskien is 'n beter woord vir Christelike skrywers om relevant te wees.

O ja, dis relevant om "COOL" te wees.

Dit is baie "COOL" om te praat oor alles wat relevant is vandag.

Kom ons praat oor seks – dit kry altyd mense se aandag.

Kom ons praat oor homosektualiteit – dit is 'n baie relevante onderwerp.

Kom ons praat oor politiek – dit sal die emosies aanwakker.

Kom ons praat oor goed wat ons as Christene moet of nie moet doen in die samelewing – dit maak mense altyd warm onder die kraag.

Kom ons praat oor verhoudings en gemeenskaplike kwessies – dit is mos voor op alle Christene se gedagtes.

Kom ons praat oor die jongste Christelike groep, rock ster, of aanbiddingslied.

Kom ons wees so 'n bietjie kontroversieël, want dit is 'n groot trekpleister vir aandag. Mense hou van kontroversie.

En kom ons trek so "COOL" aan en gedra ons so "COOL" dat die wêreld nooit sal agterkom dat ons volgelinge van Jesus is nie.

En dan wag jy net tot die regte oomblik, en dan sê jy: "O ja....Ek is 'n Christen" En dan kan ons almal goed voel oor hoe "COOL" ons is, hoe relevant ons is, en dat ons nie werklik verskillend van die ander mense is nie. So "COOL", dat mense nooit sou dink dat ons aan Jesus behoort as ons nie vir hulle gesê het ons behoort aan Hom nie.

Wel, ek dink dit is dom.

So ek reken ek is nie so "COOL" nie.

Ek gee ook nie om nie.

Want om "COOL" te wees is eintlik om te sê ek wil mense tevrede stel, en nie om die HERE tevrede te stel nie.

Hoekom wil jy mense tevrede stel?

Baie Jode het ook vir Jesus geglo maar wou dit nie erken in die openbaar nie, want hulle het die erkenning van mense hoër geag as erkenning van die HERE.

Ek erken dit is seker nie "COOL" om te praat oor skriftuurlike integriteit, om die Bybel te lees, en om te bid nie.

"Vorm godsdiens!!" skreeu almal.

Ek erken ook dat dit seker nie "COOL" is om oor dissipelskap en die boodskap van die Kruis te praat nie.

"Te wetties!!" skreeu almal.

Ek weet ook dit is seker nie goed om aanhoudend oor basiese beginsels en waarhede te praat nie. Veral nie jaar na jaar nie.

"Te eenvoudig!!" skreeu almal.

Ek weet mense word moeg daarvan om dieselfde boodskap te hoor en wil aanbeweeg na iets met meer slaankrag, kort, en vermaaklik – of soos die mense sê, iets "vars".

En ek gee nie om nie.

Want vir elke persoon wat verveeld raak om die Waarheid aanhoudend te hoor, is daar duisende ander wat nog nooit die Waarheid gehoor het nie.

En ek weet ook om 'n meester van 'n onderwerp te word bestaan daaruit om 'n paar basiese beginsels te leer, en dit dan elke dag toe te pas. Geen uitsonderings.

En ja, jy kan dit wetties, ritualisties, en eenvoudig noem. So is dit om asem te haal – maar dit is nodig om asem te haal om te lewe.

Jy kan dit oudmodies, vervelend, irrelevant en nie-cool noem.

Ek noem dit geestelike volwassenheid, om skriftuurlik te lewe, en om vrugte te dra.

Die Kruis was nooit bedoel om "COOL" te wees nie. Ook nie om 'n volgeling van Jesus te wees nie.

En wanneer die HERE praat, is dit ook nie altyd wat ons wil hoor nie. Of wat jy dink jy nodig het nie. Of wat jy voor gevra het nie.

Dit is ook interresant dat Jesus nie sy boodskap by Sy gehoor aangepas het nie, maar het van hulle verwag om hulle in Sy boodskap in te pas.

Amper elke spesialis eksegeet sê dat Jesus gelykenisse gebruik het om die waarhede makliker te maak sodat meer mense dit kan verstaan.

Dit is net mooi die omgekeerde wat die Bybel vertel.

Hy het juis gelykenisse gebruik om die geestelike waarhede moeiliker te maak om te verstaan.

Skok dit jou dalk?

Hy het nie probeer om meer relevant te wees nie.

Hy het nie belang gestel om "COOL" te wees nie.

Eintlik het Hy meer geweet as alle Christelike skrywers, onderwysers, en predikers. Of hulle het dit vergeet, of nooit geweet nie. Die gehoor sal oordeel, maar daar is net Een wat jy moet teverede stel, en Hy is die Een wie se oordeel alles tel.

En dis wat my verbaas. Ek kry tog mense wat hou van wat ek hulle leer en sê selfs: "dit is net wat ons moes hoor". Of: "dit is 'n antwoord op dit wat ek van die HERE gevra het."

Sien hoe werk dit?

Ek het nie die vermoë om te besluit wat is relevant vir jou nie.

Jy ook nie. Ons weet nie wat ons nodig het nie. Ons weet ook nie wat ons nie nodig het nie.

Maar Hy weet wat jy nodig het, en wanneer jy dit nodig het.

En deur Hom eerste te plaas, kan ek in Sy wysheid intap sodat Hy jou kan aanraak daar waar jy ookal is.

Nou dit is nogal "COOL".

En betyds.

En die waarheid.

En sommer ook relevant.

Gelukkig is ek nie geroep om “COOL” te wees nie, maar getrou.

Die gedeelte word afgesluit met Hoofstuk 4 vers een, wat saam met die gedeelte pas. “Jes 4:1 *“En in dié dag sal sewe vroue een man aangryp en sê: Ons eie brood sal ons eet en ons eie kleed aantrek; laat net jou naam oor ons genoem word, neem ons smaadheid weg.”* Soos ek vroeër genoem het wil die mense graag iemand tussen hulle en die HERE plaas, want hulle wil nie self verantwoordelikheid neem vir hulle doen en late nie.

# HOOFSTUK VIER.

## WIE IS 'N SIERAAD VIR DIE HERE?

*"In dié dag sal die Spruit van die HERE wees tot sieraad en heerlikheid, en die vrug van die land tot hoogheid en versiering vir die vrygeraaktes van Israel. En wie in Sion oorgebly het en gespaar is in Jerusalem, dié sal heilig genoem word, elkeen wat onder die lewendes opgeskrywe is in Jerusalem— as die Here die onreinheid van die dogters van Sion afgewas en die bloedskulde van Jerusalem daaruit weggespoel het deur die Gees van strafgerig en die Gees van uitdelging. Dan skep die HERE oor elke woonplek van die berg Sion en oor sy plekke van samekoms 'n wolk bedags en rook met die glans van vuurvlamme in die nag; want oor alles wat heerlik is, sal daar 'n beskutting wees. En daar sal 'n afdak wees vir 'n skaduwee bedags teen die hitte en vir 'n skuilplek en toevlug teen die stortbui en die reën."* (Jes 4:2-6)

Hier leer ons dat in die dag van vergelding, dus aan die einde van die wêreld soos ons dit ken vandag, Jesus as sieraad sal wees in Sion en die wat oorgebly het in Sy Kerk, sal heiliges genoem word. Dit is wat vir ons wag wanneer Hy op die wolke kom om ons saam met Hom te neem. Dit is nou die wie sondes vergewe is en afgewas is met Sy bloed. Die HERE sal weer soos in die woestyn 'n wolk wees wat beskerm teen die son en 'n rookkolom met vuur in die nag, so Hy sal weer alleen ons beskerming wees. Niks van ons verkeerde leërings sal oorbly nie. Maar ons moet seker wees dat ons naam opgeskrywe is in die boek van die lewe. Waar vind ons die boek? In die Hemelse Jerusalem waar Jesus alreeds as koning lewe. Ons vind dat Jesus alreeds die tweede boek het, wat met die laaste oordeel oopgemaak sal word. "Opn 20:12 ***En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke."*** "Opn 20:15 ***En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.***"

Hier sien ons ook iets wat ek vroeër aangehaal het in hoofstuk een oor ons werke, so dit is van kardinale belang dat ek werke sal doen wat by die bekering pas. *"Mat 3:8 Dra dan vrugte wat by die bekering pas." Luk 3:8 "Dra dan vrugte wat by die bekering pas, en moenie by julleself begin sê: Ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham te verwek." "Hnd 26:20 maar ek het eers aan die mense in Damaskus en in Jerusalem en in die hele land van Judéa en aan die heidene verkondig dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot God bekeer deur werke te doen wat by die bekering pas."*

Ek wil graag ook uitbrei oor wat Johannes die mense aansê terwyl hulle gewag het om gedoop te word. *"Dra dan vrugte wat by die bekering pas, en moenie by julleself begin sê: Ons het Abraham as vader nie; want ek sê vir julle dat God mag het om uit hierdie klippe kinders vir Abraham te verwek. Maar die byl lê ook al teen die wortel van die bome. Elke boom dan wat geen goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.* ***En die skare het hom gevra en gesê: Wat moet ons dan doen? En hy antwoord en sê vir hulle: Wie twee kledingstukke het, moet meedeel aan hom wat nie het nie; en wie voedsel het, moet dieselfde doen.*** *En tollenaars het ook gekom om gedoop te word, en vir hom gesê: Meester, wat moet ons doen? En hy antwoord hulle: Moenie meer invorder as wat julle voorgeskrywe is nie. En die soldate het hom ook gevra en gesê: En ons, wat moet ons doen? En hy sê vir hulle: Julle moet niemand geweld aandoen of iets afpers nie; en wees tevrede met julle soldy. En terwyl die volk in verwagting was, en almal in hulle hart oorweeg het aangaande Johannes of hy nie miskien die Christus was nie, antwoord Johannes almal en sê: Ek doop julle wel met water, maar Hy kom wat sterker is as ek, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie—Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur."* (Luk 3:8-16) Dit wys weereens op wat ons roeping as Christene is in die vetgedrukte gedeelte hierbo.

So hier begin ons te sien wat vir ons wag in die nuwe Jerusalem, die plek waar Jesus alreeds is en vir ons as Sy bruid, besig is om voorbereiding te doen vir ons.

# HOOFSTUK VYF.

## DIE WINGERD VAN DIE HERE

Hier gebruik die profeet vir ons 'n gelykenis, soos wat Jesus gedoen het. Dit gee ons die rede waarom daar oordele sal kom oor Sy kinders en wat met hulle sal gebeur. Vir meeste sal dit wees as gevolg van 'n gebrek aan kennis van hoe ons as Christene moet optree.

*"**Laat my tog sing van my Beminde; 'n lied van my Beminde oor sy wingerd!** My Beminde het 'n wingerd op 'n vrugbare heuwel. En Hy het dit omgespit en die klippe daar uitgehaal en dit beplant met edel wingerdstokke; en Hy het 'n toring daar binne-in gebou en ook 'n parskuip daarin uitgekap; en Hy het verwag dat dit druiwe sou dra, maar dit het wilde druiwe voortgebring. **Nou dan, inwoners van Jerusalem en manne van Juda, oordeel tog tussen My en my wingerd. Wat is daar meer te doen aan my wingerd wat Ek daar nie aan gedoen het nie? Waarom het Ek verwag dat dit druiwe sou dra, en dit het wilde druiwe voortgebring?** Laat My julle dan nou te kenne gee wat Ek met my wingerd gaan doen: Ek sal sy doringheining wegneem, sodat dit verwoes word; Ek sal sy muur stukkend breek, sodat dit vertrap word. En Ek sal dit 'n wildernis maak: dit sal nie gesnoei of omgespit word nie, maar opskiet met dorings en distels; en Ek sal die wolke gebied om nie daarop te reën nie. **Want die wingerd van die HERE van die leërskare is die huis van Israel, en die manne van Juda is die tuin van sy verlustiging; en Hy het gewag op reg, maar kyk, dit was bloedvergieting; op geregtigheid, maar kyk, dit was geskreeu! Wee hulle wat huis aan huis trek, akker aan akker voeg, totdat daar geen plek meer is nie, en julle alleen grondeienaars in die land is.** In my ore het die HERE van die leërskare gespreek: Waarlik, baie huise sal 'n woesteny word, die grotes en mooies sonder inwoner. Want tien morg wingerd sal een enkele bat oplewer, en 'n homer saad sal 'n efa opbring. **Wee hulle wat vroeg in die môre klaarmaak om sterk drank na te jaag, wat in die nag lááat opbly terwyl die wyn hulle verhit. En daar is siter en harp, tamboeryn en fluit en wyn by hulle maaltyd; maar op die dade van die HERE gee hulle geen ag nie, en die werk van sy hande sien hulle nie.** Daarom gaan my volk in ballingskap weens gebrek aan kennis, en hulle aansienlikes word hongerlyers en hulle menigte versmag van dors. **Daarom het die doderyk sy keel wyd oopgemaak en sy mond uitgerek sonder maat, en daarin sink hulle adel en hulle menigte en hulle luidrugtigheid en diegene onder hulle wat uitgelate is"**. (Isa 5:1-14)*

Hierdie gedeelte word vir ons verklaar in Matteus 21, waar Jesus met die Fariseërs en Saduseërs praat. Hy het hulle altyd net die beste gegee, maar die vrugte wat hulle gedra het, pas nie by hulle nie. *"Luister na 'n ander gelykenis: Daar was 'n sekere huisheer wat 'n wingerd geplant het; en hy het 'n heining daarom gesit en 'n parskuip daarin gegrawe en 'n wagtoring gebou, en hy het dit aan landbouers verhuur en op reis gegaan. En toe die vrugtetyd nader kom, stuur hy sy diensknegte na die landbouers om sy vrugte te ontvang. **Maar die landbouers het sy diensknegte geneem en een geslaan en 'n ander een doodgemaak en 'n ander een gestenig.** Weer het hy ander diensknegte gestuur, meer as die eerstes, en hulle het met dié net so gemaak. Oplaas het hy sy seun na hulle gestuur en gesê: Hulle sal my seun ontsien. **Maar toe die landbouers die seun sien, het hulle onder mekaar gesê: Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak en sy erfdeel in besit neem. En hulle het hom geneem en buitekant die wingerd uitgewerp en doodgemaak.** Wanneer die eienaar van die wingerd dan kom, wat sal hy met daardie landbouers doen? **Hulle antwoord Hom: Die slegte mense—hy sal hulle 'n slegte dood laat sterwe en die wingerd verhuur aan ander landbouers wat hom die vrugte op die regte tyd sal gee.** Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë? **Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra.** En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel. En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek. En hulle het probeer om Hom in hulle*

*mag te kry, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom vir 'n profeet gehou het."* (Mat 21:33-46)

Die HERE wys vir die skrifgeleerdes daarop dat Hy die profete, soos ons so pas van gelees het in Jesaja 5, na Sy volk toe gestuur het met een boodskap, en dit is om hulle te bekeer van hul verkeerde weë, maar hulle het nie. Hulle het tot Jesus oorgelewer om gekruisig te word. Hy het hulle vroeër in ballingskap laat gaan sodat hulle tot inkeer kon kom, maar hulle het nie. Daarom verklaar Jesaja "*Daarom het die doderyk sy keel wyd oopgemaak en sy mond uitgerek sonder maat, en daarin sink hulle adel en hulle menigte en hulle luidrugtigheid en diegene onder hulle wat uitgelate is"* So dit is die einde van die eerste Kerk, die een van die Ou Verbond, en daarom het Hy Jesus gestuur om die Nuwe Verbond te kom vestig, sodat elkeen wat glo, Sy kind sal wees. Maar ons moet ook hieruit leer dat ons nie kan aanspraak maak dat Hy anders teenoor ons sal optree nie. Hy sal dieselfde teenoor ons optree. So, nee, ons moet ons pad reguit hou en net op Hom vertrou, anders sal ons ook soos wat Jesaja hier beskryf in die doderyk beland.

Ek wil hier graag 'n storie inlas wat ek nou die dag ondervind het toe ek met van die mense wat die dispensasionele beweging aanhang, gehoor het. Een van die ander deelnemers aan die gesprek het die persoon daarop gewys dat Jesus verklaar het dat Jesus die Koninkryk van die Jode sal wegneem en aan 'n volk, in ons taal vandag, Christene of die ware Kerk, gee, was die persoon se verweer dat dit nie is wat daar staan nie. Sy interpretasie was dat die koninkryk van die Fariseers geneem sal word en aan die dissipels gegee sal word. Jesaja se woorde: "***Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra."*** Ek kan maar net wonder. Eerste keer dat ek hoor dat die dissipels 'n ander nasie was. Ek weet hulle het wel die Kerk begin, maar die Koninkryk is van die Joodse, of soos dit oorspronklik bekend was, die Judeese volk geneem en aan ons as Kerk gegee.

Dan gaan Jesaja verder: *"Wee hulle wat die ongeregtigheid nader trek met koorde van goddeloosheid, en die sonde soos met wa-toue; wat sê:* ***Laat Hy gou maak, laat Hy sy werk verhaas, dat ons dit kan sien!*** *En laat die raad van die Heilige van Israel naby wees en kom, dat ons dit kan ken!* ***Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter. Wee hulle wat in eie oë wys en na eie oordeel verstandig is. Wee hulle wat helde is om wyn te drink en wakker manne om sterk drank te meng; wat vir 'n omkoopgeskenk die skuldige regverdig verklaar en die reg van die regverdige hom ontneem****"*. (Jes 5:18-23) Hoeveel mense kan nie wag vir die einde van die wêreld nie, maar het nie ''n idee wat gaan dan gebeur nie? Dit is wat Jesaja probeer deurgee. Dit is ook die gedeelte waarna Jesus verwys het in Mattheus 21 om vir die Fariseers te wys hoekom Hy Israel verwerp het as Sy kinders, en hoekom ons as Kerk vandag Sy kinders is. Die Joodse geloof moet ook by Christus uitkom, en Jesus gaan nie terug kom om dit te doen nie. Ek lees dit nêrens hier of in Mattheus dat Jesus weer die wingerd herstel nie.

Die HERE het Israel in ballingskap laat gaan oor hul ongeregtigheid, maar hulle het net erger geword nadat hulle terug gekeer het. Dit was ook die onstaan tydperk van die Fariseërs en Saduseërs, politieke partye binne die Joodse gemeenskap. Daarom dat hulle Jesus nie gesien het vir wat Hy is nie. Hulle wou dat Hy eenheid op politieke vlak bring. Maar dit was nie Sy roeping nie. Ons sien vandag dieselfde waar mense wil hê dat die derde tempel herbou moet word sodat Jesus kan kom en regeer op aarde, maar Hy is nie 'n politieke figuur nie. Die mense kyk vandag na die nuwe wêreld orde wat volgens hulle die teken is dat Jesus sal kom en hulle omvêr werp, maar Hy is nie betrokke in politiek nie. Hy is ons Saligmaker. Die een wat vir altyd as Koning sal heers totdat Hy ons oorgee aan die Vader. Dit is wie Jesus is. Hy is die Messias, die een wat ons moet gehoorsaam. Hy is die een wat ons naam kan uitwis uit die boek van die lewe.

*"Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het,* ***en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos 'n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou***

***afkom nie.*** *Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is.* ***Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie,*** *en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."* (Opn 3:3-6)

Paulus gee ons ook 'n woord oor die boek: *"Ek vermaan Euódia en ek vermaan Síntiché om eensgesind te wees in die Here.* ***En ek vra jou ook, opregte metgesel, wees hierdie vroue behulpsaam wat met my saam gestry het in die evangelie, ook saam met Clemens en my ander mede-arbeiders wie se name in die boek van die lewe is.*** *Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!"* (Fil 4:2-4)

Dink jy dalk dat die HERE nie so sal optree nie. Kyk weer na die gedeelte uit Jesaja: "***Daarom het die doderyk sy keel wyd oopgemaak en sy mond uitgerek sonder maat, en daarin sink hulle adel en hulle menigte en hulle luidrugtigheid en diegene onder hulle wat uitgelate is".*** En Jesus herhaal die woorde aan die Fariseërs en Saduseërs: "***Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra."***

Nou vind ons die volgende gedeelte in Jesaja hoofstuk vyf: "*Daarom, soos die vuurtong stoppels verteer en droë gras in die vlam inmekaarsak, so sal hulle wortel soos poeier word en hulle uitspruitsel soos stof opstuiwe; omdat hulle die wet van die HERE van die leërskare verwerp het en die woord van die Heilige van Israel verag het.* ***Daarom het die toorn van die HERE ontvlam teen sy volk en het Hy sy hand teen hulle uitgestrek en hulle swaar getref, sodat die berge gebeef het en hulle lyke soos vuilnis op die strate was. Ondanks dit alles is sy toorn nie afgewend nie, maar is sy hand nog uitgestrek.*** *En Hy sal 'n banier ophef vir die nasies in die verte,* ***en Hy fluit vir dié volk daar aan die einde van die aarde; en kyk, gou, haastig kom hulle. Geen vermoeide en geen struikelende is onder hulle nie; hulle sluimer of slaap nie, en die gord van hulle heupe word nie losgemaak nie, en die riem van hulle skoene breek nie; wie se pyle skerp is en al hulle boë gespan; die pote van hulle perde is soos 'n klipsteen en hulle wiele soos 'n stormwind****. Hulle gebrul is soos dié van 'n leeuin, hulle brul soos jong leeus en maak gedreun en gryp die prooi en sleep weg sonder dat iemand red. En in dié dag sal dit oor hulle dreun soos die gedreun van die see. As iemand die aarde aanskou, kyk, daar is angsvolle duisternis; en die lig is verduister deur die wolke.*" (Jes 5:24-30)

Hier vind ons dat Jesaja sien dat ander volke na die HERE se roepstem sal luister. Nie net luister nie, maar hulle sal haastig na Hom toe kom, want hulle sluimer of slaap nie. So hulle verwag elke dag dat die HERE sal kom en verstaan dat hulle Sy kinders is, al is hulle nie deel van fisiese Israel nie. Hulle weet dat Israel, die eerste kerk verwerp is en verby gegaan het soos wat Hebreërs dit uitspel, en verwag dat hulle kinders van God genoem sal word. Dit is waarvoor ek en jy moet lewe. Dat ons deel van hierdie volk kan word wat nooit uit die aangesig van die HERE sal verdwyn nie.

DIt is waarvan Johannes in Openbaring 21 van praat: *"En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie. En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is. En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê:* ***Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.*** *En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar. En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde.* ***Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet. Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees. Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars***

***en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.****"* (Opn 21:1-8)

Watter pragtige woorde om te hoor vir die wie se naam in die boek van die lewe opgeteken is. Maar dan moet ons seker maak ons naam is opgeteken in die boek van die lewe.

# HOOFSTUK SES.

## JESAJA SE GESIG VAN DIE HERE EN SY ROEPING

*"In die sterfjaar van koning Ussía het ek die Here sien sit op 'n hoë en verhewe troon, terwyl sy some die tempel gevul het. Serafs het bo Hom gestaan; elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy aangesig bedek, en met twee het hy sy voete bedek, en met twee het hy gevlieg. En die een het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskare. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol! En die drumpelposte het gebewe van die geluid van die roepers, en die huis het vol rook geword. Toe het ek gesê: Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die HERE van die leërskare, gesien!* ***Maar een van die serafs het na my toe gevlieg met 'n gloeiende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die altaar af geneem het, en my mond daarmee aangeraak en gesê: Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weg en jou sonde versoen. Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan? Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my.*** *En Hy het gespreek: Gaan sê aan hierdie volk: Hoor altyddeur, maar verstaan nie, en sien altyddeur, maar bemerk nie. Maak die hart van hierdie volk vet en maak hulle ore swaar en bestryk hulle oë, sodat hulle nie sien met hul oë en met hul ore nie hoor en hul hart nie verstaan nie, en hulle hul nie bekeer en gesond word nie. Toe sê ek: Hoe lank, Here? En Hy antwoord:* ***Totdat die stede verwoes lê, sonder inwoners, en die huise sonder mense en die land verwoes is tot 'n wildernis, en die HERE die mense ver verwyder het en die verlatenheid groot is in die land. En as nog 'n tiende deel daarin is, sal dit weer wees tot verwoesting; maar soos by die terpentynboom en die eikeboom—as hulle omgekap word—'n stomp oorbly, so sal die heilige geslag die stomp daarvan wees."*** (Jes 6:1-13)

Hier vind ons die roeping van Jesaja as profeet. Hier sien ons 'n beeld soos wat Esegiël gesien het in die eerste hoofstuk van Esegiël, en dan ook die beeld van Johannes in Openbaring: *"En die vier lewende wesens het elkeen vir homself ses vlerke gehad, en hulle was rondom en van binne vol oë; en hulle het sonder ophou dag en nag gesê: Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom! En elke keer as die lewende wesens heerlikheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, val die vier en twintig ouderlinge neer voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon en sê: U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape"* (Opn 4:8-11)

Johannes het ook na die beeld verwys as Jesus in Johannes 12: *"En alhoewel Hy so baie tekens voor hulle gedoen het, het hulle nie in Hom geglo nie; sodat die woord van die profeet Jesaja vervul sou word wat hy gesê het: Here, wie het ons prediking geglo, en aan wie is die arm van die Here geopenbaar?* ***Daarom kon hulle nie glo nie, omdat Jesaja óók gesê het: Hy het hulle oë verblind en hulle hart verhard, sodat hulle nie met die oë sou sien en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie. Dit het Jesaja gesê toe hy sy heerlikheid gesien en van Hom gespreek het.****"* (Joh 12:37-41)

Dit is so moeilik om te verstaan dat die volk wat die HERE se volk was, so vêr afgedwaal het dat die HERE hulle verwerp het. Dit gaan 'n mens se verstand te bowe om te dink hoeveel wonderwerke Hy vir hulle gedoen het, maar ten spyte van dit alles het hulle hul rug op Hom gedraai. Dan vind ons hierdie ontsaglike woorde van die HERE waar Jesaja vra vir hoe lank dit sal duur. En die antwoord: "***Totdat die stede verwoes lê, sonder inwoners, en die huise sonder mense en die land verwoes is tot 'n wildernis, en die HERE die mense ver verwyder het en die verlatenheid groot is in die land. En as nog 'n tiende deel daarin is, sal dit weer wees tot verwoesting; maar soos by die terpentynboom en die eikeboom—as hulle omgekap word—'n stomp oorbly, so sal die heilige geslag die stomp daarvan wees.***"

Die laaste gedeelte is dit wat ons as vreemdelinge moet onthou. Ons kan onsself nie beroep en dink ons is hoër as ander nie, want soos Paulus dit uitdruk in Romeine: *"Wat sal ons dan sê? Dat die heidene, wat die geregtigheid nie nagejaag het nie, die geregtigheid verkry het, naamlik die geregtigheid wat uit die geloof is; terwyl Israel, wat die wet van die geregtigheid nagejaag het, die wet van die geregtigheid nie bereik het nie. Waarom? Omdat dit nie uit die geloof was nie, maar net asof dit uit die werke van die wet was; want hulle het hul gestamp teen die steen van aanstoot. Soos geskrywe is: Kyk, Ek lê in Sion 'n steen van aanstoot en 'n rots van struikeling; en elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie."* (Rom 9:30-33)" *Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek, sodat ek ingeënt kon word.* ***Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees. Want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy miskien jou ook nie spaar nie.*** *Let dan op die goedertierenheid en die gestrengheid van God: gestrengheid oor die wat geval het, maar goedertierenheid oor jou as jy in die goedertierenheid bly; anders sal jy ook afgekap word. Maar ook hulle sal, as hulle nie in die ongeloof bly nie, ingeënt word; want God is magtig om hulle weer in te ent."* (Rom 11:19-23) Ons as vreemdelinge is ingeënt op hierdie stomp en kan nie sonder die onderstok bestaan nie. Dit is wat die HERE vir ons is. Hy het ons daar ingeënt, maar kan ons ook net so maklik afkap soos Hy met Israel gedoen het.

Hoe lank gaan dit aanhou? Tot die einde toe. Hoeveel mense is afgestomp oor die Woord van die HERE. Ek lees daagliks van mense wat alles in die Bybel bevraagteken, want hulle kan hulle nie met so 'n God vereenselwig nie. Nee, hulle het 'n keuse gedoen om nie te luister na dit wat hulle moes luister nie. Van die mense het hulle moeg gewerk vir hulle gemeente, maar het op die uit einde besluit die HERE het nie gesien wat hulle gedoen het nie. Dit is seker so, maar hulle het Hom gesoek op hulle manier van dien en nie Hom gesoek waar hulle hom sou vind nie, en dit is met 'n verslae gees, en 'n gebroke hart. (Ps 34:19, Ps 51:19)

## HOOFSTUK SEWE.

*"En in die dae van Agas, die seun van Jotam, die seun van Ussía, die koning van Juda, het Resin, die koning van Aram, met Peka, die seun van Remália, die koning van Israel, opgetrek na Jerusalem om daarteen oorlog te voer; maar hy kon nie daarteen veg nie. Toe hulle aan die huis van Dawid berig stuur met die woorde: Die Arameërs het op Efraim toegesak! —het sy hart en die hart van sy volk gebewe soos die bome van die bos bewe voor die wind. En die HERE het vir Jesaja gesê:* ***Gaan tog uit, Agas tegemoet, jy en jou seun Sjear Ja-sjub, aan die end van die watervoor van die Boonste Dam, by die grootpad van die Bleikveld, en sê vir hom: Neem jou in ag en wees gerus; wees nie bevrees en laat jou hart nie week word oor hierdie twee rokende stukke brandhout nie—weens die gloeiende toorn van Resin en die Arameërs en van die seun van Remália; omdat Aram onheil teen jou besluit het, Efraim en die seun van Remália****, deur te sê: Laat ons optrek teen Juda en dit skrik aanjaag en dit vir ons verower en die seun van Tábeal daaroor koning maak. So sê die Here HERE:* ***Dit sal nie tot stand kom nie, en dit sal nie gebeur nie.*** *Want Damaskus is die hoof van Aram, en Resin die hoof van Damaskus, en binne vyf en sestig jaar sal Efraim verbreek word, sodat dit geen volk meer is nie; en Samaría is die hoof van Efraim, en die seun van Remália die hoof van Samaría. As julle nie glo nie—voorwaar, dan sal julle nie bevestig word nie!"* (Jes 7:1-9)

### ONGELOOF

Ons vind hier 'n baie interessante gedeelte. Die profeet word na die koning gestuur deur die HERE, waar die koning eintlik vir die profeet moes vra wat die HERE se doel was met die aanval, en dat die profeet dan moes vra dat die HERE hulle moes beskerm. Maar ons vind dat hy het nie sy vertroue in die HERE gestel nie. Maar dit is wat gebeur wanneer ons in skyn godsdiens lewe. Dan kom ons met die verskoning dat ons nie die HERE wil pla met hierdie nietigheid nie, ons sal self regkom. En dit is wat hier gebeur. Nou sê die HERE as volg: ***"As julle nie glo nie—voorwaar, dan sal julle nie bevestig word nie!"*** Die twee stukke hout is klaar uitgebrand en rook al, so dit wat hulle in die mou voer deur hul eie planne te maak sal nie gebeur nie.

Die koning het ook nie tempel toe gegaan nie, maar by die water om uit te werk hoe hulle kan verseker dat indien die vyand hulle aanval of beleer, dat hulle steeds water binne die stad sou hê. Die HERE gee wel aan Agas die versekering dat dit waarvoor hy bang is nie sal gebeur nie.

Maar nou volg 'n gedeelte wat ons nie baie hoor nie. Die HERE vra dat hy 'n teken moet vra van die Hom, maar hy wil nie, want dan verklaar hy dat hy sy vertroue in die HERE stel. So eintlik is dit 'n klap in die gesig van die HERE.

*"En die HERE het verder met Agas gespreek en gesê: Eis vir jou 'n teken van die HERE jou God: sak diep af na die doderyk, of klim hoog op boontoe.* ***Maar Agas het geantwoord: Ek sal nie eis nie en die HERE nie versoek nie.*** *Toe sê hy: Luister tog, o huis van Dawid! Is dit vir julle nie genoeg om mense te vermoei, dat julle my God ook vermoei nie? Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee:* ***Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem. Dikmelk en heuning sal hy eet as hy weet om te verwerp wat kwaad is en om te kies wat goed is. Want voordat die seuntjie weet om te verwerp wat kwaad is en te kies wat goed is, sal die land vir wie se twee konings jy bang is, verlate wees. Maar die HERE sal oor jou en jou volk en die huis van jou vader dae laat kom soos daar nie gekom het van die dag dat Efraim van Juda afgeval het nie—die koning van Assur!"*** (Jes 7:10-17)

Die laaste gedeelte wat ek hier aangehaal het hoor ons baie maal in die Kerk en dat dit gebruik word in preke. Hier vind ons ook die eerste verwysing na die koms van Jesus in Jesaja aan. Daar is baie verwysings lank voor Jesaja se tyd na Jesus, maar hier is dit die eerste keer dat Jesaja dit opgeteken het. Dan vergelyk die HERE die koms van Jesus met die seun van Jesaja. Nou moet ons onthou dat Jesaja ook sy eie seun moes saamneem, en die seun was nog jonk en kon nie

onderskei tussen goed en sleg nie. Nou sê die HERE voor die seun weet wat reg en verkeerd is sal die twee lande waarvoor hy bang was, verlate wees. Maar ons leer dat Jesus gevoed sal word deur dikmelk en heuning, albei voedsel wat hoog geag word en baie gesond is.

*"Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem"*. (Isa 7:14) Wat beteken Immánuel? Dit beteken dat die HERE saam met ons is elke dag, iets wat Agas nie wou hoor nie.

*"En in dié dag sal die HERE vir die vlieë fluit wat aan die einde van die strome van Egipte is, en die bye wat in die land Assur is; en hulle sal kom en almal gaan sit in die dale van die steil hoogtes en in die skeure van die rotse en op al die doringbosse en op die drinkplekke. In dié dag sal die HERE met die skeermes wat anderkant die Eufraat gehuur is, met die koning van Assur, afskeer die hoof en die hare van die voete; en dit sal ook die baard wegneem. En in dié dag sal 'n man 'n jong koei en 'n paar skape in die lewe hou; en weens die oorvloed van melk wat hulle gee, sal hy dikmelk eet; want dikmelk en heuning sal almal eet wat in die land oorgebly het. En in dié dag sal elke plek waar duisend wingerdstokke staan, wat die waarde van duisend sikkels silwer het, vir die dorings en distels wees. Met pyl en boog sal hulle daarheen kom, want die hele land sal vol dorings en distels wees. En al die berge wat met die pik bewerk is—daar sal hulle uit vrees vir dorings en distels nie kom nie; maar dit sal dien om die beeste in te jaag en om deur die kleinvee vertrap te word."* (Jes 7:18-25)

Nou kan ons sien wie die HERE in die begin sal toevertrou om Sy woord uit te dra na die koms van Jesus. Die mense van Assur en die Egiptenare, so die Roomse Kerk en die Calviniste. Maar die HERE sal die Roomse Kerk eerste oordeel omdat hulle sal wegdraai van Hom af, en dan sal Hy hulle ontbloot. Dit het reeds gebeur tydens die reformasie tydperk.

Maar ons word ook getroos as Christene dat dit nie gaan oor getalle in ons gemeentes nie, maar dat selfs waar net 'n paar mense bymekaar kom, hulle die beste voeding sal kry.

Dan volg 'n gedeelte waar die HERE weer vir Agas laat weet dat daar dae sal kom wat hulle nie wil hê nie, want die HERE sal hulle oordeel omdat hulle nie op die HERE vertrou nie. So is dit ook met ons. Ons moet vashou aan Sy beloftes en weet Hy is altyd met ons.

## HOOFSTUK AGT.

*"Verder het die HERE aan my gesê: Neem vir jou 'n groot tafel en skrywe daarop met 'n mensegriffel: Netnou is daar buit, gou is daar roof; en Ek wil vir My vertroubare getuies neem: Uría, die priester, en Sagaría, die seun van Jeberégja. En ek het na die profetes gekom, en sy het swanger geword en 'n seun gebaar; en die HERE het vir my gesê: Noem hom: Netnou is daar buit, gou is daar roof. Want voordat die seuntjie kan roep: Vader! of: Moeder! sal hulle die rykdom van Damaskus en die buit van Samaría voor die koning van Assur bring. Verder het die HERE nog met my gespreek en gesê: Omdat hierdie volk die waters van Silóa verag wat saggies vloei, en daar vreugde is saam met Resin en die seun van Remália— kyk, daarom sal die Here oor hulle laat opkom die sterk en magtige waters van die Eufraat—die koning van Assur en al sy heerlikheid—en hy sal bo al sy beddings styg en gaan oor al sy walle; en hy sal in Juda indring, instroom en oorloop; tot die nek toe sal hy kom; en die uitbreidinge van sy vlerke sal u land in sy breedte vul, o Immánuel! Maak geraas, o volke, en—stort inmekaar; en luister, alle ver plekke van die aarde! Gord julle en—stort inmekaar; gord julle en—stort inmekaar.* ***Neem 'n besluit, en dit sal verydel word; maak 'n afspraak, en dit sal nie tot stand kom nie; want God is met ons!*** *"* (Jes 8:1-10)

Hier word 'n beeld vir ons geskep wat met Israel sal gebeur nog voor Jesus se geboorte. Dit vertel vir ons dat terwyl die HERE vir hul 'n rustige toekoms wou hê, Hy nou die koning van Assur, so die Roomse ryk, sal laat kom om die hele Israel te oorstroom. En dit sal nie 'n rustige tyd wees nie, want die waters of soldate wat sal kom sal sterk en magtige waters wees. Maar tog verklaar die HERE dat al die volke wat Juda, of Sy Kerk, wil aanvat, niks sal kan doen nie, want dit is soos die laaste gedeelte van wat ek aangehaal het nie tot stand kom nie, want God is met ons.

Die hoofstuk bevat vêrdere oordele oor Jerusalem. Dit spel ook uit dat dit skielik sal gebeur, nog voordat sy seun wat hy moes saamvat na Agas kan Vader of Moeder sal sê, sal Jerusalem besoek word deur die HERE. Dit het ook so gebeur. Vêrder hou die mense ook nie van die rustigheid van die HERE se ryk nie, want hulle verag die waters van Siloam. Die waters van die stroom het rustig gevloei, terwyl die van die Eufraat met vors vorentoe gegaan het en dit is wat hulle in hul koninkryk gesoek het. Nou sê die HERE Hy sal hulle oordeel deur die water oor hulle te laat spoel. So omdat hulle nie tevrede was met 'n klein koninkryk nie, maar 'n magtige sterk koninkryk wou hê, sal Hy hulle oordeel. Dan volg woorde wat my nog altyd na aan die hart lê. ***"Julle mag nie alles 'n sameswering noem wat hierdie volk 'n sameswering noem nie, en julle mag nie bevrees wees vir wat hulle vrees, of verskrik wees nie. Die HERE van die leërskare—Hom moet julle heilig,*** *en laat Hy julle vrees en Hy julle verskrikking wees! Dan sal Hy vir julle 'n heiligdom wees,* ***maar 'n klip waar 'n mens teen stamp en 'n rots waar 'n mens oor struikel,*** *vir die twee huise van Israel, 'n vangnet en 'n strik vir die inwoners van Jerusalem. En baie onder hulle sal struikel en val en verbreek en verstrik en gevang word.* ***Bind die getuienis toe, verseël die wet in die hart van my leerlinge. En ek sal wag op die HERE, wat sy aangesig verberg vir die huis van Jakob, en op Hom hoop. Hier is ek en die kinders wat die HERE my gegee het—tot tekens en sinnebeelde is ons in Israel, vanweë die HERE van die leërskare wat op die berg Sion woon. En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel—moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word? Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie."*** *(Isa 8:12-20)* Die gedeelte lig vir ons uit dat indien ons leer nie dit is wat in die Bybel voorkom nie, ons in die duisternis. Die laaste vers sê dat hulle nie meer in duisternis sal wandel nie.

## VALSE LEERSTELLINGS

Ons sien in die gedeelte wat met die Kerk sal gebeur en alreeds aan die gebeur is. Die een wil kyk of hy groter as die ander kan wees. Ouditoriums wat derduisende mense kan akkomodeer word daagliks gebou. Die boodskap wat jy in meeste van die gemeentes kry is een wat die ore streel, want dan kan hulle nog meer mense kry. Van hulle leraars praat net oor die antichristelike leer van die wegraping. Indien jy nog sou waag om die vals profete aan te vat in ‘n geselskap word jy as die “valse” beskryf. Die feit dat hulle leiers jaar na jaar bewys word as vals profete steur die mense hulle nie aan nie.

Gelukkig weet ons dat Jesus ons sal beskerm tot op die dag wanneer Hy ons oorhandig aan die Vader. Jesaja stel dit so pragtig wanneer hy sê: “***Bind die getuienis toe, verseël die wet in die hart van my leerlinge. En ek sal wag op die HERE, wat sy aangesig verberg vir die huis van Jakob, en op Hom hoop. Hier is ek en die kinders wat die HERE my gegee het—tot tekens en sinnebeelde is ons in Israel, vanweë die HERE van die leërskare wat op die berg Sion woon.”*** Hierdie gedeelte wys so mooi vir ons daarop dat Jesus sal kom met die wat in Hom glo as die Christus, wat as sinnebeeld in die Ou Verbond as Israel bekend gestaan het, en sal Hy ons oorhandig aan die Vader wat op die berg Sion in die Hemel woon. Maar dit verduidelik ook dat die HERE sal Sy aangesig verberg vir die fisiese Israeliete, of soos hy dit hier uitdruk, die huis van Jakob.

## VOORVADER AANBIDDING

Dan spreek Jesaja ook oor wat ons veral in Suid Afrika ondervind. Voorvader aanbidding. Die grootste “Christelike Kerk”, die Sioniste beweging, hou elke Sondag sulke mooi dienste. Die predikers preek so mooi uit die Bybel uit, maar dat die jonger geslagte nou net seksueel ryp word, dan moet die sangoma of toordokter geraadpleeg word om muti te maak om die “demone” te verdryf. Die seuns moet dan besny word sodat hulle nou as mans geïdentifiseer kan word. Praat jy nog met hulle daaroor dan word jy aangevat want die Bybel diskrimineer teen hul tradisie.

Indien een van hulle mense te sterwe kom, moet hulle “geloof gaan maak”. Dit beteken hulle moet die voorvaders vra om die afgestorwene reg voor te berei om nou as voorvader gees op te tree. Indien die persoon van een plek na ‘n ander verskuif moet word moet daar weer offers aan die voorvaders gebring word. Die vroue sit vir dae en sing en dryf al wat demoon is weg. En jy as Christen buurman vind skielik uit dat jy as een van die oorsake genoem word waarom die persoon dood is, en vind jy die galblaas van die bok wat hulle gesalg het vol “muti” in jou erf. Dan gooi jy dit maar weer terug na hulle toe sodat die vloeke wat hulle daaroor uitgespreek het hulle sal tref en nie vir jou nie.

Maar Jesaja vra tereg: “***Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel—moet ‘n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word? As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle ‘n volk wat geen dageraad het nie.”***

Ek wonder hoeveel gemeentes hulle vandag nog daarop kan beroep dat hulle werklik die woord van die HERE reg verkondig. Elke preek word so afgewater want ons wil nie die mense omkrap nie. Dan kry ons mos nie meer ons inkomste nie.

Die laaste operasie wat ek ondergaan het waar hulle my dun en dikderm moes omlyn om weer ‘n pad te maak vir die kos om weer verby die gewas te kom, het ek met een van die mans in ons saal gepraat en later was al sewe mans se aandag so op die gesprek en kon hulle nie glo dat ek ‘n pastoor is nie. Hulle almal het gekla dat indien hulle nie R500.00 per maand per persoon aan hulle gemeente gee nie, hulle summier uit die gemeente geskop word. Hoe dit gebeur het dat die gesprek begin het was dat ‘n persoon verby ons saal geloop het, vasgesteek het en na my

gekom het en gevra dat ek vir hom sal bid sodat sy pyn sal verbeter. Hy het net vir my gesê dat toe hy verby stap het hy net ervaar hy moet my vra om vir hom te bid. Ek weet nie hoekom nie, want niemand het eers geweet wie ek is nie. Hulle het die vorige dag sy arm geamputeer nadat dit saam met 'n vervoerband in van hul fabriek gebruik se masjienerie beland het en die masjien die arm afgeruk het. Ek het vir hom gebid en die volgende oggend weer, en toe gehoor later die dag gehoor dat hy ontslaan is want sy pyn het verdwyn. Prys die HERE daarvoor. Selfs 'n Indiër man wat reg teenoor my gelê het het gevra waar hy die Bybel op die internet kon opspoor, want hy kon nie glo dat dit wat ek met hulle gedeel het die oggend die boodskap van die Bybel is nie.  En hy was 'n Moslem.

Die boodskap is so maklik om oor te dra, maar die teoloë maak dit so moeilik. Ek praat nou nie daarvan dat jy net hierdie kort gebedtjie moet opsê nie, maar ek praat oor die werklike boodskap van die Bybel, dat ons almal in Egipte onder die mag van die duiwel gebore word, dat ek moet erken dat ek daar is, uitroep na die HERE dat Hy my sal raaksien, ek nagmaal kan gebruik om my afhanklikheid van Hom te kan bevestig, en my sal lei om weg te kom uit Egipte, deur die doopwater en Hy my dan sal neem op 'n pad om in Jerusalem te kom.

Die gedeelte is waarvan Jesaja ook hier praat, "***Tot die wet en tot die getuienis!"*** Ek as kind van God moet net bereid wees om as Sy werktuig gebruik te kan word. Ek moet 'n getuienis opbou waaruit mense kan sien dat ek kind van God is, en ek moet wys dat die wet van die HERE op my hart geskryf is.

# HOOFSTUK NEGE.

## DIE KOMS VAN JESUS EN SY KONINKRYK

*"**Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien; die wat woon in die land van die doodskaduwee, oor hulle het 'n lig geskyn.** U het die nasie vermenigvuldig, hulle vreugde groot gemaak; hulle is vrolik voor u aangesig soos iemand vrolik is in die oestyd, soos iemand juig as die buit verdeel word. Want die juk wat op hulle gedruk het, en die stok wat hulle rug getref het, die roede van hulle drywer, het U verbreek soos op die dag van Mídian. Want elke soldateskoen wat daar wegstap met gedreun, en die kleed wat in bloed gerol is, dien tot verbranding, 'n prooi van die vuur. **Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors—tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen."*** (Jes 9:2-7)

Ek hoop u sal nou verstaan waaroor die Lig gaan wat Jesaja hiervan praat. Want omdat ons in die duisternis was, sal 'n Lig vir ons opkom. *"Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien; die wat woon in die land van die doodskaduwee, oor hulle het 'n lig geskyn"*. (Isa 9:1) Hier begin die gedeelte wat ons almal ken, waar die koms en doel van Jesus verduidelik word. Nou word daar aan ons meegedeel dat Sy koninkryk 'n ewige een sal wees. *"Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors—tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen."* Hier word die ryk van Christus aangekondig en bevestig dit dat die wat die tweede dood nie sien nie sal vir ewig saam met Jesus in Sy ryk wees. Maar voordat dit gebeur, sal daar eers afrekening van almal se sondes moet kom. So daar sal na ons lewens gekyk word en alles wat verkeerd is uitgeroei word. (9:12) *Maar die volk bekeer hulle nie tot Hom wat hulle slaan nie, en hulle soek nie die HERE van die leërskare nie."*

## DIE OORDEEL BEGIN

*"Die HERE stuur 'n woord in Jakob, en dit val in Israel; en die hele volk sal dit gewaarword, Efraim en die inwoners van Samaría, wat in trotsheid en grootsheid van hart sê: Die bakstene het geval, maar met gekapte klip sal ons bou; die wildevyebome is afgekap, maar ons sal seders in hulle plek neem! Maar die HERE gee aan die teëstanders van Resin die oorhand oor hulle, en hulle vyande sal Hy ophits: die Arameërs van voor en die Filistyne van agter, dat hulle Israel met volle mond kan opeet. Ondanks dit alles is sy toorn nie afgewend nie, maar sy hand is nog uitgestrek. **Maar die volk bekeer hulle nie tot Hom wat hulle slaan nie, en hulle soek nie die HERE van die leërskare nie.** Daarom sny die HERE van Israel af kop en stert, palmtak en biesie, op een dag. Die oudste en aansienlike, dié is die kop, en die profeet wat leuens profeteer, dié is die stert; en die leiers van hierdie volk het verleiers geword, en dié van hulle wat gelei word, is op 'n dwaalweg gebring. Daarom sal die Here oor hulle jongmanne nie bly wees nie en Hom nie ontferm oor hulle wese en hulle weduwees nie; want hulle is almal roekelose mense en kwaaddoeners, en elke mond spreek goddeloosheid. Ondanks dit alles is sy toorn nie afgewend nie, maar sy hand is nog uitgestrek. Want die goddeloosheid brand soos vuur; dit verteer dorings en distels en steek die digte takke van die bos aan die brand, sodat hulle in 'n rookpilaar opstyg. Deur die grimmigheid van die HERE van die leërskare staan die land in vlamme en het die volk geword soos 'n prooi van die vuur; die een spaar die ander nie. **En hulle byt na regs en het honger; hulle vreet na links en word nie versadig nie; hulle eet elkeen die vlees van sy eie arm: Manasse vir Efraim, en***

***Efraim vir Manasse, en hulle saam is teen Juda. Ondanks dit alles is sy toorn nie afgewend nie, maar sy hand is nog uitgestrek."*** (Jes 9:8-21)

Hier sien ons van die oordele wat oor die Kerk in sy geheel sal plaasvind. Hoekom sal die HERE die Kerk oordeel? "*Maar die volk bekeer hulle nie tot Hom wat hulle slaan nie, en hulle soek nie die HERE van die leërskare nie."* Nou gaan die HERE verder en sê Hy wie sal afgekap word. "***Die oudste en aansienlike, dié is die kop, en die profeet wat leuens profeteer, dié is die stert; en die leiers van hierdie volk het verleiers geword,*** *en dié van hulle wat gelei word, is op 'n dwaalweg gebring. Daarom sal die Here oor hulle jongmanne nie bly wees nie en Hom nie ontferm oor hulle wese en hulle weduwees nie; want hulle is almal roekelose mense en kwaaddoeners, en elke mond spreek goddeloosheid."* Dit is die rede. Dit is soos Petrus dit stel: *"en die loon van die ongeregtigheid ontvang.* ***Hulle ag die weelderigheid oordag 'n genot; hulle is skandvlekke en smette, weelderig in hul bedrieërye as hulle met julle saamsmul; met oë vol van owerspel, wat nie ophou om te sondig nie; hulle verlok onvaste siele, hulle het 'n hart geoefen in hebsug, hulle is kinders van die vervloeking.*** *Hulle het die regte pad verlaat en verdwaal, en die weg gevolg van Bíleam, die seun van Beor, wat die loon van ongeregtigheid liefgehad het, maar die bestraffing van sy eie oortreding ontvang het: die stom lasdier het met die stem van 'n mens gepraat en die waansinnigheid van die profeet verhinder. Hulle is waterlose fonteine, miswolke voortgedrywe deur 'n stormwind, vir wie die donkerheid van die duisternis vir ewig bewaar word.* ***Want deur trotse woorde vol onsin uit te spreek, verlok hulle deur begeerlikhede van die vlees en ongebondenheid die wat waarlik die mense ontvlug het wat in dwaling wandel. Hulle belowe vryheid aan hulle, terwyl hulle self slawe van die verdorwenheid is; want waar 'n mens deur oorwin is, daarvan het hy ook 'n slaaf geword.***" (2Pe 2:13-19)

## VALS PROFETE, WAT MOET ONS DOEN?

Dit is wat ons vandag so baie ervaar. Waar jy mense kry wat sê die HERE beloof net rykdom en goeie gesondheid vir Sy kinders op aarde, en daarom sal hulle nie sonde as sonde aanspreek nie. Hulle verlei die mense, want ons weet dat die liefde wat mense het vir hul besittings en hul geldgierigheid, altyd sal maak dat hulle mense volg wat net voorspoed verkondig. En dit is maar die begin van die probleme wat die Kerk gaan ondervind.

Maar, dit is die boodskap wat ons elke dag hoor. Alhoewel Moses dit duidelik stel hoe ons 'n profeet moet onderskei van 'n vals profeet, glo ek nie dat 99% van die verskillende gemeentes op aarde ooit weet waar om dit te vind nie. *"As 'n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan en jou 'n teken of wonder aankondig, en die teken of wonder kom uit wat hy jou beloof het met die woorde: Laat ons agter ander gode aan loop—wat jy nie geken het nie—en hulle dien, dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie; want die HERE julle God beproef julle om te weet of julle werklik die HERE julle God liefhet met julle hele hart en met julle hele siel. Julle moet die HERE julle God navolg en Hom vrees en sy gebooie hou en na sy stem luister en Hom dien en Hom aanhang. Maar dié profeet of dié man wat as dromer optree, moet gedood word, want hy het afval verkondig van die HERE julle God wat julle uit Egipteland uitgelei en jou uit die slawehuis verlos het, deur jou af te drywe van die weg wat die HERE jou God jou beveel het om daarop te wandel. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei."* (Deu 13:1-5)

En dan verder in hoofstuk 18: *"Maar die profeet wat so vermetel is om 'n woord in my Naam te spreek wat Ek hom nie beveel het om te spreek nie, of wat in die naam van ander gode spreek, dié profeet moet sterwe. En as jy in jou hart sê: Hoe sal ons die woord weet wat die HERE nie gespreek het nie? — as die profeet in die Naam van die HERE spreek, en wat hy gesê het, gebeur nie en kom nie uit nie, dan is dit die woord wat die HERE nie gespreek het nie; deur vermetelheid het die profeet dit gespreek; jy mag vir hom nie bang wees nie."* (Deu 18:20-22)

Beide die gedeeltes beveel dat ons 'n vals profeet moet doodmaak. Ek weet daar is landswette wat dit verbied, maar dit beteken indien jy in 'n gemeente sit en dit gebeur, het jy 'n keuse om te maak. Jy kan of maar jou goedjies pak en na 'n ander gemeente gaan waar dit nie gebeur nie, maar waar die Woord suiwer gepreek word, alternatiewelik moet die probleem aangespreek word, en dit is wat Paulus vir ons uitwys in 1 Korintiërs 14: *"Laat twee of drie profete spreek en die ander dit beoordeel. Maar as daar iets geopenbaar is aan 'n ander wat daar sit, laat die eerste swyg. Want julle kan almal een vir een profeteer, sodat almal kan leer en almal bemoedig word. En die geeste van die profete is aan die profete onderworpe; want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges."* (1Ko 14:29-33) Wanner die laaste gedeelte gebeur, en glo my dit gebeur baie, en mense nie wil gehoor gee nie, bly net die eerste opsie oor, en dit is om maar te gaan waar die woord reg gesny word. Ongelukkig is hierdie tipes gemeentes baie yl gesaai.

## DIE VOORSPOED TEOLOË

Hierdie vind ons vandag in baie gemeentes kop uitsteek. Alles moet net altyd goed gaan. Jy mag nie siek wees nie, jy moet 'n oorvloed besittings hê anders is daar fout by jou. Hulle vergeet egter die volgende: *"En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem. As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie?* ***Maar as julle sonder tugtiging is, wat almal deelagtig geword het, dan is julle onegte kinders en nie seuns nie.*** *Verder, ons het ons vaders na die vlees as kastyders gehad, en ons het vir hulle ontsag gehad; moet ons nie veel meer aan die Vader van die geeste onderworpe wees en lewe nie? Want húlle het ons wel 'n kort tydjie na hulle beste wete getugtig; maar Hy tot ons beswil, sodat ons sy heiligheid kan deelagtig word.* ***Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is. Daarom, rig die slap hande en die verlamde knieë weer op; en maak reguit paaie vir julle voete, sodat wat kreupel is, nie uit lit raak nie, maar liewer gesond gemaak word****. Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie; en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie. Laat niemand 'n hoereerder wees nie, of 'n onheilige soos Esau, wat vir één spysgereg sy eersgeboortereg verkoop het. Want julle weet dat hy, toe hy ook later die seën wou beërwe, verwerp is, want hy het geen geleentheid vir berou gevind nie, al het hy dit met trane vurig begeer."* (Heb 12:5-17)

Hier kan ek net my persoonlike omstandighede gebruik as voorbeeld. Soos ek hier sit en skryf, het ek 'n raar tipe kanker wat daar geen mediese oplossing voor is nie. Dit is maar skaars, so geld vir navorsing is maar min, en omdat die medici weet dat slegs totale verwydering van die gewas, limfnodes of uitsaaïngs die kanker kan stuit, word meeste navorsing gedoen om die siekte meer aanvaarbaar of draagbaar te maak vir die pasiënt deur die gevolge van die kanker te bekamp. Soos ek hier sit vanoggend was ek alreeds ses keer toilet toe, en is die pyn wat die gewas veroorsaak by 'n sewe aangesien hy besig is om die bloedvloei na die lewer en longe af te sny en sit die pyn gewoonlik hier by 'n 5 na medikasie, maar afhangende van die dag of gebeure, kan dit net sowel 'n 9 wees uit 10. Partykeer voel dit selfs soos 'n twaalf.

Ek het geglo nadat verskeie gemeentes en persone gebid het vir my dat die gewas heeltemal verdwyn het tydens chemo en gebede aangesien die toetse wat ons gedoen het alles negatief gewys het. Dit was tot so 7 jaar gelede toe ek skielik weer moeg geword het, so nou en dan diarieë gehad het, en toe vier jaar gelede in 'n Carcinoid krises opgeëindig het wat amper my lewe gekos het. So ek het al weer 'n operasie deurgegaan en baie toetse om te sien wat alles binne my buik en liggaam aangaan. Ongelukkig kan die gewas nie verwyder word nie, en is die limfnodes in die buik gelos. Daar is uitsaaïngs na die skelet, en het ek ook ernstige Rheumatoid

Artritus. Verder het die onderste helfte van die regterlong platgeval, en is dieselfde lot besig om die linker long te gebeur.

So kan ek aangaan oor finansies, waar ons in Pretoria gewoon het in 'n huis met 4 slaapkamers 2.5 badkamers, 'n groot spreekkamer/studeerkamer, swembad, en dan die gewone 4 motors, karavaan en sleepwa. Vandag bly ons in 'n huis wat my een dogter en haar man vir ons gekoop het wat ook die munisipale rekening betaal, en leef ek en vroulief op twee toelaes vir bejaardes. En natuurlik ook geen vervoermiddel nie, behalwe ons voete.

Maar, ek het seker 15+ boeke en opsommings geskryf oor Christen wees, 'n nuwe kyk op Christenskap geskryf wat ons weer terug vat na die eerste gemeentes soos ek glo Paulus en Barnabas dit gedoen en geleer het, en het die HERE al hoevele kere gebede verhoor binne minute, maar ook partykeer na jare of partykeer glad nie. Nou verstaan ek die gedeelte wat Hebreërs vir ons so mooi uitspel, en verwerp ek die voorspoed teologie geheel en al. Geen boom kan goeie en slegte vrugte voortbring nie. So daar is goeie vrugte ook, maar jy kan nie altwee aanhang nie.

Net om dit in Jesaja se woorde weer uit te druk en die gedeelte saam te vat: *"Die oudste en aansienlike, dié is die kop, en die profeet wat leuens profeteer, dié is die stert; en die leiers van hierdie volk het verleiers geword, en dié van hulle wat gelei word, is op 'n dwaalweg gebring. Daarom sal die Here oor hulle jongmanne nie bly wees nie en Hom nie ontferm oor hulle wese en hulle weduwees nie; want hulle is almal roekelose mense en kwaaddoeners, en elke mond spreek goddeloosheid. Ondanks dit alles is sy toorn nie afgewend nie, maar sy hand is nog uitgestrek. Want die goddeloosheid brand soos vuur; dit verteer dorings en distels en steek die digte takke van die bos aan die brand, sodat hulle in 'n rookpilaar opstyg. Deur die grimmigheid van die HERE van die leërskare staan die land in vlamme en het die volk geword soos 'n prooi van die vuur; die een spaar die ander nie. En hulle byt na regs en het honger; hulle vreet na links en word nie versadig nie; hulle eet elkeen die vlees van sy eie arm: Manasse vir Efraim, en Efraim vir Manasse, en hulle saam is teen Juda. Ondanks dit alles is sy toorn nie afgewend nie, maar sy hand is nog uitgestrek."* (Jes 9:15-21)

Ons sal ook later in Hoofstuk 19 na die gedeelte verwys, hoe dit binne die Egiptiese Kerk werk.

# HOOFSTUK TIEN.

## OORDELE OOR DIE WARE KERK

Nou vind ons nog verdere oordele oor die Kerk. *"Wee hulle wat heillose insettinge tot wet maak, en die skrywers wat moeite ywerig voorskrywe, om die armes van die gereg weg te stoot en om die ellendiges onder my volk van die reg te beroof, sodat die weduwees hulle buit kan word en hulle die wese kan plunder. Maar wat sal julle doen op die dag van besoeking en by die verwoesting wat van ver af sal kom? Na wie sal julle vlug om hulp, en waar julle rykdom wegbêre? Hulle kan net maar buig soos geboeides en val soos diegene wat gedood is. Ondanks dit alles is sy toorn nie afgewend nie, maar sy hand is nog uitgestrek."* (Jes 10:1-4)

Ek word gereeld aangevat omdat ek somtyds 'n lekker glasie rooiwyn geniet saam met my etes. Dan hoor jy net dat 'n Christen mag nie drank gebruik nie. Nou moet nagmaal met vrugtesap gevier word, want dit is net reel op reel. In een van my vorige skrywes lig ek dit as volg uit: *"Daarna word hy geleer 'n Christen doen nie die volgende nie: Rook, drink, steel, vloek, en nog baie ander moenies. Die persoon moet hard werk, bid, Bybel lees, dienste bywoon, sy tiende gee, en oor die algemeen net goed wees. Die persoon trou, kry 'n goeie geleerdheid, 'n goeie werk, dien die HERE deur Sondagskool, tienerkerk, helper of by wat ookal betrokke te raak. Die persoon maak sy kinders groot, tree af, en gaan dood.*

Nou mag julle dalk vra maar wat is fout daarmee. Baie. Handelinge 1 vers 8 leer ons dat ons Krag sal ontvang wanner die Heilige Gees oor ons kom. Waar is diè Krag? Jou lewe is leeg sonder Krag. Kom ons kyk 'n bietjie na ons eie lewe. Sukkel ons nog met sondes soos trots, skinder, jaloesie, eie geregtigheid, en onverdraagsaamheid wat ons nie los van kan kom nie. Hoe probeer ek die probleem oplos? Lees meer Bybel. Bid meer. Lees boeke wat belowe dat ek sal ophou met die sonde. Luister bandjies. As dit nie help nie gaan ons vir berading en word ons vertel om maar te volhard in gebed en vas. Wat leer die Bybel ons. *Matt 10: 38 En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie."*

Die vorige gedeelte beskryf wat Jesaja hier skrywe. Daar is hoevele boeke oor hoe om reg te lewe, maar niemand beskryf dat ons niks kan doen sonder die Krag van die Heilige Gees nie. Ek het gesien dat mense by 'n gemeente gaan aanklop vir bystand want hulle uitgawes oorskrei hulle inkomste, baie keer net vir een maand. Dan gaan 'n "kommissie" van die gemeente na die mense toe en vertel hulle die mense dat hulle kan nie gehelp word terwyl hulle nog kan TV kyk nie, want die kan mos verkoop word. En hoekom het julle twee voertuie? Maar die redes vir die tekorte word nie na gekyk terwyl jy nog goed het wat jy kan verkoop nie. Net jammer dat wanneer jy oor twee maande die items wil vervang, dit jou net verder in die skuld in dompel. Of mense word net aangesê dat jou "tiende" is daar om vir die onkostes van die gemeente te betaal en nie om arm mense te help nie. Nee, hulle sal eerder kom kyk wat hulle self goedkoop by jou kan koop sodat hulle 'n winskoop kry en jy jou eiendom verloor. Gelukkig gaan dit darem nie in alle gemeentes so nie, maar meeste gemeentes vandag openbaar die houding.

So die hoofstuk vervolg van hoofstuk 9 oor die verkeerde wat gedoen word. Hier hoor ons presies waaroor Christenskap gaan vandag. Jy mag nie dit doen nie, jy mag nie so optree nie, nee, jy moet so optree want dit is hoe 'n Christen maak. Maar om te kyk na wat regtig saak maak, is daar nie sprake nie. Dan is daar al die verskillende belydenisskrifte. Mense word getoets of hulle die geskrifte ken, want dit word op dieselfde vlak gestel as die Bybel. Ek is jammer, maar wanneer ek net na verse gryp om my standpunt te bevestig, gebruik ek die Bybel om mense te verlei. Geen geskrifte kan ook hoër of op dieselfde vlak geag word as die Bybel nie. Daar was ook van die reformiste, Martin Luther by naam, wat gesê het dat al kom 'n engel van die hemel en verkondig 'n ander evangelie, is die engel verkeerd. Of dat indien iemand nie saam met jou leerstellings stem nie moet hulle uitgeroei word, dan hardloop ek liewer weg van

die tipe mense. Hulle doen tereg wat Jesaja hier geskryf het: "***Wee hulle wat heillose insettinge tot wet maak, en die skrywers wat moeite ywerig voorskrywe***".

Dit is die einde van die oordele oor Israel vir nou.

## OORDELE OOR ASSUR – ROOMS KATOLIEKE KERK

Hierna skuif die oordele na Assur. Maar hoekom Assur, en wie is die Assiriërs van vandag? In my soeke het ek gevind dat die Assiriërs afstammelinge van Kus was, Noag se seun, en het Kus en sy afstammelinge Babel en Nineve as stede aangelê. Daar is baie oor sy seun Nimrod, veral buite die Bybel geskryf, maar binne die Bybel is daar min oor hom geskryf, want die Bybel handel oor Christene, of volgelinge van die HERE, en nie oor gebeure van die wêreld nie. 1Kron. 1:10 *"En Kus was die vader van Nimrod; hy het begin om 'n geweldenaar op die aarde te wees."* Wat ek wel weet is dat dit is waar die moeder en kind afbeelding vandaan kom. Dit was die amptelike godsdiens van die Assirieërs. En dit vind ons by die Roomse Katolieke Kerk van vandag, asook by meeste van die Ortodokse kerke van Europa. So dit is my antwoord van vandag. Die oordeel sal oor die mense van die RKK en die Ortodokse kerke sal kom. Een aspek wat ek hier duidelik wil stel, is dat ek nie die of enige van die ander nasies wat ek nog sal bespreek, as heidene beskou nie, maar ons is almal kinders van die HERE, al bly ons in verskillende lande. Al wat gaan verskil, is die oordele wat ons sal ontvang en die oordele is gebaseer op die manier wat ons glo in die HERE. Ons kan nie verwag dat ons almal dieselfde oordele moet ontvang as ons nie dieselfde foute gemaak het met die manier van glo nie. En elke groep moet leer wat die werklike boodskap van die Bybel is, so daaroor sal elke groep apart behandel word. Nou kan ons aangaan met die hoofstuk. So kan ons dus hoofstuk na hoofstuk behandel om uit te vind wat daar werklik staan en wat die verskillende oordele sal wees.

*"Wee Assur! die roede van my toorn en 'n stok is hy—in hulle hand is my grimmigheid! Ek sal hom stuur teen 'n roekelose nasie, en Ek sal hom bevel gee teen die volk van my grimmigheid, om buit te maak en roof in te samel en om hulle tot 'n vertrapping te maak soos modder van die strate.* ***Maar hy bedoel dit nie so nie, en sy hart dink nie so nie; maar om te verdelg, is in sy hart, en om nasies uit te roei, nie min nie. Want hy sê: Is my vorste nie almal saam konings nie?*** *Het dit met Kalno nie gegaan soos met Kárkemis, met Hamat soos met Arpad, met Samaría soos met Damaskus nie? Soos my hand die koninkryke van die afgode bereik het, alhoewel hulle gesnede beelde meer was as dié van Jerusalem en Samaría, sou ek nie, soos ek aan Samaría en sy afgode gedoen het, net so aan Jerusalem en sy afgode kan doen nie?* ***Maar as die HERE al sy werk voltooi het op die berg Sion en in Jerusalem, dan sal Ek besoeking doen oor die vrug van die grootsheid van die hart van Assirië se koning en oor die gepraal van sy hoë oë. Want hy sê: Deur die krag van my hand het ek dit gedoen en deur my wysheid, want ek is verstandig; en die grense van die volke het ek verwyder, en hulle voorrade het ek geplunder; en die wat op trone sit, het ek soos 'n maghebber neergewerp. En my hand het na die rykdom van die volke gegryp soos na 'n voëlnes, en ék het die hele aarde bymekaargeskraap soos 'n mens eiers bymekaarskraap wat verlaat is; en daar was niemand wat 'n vlerk verroer of 'n bek oopgemaak of gepiep het nie.*** *Kan die byl hom beroem teen die wat daarmee kap, of die saag spog teen hom wat dit trek? Asof 'n staf húlle swaai wat hom ophef, asof 'n stok hóm ophef wat nie hout is nie! Daarom sal die Here HERE van die leërskare onder sy vettes 'n maerte stuur; en onder sy heerlikheid sal Hy 'n brand laat uitslaan soos die brand van vuur. En die Lig van Israel sal 'n vuur wees, en sy Heilige 'n vlam; en dit sal sy distels en sy dorings verbrand en verteer op een dag. Ook sal Hy die heerlikheid van sy bos en van sy vrugteboord verteer, van die siel af tot die vlees toe, sodat dit is soos wanneer 'n kranke wegkwyn. En die oorblyfsel van die bome van sy bos sal min in getal wees, en 'n seuntjie sal hulle kan opskrywe."* (Jes 10:5-19)

Ons is almal bewus daarvan dat die Roomse en Ortodohse Kerke die grootste groep uitmaak wat hulle as Christene beskou. Die Pous neem die plek van Petrus in aangesien Jesus gesê het Hy sal op Petrus Sy Kerk bou. *"Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona,*

*want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is. En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees. Daarop het Hy sy dissipels bevel gegee dat hulle vir niemand moes sê dat Hy Jesus die Christus is nie."* (Mat 16:17-20)

So enige teenstand wat hierdie mense kry, word jy as leuenaar uitgemaak want net hulle is die ware Kerk. Die feit dat hulle mense soos Mohammed gekry het om die Ethiopiese Kerk te verwoes omdat hulle nie onder die RKK wou inskakel nie, weet min mense van. Hulle priesters sorg dat daar jaarliks 100+ nuwe seksueële klagtes teen hulle leiers ingedien word, en is die boetes al deel van die Kerk se begroting. Niemand mag hulle aanvat nie, want dan is jy onverdraagsaam. Die feit dat hulle lankal die Waarheid verlaat het, stel niemand in belang nie. Dan het hulle besluit watter boeke as geïnspireerd beskou mag word, en so gesorg dat enige boek wat hulle leerstellings weerlê, nie die Bybel gemaak het nie.

Toe die Reformasie uitgebreek het 500 jaar gelede, het die reformante ook net dit verander wat hulle nie mee saam gestem het nie. Toe die RKK mense uitgestuur het na die ooste was die mense verbaas oor hoeveel beelde daar alreeds was wat die moeder en kind uitgebeeld het. Maar hoekom? Kom ons kyk vinnig na van die name waarmee die moeder en kind godsdiens bekend staan. Die gedeelte kom van 'n persoon wat 'n in diepte studie daarvan gemaak het en kan gevind word by http://aletheia.consultronix.com/7.html

"Worship of mother and child spread from Babylon to the ends of the earth, but were called different names in the languages of the various counties where their worship appeared. The ancient Germans worshipped the virgin **HERTHA** with the child in the arms of his mother**.** The Scandinavians called her **DISA** pictured with her child. In Egypt**,** the mother and her child were worshiped as **ISIS** with the infant **OSIRIS** or **HORUS** seated on his mother's lap. In India**,** the mother and child were called **DEVAKI** and **KRISHNA,** and also **ISI** and **ISWARA** as they are worshiped to this day**.** In Asia, they were known as **CYBELE** and **DEOIUS;** in pagan Rome, as **FORTUNA** and **JUPITER-PUER,** or the boy **JUPITER;** in Greece, as **CERES,** the great mother with babe at her breast, or as **IRENE,** the goddess of peace, with the boy **PLUTUS** in her arms. Even in Tibet, China, and Japan**,** Jesuit missionaries were astonished to find the Roman counterpart of **MADONNA** and **child. SHING MOO**, the holy mother in China was portrayed with a child in her arms and a glory around her.

Semiramis was worshiped in Ephesus as the pagan fertility goddess **DIANA**who represented the generative powers of nature. She was referred to as a fertility goddess because she mothered all the numerous pagan gods representing the god-incarnate Tammuz. Diana was pictured with numerous teats so that she could nurse all the pagan gods, and she wore a tower-shaped crown symbolizing the Babylonian tower of Babel.

Legend has it that after **Semiramis** died, she ascended into heaven and was returned to earth inside a large egg which fell into the Euphrates river. The egg was pushed ashore by a dove and she emerged from the egg as **Astarte** or **Ishtar** (in English, **Easter**). To show her gratitude to the dove, she turned it into an egg-laying rabbit, all signs of fertility. Another sign or symbol found throughout Babylonia is the obelisk, a phallic symbol. These can also be seen in Egypt, Rome and Washington DC. The obelisk in St. Peter's Square at the Vatican was dragged up to Rome from Egypt. The Washington Monument is a sign that Babylon is alive and well in the USA!"

Ek kan net bysê dat dit nie net in die VSA is nie, maar wêreldwyd.

So ons vind hier dat "*die bome min sal wees*". So dit beteken vir ons dat daar min van die leiers van die beweging die eerste oordeel oor die aarde, die oopmaak van die sesde seël, sal oorleef.

En soos ons later sal sien, dan wag die oordele oor die wat in die Paradys in Assirië is, nog vir hulle. Die oordele word later in Jesaja ook bespreek.

## OORDELE VERVOLG: TERUG NA ISRAEL AS KERK

*"En in dié dag sal die oorblyfsel van Israel en die wat ontvlug het van die huis van Jakob, nie meer voortgaan om te steun op hom wat hulle slaan nie; maar hulle sal steun op die HERE, die Heilige van Israel, in opregtheid.* ***Die oorblyfsel sal terugkom, die oorblyfsel van Jakob na die sterke God toe. Want al was jou volk, o Israel, soos die sand van die see, net 'n oorblyfsel van hulle sal terugkom; die verdelging is vas besluit en vloei oor van geregtigheid.*** *Want 'n verdelging wat vas besluit is, sal die Here HERE van die leërskare voltrek in die midde van die hele aarde. Daarom, so sê die Here HERE van die leërskare: o My volk wat in Sion woon,* ***wees nie bevrees vir Assur wat jou met die staf slaan en sy stok teen jou ophef op die manier van Egipte nie. Want nog 'n baie kort rukkie, dan is die grimmigheid ten einde, en my toorn gaan uit om húlle te vernietig.*** *En die HERE van die leërskare sal oor hom die gésel swaai soos Mídian verslaan is by die rots Oreb; en sy staf sal wees oor die see, en Hy sal dit ophef op die manier van Egipte. En in dié dag sal sy las afgly van jou skouer en sy juk van jou nek, en die juk sal tot niet raak vanweë die vettigheid. Hy oorval Ajat; hy trek deur Migron; in Migmas laat hy sy pakgoed agterbly. Hulle trek oor die nek. Laat Geba ons nagverblyf wees! Rama bewe, Gíbea van Saul vlug. Skreeu dit uit, dogter van Gallim! Luister, Lais! Arme Anatot! Madména vlug, die inwoners van Gebim soek skuiling! Nog vandag staan hy in Nob, hy swaai sy hand teen die berg van die dogter van Sion, teen die heuwel van Jerusalem! Maar kyk, die Here HERE van die leërskare slaan met skrikwekkende geweld die takke af, en die hoog uitgegroeides word omgekap en die verhewenes neergegooi; en Hy sal die digte takke van die bos met die yster omkap, en die Líbanon sal val deur die Heerlike."* (Jes 10:20-34)

In die twee gedeeltes wat ek beklemtoon het, word daarna verwys dat slegs 'n oorblyfsel sal terugkom om saam met die HERE te wees. Nogal harde woorde om te hoor dat net enkele Christene werklik al die toetse sal deurstaan. Dit pas ook aan by Paulus wat in Romeine verklaar dat slegs 'n oorblyfsel sal terugkom om die HERE werklik te dien. Dit verwys na die mense, Jode, wat in die vroeë Kerk gewerk het om die evangelie van verlossing deur Jesus te verkondig. Soos Paulus dit stel: *"En Jesaja roep oor Israel uit: Al is die getal van die kinders van Israel soos die sand van die see, net die oorblyfsel sal gered word; want Hy volbring 'n saak en verkort dit in geregtigheid, omdat die Here 'n saak wat verkort is, op die aarde sal doen. En soos Jesaja tevore gesê het: As die Here van die leërskare vir ons nie 'n nageslag oorgelaat het nie, soos Sodom sou ons geword het en aan Gomorra gelyk gewees het. Wat sal ons dan sê? Dat die heidene, wat die geregtigheid nie nagejaag het nie, die geregtigheid verkry het, naamlik die geregtigheid wat uit die geloof is;* ***terwyl Israel, wat die wet van die geregtigheid nagejaag het, die wet van die geregtigheid nie bereik het nie. Waarom? Omdat dit nie uit die geloof was nie, maar net asof dit uit die werke van die wet was; want hulle het hul gestamp teen die steen van aanstoot.****"* (Rom 9:27-32)

Maar Jesaja gaan verder en sê dat die Kerk nie hoef bekommerd te wees oor die Egiptiese Kerk of die Assiriëse Kerk nie, "***Want nog 'n baie kort rukkie, dan is die grimmigheid ten einde, en my toorn gaan uit om húlle te vernietig"***

So kom ons aan die einde van nog 'n hoofstuk.

# HOOFSTUK ELF

## AANKONDIGING VAN JESUS EN SY RYK

*"**Maar daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isai, en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra; en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE. En Hy het 'n welgevalle aan die vrees van die HERE; en Hy sal nie regspreek na wat sy oë sien nie, en nie oordeel na wat sy ore hoor nie; maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar Hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak. En geregtigheid sal die gordel van sy lendene en trou die gordel van sy heupe wees.** Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek. En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van Isai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlik wees. **En in dié dag sal die Here weer vir die tweede keer sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop wat sal oorbly uit Assirië en Egipte en Patros en Kus en Elam en Sínear en Hamat en uit die kuslande van die see; en Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde.** Dan sal die naywer van Efraim verdwyn, en die teëstanders van Juda sal uitgeroei word; Efraim sal Juda nie beny nie, en Juda sal Efraim nie benoud maak nie. Maar hulle sal die Filistyne op die skouer vlieg teen die weste en saam die kinders van die Ooste plunder; Edom en Moab is die buit van hulle hand, en die kinders van Ammon is hulle onderdanig. En die HERE sal die seetong van Egipte met die banvloek tref en deur sy gloeiende wind sy hand oor die Eufraat swaai en dit uitmekaar slaan in sewe strome, sodat 'n mens met skoene daardeur kan loop. En daar sal 'n grootpad wees vir die oorblyfsel van sy volk wat oorbly uit Assur, soos daar een gewees het vir Israel op die dag toe hulle uit Egipteland opgetrek het."* (Jes 11:1-16)

Hier vind ons een van die mooiste uitdrukkings van wat Jesus op aarde kom doen het. Ek is bewus dat die gedeelte in die 1983 vertaling afgewater is om dit nie as 'n profesie van Jesus se koms te wys nie, wat maar wys dat wanneer jy die Bybel uit 'n bepaalde sienswyse benader, jy dit heeltemal verkeerd kan vertaal en sodoende mense kan verlei.

Die grootste gedeelte vir my is die geregtigheid wat Sy gordel sal wees, aangesien Hy ons geregtigheid is. Dit maak dat ons as kinders geregtig is om onsself Sy kinders te noem. Dan beskryf Jesaja natuurlik ook die oordele wat Jesus self sal fel.

Die tweede gedeelte wat ek benadruk het handel oor die HERE vir die tweedekeer Sy hand sal uitstrek, wat net weereens vir ons bewys dat daar wel 'n oordeel is na ons dood, en dan voor Hy die tweedekeer Sy hand uitstrek om te oordeel, ons kan sien wat Jesaja so mooi in hoofstuk twee bespreek. Hier sê hy dat al die volke sal opgaan na Sion om daar die regte evangelie te leer indien ons op aarde onder valse leraars gesit het, maar tog deel was van Sy verbondsvolk. Die gedeelte word ook na verwys deur Jesus self in Mattheus 24 waar Hy sê dat Hy die volke sal versamel uit die hoeke van die hemel, en nie die aarde nie, aangesien die aarde dan alreeds verwoes sal wees soos opgeteken in Mattheus 24 en Openbaring 6 ook.

# HOOFSTUK TWAALF

## WAT SAL ONS AS SY KINDERS SE PSALM WEES

*"En in dié dag sal jy sê:* ***Ek dank U, HERE, dat U toornig op my gewees het;*** *u toorn is afgewend, en U het my vertroos. Ja, God is my heil, ek sal vertrou en nie vrees nie; want die HERE HERE is my krag en my psalm, en Hy het my tot heil geword. En julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil. En julle sal in dié dag sê: Dank die HERE, roep sy Naam aan, maak sy dade onder die volke bekend, verkondig dat sy Naam hoog is! Psalmsing tot eer van die HERE, want Hy het heerlike dinge gedoen; laat dit bekend wees op die hele aarde. Juig en jubel, o inwoners van Sion! Want die Heilige van Israel is groot in julle midde."* (Jes 12:1-6)

Hier sien ons dat ons wat wel saam met Jesus sal wees, sal bly wees dat ons deur die HERE getugtig is sodat ons nie van Sy pad afgedwaal het nie, en nou die vrugte daarvan kan pluk. Dit druis natuurlik heeltemal teen die voorspoed teologie se standpunte in, en bewys net dat hulle verkeerd is. Die HERE tugtig die wat Hy lief het soos uitgelig al vroeër in die boek soos beskryf in Hebreërs 12.

# HOOSTUK DERTIEN

## OORDEEL OOR BABEL – DIE GODDELOSES

*"Godspraak oor Babel wat Jesaja, die seun van Amos, gesien het. Hef op 'n banier op 'n kaal berg; roep hulle hardop toe, wink met die hand, dat hulle kan intrek deur die poorte van die edeles. Ek self het my geheiligdes ontbied; ook het Ek my helde tot my toorn geroep, my manne wat jubel in trotsheid. Hoor, 'n gedruis op die berge soos van baie mense! Hoor, 'n rumoer van die koninkryke, van versamelde nasies! Die HERE van die leërskare hou wapenskouing oor 'n oorlogsleër. Hulle kom uit 'n ver land, van die einde van die hemel af, die HERE en die werktuie van sy grimmigheid, om die hele aarde te verwoes. Huil julle, want die dag van die HERE is naby; hy kom as 'n verwoesting van die Almagtige. Daarom word al die hande slap, en elke mensehart versmelt; en hulle is verskrik, kry krampe en weë; hulle krimp inmekaar soos een wat baar; die een kyk die ander verbaas aan; hulle gesigte is vlammende gesigte. Kyk, die dag van die HERE kom, verskriklik, met grimmigheid en toorngloed, om die aarde 'n woesteny te maak en sy sondaars daaruit te verdelg. Want die sterre van die hemel en sy Oríons sal hulle lig nie laat skyn nie; die son is duister by sy opgang, en die maan laat sy lig nie skyn nie. En Ek sal aan die wêreld sy boosheid besoek, en aan die goddelose hulle ongeregtigheid; en Ek sal die trots van die vermeteles laat ophou en die hoogmoed van tiranne verneder. En Ek sal sterwelinge skaarser maak as fyn goud, en mense as goud van Ofir. Daarom sal Ek die hemel laat sidder, en die aarde sal wyk uit sy plek met gebeef, vanweë die grimmigheid van die HERE van die leërskare en vanweë die dag van sy toorngloed. En soos 'n gemsbok wat gejaag word, en soos kleinvee wat niemand bymekaar maak nie, sal hulle elkeen draai na sy volk toe en elkeen vlug na sy land toe. Elkeen wat gevind word, word deurboor; en elkeen wat gegryp word, val deur die swaard. En hulle kinders word voor hul oë verpletter, hul huise geplunder en hul vroue onteer. Kyk, Ek verwek die Meders teen hulle, wat silwer nie ag nie en in goud geen behae het nie. Maar hulle boë sal die seuns neerwerp, en hulle sal hul nie ontferm oor die vrug van die moederskoot nie; hulle oog sal die kinders nie verskoon nie. So sal dan Babel, die sieraad van die koninkryke, die trotse pronkstuk van die Chaldeërs, wees soos toe God Sodom en Gomorra omgekeer het. Mense sal daar in ewigheid nie woon nie, en dit sal van geslag tot geslag nie bewoon word nie; en die Arabier sal daar geen tent opslaan nie, en geen herders sal hulle vee daar laat lê en rus nie. Maar daar sal boskatte lê, en hulle huise sal vol uile wees; en volstruise sal daar hou, en veldduiwels daar rondspring. En wildehonde sal huil in sy kastele en jakkalse in die vreugdepaleise; en naby is sy tyd om te kom, en sy dae sal nie verskuif word nie."* (Jes 13:1-22)

Hierdie oordeel kom oor almal wat met die wederkoms van die HERE, nie hul enigste hoop op Hom gevestig het nie. Hierdie is dieselfde geleentheid waarna Johannes verwys as die oorlog tussen Jesus se magte en die magte van Gog en Magog, so satan en sy mense. Hier sien ons dat die HERE almal wat nie die roepstem van die Heilige Gees in hul lewe beatwoord het met 'n positiewe optrede nie, finaal vernietig word. Ons vind in die gedeelte dat niemand die dag sal oorleef nie. Dit is ook dieselfde geleentheid waarna Esegiël verwys in Esegiël 38 en 39. Ek haal slegs 'n gedeelte van hoofstuk 39 aan: *"En jy, mensekind, profeteer teen Gog en sê: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Gog, vors van Ros, Meseg en Tubal. En Ek sal jou weglok en jou lei en jou laat optrek uit die agterhoeke van die Noorde en jou laat kom op die berge van Israel. Maar Ek sal jou boog uit jou linkerhand slaan en jou pyle uit jou regterhand laat val. Op die berge van Israel sal jy val, jy en al jou leërs en die volke wat saam met jou is; aan die roofvoëls van allerhande vere en aan die wilde diere van die veld het Ek jou as voedsel gegee. Op die oop veld sal jy val; want Ek het dit gesê, spreek die Here HERE. En Ek sal 'n vuur slinger in Magog en onder hulle wat in die kuslande veilig woon; en hulle sal weet dat Ek die HERE is. En Ek sal my heilige Naam bekend maak onder my volk Israel en sal my heilige Naam nie meer laat ontheilig nie; en die nasies sal weet dat Ek die HERE is, die Heilige in Israel. Kyk, dit kom en gebeur, spreek die Here HERE. Dit is die dag waarvan Ek gespreek het."* (Esg 39:1-8)

Die een punt wat ek hier net baie duidelik wil stel is dat wanneer ons na die Ou Testamentiese profete kyk, nie een verwys na ‘n tyd wat deur die Dispensasioniliste verwys word as die wegraping nie. Die hoofrede is dat hulle twee oplossings het, een vir die fisiese Jode en een vir die Kerk. Die feit dat Israel in die Ou Verbond reeds die Kerk was voor Jesus, sien hulle glad nie raak nie. Hulle verwag soos die Israel van Jesus se tyd, ‘n fisiese koninkryk en nie een waar Jesus alreeds as Koning regeer nie.

So hulle verkondig dus juis die evangelie van die antichris, en wil so graag dat die HERE Sy besluite moet verander. Nêrens lees ek dat na Jesaja 5 en Mattheus 21 daar weer ‘n gedeelte staan dat die HERE Sy wingerd weer sal oprig en weer vir die persone gee wat in die eerste plek nie daarna gekyk het nie. Hoe tragies.

Dit slaan my dronk dat hulle, die wat in die wegraping glo, ons as Christene as tweedeklas Christene beskryf aangesien Israel alleen die HERE se volk is, en ons soort van ‘n nagedagte is. Dit spruit uit die feit dat hulle glo dat die HERE nie verwag het dat hulle Jesus sou verwerp nie, en Hy toe besluit het dat die heidene ook gered kan word in die era wat hulle as die Kerk era beskou. Ek het die volgende stelling op een van die gemeentes raakgeloop wat die leuen verkondig: “Maar om bloot op grond van die feit dat Daniël 9 nie praat van 2000 jaar tussen twee verse nie, en dat Sagaria 9 nie praat van 2000 jaar tussen vers 9 en 10 nie, en dat Jesaja 9 nie praat van 2000 jaar en Miga 5 nie praat van 2000 jaar tussen verse 1 en 3 nie, **maak sekerlik en gewis nog nie dat die twee dele van die profesie in een en dieselfde tyd moet afspeel nie.** Die sleutel is DIE VERBORGENHEID”

Ongelukkig verklaar Paulus self wat die verborgenheid is waarvan hy praat. En dit is verseker nie dieselfde as wat hulle aan vashou nie: *“dat Hy aan my deur ‘n openbaring bekend gemaak het die verborgenheid, soos ek tevore kortliks geskryf het;* ***waardeur julle, as julle dit lees, my insig in die verborgenheid van Christus kan verstaan, wat in ander tye aan die mensekinders nie bekend gemaak is nie soos dit nou aan sy heilige apostels en profete geopenbaar is deur die Gees, naamlik dat die heidene mede-erfgename is en medelede van die liggaam en mededeelgenote aan sy belofte in Christus deur die evangelie waarvan ek ‘n dienaar geword het, volgens die gawe van die genade van God wat aan my gegee is ooreenkomstig die werking van sy krag.*** *Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee om onder die heidene die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig,* ***en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus****, sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word, volgens die ewige voorneme wat Hy opgevat het in Christus Jesus, onse Here, in wie ons die vrymoedigheid en die toegang het met vertroue deur die geloof in Hom.”*(Efe 3:3-12)

# HOOFSTUK VEERTIEN

## ONS AS DEEL VAN ISRAEL

*"Want die HERE sal Hom oor Jakob ontferm, en Hy sal Israel nog verkies en hulle in hul land laat vestig;* ***en die vreemdeling sal hom by hulle voeg, en hulle sal hul aansluit by die huis van Jakob. En die volke sal hulle neem en op hul woonplek bring; en die huis van Israel sal hulle in die land van die HERE as besitting verwerwe, as slawe en slavinne; en hulle sal dié gevange hou wat hulle as gevangenes weggevoer het, en oor hulle drywers heers."*** (Jes 14:1-2) Ek wil net graag hier noem dat wanneer ons kyk na die Ou Testament, Israel na "congregation" verwys word en nie as volk nie. Dit is waarvan Jesaja hier praat wanneer hy sê dat ons ons as vreemdelinge kan voeg by Israel om deel te word van hulle gemeente. Die King James Version gebruik die woord "congregation" oor die 350 keer in die Ou Testament om na Israel as Kerk te verwys.

Watter wonderlike woorde vir ons as Christene, om te hoor dat ons by Israel gevoeg sal word. So dit maak nie saak watter gedeelte jy in die Paradys bly nie, jy sal by Israel gevoeg word en presies dieselfde erfenis kry. Daar sal geen onderskeid wees nie. Maar, dit beteken ook dat die Joodse geloof Jesus moet aanvaar vandag, anders sal hulle saam met Babilon geoordeel word.

## DIE OORDEEL OOR ISRAEL VAN VANDAG

Eintlik sal hulle apart geoordeel word. Jesaja beskryf dit in hoofstuk 63 maar terwille van die vloei van die gebeure haal ek dit net hier aan. Ons moet onthou dat omrede Israel Jesus verwerp het, het hulle hul eersgeboorte reg aan ons as Christene gegee, en sal hulle dus as Edom volgens die Ou Verbond geoordeel word. Nou kan ek die gedeelte aanhaal: *"Wie is dit wat daar aankom uit Edom, met bloedrooi klere uit Bosra? Hy daar, pragtig in sy gewaad, wat agteroor buig in die volheid van sy krag? Dit is Ek wat in geregtigheid spreek, wat magtig is om te verlos. Waarom is u gewaad so rooi, en u klere soos dié van een wat die wynpers trap? Ek het die pers alleen getrap, en van die volke was niemand by My nie; en Ek het hulle getrap in my toorn en hulle vertrap in my grimmigheid, sodat hulle lewensap op my klere gespat en Ek my hele gewaad bevlek het. Want die dag van wraak was in my hart, en die jaar van my verlossing het gekom. En Ek het uitgekyk, maar daar was geen helper nie; en Ek het My verbaas, maar daar was niemand wat ondersteun nie. Toe het my arm My gehelp en my grimmigheid het My ondersteun. En Ek het volke vertrap in my toorn en hulle dronk gemaak in my grimmigheid; en Ek het hulle lewensap op die aarde laat afloop."* (Jes 63:1-6) Die geleentheid word ook deur Johannes bevestig in Openbaring. Die laaste gedeelte wat nou in die hoofstuk plaasvind, (Openbaring 14), is die oordeel oor Edom, die wat die Joodse geloof aanhang en nie vir Christus as die verlosser wou aanvaar nie. *"En 'n ander engel het uitgekom uit die tempel wat in die hemel is, en hy het ook 'n skerp sekel gehad; en 'n ander engel wat mag oor die vuur gehad het, het uit die altaar uitgekom en met 'n groot stem geroep na hom wat die skerp sekel het, en gesê: Slaan jou skerp sekel in en samel die trosse van die wingerdstok van die aarde in, want sy druiwe het ryp geword.* ***En die engel het sy sekel oor die aarde laat gaan en die wingerdstok van die aarde afgeoes en dit gegooi in die groot parskuip van die grimmigheid van God. En die parskuip is buitekant die stad getrap, en bloed het uit die parskuip gekom tot aan die tooms van die perde, twee honderd myl ver."*** (Open 14:17-20) En dan vind ons ook in hoofstuk 19 van Openbaring die woorde: *"Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.* ***En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God.*** *En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne."* (Opn 19:11-14)

## WAT VAN DIE JODE? WAT WORD HULLE GELEER EN HOEKOM HET HULLE REEDS HULLE GELEENTHEID GEHAD?

Ek het reeds hierbo van die verwysings oor die oordele van die Jode na verwys, maar hoekom sal dit gebeur? Wat dink die Jode vandag van Jesus en wat word hulle geleer?

"* "'Yashu' (derogatory for 'Jesus') is in Hell being boiled in hot excrement." (Gittin 57a)

['Yashu' is an acronym for the Jewish curse, 'May his (Jesus) name be wiped out forevermore.']

* Yashu (Jesus) was sexually immoral and worshipped a brick." (Sanhedrin 107b)

* "Yashu (Jesus) was cut off from the Jewish people for his wickedness and refused to repent." (Sotah 47a)

* "Miriam the hairdresser had sex with many men." (Shabbath 104b, Hebrew Edition only)

* "She who was the descendant of princes and governors (the virgin Mary) played the harlot with carpenters." (Sanhedrin 106a)

* "Christians who reject the Talmud will go to hell and be punished there for all generations." (Rosh Hashanah 17a)"

Ek kan nie dink dat enige werklike denkende Christen nog die Jode as die HERE se nasie kan aanvaar na hulle die gedeelte hierbo gelees het nie. Dit is wat die Jode vandag nog geleer word, so word wakker en kom weg van die dwaallering van die Dispensasionaliste. Indien nie, is jy net so skuldig aan die vloeke soos hierbo aangehaal wat in die Talmud vervat is. Onthou net Paulus se woorde in Romeine 1 dat indien jy saam met iemand stem wat sondig, jy OOK aan daardie sonde skuldig is. *"En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie: hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid; nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpraters, uitvinders van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers; onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig, mense wat al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen,* ***die dood verdien dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen."*** (Rom 1:28-32)

Maar wat leer Handelinge ons van die Jode? Het hulle regtig die geleentheid gehad om die evangelie van Jesus te hoor en tot bekering te kom? Baie predikers hou vol dat dit net die Fariseers was wat Jesus verwerp het, en dus sal die Jode weer 'n geleentheid gegun word om Jesus as verlosser te sien. Of soos ek vroeër na verwys het dat die HERE die koninkryk sal wegvat van die Fariseërs en dit aan die dissipels gee. Die interpretasie is natuurlik belaglik want beide was Jode of eintlik soos ons hulle moet noem Judeërs.

Hier is 'n paar volledige aanhalings wat wys dat al die Jode alreeds die kans gehad het soos al die ongelowiges in Paulus se tyd om Jesus te volg. Maar hulle het nie almal die evangelie van Jesus aangeneem nie. Die boek aan die Romeine is juis gerig aan die Jode in die gemeente wat gedink het omdat hulle Jode was dat hulle "beter" Christene was as die heidene.

*"En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is. En toe hierdie geluid kom, het die menigte saamgestroom en was in die war, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek; en hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: Is almal wat daar spreek, dan nie Galileërs nie? En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is? Parthers en Meders en Elamiete en die inwoners van Mesopotámië,*

*Judéa en Kappadócië, Pontus en Asië, Frigië en Pamfílië, Egipte en die streke van Líbië by Ciréne, en Romeine wat hier vertoef, Jode en Jodegenote, Kretense en Arabiere—ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek. En hulle was almal verbaas en radeloos en sê die een vir die ander: Wat kan dit tog wees? Maar ander het gespot en gesê: Hulle is vol soetwyn. Maar Petrus het opgestaan met die elf en sy stem verhef en hulle toegespreek: Joodse manne en almal wat in Jerusalem woon, dit moet julle weet, en luister na my woorde. Hierdie mense is tog nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar die derde uur in die môre. Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is: En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom. En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in dié dae van my Gees uitstort, en hulle sal profeteer. En Ek sal wonders gee bo in die hemel en tekens onder op die aarde, bloed en vuur en rookdamp. Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom. En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Israeliete, luister na hierdie woorde! Jesus, die Nasaréner, 'n man deur God vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens wat God deur Hom onder julle gedoen het, soos julle ook self weet— Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring; Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word."* (Hand 2:5-24)

*"En in dié dae toe die dissipels vermeerder het, het daar 'n murmurering ontstaan van die Griekssprekende Jode teen die Hebreërs, omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is. En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie. Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel; maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord. En die woord het byval gevind by die hele menigte; en hulle het gekies: Stéfanus, 'n man vol van geloof en van die Heilige Gees, en Filippus en Próchorus en Nikánor en Timon en Pármenas en Nikoláüs, 'n Jodegenoot uit Antiochíë, wat hulle voor die apostels gestel het; en hulle het gebid en hulle die hande opgelê. En die woord van God het toegeneem, en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie vermeerder, en 'n groot menigte van priesters het gehoorsaam geword aan die geloof."* (Hand 6:1-7)

*"Die wat dan verstrooi was deur die verdrukking wat oor Stéfanus ontstaan het, het die land deurgegaan tot by Fenícië en Ciprus en Antiochíë sonder om tot iemand die woord te spreek, behalwe tot die Jode alleen. En daar was sommige van hulle, Cipriese en Cirenése manne, wat in Antiochíë gekom het en met die Griekssprekende Jode gepraat en die evangelie van die Here Jesus verkondig het. En die hand van die Here was met hulle, en 'n groot getal het gelowig geword en hulle tot die Here bekeer. En die berig hiervan het die gemeente wat in Jerusalem was, ter ore gekom en hulle het Bárnabas afgestuur om die land deur te gaan tot by Antiochíë. Toe hy daar kom en die genade van God sien, was hy bly en het almal vermaan om met hartlike voorneme aan die Here getrou te bly; want hy was 'n goeie man en vol van die Heilige Gees en geloof; en 'n aansienlike skare is aan die Here toegebring. Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochíë gebring. En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochíë vir die eerste keer Christene genoem."* (Hand 11:19-26)

*"En omtrent daardie tyd het koning Herodes sy hande geslaan aan sommige uit die gemeente om hulle kwaad aan te doen. En hy het Jakobus, die broer van Johannes, met die swaard omgebring. En toe hy sien dat dit die Jode welgevallig was, het hy verder ook Petrus in hegtenis geneem. En dit was die dae van die ongesuurde brode. Toe hy hom dan gegryp het, het hy hom in die gevangenis gesit en oorgegee aan vier wagte, elkeen van vier soldate, om hom te bewaak, met die bedoeling om hom ná die paasfees voor die volk te bring."* (Hand 12:1-4)

*"En toe hulle gevas en gebid het en hulle die hande opgelê het, laat hulle hul gaan. So het hulle dan, deur die Heilige Gees uitgestuur, afgegaan na Seleúcië en daarvandaan weggevaar na Ciprus. En toe hulle in Sálamis kom, het hulle die woord van God in die sinagoges van die Jode verkondig; en hulle het ook Johannes as helper gehad. En hulle het die eiland deurgegaan tot by Pafos en 'n towenaar gevind, 'n valse profeet, 'n Jood met die naam van Bar-Jesus. Hy was by die goewerneur Sérgius Paulus, 'n verstandige man. Dié het Bárnabas en Saulus laat roep en het versoek om die woord van God te hoor. Maar Élimas die towenaar—want so word sy naam vertaal—het hulle teëgestaan en het probeer om die goewerneur afkerig te maak van die geloof. Maar Saulus, dit is Paulus, vervul met die Heilige Gees, het die oë op hom gehou en gesê: Kind van die duiwel, vol van alle bedrog en alle listigheid, vyand van alle geregtigheid, sal jy nie ophou om die reguit weë van die Here te verdraai nie? En nou, kyk, die hand van die Here is op jou, en jy sal blind wees en die son 'n tyd lank nie sien nie. En onmiddellik het daar donkerheid en duisternis op hom geval, en hy het rondgegaan en gesoek na mense wat hom by die hand kon lei. Toe die goewerneur dan sien wat daar gebeur het, was hy verslae oor die leer van die Here en het geglo. En Paulus en sy metgeselle het afgevaar van Pafos en by Perge in Pamfílië gekom. En Johannes het hulle verlaat en na Jerusalem teruggekeer. Maar hulle het van Perge af verder gegaan en in Antiochíë in Pisídië aangekom, en hulle het op die sabbatdag in die sinagoge gegaan en gaan sit. En ná die lesing van die wet en die profete het die hoofde van die sinagoge na hulle gestuur en gesê: Broeders, as julle 'n woord van opwekking vir die volk het, spreek dan! Toe staan Paulus op, wink met die hand en sê: Israeliete en julle wat God vrees, luister! Die God van hierdie volk Israel het ons vaders uitverkies en die volk verhoog toe hulle bywoners in Egipteland was, en met 'n hoë arm hulle daaruit gelei. En omtrent veertig jaar lank het Hy hulle in die woestyn verdra. En sewe nasies het Hy in die land Kanaän uitgeroei en hulle land deur die lot aan hulle uitgedeel. En daarna omtrent vier honderd en vyftig jaar lank het Hy rigters gegee tot op Samuel, die profeet. En van toe af het hulle 'n koning begeer, en God het aan hulle gegee Saul, die seun van Kis, 'n man uit die stam van Benjamin, veertig jaar lank. En nadat Hy hom afgesit het, het Hy Dawid vir hulle verhef as koning, van wie Hy ook gesê en getuig het: Ek het Dawid, die seun van Isai, gevind, 'n man na my hart, wat al my welbehae sal doen. Uit die nageslag van hierdie man het God vir Israel, volgens die belofte, Jesus as Verlosser verwek, nadat Johannes voor sy koms eers die doop van bekering aan die hele volk van Israel verkondig het. En toe Johannes aan die einde van sy loopbaan gekom het, het hy gesê: Wie dink julle is ek? Ek is dit nie; maar kyk, Hy kom ná my, wie se skoen ek nie waardig is om van sy voete los te maak nie. Broeders, kinders van die geslag van Abraham, en die onder julle wat God vrees, vir julle is hierdie woord van verlossing gestuur. Want die inwoners van Jerusalem en hulle owerstes het Hom nie geken nie, en deur Hom te veroordeel, het hulle die woorde van die profete vervul wat elke sabbat gelees word. En al het hulle niks gevind wat die dood verdien nie, tog het hulle van Pilatus gevra dat Hy omgebring moes word. En toe hulle alles volbring het wat oor Hom geskrywe is, het hulle Hom van die kruishout afgehaal en in 'n graf neergelê. Maar God het Hom uit die dode opgewek. En gedurende baie dae het Hy verskyn aan die wat saam met Hom opgegaan het van Galiléa na Jerusalem, en hulle is sy getuies by die volk. En ons bring julle die goeie tyding van die belofte wat aan die vaders gedoen is, dat God dit aan ons, hulle kinders, vervul het deur Jesus op te wek, soos daar ook in die tweede psalm geskrywe is: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer. En dat Hy Hom opgewek het uit die dode, sodat Hy nie meer tot verderwing sou terugkeer nie, het Hy só gespreek: Ek sal aan julle gee die heilige weldade van Dawid wat betroubaar is. Daarom sê Hy ook op 'n ander plek: U sal u Heilige nie oorgee om verderwing te sien nie. Want Dawid het ontslaap, nadat hy sy eie geslag volgens die raad van God gedien het, en is by sy vaders weggelê en het verderwing gesien, maar Hy wat deur God opgewek is, het geen verderwing gesien nie. Laat dit dan aan julle bekend wees, broeders, dat deur Hom vergifnis van sondes aan julle verkondig word, en dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word van alles waarvan julle deur die wet van Moses nie geregverdig kon word nie. Pas dan op dat daar nie oor julle kom wat deur die profete gesê is nie: Kyk dan, julle veragters, en wees verwonderd en verdwyn! Want Ek gaan iets in julle dae doen, iets wat julle sekerlik nie sal glo as iemand julle dit vertel nie. En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word. En toe die sinagoge uit was, het baie van die Jode en die godsdienstige Jodegenote Paulus en Bárnabas gevolg. Dié het hulle toegespreek en hulle probeer beweeg om in die genade van God te bly. En op die volgende sabbat*

*het byna die hele stad saamgekom om die woord van God te hoor. Maar toe die Jode die skare sien, is hulle met nydigheid vervul en het met lasterlike woorde weerspreek wat deur Paulus gesê is.* ***Maar Paulus en Bárnabas het vry-uit gespreek en gesê: Dit was noodsaaklik dat die woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en julleself die ewige lewe nie waardig ag nie—kyk, ons wend ons tot die heidene. Want so het die Here aan ons bevel gegee: Ek het U 'n lig van die nasies gemaak, sodat U tot redding sal wees tot aan die einde van die aarde. En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe. En die woord van die Here is deur die hele land verbrei. Maar die Jode het die godsdienstige en aansienlike vroue en die vernaamste mense van die stad opgehits en teen Paulus en Bárnabas 'n vervolging in die lewe geroep en hulle buite hul gebied verdryf.*** *Toe het hulle die stof van hul voete teen hulle afgeskud en na Ikónium gegaan. En die dissipels is vervul met blydskap en met die Heilige Gees."* (Hand 13:3-52)

*"En op dieselfde wyse het hulle in Ikónium in die sinagoge van die Jode ingegaan en so gespreek dat 'n groot menigte Jode sowel as Grieke gelowig geword het. Maar die ongehoorsame Jode het die gemoedere van die heidene teen die broeders opgehits en verbitter. Hulle het toe 'n geruime tyd daar deurgebring en vrymoediglik gespreek in die Here, wat aan die woord van sy genade getuienis gegee het deur te beskik dat tekens en wonders deur hulle hande plaasvind. En die menigte van die stad was verdeeld, en sommige het met die Jode en ander met die apostels saamgegaan. Maar toe daar onder die heidene en ook onder die Jode, saam met hulle owerstes, 'n beweging ontstaan het om hulle te mishandel en te stenig, het hulle dit gewaargeword en gevlug na die stede van Likaónië, Listre en Derbe en die omstreke. En daar het hulle die evangelie verkondig."* (Hand 14:1-7)

*"Maar daar het Jode van Antiochíë en Ikónium aangekom, en hulle het, nadat hulle die skare omgepraat het, Paulus gestenig en hom buitekant die stad gesleep, met die gedagte dat hy dood was. Maar toe die dissipels hom omring, het hy opgestaan en in die stad gekom en die volgende dag saam met Bárnabas na Derbe vertrek. En nadat hulle aan daardie stad die evangelie verkondig en 'n aantal dissipels gemaak het, het hulle teruggegaan na Listre en Ikónium en Antiochíë,"* (Hand 14:19-21)

*"En hy het in Derbe en Listre aangekom; en daar was 'n dissipel met die naam van Timótheüs, seun van 'n gelowige Joodse vrou, maar van 'n Griekse vader. Hy het goeie getuienis gehad van die broeders in Listre en Ikónium. Paulus wou hê dat hy saam met hom op reis sou gaan, en hy het hom geneem en besny ter wille van die Jode wat in daardie streke was; want hulle het almal geweet dat sy vader 'n Griek was. En op hulle reis deur die stede het hulle die verordeninge wat deur die apostels en die ouderlinge in Jerusalem vasgestel was, aan hulle oorgegee om te onderhou."* (Hand 16:1-4)

*"Toe het hulle deur Amfípolis en Apollónië gereis en in Thessaloníka gekom, waar 'n sinagoge van die Jode was. En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte en dit uitgelê en aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan, en gesê: Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig, is die Christus. En sommige van hulle is oortuig en het hulle by Paulus en Silas aangesluit, ook 'n groot menigte van die godsdienstige Grieke en 'n groot aantal van die aansienlikste vroue. Maar die ongelowige Jode was afgunstig en het slegte manne van die leeglopers saamgeneem en die stad in opskudding gebring deur 'n volksoploop te bewerk. En hulle het die huis van Jason aangeval en probeer om hulle voor die volk te bring. Maar toe hulle hul nie kry nie, het hulle Jason en 'n paar broeders na die stadsowerhede gesleep en geskreeu: Die mense wat die wêreld in opstand bring, hulle het hier ook gekom, en Jason het hulle ontvang. En hulle almal handel teen die bevele van die keiser en sê dat daar 'n ander koning is, naamlik Jesus. En hulle het die skare in opskudding gebring en ook die stadsowerhede wat dit gehoor het. Maar toe hulle van Jason en die ander genoegsame waarborg ontvang het, het hulle hul losgelaat. Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan. En*

*hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was. Baie van hulle het dan ook gelowig geword, en van die aansienlike Grieke 'n groot aantal, vroue en manne. Maar toe die Jode van Thessaloníka verneem het dat die woord van God ook in Beréa deur Paulus verkondig was, het hulle gekom en die skare ook daar opgesweep. Die broeders het Paulus toe dadelik weggestuur om in die rigting van die see te gaan, maar Silas en Timótheüs het daar gebly. En die wat Paulus begelei het, het hom tot by Athéne gebring, en nadat hulle opdrag ontvang het aan Silas en Timótheüs om so gou moontlik na hom te kom, het hulle vertrek. En terwyl Paulus in Athéne vir hulle wag, het sy gees in hom opstandig geword toe hy sien dat die stad vol afgodsbeelde was. Hy het toe in die sinagoge met die Jode gespreek en met die godsdienstige mense, en elke dag op die mark met die wat hom teëkom."* (Hand 17:1-17)

*"En daarna het Paulus uit Athéne vertrek en in Korinthe gekom. En hy het 'n Jood gevind met die naam van Aquila, afkomstig uit Pontus, wat onlangs met sy vrou Priscílla van Italië gekom het, omdat Claudius beveel het dat al die Jode uit Rome moes vertrek. Na hulle toe het hy gegaan; en omdat hy van dieselfde ambag was, het hy by hulle gebly en gewerk, want hulle was tentmakers van ambag. En hy het elke sabbat in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig. En toe Silas en Timótheüs van Macedónië afgekom het, was Paulus ywerig besig om aan die Jode kragtig te betuig dat Jesus die Christus is. Maar toe hulle aanhou om teëstand te bied en godslasterlike dinge te spreek, het hy sy klere uitgeskud en vir hulle gesê: Julle bloed is op julle hoof. Ek is rein. Van nou af sal ek na die heidene gaan. En hy het daarvandaan weggegaan en in die huis gekom van iemand met die naam van Justus, wat 'n godvresende man was, wie se huis naasaan die sinagoge gestaan het. En Crispus, die hoof van die sinagoge, het met sy hele huisgesin in die Here geglo; en ook baie van die Korinthiërs het, toe hulle hom hoor, gelowig geword en is gedoop. En die Here het deur 'n gesig in die nag aan Paulus gesê: Wees nie bevrees nie, maar spreek en moenie swyg nie; want Ek is met jou, en niemand sal die hand aan jou slaan om jou kwaad aan te doen nie, want Ek het baie mense in hierdie stad. En hy het daar gebly 'n jaar en ses maande lank en die woord van God onder hulle geleer. En toe Gállio goewerneur van Acháje was, het die Jode eenparig teen Paulus opgestaan en hom voor die regterstoel gebring en gesê: Hierdie man haal die mense oor om God op onwettige wyse te vereer. En toe Paulus sy mond wou oopmaak, sê Gállio vir die Jode: As daar nou enige oortreding of kwaadwillige skelmstuk was, dan sou ek rede hê om julle te verdra, o Jode; maar as dit 'n geskil is oor 'n woord en oor name en oor 'n wet wat vir julle geld, moet julle toesien, want daaroor wil ek geen regter wees nie. En hy het hulle van die regterstoel weggedryf. En al die Grieke het Sósthenes, die hoof van die sinagoge, gegryp en hom voor die regterstoel geslaan; en Gállio het hom aan niks van hierdie dinge gesteur nie. En nadat Paulus nog verskeie dae daar gebly het, het hy van die broeders afskeid geneem en na Sírië uitgeseil, en saam met hom Priscílla en Aquila. En in Kenchréë het hy sy hoof geskeer, want hy het 'n gelofte gedoen. En hy het in Éfese aangekom en hulle daar laat bly, maar self in die sinagoge gegaan en met die Jode gespreek."* (Hand 18:1-19)

*"En hy het in die sinagoge ingegaan en vrymoediglik drie maande lank met hulle geredeneer en hulle probeer oortuig van die dinge wat die koninkryk van God aangaan. Maar toe sommige hulle verhard en ongehoorsaam was en voor die menigte aanhou kwaadspreek van die Weg, het hy van hulle weggegaan en die dissipels afsonderlik geneem en elke dag in die skool van 'n sekere Tiránnus samesprekinge gehou. En dit het twee jaar lank geduur, sodat al die inwoners van Asië die woord van die Here Jesus gehoor het, Jode sowel as Grieke."* (Hand 19:8-10)

*"Maar ons verlang om van u te hoor wat u dink; want wat hierdie sekte betref, is dit ons bekend dat oral daarteen gespreek word. En hulle het vir hom 'n dag bepaal, en baie het na hom in sy verblyfplek gekom. En in 'n kragtige getuienis het hy vir hulle die koninkryk van God uitgelê; en van die môre vroeg tot die aand toe het hy uit die wet van Moses en uit die profete hulle probeer oortuig aangaande Jesus. En sommige het geglo wat gesê is, maar ander het ongelowig gebly. En toe hulle onder mekaar onenig was, het hulle uiteengegaan nadat Paulus hierdie woord gesê het, naamlik:* ***Tereg het die Heilige Gees deur Jesaja, die profeet, tot ons vaders gespreek en gesê: Gaan na hierdie volk en sê: Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en***

***julle sal kyk en kyk, en glad nie sien nie. Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor, en hulle oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie.*** *Laat dit dan aan julle bekend wees dat die heil van God aan die heidene gestuur is, en hulle sal luister. En toe hy dit gesê het, het die Jode, onder groot woordestryd met mekaar, weggegaan. En Paulus het twee volle jare in sy eie gehuurde huis gebly en almal ontvang wat na hom gekom het, terwyl hy die koninkryk van God gepreek en onderrig gegee het aangaande die Here Jesus Christus, met volle vrymoedigheid sonder enige verhindering."* (Hand 28:22-31)

En dan 'n gedeelte uit die Handelinge van Barnabas wat sover ek weet net in Engels beskikbaar is. Dit is deur Markus gepen wat die skrywer was van die eerste Evangelie en saam met Paulus en Barnabas gewerk het.

*"And having set sail in a ship from Citium, we came to Salamis, and landed in the so-called islands, where there was a place full of idols; and there took place high festivals and libations. And having found Heracleides there again, we instructed him to proclaim the Gospel of God, and to set up churches, and ministers in them. And having gone into Salamis. we came to the synagogue near the place called Biblia; and when we had gone into it, Barnabas, having unrolled the Gospel which he had received from Matthew his fellow-labourer, began to teach the Jews.*

*And Barjesus, having arrived after two days, after not a few Jews had been instructed, was enraged, and brought together all the multitude of the Jews; and they having laid hold of Barnabas, wished to hand him over to Hypatius, the governor of Salamis. And having bound him to take him away to the governor, and a pious Jebusite, a kinsman of Nero, having count to Cyprus,* ***the Jews, learning this, took Barnabas by night, and bound him with a rope by the neck; and having dragged him to the hippodrome from the synagogue, and having gone out of the city, standing round him, they burned him with fire, so that even his bones became dust.*** *And straightway that night, having taken his dust, they cast it into a cloth; and having secured it with lead. they intended to throw it into the sea. But I, finding an opportunity in the night, and being able along with Timon and Rhodon to carry it. we came to a certain place, and having found a cave, put it down there, where the nation of the Jebusites formerly dwelt. And having found a secret place in it, we put it away, with the documents which he had received from Matthew. And it was the fourth hour of the night of the second of the week.*

*And when we were hid in the place. the Jews made no little search after us; and having almost found us, they pursued us as far as the village of the Ledrians; and we, having found there also a cave near the village, took refuge in it, and thus escaped them. And we were hid in the cave three days; and the Jews having gone away, we came forth and left the place by night. And taking with us Ariston and Rhodon, we came to the village of Limnes."*

So die gedeeltes is net uit Handelinge wat Paulus en Barnabas se gebeure opgeteken het. Maar, Jesus het ook die dissipels na die Jode alleen gestuur: *"En Hy het sy twaalf dissipels na Hom geroep en aan hulle mag gegee oor onreine geeste, om hulle uit te dryf en om elke siekte en elke kwaal te genees. En dit is die name van die twaalf apostels: die eerste Simon wat Petrus genoem word, en Andréas, sy broer; Jakobus, die seun van Sebedéüs, en Johannes, sy broer; Filippus en Bartholoméüs; Thomas en Matthéüs, die tollenaar; Jakobus, die seun van Alféüs, en Lebbéüs wat genoem word Thaddéüs; Simon Kananítes en Judas Iskáriot, die een wat Hom verraai het. Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en hulle bevel gegee en gesê:* ***Moenie gaan op pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie; maar gaan liewer na die verlore skape van die huis van Israel. En gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom. Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee. Moenie vir julle goud of silwer of koper in julle beurse aanskaf nie; geen reissak vir die pad of twee kledingstukke of skoene of 'n stok nie; want die arbeider is sy voedsel werd. En in watter stad of dorp julle ook al mag ingaan, ondersoek wie daarin waardig is, en bly dáár totdat julle vertrek. En as julle die huis***

***ingaan, groet dit; en as die huis dit waardig is, laat julle vrede daarop kom, maar as dit nie waardig is nie, laat julle vrede na julle terugkeer. En as iemand julle nie ontvang nie en na julle woorde nie luister nie, gaan uit daardie huis of daardie stad uit en skud die stof van julle voete af. Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir die land van Sodom en Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad.*”** (Mat 10:1-15)

Nou kan ons verder kyk na die hoofstuk.

So of jy in Egipte, Assirië of Tirus is en jy het gedoen wat Jesaja se oproep was in hoofstuk 2, sal jy as volkgenoot geag word. *"En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie."* (Jes 2:3-4)

## VERDERE OORDEEL OOR BABEL EN BABEL SE HOOF, DIE SATAN

*"En op die dag as die HERE jou rus gee van jou smart en van jou onrus en van die harde diensbaarheid waarmee hulle jou laat dien het, dan sal jy hierdie spotlied aanhef oor die koning van Babel en sê: Hoe het die drywer nou opgehou, opgehou die verdrukking! Die HERE het die stok van die goddelose verbreek, die staf van die heersers, wat die volke verwoes het in grimmigheid met slaan sonder ophou, wat in toorn oor die nasies geheers het met 'n agtervolging sonder verskoning. Die hele aarde rus, is stil; hulle breek uit in jubel. Ook is die sipresse bly oor jou, die seders van die Líbanon, en hulle sê: Vandat jy daar lê, klim niemand na ons toe op om ons af te kap nie. Die doderyk daaronder is in beroering om jou ontwil, jou koms tegemoet; dit wek om jou ontwil die skimme op, al die bokke van die aarde; dit laat al die konings van die nasies van hulle trone opstaan. Hulle hef almal aan en sê vir jou: Ook jy het kragteloos geword soos ons; jy het soos ons geword. Jou trots is neergewerp in die doderyk, die geruis van jou harpe; onder jou is wurms as 'n bed gesprei, en maaiers is jou bedekking.* ***Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste! Ja, in die doderyk sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil! Die wat jou sien, beskou jou, hulle let op jou en sê: Is dit die man wat die aarde laat sidder het, koninkryke laat beef het? Die wêreld soos 'n woestyn gemaak en sy stede verwoes het, wat sy gevangenes nie losgelaat het huis toe nie? Al die konings van die nasies, hulle almal rus met eer, elkeen in sy huis; maar jy is gewerp, ver van jou graf, soos 'n afskuwelike uitspruitsel, oordek met die wat verslaan is, wat deurboor is met die swaard, wat neerdaal na die klippe van die grafkuil soos vertrapte aas. Jy word nie met hulle in die graf verenig nie, want jy het jou land verwoes, jou volk gedood; die nageslag van die kwaaddoeners word vir ewig nie genoem nie. Maak 'n slagbank gereed vir sy seuns, om die ongeregtigheid van hulle vaders ontwil, dat hulle nie opstaan en die aarde in besit neem en die bodem van die wêreld vol stede maak nie. So sal Ek dan teen hulle opstaan, spreek die HERE van die leërskare, en van Babel uitroei die naam en die oorblyfsel, kroos en nageslag, spreek die HERE. En Ek sal dit 'n besitting maak van krimpvarkies en tot waterplasse; en Ek sal dit wegvee met die besem van verdelging, spreek die HERE van die leërskare.*** *"* (Jes 14:3-23)

Die gedeelte beskryf presies wat met satan en sy medewerkers sal gebeur. Sy medewerkers is nie altyd net die gevalle engele nie, maar sluit ook hoofde van verskillende organisasies in, party kerke, ander weer groepe soos die vrymesselaars en soortgelyke groepe.

## NOU EERS WEER 'N PAAR WOORDE OOR DIE ROOMSE KERK.

*"Die HERE van die leërskare het gesweer en gesê: Waarlik, soos Ek gedink het, so gebeur dit; en soos Ek besluit het, kom dit tot stand: om Assur te verbreek in my land, en op my berge sal Ek hom vertrap, sodat sy juk van hulle kan afgly en sy las van hulle skouer kan wyk. Dit is die besluit wat geneem is oor die hele aarde, en dit is die hand wat uitgestrek is oor al die nasies; want die HERE van die leërskare het dit besluit—wie sal dit kan verydel? En sy hand is uitgestrek—wie sal dit kan afkeer?"* (Jes 14:24-27)

Hier is nog verdere oordele oor die Roomse Kerk van vandag. En dit sal oor al die Roomse gemeentes wêreldwyd gebeur, en is reeds besig om te gebeur.

## OORDEEL OOR FILISTEA

*"In die sterfjaar van koning Agas het hierdie Godspraak uitgegaan. Wees nie bly, o ganse land van die Filistyne, dat die roede verbreek is wat jou geslaan het nie; want uit die wortel van die slang sal 'n basilisk voortkom, en sy vrug sal 'n vlieënde draak wees. En die eersgeborenes van die armes sal wei, en die behoeftiges sal veilig lê en rus; maar jou wortel sal Ek deur honger laat sterwe, en jou oorblyfsel sal hy doodmaak. Huil, o poort! Skreeu, o stad! Bewe, o ganse land van die Filistyne! Want uit die noorde kom rook, en daar is geen afswerwer onder sy skare nie. Wat sal hulle dan die boodskappers van die nasie antwoord? Dat die HERE Sion gegrondves het, en dat die ellendiges van sy volk daarin sal skuil."* (Jes 14:28-32)

Hier vind ons weer 'n gedeelte wat na die Filistynse Kerk verwys, met ander woorde, die mense wat handel gedryf het met die Woord van die HERE. Die waarvan Daniël verwys na in hoofstuk 11: *"En die koning sal doen net wat hy wil en homself verhef en hom groot hou bo enige god, en teen die God van die gode sal hy wonderbaarlike dinge spreek; en hy sal voorspoedig wees, totdat die grimmigheid ten einde is; want wat vas besluit is, sal uitgevoer word. En op die gode van sy vaders sal hy nie ag slaan nie, en op die liefling van die vroue en op enige god sal hy geen ag gee nie; want hy sal homself bo alles groot hou. Maar in plaas daarvan sal hy die god van die vestings vereer, en die god wat sy vaders nie geken het nie, sal hy met goud en silwer en edelgesteente en kosbaarhede vereer. So sal hy dan optree teen die versterkte vestings met behulp van 'n vreemde god; diegene wat hy erken, sal hy baie eer en hulle oor baie laat heers en grond as beloning uitdeel."* (Dan 11:36-39)

Ons sal later baie meer aandag spandeer aan die volke en stede van Filistea, Sidon en Tirus.

# HOOFSTUK VYFTIEN

## OOR MOAB – DIE "EK EN MY KERK" GELOWIGES

*"Godspraak oor Moab. Waarlik, in die nag is Ar-Moab verwoes, vernietig! Waarlik, in die nag is Kir-Moab verwoes, vernietig! Hulle gaan op na die tempel, en Dibon na die hoogtes om te ween; Moab huil op Nebo en in Medéba; op al hulle hoofde is 'n kaalte, elke baard is afgeskeer. Op hul strate het hulle rouklere aangegord; op hulle dakke en op hulle pleine huil alles en smelt weg in geween. Hesbon en Eleále skreeu, hulle stem word gehoor tot Jahas toe; daarom hef die gewapende manne van Moab 'n angsgeskreeu aan, sy siel sidder. My hart skreeu oor Moab, sy vlugtelinge kom tot by Soar, Eglat-Selisia. Want die hoogte van Luhit beklim hulle met geween; ja, op pad na Horonáim laat hulle 'n geskreeu van verwoesting weerklink; want die waters van Nimrim word 'n woesteny, ja, die gras is verdor, die grasspruitjies het vergaan, daar is geen groenigheid nie. Daarom gaan hulle die oorwins wat hulle gemaak het, en hulle voorraad, oor die Wilgerspruit dra. Want die geskreeu gaan rond in die grondgebied van Moab, sy gehuil tot by Eglaim en sy gehuil tot by Beër-Elim. Want die waters van Dimon is vol bloed; want Ek sal oor Dimon nog meer bring, 'n leeu oor dié van Moab wat ontvlug het, en oor die oorblyfsel van die land."*(Jes 15:1-9)

Hierdie oordeel gaan oor die mense wat hulle eie leiers aangestel het, en hulle gevolg het sonder om seker te maak dat dit wat die leiers verkondig, werklik die boodskap van die Bybel is. Ons sien dit so baie in vandag se dae dat mense wil net dat hul groep reg is, en veroordeel al die ander mense wat nie soos hulle glo nie. Van die leiers het opgestaan en groot volgelingsgroepe gekry wat net glo wat "hulle" profeet vir hulle gesê het. Ek kan skielik dink aan mense soos Joseph Smith van die Mormone, maar heelaas sal hulle sonder water wees, so die Gees sal Hom heeltemal onttrek en die mense sal alleen agterbly in die gedeelte van die Paradys. Binne Suid Afrika is daar groepe soos die ou en nuwe apostels, en die Sewende Dag Adventiste wat net blindelings hul leiers volg. En gewoonlik vind jy dat hulle ook soveel "eie" wette het wat hulle moet gehaarsaam, soos wat ons vroeër al gesien het in Hoofstuk 10, waar gepraat word dat hulle hul eie wette maak. Die groot hartseer wat ek het oor die verskillende groepe is dat daar nie 'n pad vanaf Moab na Jerusalem in die Hemel gaan nie. So hulle is vir altyd verlore.

# HOOFSTUK SESTIEN

## VERDERE OORDELE OOR MOAB – DIE "EK EN MY KERK" GELOWIGES

*"Stuur die lammers van die regeerder van die land uit die rotsstreek weg na die woestyn, na die berg van die dogter van Sion. En soos voëls wat vlug, 'n nes wat verjaag is, sal die dogters van Moab wees by die driwwe van die Arnon. Gee raad, gee beslissing, maak jou skaduwee soos die nag op die volle middag, verberg die wat verdryf is, verraai die vlugteling nie! Laat my mense wat verdryf is, by jou vertoef! Aangaande Moab, wees vir hulle 'n skuilplek vanweë die verwoester.* ***Want gedaan is die verdrukker, klaar is dit met die verwoesting, weg is die vertrappers uit die land! En opgerig is deur goedgunstigheid 'n troon, en daarop sit een in getrouheid in Dawid se tent, 'n regter wat die reg soek en gou is in geregtigheid. Ons het gehoor van die trotsheid van Moab—hy is baie trots! —van sy hoogmoed en sy trotsheid en sy grimmigheid, sy onbehoorlike grootpratery.*** *Daarom sal Moab oor Moab huil, almal saam huil; oor die druiwekoeke van Kir-Haréset sal julle sug, heeltemal verslae. Want die wingerde van Hesbon het verwelk; die wingerdstok van Sibma—sy edele druiwe het die beheersers van die nasies neergewerp; dit het gekom tot by Jaéser, dit het in die woestyn ingedwaal; sy ranke het uitgesprei, het oor die see gegaan. Daarom beween ek die wingerdstok van Sibma met die geween van Jaéser; ek maak jou nat met my trane, Hesbon en Eleále, omdat die vreugdegeroep jou somervrugte en jou oes oorval het, en vreugde en gejuig weggeneem is uit die vrugteboord, en in die wingerde nie gejubel of gejuig word nie; die druiwetrapper trap geen wyn in die parskuipe nie; Ek het die vreugdegeroep laat ophou. Daarom klaag my ingewande oor Moab soos 'n siter, en my binneste oor Kir-Heres.* ***En as Moab verskyn, as hy hom vermoei op die hoogte en in sy heiligdom ingaan om te aanbid, dan sal hy niks uitrig nie. Dit is die woord wat die HERE tevore teen Moab gespreek het. En nou spreek die HERE en sê: Binne drie jaar—soos die jare van 'n dagloner—sal die heerlikheid van Moab veragtelik gemaak word saam met die hele groot menigte; en die oorblyfsel sal min, gering, onmagtig wees.**"* (Jes 16:1-14)

Ons vind hier 'n belangrike gedeelte wat vir ons baie inligting gee oor die mense, en hoe hulle oordeel sal plaasvind. Eerstens vind ons dat daar 'n troon binne die gebied opgerig sal word en dat hulle daar geoordeel sal word. Maar waarom sal daar 'n troon binne Moab wees? Die hoofrede is wanneer ons na al die gedeeltes in die Paradys, die hemel, kyk, sien ons dat daar geen pad tussen Moab en Ammon na Jerusalem toe gaan nie. So dit beteken na hul dood dat hul wel in die Paradys sal wees, maar omdat hulle eerder hul profete geglo het as die Woord van God, sal hulle daar geoordeel word. Aan die einde van die hoofstuk vind ons as volg: *"**en die oorblyfsel sal min, gering, onmagtig wees.**"*

Dit is vir my baie erg om te sien dat die mense nie 'n geleentheid kry soos die in Egipte, en met die grootpad tussen Egipte en Assirië, so die Assirierse Kerk, om na Jerusalem op te gaan en te gaan leer wie die HERE regtig is nie. Hulle het verkies om vir hulle hul eie koning, apostel, of wat ook al aangestel en hom gedien, en nie die HERE nie. Hulle het hierdie leier se stories hoër geag as die Bybel. So hulle kon net die gedeeltes glo wat hulle wou.

Ons sien hierdie maar by verskillende groepe vandag. Die apostel gemeentes wat luister na "hul" apostel, die Jehova Getuies met hul apostel, en so kan ons aangaan na die SDA met hul apostel. Die laaste groep konsentreer so op net twee elemente van die Bybel, die sabbat wat hulle moet gehoorsaam en dit is soos hulle dit interpreteer en hulle sal nie die Bybelse verklaring glo nie, en dan hul oordrewe beklemtoning van hul interpretasie van Daniël en Openbaring. Vir hulle gaan die twee boeke net oor die Roomse Kerk en die se beheer oor die wêreld.

Hulle verklaring is ook strydig met die van die Bybel in die dat die Bybel verklaar in Johannes se briewe wie die antichris is. *"Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is.*

*Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie. En julle het die salwing van die Heilige en weet alles. Ek het nie aan julle geskrywe omdat julle die waarheid nie ken nie, maar omdat julle dit ken en omdat geen leuen uit die waarheid is nie.* ***Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën.*** *Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie."* (1Jo 2:18-23) Die gedeelte verklap onmiddelik wie die antichris is, naamlik die wat nie glo dat Jesus die Seun van God is nie. Dit begin by die Joodse geloof en die Moslems wat ontken dat Jesus die Seun van God is, en draai uit na die Dispensasionaliste wat glo dat Jesus nie alles gedoen het wat Hy moes kom doen nie, en dat Hy weer moet kom om die Joodse geloof te kom red. Nou verklaar Paulus in Romeine hoofstuk een as volg: ***"mense wat al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen."*** (Rom 1:32) So deur hul goedkeuring wat hulle skenk aan die Jode, verkry hulle dieselfde loon, en dit sal ons later sien in die boek as volkome verwerping.

So indien jy glo dat daar 'n wegraping moet wees, kom weg, want die hele leerstelling is gebou op 'n leuen van hul profete, Ribera en Lacunza van die Roomse Kerk in die vyftiende eeu, *"It was a Jesuit priest named Ribera who, in the days of the Reformation, first taught that all the events in the book of Revelation were to take place literally during the three and a half years reign of the antichrist way down at the end of the age. Thus, Ribera laid the foundation of a system of prophetic interpretation of which the secret rapture has now become an integral part."* , en dan John Nelson Darby en Edward Irving in die vroeg tot middel 1800's en dan verder gevoer deur Scofield in die vroeë 1900's. Vandag, in 'n pinkster tipe gemeente, so een wat glo in die doop van gelowiges en doping in die Heilige Gees, is jy 'n uitgeworpene indien jy nie die valse leerstelling van die wegraping glo nie.

So al dié mense glo hul profete eerder as die Bybel as die onfeilbare woord van God. Tragies, maar soos Lukas Jesus se woorde kwoteer: *"Wanneer 'n sterk man wat goed gewapend is, sy huis bewaak, is sy besittings in veiligheid.* ***Maar as een hom oorval wat sterker is as hy en hom oorwin, neem hy sy volle wapenrusting weg waar hy op vertrou het, en deel sy buit uit. Hy wat nie met My is nie, is teen My;*** *en hy wat nie saam met My versamel nie, verstrooi."* (Luk 11:21-23)

# HOOFSTUK SEWENTIEN

## DAMASKUS – DIE AFVALLIGE KERK

*"Godspraak oor Damaskus. Kyk, Damaskus word weggeneem, sodat dit geen stad meer is nie, maar dit sal 'n vervalle puinhoop word. Die stede Aroër sal verlate wees; vir die troppe vee sal hulle wees wat daar sal lê sonder dat iemand hulle skrikmaak. En die vesting sal verdwyn uit Efraim, en die koningskap uit Damaskus; en met die oorblyfsel van Aram sal dit gaan soos met die heerlikheid van die kinders van Israel, spreek die HERE van die leërskare. En in dié dag sal die heerlikheid van Jakob gering word, en die vet van sy vlees sal wegteer. En dit sal wees soos wanneer die maaier die ongesnyde graan bymekaarvat en sy arm die are afmaai; ja, dit sal wees soos wanneer iemand are optel in die dal Refaim. Maar 'n na-oes sal daarin oorbly soos by die afslaan van die olywe: twee, drie vruggies bo in die top; vier, vyf in die takke van die vrugteboom, spreek die HERE, die God van Israel. In dié dag sal die mens kyk na sy Maker, en sy oë sal sien op die Heilige van Israel; en hy sal nie kyk na die altare nie, die werk van sy hande; en wat sy vingers gemaak het, sal hy nie aansien nie: die heilige boomstamme en die sonpilare. In dié dag sal die stede wat sy toevlug was, wees soos die bouvalle van die bos en van die bergtop wat verlaat is vanweë die kinders van Israel, en dit sal 'n wildernis wees. Want jy het vergeet die God van jou heil en nie gedink aan die rots wat jou toevlug was nie. Daarom lê jy lieflike tuine aan en beplant dit met uitlandse wingerdstokke; die dag as jy plant, laat jy dit groei, en in die môre laat jy jou saad uitspruit; maar dit sal wees 'n hoop geoeste graan op die dag van krankheid en ongeneeslike smart. Wee die gebruis van baie volke—soos die gebruis van die see, so bruis hulle! En die gedruis van nasies—soos die gedruis van geweldige waters, so maak hulle gedruis! Nasies maak gedruis soos die gedruis van baie waters; maar Hy dreig hulle, en hulle vlug ver weg en word gejaag soos kaf van die berge voor die wind en soos strooi voor die stormwind. In die aand—daar is verskrikking! Voordat dit môre word, is hulle nie meer nie. Dit is die deel van hulle wat ons plunder, en die lot van hulle wat ons beroof."* (Jes 17:1-14)

Die hele hoofstuk word gewy aan die afvalliges van die Kerk. Soos Efraim die nege ander stamme van Israel was en later weggebreek het om hul eie koning en land te stig, so vind ons vandag ook binne die Kerk dat daar afvallige predikers en leiers is wat wegval van die waarheid, en teen die ware Kerk in opstand kom. Ons hoef maar net te kyk na die hele LGBT beweging wêreld wyd wat die Kerk wil verander sodat hulle ook ingesluit kan word, al weet hulle dat dit wat hul doen sonde is. En dan vind ons die teoloë en lidmate wat saam baklei, want ons as Christene moet mos die mense met liefde behandel. Maar, liefde beteken nie dat ons hulle sonde moet goed praat en oorsien nie. Ons moet juis hulle daarop wys dat omdat ons hulle liefhet en nie wil dat hulle verlore moet gaan nie, ons hulle wil wys op hul verkeerde lewenstyl sodat hulle tot inkeer kan kom. Dan kan daar bekering kom en hulle kan glo dat daar vergewing van sonde is, en kan wegdraai van die sonde af.

Maar dit is nie net seksueele sondes wat hier aangespreek word nie. Die Bybel wys daarop dat ons regtig in liefde met ons mede gelowiges moet saamleef, maar ook die beeld van Jesus elke dag van ons lewe uitstraal. 'n Dissipel is juis iemand wat soos sy meester optree. En dit is wat ook hier uitgelig word. Ons lewens lyk nie altyd of ons kinders van God is nie. Ons kan op 'n Sondag in die ouderling banke sit, maar dit is omtrent die enigste plek waar ek as Christen uitgeken kan word, want ek kan die voortou neem wanneer ons as "manne" bymekaar kom, of elke dag soek wie die volgende "girl" op my kerfstok gaan wees. Dit is wat Jesaja hiervan praat. In Engels het hulle die uitdrukking: "You have to walk the talk". En dit is waar ons so maklik val.

En dan is daar ook die wat die Kerk so wil afwater dat enige persoon as lidmaat gereken kan word. Ek kan onthou toe ek eendag gevra is deur 'n ander groep as die wat ek my Bybelskool by aangebied het, of ek ook daar sal kom help om 'n Bybelskool te kom vestig. Ek hoef nie bekommerd te wees oor betaling nie, maar ek moet net weet dat hul gemeente ook Moslems en

Hindu lidmate huisves. Ek het maar omgedraai en weggeloop, want om met so ‘n leraar te probeer redeneer verloor jy die argument nog voordat jy begin. Dan kry jy die wat jou sommer sal aanvat en verklaar dat Dawid en Jonathan ook in ‘n homoseksueele verhouding betrokke was, daarom kan dié sulkes maar hul gemeente bywoon en in alle vlakke van bediening betrokke wees.

Gelukkig leer ons ook dat die HERE wel enkeles sal red uit die afvalliges. “*Maar ‘n na-oes sal daarin oorbly soos by die afslaan van die olywe:* ***twee, drie vruggies bo in die top; vier, vyf in die takke van die vrugteboom,*** *spreek die HERE, die God van Israel. In dié dag sal die mens kyk na sy Maker, en sy oë sal sien op die Heilige van Israel; en hy sal nie kyk na die altare nie, die werk van sy hande; en wat sy vingers gemaak het, sal hy nie aansien nie: die heilige boomstamme en die sonpilare. In dié dag sal die stede wat sy toevlug was, wees soos die bouvalle van die bos en van die bergtop wat verlaat is vanweë die kinders van Israel, en dit sal ‘n wildernis wees.* ***Want jy het vergeet die God van jou heil en nie gedink aan die rots wat jou toevlug was nie****”.*

So dit is maar waaroor die afvalliges handel, dat ons net almal moet lief hê. Die mense vergeet blykbaar wat Dawid daaroor te sê gehad het: *“‘n Psalm van Dawid. HERE, wie mag vertoef in u tent? Wie mag woon op u heilige berg? Hy wat opreg wandel en geregtigheid doen, en wat met sy hart die waarheid spreek; wat nie rondgaan met laster op sy tong nie, sy vriend geen kwaad doen en geen smaadrede uitspreek teen sy naaste nie;* ***in wie se oë die verworpene veragtelik is, maar hy eer die wat die HERE vrees; al*** *het hy gesweer tot sy skade, hy verander nie; wat sy geld nie gee op woeker en geen omkoopgeskenk aanneem teen die onskuldige nie. Hy wat hierdie dinge doen, sal nie wankel in ewigheid nie.”* (Psa 15:1-5)

Dit is die wat Dawid uitwys as die wat aan die HERE behoort, en hoe hulle sal optree. Hosea bespreek ook die mense in hoofstuk 13: “**3** *Daarom sal hulle wees soos ‘n môrewolk en soos dou wat vroeg weer verdwyn, soos kaf wat wegvlieg van die dorsvloer en soos rook uit die venster.”*

# HOOFSTUK AGTIEN

## EGIPTIESE CHRISTENE

*"Wee die land van vlerkgegons wat anderkant die riviere van Kus lê; wat boodskappers stuur oor die groot water en in skuite van biesies oor die waters! Gaan weg, vinnige boodskappers, na die hoog uitgegroeide nasie met die blink vel, na die wyd en syd gevreesde volk, die nasie gewoond om te gebied en te vertrap, wie se land deur riviere deursny word. Al julle bewoners van die wêreld en bewoners van die aarde, as 'n banier opgehef word op die berge, kyk! En as die basuin geblaas word, luister! Want so het die HERE vir my gesê: Ek wag rustig en aanskou uit my woonplek, soos glinsterende hitte bo die sonlig, soos 'n douwolk in die hitte van die oestyd. Want voor die oes, as die bloeisel volgroeid is en die blom 'n ryp druiwekorrel word, sal Hy die ranke afsny met snoeimesse en die lote wegkap; hulle word almal saam oorgegee aan die roofvoëls van die berge en aan die wilde diere van die aarde; en die roofvoëls sal daarop die somer deurbring, en al die wilde diere van die aarde sal daarop oorwinter. In dié tyd sal aan die HERE van die leërskare geskenke gebring word van die hoog uitgegroeide volk met die blink vel en van die wyd en syd gevreesde volk, die nasie gewoond om te gebied en te vertrap, wie se land deur riviere deursny word, na die plek van die Naam van die HERE van die leërskare, na die berg Sion."* (Jes 18:1-7)

Hierdie is volgens baie kenners een van die moeilikste plekke om te identifiseer, aangesien die Hebreeuse woorde gebruik kan word as aan Israel se kant van die rivier, wat dan Egipte is, of anderkant die rivier, wat dan Kus sal voorstel.

Wat ons wel weet is dat die Egiptenare baie skepe gehad het wat inpas by die skuite van biesies wat hier genoem word. Dit word ook meer duidelik wanneer ons kyk na Moses wat in biesies as baba weggesteek was, so dit wil voorkom of dit gaan oor die Egiptiese Christene. So dit is die wat nooit uit Egipte getrek het deur gedoop te word nie. Aangesien ons ook in die volgende hoofstuk leer van Egipte, wil dit voorkom asof dit die volk is wat hier genoem word.

Daarom ook dat daarna verwys word dat al sy ranke afgesny sal word, so al die verskillende vertakkings van die groep sal verwoes word teen die einde van die oordele in die hemel, sodat niemand daar sal kan oorleef nie. Maar tog vind ons dat die gedeelte afgesluit word met woorde wat daarop wys dat hulle wel tot inkeer gekom het. "*In dié tyd sal aan die HERE van die leërskare geskenke gebring word van die hoog uitgegroeide volk met die blink vel en van die wyd en syd gevreesde volk, die nasie gewoond om te gebied en te vertrap, wie se land deur riviere deursny word, na die plek van die Naam van die HERE van die leërskare, na die berg Sion."*

Die gebeure word ook verwys na in Sagaria wat daarop wys dat die mense die geleentheid sal kry om die regte evangelie te leer voor die finale aanslag op die magte van die Satan, die Gog en Magog. *"En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskare, te aanbid nie—hulle sal geen reën kry nie. En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie. Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie."* (Sag 14:17-19)

# HOOFSTUK NEGENTIEN

## DIE OORDEEL OOR EGIPTE VERVOLG

*"Godspraak oor Egipte. Kyk, die HERE ry op 'n vinnige wolk en kom na Egipte toe; en die afgode van Egipte wankel voor sy aangesig, en die hart van Egipte smelt in sy binneste.* ***En Ek sal Egipte teen Egipte ophits, sodat hulle sal veg, elkeen teen sy broer en elkeen teen sy naaste, stad teen stad, koninkryk teen koninkryk.*** *En die gees van Egipte sal radeloos word in sy binneste, en sy planne sal Ek verwar; dan raadpleeg hulle die afgode en die besweerders en die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê. En Ek sal Egipte oorgee in die hand van 'n harde meester, en 'n strenge koning sal oor hulle heers, spreek die Here HERE van die leërskare. En die waters sal uit die groot waterplas verdwyn, en die rivier sal uitdroog en droog lê. En die strome sal stink; die strome van Egipte sal swak word en uitdroog; riet en biesies sal verwelk. Die weivelde by die Nyl, by die mond van die Nyl, en elke saailand van die Nyl sal verdor, verwaai en nie meer wees nie. En die vissers sal klaag, en almal wat hoeke in die Nyl uitgooi, rou bedrywe; en die wat visnette uitsprei oor die waters, sal verkwyn. En die bewerkers van uitgekamde vlas staan beskaamd, en die wewers van wit stowwe. En sy steunpilare word verbrysel; almal wat vir loon werk, sielsbedroef. Die vorste van Soan is net dwase, die raad van Farao se slimste raadgewers het domheid geword. Hoe kan julle vir Farao sê: Ek is 'n seun van die wyse manne, 'n seun van die konings uit die voortyd? Waar is hulle dan, jou wyse manne? Laat hulle jou tog te kenne gee, dat 'n mens kan weet wat die HERE van die leërskare oor Egipte besluit het. Die vorste van Soan het dwase geword, die vorste van Nof is bedroë; Egipte is op 'n dwaalweg gebring deur hulle wat die hoeksteen van die stamme is. Die HERE het daarin 'n gees van bedwelming gegiet, en Egipte is op 'n dwaalweg gebring in al sy werk, soos 'n dronkaard tuimel in sy uitbraaksel. So is daar dan vir Egipte geen werk wat gedoen word deur kop of stert, palmtak of biesie nie."* (Jes 19:1-15)

Hier vind ons sommer vroeg in die hoofstuk 'n baie interessante gedeelte. Die HERE sê Hy sal Egipte teen Egipte ophits teen mekaar. Nou indien u onthou is die Kerk in Egipte die mense wat nie glo in die doop van gelowiges nie en vashou aan kinderdoop. Verder is meeste van hulle ook maar Calvinistiese gemeentes. Nou vind ons dat die een teen die ander sal opstaan: "*En Ek sal Egipte teen Egipte ophits, sodat hulle sal veg, elkeen teen sy broer en elkeen teen sy naaste, stad teen stad, koninkryk teen koninkryk."* Dit sien ons vandag waar die een groep die ander sal aanvat oor hul interpretasie van gedeeltes, of waar een voel die ander een tree verkeerd op. Dit is die gevegte wat ons in die pers sien.

Maar ek het self 'n ondervinding van die opstand van die een teen die ander. Ek is grootgemaak in die Gereformeerde Kerk in SA, en het na 'n rugoperasie gevind dit is makliker om net 50 meter Kerk toe te stap na die NG Kerk as om 2.5 kilometer te moet stap na die Gereformeerde Kerk toe. Die kinders was ook baie meer tuis en het beide dogters selfs al voor ons oorgegaan het as leiers van hulle ouderdom se KJA gewees. Toe kom die ouderling my sien na ek die Doppers meegedeel het dat ek oorgaan na die NG Kerk, en is ek so uitgekryt dat ek nou in die hel sal opeindig. Verder moet ek sommer dadelik vir ou Jan my buurman oorkant die straat dan nou onmiddelik gaan aanspreek want hy drink te veel want ek kan nou mos die oorsaak wees dat mense tot bekering kan kom. En volgens die ouderling is Jan nie uitverkies nie.

Dit klink kras, maar dit is wat gebeur het. Ons het self gevind dat wanneer ons winkel toe gegaan het in Pretoria Noord se straat waar baie winkels was, die mense oor die straat sal loop wanneer hulle ons gewaar en dan sodra hulle verby is weer terug sal gaan na die kant wat hulle oorspronklik geloop het. Dit het regtig gevoel of ons die pes het soos die mense ons behandel het.

So dit is waarvan Jesaja hier praat. Nou wat nog van verskille tussen verskillende lande en anders talige mense. O en jy mag nie dans nie en nie Gesange sing nie, en jy mag ook nie lyk of jy dit geniet om te sing nie. Jy moet jou vroomste gesiggie opsit want die HERE bly mos binne

die gebou. Buite kan ons maar maak wat ons wil, want dan is die HERE mos nie by ons nie. Maar hulle vergeet of weet nie van wat Jesus gesê het oor die Heilige Gees nie. *"Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is."* (Joh 16:7-11)

Die Helige Gees is elke oomblik saam met ons en Hy is die Een wat ons sal oortuig van sonde sodat ons die eerste stap van Christen word kan stap, naamlik om vergifnis te verkry.

Maar ons vind tog dat die HERE verantwoordelik is vir van die konsternasie: "*Die HERE het daarin 'n gees van bedwelming gegiet, en Egipte is op 'n dwaalweg gebring in al sy werk, soos 'n dronkaard tuimel in sy uitbraaksel. So is daar dan vir Egipte geen werk wat gedoen word deur kop of stert, palmtak of biesie nie".* Hier word ook verwys na 'n gedeelte wat ons vroeër ook al gehad het, dat die HERE die kop en die stert verwyder het. *"Daarom sny die HERE van Israel af kop en stert, palmtak en biesie, op een dag. Die oudste en aansienlike, dié is die kop, en die profeet wat leuens profeteer, dié is die stert; en die leiers van hierdie volk het verleiers geword, en dié van hulle wat gelei word, is op 'n dwaalweg gebring."* (Jes 9:14-16)

Nou sal ons verstaan hoekom die kop en stert verwyder is, want die aansienlikes, die leiers het verleiers geword en die stert, hul "profete", profeteer leuens.

Sagaria verwys ook baie goed na die groep wat hulle sal moet doen wanneer hulle in die Paradys kom: *"En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie. Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie."* (Sag 14:18-19)

Hoekom moet hulle die huttefees kom vier? Want dit is die fees wat Israel moes vier om hulle te herinner dat hulle as slawe in Egipte vir die Farao, die Satan, gewerk het, en hoe die HERE die mag gebreuk het toe hulle deur die see getrek het, met ander woorde hoe die doop ons bevry van die Satan se houvas op ons.

# HOOFSTUK TWINTIG

*"In die jaar toe die tartan na Asdod gekom het, toe Sargon, die koning van Assirië, hom gestuur het, en hy teen Asdod geveg en dit ingeneem het; in dié tyd het die HERE deur die diens van Jesaja, die seun van Amos, gespreek en gesê: Gaan gord die haarmantel van jou heupe af los, en trek jou skoene van jou voete af. Hy het toe so gedoen en naak en kaalvoet geloop. Daarop het die HERE gesê: Soos my kneg Jesaja naak en kaalvoet geloop het, drie jaar lank, as teken en sinnebeeld met betrekking tot Egipte en Kus, so sal die koning van Assirië die gevangenes van Egipte en die ballinge van Kus wegdrywe, jonk en oud, naak en kaalvoet en ontbloot aan die agterdele—'n smaad vir Egipte. En hulle sal verslae wees en beskaamd staan vanweë Kus, hulle toeverlaat, en vanweë Egipte, hulle trots. En die inwoners van hierdie kusland sal in dié dag sê: Kyk, só gaan dit met ons toeverlaat waarheen ons gevlug het om hulp, om gered te word van die koning van Assirië—hoe sal óns dan ontvlug?"* (Jes 20:1-6)

## WAT GEBEUR AS EK TERUG DRAAI EN WEER NA EGIPTE GAAN NADAT EK DAARUIT GETREK HET?

Ons vind hier 'n verhaal waar Jesaja die volk moes waarsku oor wat met hulle sou gebeur indien hulle weer terug wou keer na Egipte indien die Assiriërs hulle sou aanval. Daar was van die volk wat gedink het dat die Egiptenare en die mense van Kus hulle sou beskerm het, maar Jesaja moes as voorbeeld vir hulle wys wat sou gebeur. Hulle sou naak en kaalvoet anderkant uitkom. So hulle sal van alles gestroop word, maar meer nog, hulle word ook vertel dat dit nie tot voordeel sal wees nie, en dat hulle 'n smaad vir Egipte sou wees. En dan weet ons wat Jeremia ook vir die volk vertel het indien hulle sou terugkeer na Egipte. So in ons tyd, al het ons uit Egipte getrek, en die Roomse Kerk ons aanvat en wil verwoes, sal ons tog omkom saam met die wat in Egipte is.

Ek kan nie terugkeer na my vorige lewe nie, want daardeur verloën ek wat Jesus vir ons kom doen het. Net so 'n paar skrifgedeeltes uit ander boeke om dit te bevestig. Eerstens Paulus in Romeine ses: *"Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?* ***Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel****. Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie. Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde."* (Rom 6:3-7) Dan Hebreërs ses: *"****Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maa****k. Want die grond wat die reën indrink wat dikwels daarop val, en nuttige plante voortbring ter wille van hulle vir wie dit ook bewerk word, het deel aan die seën van God. Maar as dit dorings en distels oplewer, deug dit nie en is naby die vervloeking—die einde daarvan is verbranding."* (Heb 6:4-8) En dan Jeremia: *"Laat dit goed of sleg wees—ons sal luister na die stem van die HERE onse God na wie ons u stuur, dat dit met ons goed kan gaan as ons luister na die stem van die HERE onse God. En aan die einde van tien dae het die woord van die HERE tot Jeremia gekom, en hy het Jóhanan, die seun van Karéag, geroep en al die owerstes van die leërs wat by hom was, en die hele volk, klein en groot, en aan hulle gesê: So spreek die HERE, die God van Israel, na wie julle my gestuur het om julle smeking eerbiediglik voor sy aangesig te bring: As julle rustig in hierdie land bly, sal Ek julle bou en nie afbreek nie, en julle plant en nie uitruk nie; want Ek het berou oor die onheil wat Ek julle aangedoen het. Vrees nie vir die koning van Babel vir wie julle bang is nie; wees nie vir hom bevrees nie, spreek die HERE, want Ek is met julle om julle te verlos en julle uit sy hand te red. En Ek sal julle barmhartigheid bewys, sodat hy hom oor julle sal ontferm en julle terugbring na julle land toe. Maar as julle sê: Ons wil in hierdie*

*land nie bly nie, sodat julle nie luister na die stem van die HERE julle God nie, en sê: Nee, maar ons sal na Egipteland trek waar ons geen oorlog sal sien of basuingeluid sal hoor of honger na brood sal hê nie, en daar wil ons woon— daarom hoor dan nou die woord van die HERE, o oorblyfsel van Juda! So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: As julle werklik julle aangesig rig om na Egipte te trek en weggaan om daar as vreemdelinge te vertoef, dan sal die swaard waar julle voor vrees, julle daar in Egipteland inhaal; en die honger waar julle voor bang is, sal daar in Egipte kort agter julle aankom, en julle sal daar sterwe. Ja, al die manne wat hulle aangesig gerig het om na Egipte te trek om daar as vreemdelinge te vertoef, sal sterwe deur die swaard, die hongersnood en die pes; en daar sal vir hulle niemand wees wat vryraak of ontvlug van die onheil wat Ek oor hulle bring nie.* ***Want so sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Soos my toorn en my grimmigheid uitgestort is oor die inwoners van Jerusalem, so sal my grimmigheid oor julle uitgestort word as julle na Egipte trek; en julle sal wees 'n voorwerp van verwensing, van verbasing, van vervloeking en van smaad, en julle sal hierdie plek nie meer sien nie. Die HERE het oor julle gespreek, o oorblyfsel van Juda: Trek nie na Egipte nie!*** *Weet verseker dat ek julle vandag waarsku. Want julle het gedwaal ten koste van julle lewe, dat júlle my na die HERE julle God gestuur het, met die woorde: Bid tot die HERE onse God vir ons; en net soos die HERE onse God sal sê, maak dit ons so bekend en ons sal dit doen. So het ek julle dit dan vandag bekend gemaak, en julle het nie geluister na die stem van die HERE julle God, naamlik na alles waarmee Hy my na julle gestuur het nie. Weet dan nou verseker dat julle deur die swaard, die hongersnood en die pes sal sterwe in die plek waarheen julle verkies om te trek om daar as vreemdelinge te vertoef."* (Jer 42:6-22)

Daar is nie veel wat ek hierby kan voeg nie, behalwe mense ernstig te waarsku om nie terug te keer na die lewe voor jy uit Egipte getrek het. Die Bybel is baie erg daaroor dat jy nie kan terugkeer na jou vorige lewe nie, want dan is dit onmoontlik om weer Egipte te verlaat. Ons lees in Jeremia se geval dat net hy en sy skrywer, Barug, oorleef het toe die volk Egipte toe gevlug het om weg te kom van Babel af, die ongelowiges.

# HOOFSTUK EEN EN TWINTIG

## OORDEEL OOR DIE GODDELOSES

*"Godspraak oor die woestyn van die see. Soos stormwinde in die Suidland deurtrek, kom dit uit die woestyn, uit 'n vreeslike land! 'n Harde gesig is my te kenne gegee: Die ontroue handel troueloos, en die verwoester verwoes. Trek op, Elam! Beleër, Médië! Aan alle gesug maak Ek 'n einde. Daarom is my heupe vol siddering, weë het my aangegryp soos die weë van een wat baar; ek buig my krom, sodat ek nie hoor nie; ek is verskrik, sodat ek nie sien nie. My hart duisel, angs oorval my; dit maak vir my die skemeraand wat ek liefhet, tot 'n verskrikking. Hulle maak die tafel gereed, hulle sprei die tapyt, hulle eet, drink.... Staan op, o vorste, salf die skild! Want so het die Here vir my gesê: Gaan heen, sit 'n wag uit; laat hom te kenne gee wat hy sien; en sien hy 'n stoet ruiters, twee aan twee, 'n stoet esels, 'n stoet kamele, dan moet hy skerp luister, so skerp as hy kan. En hy het geroep soos 'n leeu. Op die wagtoring, Here, staan ek gedurig by dag, en op my wagpos stel ek my al die nagte. En kyk, daar kom 'n stoet manne, ruiters twee aan twee. Toe het hy aangehef en gesê: Geval, geval het Babel, en hulle het al die gesnede beelde van sy gode verbrysel teen die grond. o My vertrapte en gedorste volk, wat ek gehoor het van die HERE van die leërskare, die God van Israel, het ek julle bekend gemaak. Godspraak oor Duma. Daar roep een my toe van Seïr af: Wagter, hoe ver is dit in die nag? Wagter, hoe ver in die nag? Die wagter sê: Die môre kom, en ook die nag. Wil julle vra, vra; keer terug, kom. Godspraak teen Arabië. In die bos in Arabië moet julle vernag, karavane van die Dedaniete! Bring vir die dorstige water tegemoet! Die inwoners van die land Tema het die vlugteling met brood teëgekom. Want hulle het gevlug vir swaarde, vir die swaard wat uitgetrek en vir die boog wat gespan is, en vir die druk van die oorlog. Want so het die Here vir my gesê: Binne 'n jaar—soos die jare van 'n dagloner—sal al die heerlikheid van Kedar verdwyn. En wat oorbly van die getal boë van die Kedareense helde, sal min wees; want die HERE, die God van Israel, het dit gespreek."* (Jes 21:1-17)

Die gedeelte vir ons as Kerk gaan oor die verwoesting van die wat nie in die HERE van die leërskare geglo het nie. So dit is ook die oordeel wat ons van lees oor die Gog en Magog van Esegiël en Openbaring.

Die HERE sal hulle oordeel met die swaard, die Woord van God, en ons as Sy kinders sal dit aanskou. Dit mag dalk wees dat jy soos so baie ander mense van vandag sê hoe is dit moontlik dat al hierdie gruweldade plaasvind en daar kom niks van nie, maar die HERE wil dat ons nou al sal weet dat daar 'n dag kom waar hulle heeltemal vernietig sal word.

Iets wat baie interessant is vir my is dat hier aanhoudend gepraat word van twee aan twee. Dit wys soos ek vroër genoem het dat dit oor Gog en Magog gaan, maar ook soos ons in Openbaring 19 vind, die dier en die vals profeet. So nie net bestaan die groep uit die dier se ryk nie, met ander woorde die wat God verwerp het nie, maar ook die wat valsheid binne die Kerk verkondig het.

Verder sien ons dat Jesus uitgaan op 'n wit perd: "*Opn 19:11 Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid."* So Jesus is as Seun van God altyd in wit klere getooi aangesien dit onmoontlik is vir Hom as God om sonde te kan doen. Maar dan vind ons sy tong, so die woord wat uit Sy mond gaan, is 'n swaard. En die swaard het ons as Christene geleer is die Woord van God. So niemand kan hulle daarop beroep dat hulle nie geweet het nie, want Sy Woord is aan almal bekend gemaak. Selfs aan die wat ons as mense dink vandag dat hulle nie van die HERE weet nie, maar Jesus sê die volgende in Johannes 16: *"Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie;* ***maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle***

***in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is.*** *"* (Joh 16:7-11)

So niemand sal 'n verskoning hê nie, want die Heilige Gees word aan alle mense gegee om hulle te oortuig van sonde sodat hulle 'n verlosser kan soek, en die verlosser is Jesus Christus. En dit wat Hy moes kom doen op aarde het Hy voltooi tydens sy bediening op aarde. Hy het immers aan die kruis gesê: *"Dit is volbring"* So Hy het reeds alles gedoen wat nodig is vir alle mense om gered te word, want Hy is die Weg en die Waarheid, tot in alle ewigheid.

Nou sien ons hoe Johannes die gebeure in Openbaring verwoord: *"En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees."* (Opn 19:19-21)

So niemand het oorleef nie. Een punt wat ons hier moet onthou is dat hierdie mense nie die opstanding van Openbaring 20 sal sien nie. Dié oordeel gaan oor ons as Christene, waar die bokke van die skape geskei sal word.

# JESAJA TWEE EN TWINTIG

## OORDEEL OOR JERUSALEM

*"Godspraak oor die dal van die gesig. Wat is dit dan met jou dat jy, jou hele bevolking, op die dakke geklim het, rumoerige, woelige stad, uitgelate vesting? Die wat in jou verslaan is, is nie deur die swaard verslaan en het nie in die oorlog gesterwe nie. Al jou owerstes het almal saam gevlug, sonder boog is hulle gebind; almal wat in jou gegryp is, is almal saam gebind; hulle het ver weggevlug. Daarom sê ek: Kyk weg van my af, dat ek bitterlik kan ween; dring nie aan om my te troos oor die verwoesting van die dogter van my volk nie; want dit is 'n dag van rumoer en vertrapping en verwarring deur die Here, die HERE van die leërskare, in die dal van die gesig—omgooi van mure en geskreeu na die gebergte toe! En Elam het die pylkoker geneem, met waens, manskappe, ruiters; en Kir het die skild ontbloot. Dan word jou beste dale met strydwaens gevul, en die ruiters staan gereed in die rigting van die poort; en die beskutting van Juda word weggeneem. En in dié dag kyk jy na die wapens in die Huis van die Bos, en julle sien die skeure van die stad van Dawid, dat hulle baie is, en julle vang die waters van die Onderste Dam op. En julle tel die huise van Jerusalem, en die huise breek julle af om die muur te versterk. En julle maak 'n dam tussen die twee mure vir die water van die Ou Dam; maar julle kyk nie na Hom wat dit gedoen het nie, en Hom wat dit lankal beskik het, sien julle nie. En in dié dag roep die Here, die HERE van die leërskare, tot geween en tot rouklag en tot kaalskering en tot omgording van die roukleed; maar kyk, daar is vreugde en vrolikheid, beeste word doodgemaak en skape geslag, vleis geëet en wyn gedrink, met die woorde: Laat ons eet en drink, want môre sterf ons."* (Jes 22:1-13)

Dit mag dalk vir u snaaks klink dat die HERE ook Jerusalem, Sy Kerk sal besoek. Maar dit sal gebeur want die oordeel van die HERE sluit Sy volk in wat gesuiwer moet word. Iets wat baie opvallend van die stuk is dat daar verwys word na 'n dal. Soos almal weet is Jerusalem op 'n Heuwel geleë, maar die HERE verkondig hier dat al dink die mense dat hulle verhewe is bo al die ander wat geoordeel word, hulle verlaag sal word sodat hulle sal kan afsien van hulle mensgemaakte grootheid. Dan vind ons ook dat die mense na die dakke toe vlug, iets wat Jesus ook na verwys in Mattheus 24. *"**Mat 24:17** wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie;"*. So ons vind dat met die oordeel oor die kinders van God, party nog sal vashou dat Jesus na die eindtyd verwys het in Mattheus 24, alhoewel Hy verwys het na die val van Jerusalem in 70NC.

Die gedeelte wys ook vir ons die anderkant van die oordeel oor ons as Sy kinders. Hy vra dat hulle sal wegkyk van Hom af, want Hy wil ween oor die wat binne Sy Kerk, verlore sal gaan. Dit is so dat ons vind dat daar pragtige mense is wat ons almal dink hoog aangeskryf staan in Christendom, maar die HERE sê dat Hy tog sal ween oor die wat verlore sal gaan, want hulle het nie hul oog op Hom gehou nie. Hulle het gemaklik geword en gedink dat hulle reg is, maar tog gaan hulle verlore, en die HERE huil daaroor. "*En in dié dag roep die Here, die HERE van die leërskare, tot geween en tot rouklag en tot kaalskering en tot omgording van die roukleed; maar kyk, daar is vreugde en vrolikheid, beeste word doodgemaak en skape geslag, vleis geëet en wyn gedrink, met die woorde: Laat ons eet en drink, want môre sterf ons."*

So die mense weet hulle het verkeerd gedoen, daarom dat hulle nog fees vier want hulle weet dat die evangelie wat hulle verkondig het, nie die evangelie van Christus was nie, maar een wat die mense hoogmoedig gemaak het. Dit is so jammer om dit te hoor, want dit laat jou wat so na aan die HERE probeer lewe, net nog meer ernstig om te verseker dat die ware evangelie van Jesus verkondig word, sodat almal sal besef dat almal Jesus elke dag van hulle lewe nodig het, en net in afhanklikheid van Hom kan leef.

*"Maar die HERE van die leërskare het Hom in my ore geopenbaar en gesê: Waarlik, hierdie ongeregtigheid word vir julle nie versoen totdat julle sterwe nie! sê die Here, die HERE van die leërskare. So sê die Here, die HERE van die leërskare: Kom, gaan in by daardie bestuurder, by*

*Sebna, wat oor die paleis aangestel is, en sê: Wat het jy hier, en wie het jy hier, dat jy vir jou hier 'n graf uitgekap het soos een wat in die hoogte sy graf uitkap, wat in die rots vir hom 'n woning uithol? Kyk, die HERE sal jou wegslinger, soos 'n man iets wegslinger, en jou vas inmekaar rol, jou vas inmekaar draai soos 'n tol garing, jou soos 'n bal wegslinger na 'n land wat alkante toe wyd is; daar sal jy sterwe, en daar sal jou pronkwaens wees, o skandvlek van die huis van jou heer! En Ek sal jou wegstoot uit jou pos, en uit jou plek sal Hy jou wegruk. En in dié dag sal Ek my kneg Éljakim, die seun van Hilkía, roep; en Ek sal hom jou gewaad aantrek en hom gord met jou gordel, en jou mag sal Ek in sy hand lê, en hy sal vir die inwoners van Jerusalem en vir die huis van Juda 'n vader wees. En Ek sal die sleutel van die huis van Dawid op sy skouer lê; en hy sal oopmaak, en niemand sal sluit nie; en hy sal sluit, en niemand sal oopmaak nie. En Ek sal hom inslaan soos 'n pen in 'n vaste plek, en hy sal 'n eretroon wees vir die huis van sy vader. En hulle sal aan hom ophang die hele swaarte van die huis van sy vader, die spruite en die wilde lote, al die klein huisraad, van komme af tot allerhande kruike toe. In dié dag, spreek die HERE van die leërskare, sal die pen padgee wat in 'n vaste plek ingeslaan is: dit word afgebreek en val, en die drag goed wat daaraan hang, raak tot niet, want die HERE het dit gespreek."* (Jes 22:14-25)

Die gedeelte gaan net verder met die oordele oor Jerusalem, of soos ons vandag bekend staan as die Kerk. Die Kerk probeer so by die wêreld inpas en aanpas dat dit met tye moeilik is om enige verskil te sien tussen die wêreld en die Kerk. So die Kerk is op 'n pad die afgrond af met al sy nuwighede, sy beleid jeens selfde geslag verhoudings, sy musiek wat baie van vandag se pop musiek kunstenaars sal laat wens dat hulle ook die geld gehad het om sulke optredes te kon doen. Ons het gewoond geraak daaraan dat die Kerk die wêrelse mense moet nader trek deur dit wat in die wêreld is, vir hulle binne die Kerk aan te bied.

Met wêreldse dae soos lente dag kan jy meer vermaak kry by die Kerk as wat die wêreld aanbied vir die dag. Soganaamde gospel sangers trek derduisende mense saam om na hul konserte te kom kyk, en vals profete trek sommer amper 'n miljoen mense bymekaar om saam te bid.

Teenoor dit sien ons in 1 Petrus hoe ons lewe eintlik moet wees: *"Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus. Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie.* ***Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig. En as julle Hom as Vader aanroep wat sonder aanneming van die persoon oordeel volgens elkeen se werk, wandel dan in vrees gedurende die tyd van julle vreemdelingskap; omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos, wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil, julle wat deur Hom glo in God wat Hom uit die dode opgewek en Hom heerlikheid gegee het, sodat julle geloof en hoop op God kan wees.*** *As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar vurig liefhê uit 'n rein hart; want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly. Want alle vlees is soos gras, en al die heerlikheid van die mens soos 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af, maar die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is."* (1Pe 1:13-25)

Dan gaan Petrus verder in sy tweede brief en vertel ons presies waar ons begin, en hoe ons hierdie stappe kan volg om nader aan die HERE se verwagtigs te kom. *"Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is.* ***En juis daarom ook moet***

***julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis, en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug, en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde. Want as hierdie dinge by julle aanwesig is en toeneem, dan laat dit julle nie ledig of onvrugbaar tot die kennis van onse Here Jesus Christus nie; want hy by wie hierdie dinge nie aanwesig is nie, is blind en kortsigtig, en het die reiniging van sy vorige sondes vergeet. Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie.*** *Want so sal ryklik aan julle verleen word die ingang in die ewige koninkryk van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus. Daarom sal ek nie nalaat om julle altyd hieraan te herinner nie, alhoewel julle dit weet en vasstaan in die waarheid wat by julle is. En ek beskou dit as reg, so lank as ek in hierdie tentwoning is, om julle deur herinnering op te wek, omdat ek weet dat die aflegging van my tentwoning ophande is, soos onse Here Jesus Christus dit ook aan my bekend gemaak het. En ek sal my beywer, dat julle ook gedurig ná my heengaan hierdie dinge in gedagtenis kan hou."* (2Pe 1:3-15)

Markus 8:36 "*Want wat sal dit 'n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?*"

"*Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.*" (2Kor. 4:17-18) So Jesus vertel ons dat ons nie moet let op die sigbare tekens nie, maar na die onsigbare tekens wat vir ons saligheid, siel en gees, sal waarde toevoeg. So dit gaan nie oor ons fisiese lewe nie, maar oor ons geestelike lewe waar ons op moet konsentreer en suksesvol moet wees. Ons moet konsentreer op dit wat ewigheids waarde het. Nou skryf Paulus ook die volgende aan Timotheus: *"Maar verwerp onheilige en oudwyfse fabels,* ***en oefen jou in die godsaligheid. Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomende lewe het.****"* (1Ti 4:7-8) Nou kom ons nader aan die waarheid, en iets om na te streef en te bereik wat ewigheids waarde het. Maar dit gaan oefening en dissipline verg om by die punt uit te kom waar dit nie net vir die lewe hierna nie, maar ook ons lewe nou gaan beïnvloed. Nou kom ons nader aan 'n definisie van werklike sukses vir Christenne. **'n Gedissiplineerde najaag van 'n godsalige lewe sal vir ons sommer 'n dubbel dosis sukses inhou, beide fisies en geestelik.**

## BYBELSE SUKSES WORD DAN GEDEFINIEER VOLGENS HOEVEEL GODSALIGHEID ONS BEREIK TYDENS ONS LEWE HIER OP AARDE.

Nou het ons ons doel gedefinieër: om godsaligheid te bereik. So ons moet onsself disiplineer om die doel te bereik soos wat ons vind atlete dit doen om sukses op hulle gekose vlak te bereik, of akedemiese persone wat hulle toewy om hul doel te bereik, of 'n besigheids persoon wat graag die hoogste sport in sy besigheid wil bereik. Hulle lewe en wy hulle self toe om hierdie doel van hulle te bereik, maar dit kos disipline en toegewydheid. Dit is hoe ons dit ook moet doen. Ons godsaligheid moet die hele tyd ons hoogste prioriteit wees, en dit is wat ons moet nastreef.

Dit is ook hoekom Jesus gesê het: "Mat 6:24 *Niemand kan twee here dien nie; want òf hy sal die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie!*" So ons moet ons godsaligheid najaag met dieselfde erns as wat jy jou besigheids sukses najaag. Ek sê verseker nie jy moet jou werk los en nou net jou godsaligheid najaag nie, maar jy moet dit in dieselfde lig sien soos jy jou hele lewe sien. Dit is nie net maar iets wat ek elke nou en dan aandag aan spandeer nie. Dit moet heeltyd iets wees wat ek nastreef.

## GODSALIGHEID

Hoe benader ons nou hierdie doelwit van godsaligheid? Ons vind die antwoord op die vraag wanneer ons 2 Petrus 1 verse 1 tot 11 bestudeer. Ek wil graag dit op 'n vers by vers metode benader sodat ons die antwoorde in die regte perspektief kan plaas, en nie gedeeltes buite hierdie perspektief gebruik nie. Dit beantwoord ook sommer 'n hele aantal algemene vrae wat ek as Christen elke nou en dan oor wonder. Dit sal vir ons dan die vraag wat ons almal het van "Waarom is ek hier?", ook beantwoord en betekenis aan gee.

Vers 1: *"Simeon Petrus, 'n dienskneg en apostel van Jesus Christus, aan die wat net so 'n kosbare geloof as ons verkry het deur die geregtigheid van onse God en Saligmaker, Jesus Christus:"* Ons vind nou wie die skrywer van die boek is. Die outeur is Petrus wat 'n apostel was en 'n dienskneg is van Jesus Christus. 'n Dienskneg van Jesus Christus was 'n kneg vir iemand anders gewees, en nadat hy vrygekoop is en nie meer nodig het om die persoon se kneg te wees nie, hom weer willens en wetens weer as 'n kneg vir iemand anders stel. Die Christen se vryheid is gekoop deur die bloed van Jesus Christus. *"omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,"* (1Pe 1:18-19). *"Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort."* (1Kor 6:19-20) Ons almal was eentyd diensknegte van Satan, maar nadat Jesus ons met Sy bloed losgekoop het, moet ons nou weer onsself as diensknegte van Jesus aanstel. Ek kan nie net verklaar dat ons nou vrygekoop is van die Satan nie, maar moet myself weer skaar by Jesus as Sy dienskneg. Ek moet dit uit myself doen en nie gedwonge voel om dit te doen nie. As Sy diensknegte sal ons Sy wil doen en Sy bevele gehoorsaam. Ons let ook op in die brief dat almal wat losgekoop is, geloof ontvang het. Romeine 12 vers 3 stel dit as volg: *"Want deur die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen wat onder julle is, dat hy nie van homself meer moet dink as wat 'n mens behoort te dink nie; maar dat hy daaraan moet dink om besadig te wees* ***na die maat van geloof soos God dit aan elkeen toebedeel het."*** So elke Christen het alreeds sy gawe van geloof ontvang soos wat God aan hom toebedeel het. Ons, vandag, is kinders van God *"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;"* Joh 1 vers 12. So Petrus skryf dus die brief aan ons, as kinders en diensknegte van God.

Nou kom vers 2. *"Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here!"* Ons genade en vrede kan vermeerder word. Die Engelse vertalings gebruik die woord "muliplied". So daar word nie net bygevoeg nie, maar dit word vermenigvuldig. Maar hoe word dit gedoen? Deur kennis van God en Jesus, onse HERE. Die woord kennis word 7 keer genoem in hierdie kort brief, en maak dit die kern van hierdie boek. Baie valse leraars sê dat hulle God ken, "*Tit 1:16 Hulle gee voor dat hulle God ken, maar hulle dade weerspreek dit. Hulle is verfoeilik en koppig en deug vir geen goeie werk nie.*", maar hulle dade spreek nie daarvan nie. En valse kennis en genade kan nie vermeerder nie.

Vers 3. *"Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag."* So ons het alreeds alles ontvang wat ons benodig omdat Hy dit alreeds vir ons geskenk het. Ek het dit nie verdien nie, maar Hy het dit geskenk. So ons weet dat ons geroep is deur Hom, deur Sy heerlikheid en krag. Dit dwing ons dan ook om Hom te dien, want ons lewe is in Hom.

Vers 4: "*Deur dit te doen, het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur.*" Nie alleen is ons deur Hom geroep nie, maar het ons die grootste gawe wat ons kan kry, verkry. Ons het Sy kind geword, en weet jy wat Jesus is ook Sy kind, en het ons Sy natuur gekry. So ons het dieselfde natuur gekry as wat Jesus het. Nou kan ons wegvlug van alle begeerlikhede in die wêreld. Ons word nou seuns en dogters van die HERE. Ons het Jesus se natuur ontvang. As dit jou nie opgewonde maak nie, weet ek nie hoe om jou opgewonde te kry nie. Ons het al Jesus se mag alreeds in ons lewe. Wanneer ons

kyk na Mattheus 28, sê Jesus as volg: "*Mat 28:18 Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde.*" Besef jy dat jy dieselfde mag gekry het, want Jesus het ons ook kinders van die Vader gemaak. Het jy al daardie krag geproe en gebruik jy dit elke dag?

## DIE DEUGDE

Vers 5. *"En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis,".* Nou begin ons by die deugde van die mees suksesvolste Christen. Die drie verse, (5, 6 en 7) lig hierdie deugdes vir ons uit. Dit laat my altyd dink aan 'n leer, waar jy onder begin by dit waar almal is en gekry het, naamlik geloof. So sodra jy die eerste trap bereik het, lê die volgende trap vir jou voor. Jy kan ook nie sommer dink dat jy net vinnig dit kan klim nie, want jy moet met elke stap verseker dat die leer nog stewig staan voordat jy na die volgende trap kan gaan. Val jou leer om, dan moet jy maar weer van vooraf begin, en gly jou voet af na die vorige trap, moet jy maar net uithou en aanhou totdat jy bo kan uitkom. Ek weet nie een van ons hou van terugslae nie, maar miskien is daar nog iets wat jy op die vorige trap mis gekyk het en eers nog moet leer. Die ander eienskap wat ek by 'n leer vind is dat iemand wat heeltyd afkyk nie maklik bo uitkom nie, want jy wil nie boontoe kyk nie. Maar jou hulp kom juis van bo af, want dan kan jy die res van die leer nog sien wat voorlê, en gee dit jou moed en por jou aan om seker te maak dat jy bo kan kom. Die ander gedeelte wat ek hieruit leer is dat ons as Christenne geloof kry as 'n geskenk, en wanneer ons hierdie leer begin klim verander ons morele standaarde na Bybelse standaarde. En dit is iets wat die wêreldse mense en die lig gelowiges nie van weet nie, omdat hulle nie geloof het nie. So slegs die persone wat geloof ontvang het, sal hierdie leer kan uitklim. Ek hou nogal van die NASB(New American Standard Bible) se uitdrukking van "moral excelence". Dit is wat die eerste trappie is, en dit is om jou morele standaarde te vestig. Indien die Bybel iets as verkeerd verklaar moet ons nie kom met slinkse stories om die gewoonte en sonde as niks af te maak nie. Dit is iets wat ons so baie kry by teoloë vandag wat die Bybel bevraagteken, of dit afmaak as iets wat nie meer vandag kan geld nie. Of hulle kom met voorstelle wat hulle met geen gedeelte in die Bybel kan vasmaak nie. Of hulle verskuif die klem na iets anders. So word byvoorbeeld gesê Sodom en Gomorra is verwoes omdat hulle nie na hul naaste omgesien het nie, maar Genesis 19 beskryf waaroor dit verwoes is, oor seksueele immoraliteit. Ons kan maar net terug dink aan die afgelope paar maande hoeveel van hierdie standaarde aangeval is. En dit is waar ons menseregte vandaan kom, want almal wil dat ons nie dit wat vir ons reg is meer mag toepas nie, want dit is "vernederend" vir die wat nie glo in die HERE nie. Ons het mos ons regte.

Die mense laat my dink aan 'n gelykenis van Jesus. *"Sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer. En die een wat die een talent ontvang het, kom ook en sê: Meneer, ek het u geken, dat u 'n harde man is wat maai waar u nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar u nie uitgestrooi het nie; omdat ek bang was, het ek gegaan en u talent in die grond weggesteek. Hier het u wat aan u behoort. Maar sy heer antwoord en sê vir hom: Jou slegte en luie dienskneg, jy het geweet dat ek maai waar ek nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar ek nie uitgestrooi het nie. Daarom moes jy my geld by die wisselaars gestort het, en ek sou by my koms wat aan my behoort, met rente ontvang het. Neem dan die talent van hom weg en gee dit aan die een wat die tien talente het; want aan elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het. En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande."*(Mat 25:23-30) Dit beskryf nogal vir my die mense wat sê hulle het geloof, en jou aanvat indien jy iets aanraak wat ander mense in 'n slegte lig sal plaas, want jy as gelowige "mag" mos nie oordeel nie. Die feit dat jy al van die trappe van die leer geklim het, sal hulle altyd afmaak as geestelike hoogmoed.

Die volgende trap wat ons moet baas raak is kennis. Hoe goed ken jy die Bybel? En die boodskap van die Bybel? Kan jy Christus aan mense bekendstel deur net die Ou Verbond te

gebruik? Dit is waarvan Petrus hier praat. Ons moet weet wie die HERE is, in al drie vorme, Vader, Seun en Heilige Gees. Ons moet Hom intiem ken soos jy jou lewensmaat ken, indien jy wel jou lewensmaat liefhet, en nie net as 'n slaaf gebruik nie. So ons moet die Bybel en die verlossingsboodskap ken. Ons moet weet hoekom goed gebeur het, en mense kan leer. Dit is tog wat 'n dissipel is. Iemand wat soos sy meester geword het in alle aspekte. Iemand wat mense na kan opkyk en weet dat die persoon die HERE ken en liefhet. *"En die skrifgeleerde sê vir Hom: Goed, Meester, U het met waarheid gesê dat God een is en daar geen ander is as Hy nie; en om Hom lief te hê uit die hele hart en uit die hele verstand en uit die hele siel en uit die hele krag, en om die naaste lief te hê soos jouself, is meer as al die brandoffers en die slagoffers. Toe Jesus sien dat hy verstandig geantwoord het, sê Hy vir hom: Jy is nie ver van die koninkryk van God nie. En niemand het dit meer gewaag om Hom vrae te stel nie."* (Mar 12:32-34) Dit is die kennis wat ons moet leer. Daardie opgewondenheid wat jy gehad het die eerste paar kere wat jy jou lewensmaat ontmoet het, met jou hart wat hier in jou keel geklop het en waar jy nie kon wag vir die volgende kuier nie. Jesus is immers ons bruidegom waarmee ons in die huwelik bevestig gaan word as Sy bruid. Het jy nog daardie uitkyk in jou lewe dat jy soveel van Hom weet dat jy nie kan wag om eendag voltyds met Hom te wees nie. En dan sal ons Hom eers ten volle kan ken, soos ons lewensmaat.

Vers 6**.**Nou volg die volgende drie deugde of trappe op ons leer. "2Pe 1:6 *en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug,*". Nou nadat ons die kennis het van wie ons bruidegom is, moet ons kan kom by selfbeheersing. Dit is seker een van die moeilikste deugde, om nee te kan sê, en jouself ten alle tye te kan gedra. Ek weet hierdie is iets wat ons elke dag teen moet veg, maar weet jy dat indien ons die Woord regtig ken en die verbond se stappe gevolg het, word die stap vir ons sommer baie makliker. Want weet jy Satan en sy trawante het gesneuwel in die dooie see, die doopbad. Met die doop van die gelowige, verlaat jy Egipte, die plek waar Satan heers, en kom jy uit onder die eienaarskap van Satan en voeg jy jou by die HERE se volk onder Sy gesag, en kan ons ons wapens van Efesiërs 6 soveel makliker gebruik. Want ons weet ons kan onsself heilig en maagdelik hou vir ons bruidegom, maar dit gaan die volgende deug kos, en dit is lydsaamheid. Ons moet weet hierdie versoekings gaan nie maar net vanself ophou nie, dit gaan lydsaamheid kos om dit te weerstaan. Daar is 'n gedeelte in Lukas wat dit vir my baie goed uitlig: *"Wanneer 'n sterk man wat goed gewapend is, sy huis bewaak, is sy besittings in veiligheid. Maar as een hom oorval wat sterker is as hy en hom oorwin, neem hy sy volle wapenrusting weg waar hy op vertrou het, en deel sy buit uit."* (Luk 11:21-22) So ons moet heeltyd waak en op die uitkyk wees vir hierdie goed wat ons selfbeheersing en lydsaamheid gaan toets. "Jak 4:7 *Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.*" So ons kan die versoekings wat oor ons pad kom weerstaan, en so selfbeheersing aan die dag lê. Ek weet ons sien selfbeheersing meeste kere as iets waar ek nie mag teen uitvaar nie, maar ek dink Dawid het ook daaroor gewonder en die volgende kwytgeraak: "*Psa 15:4 in wie se oë die verworpene veragtelik is, maar hy eer die wat die HERE vrees; al het hy gesweer tot sy skade, hy verander nie;*". So ek mag maar kwaad raak vir die goddeloses en dit het geen invloed op my selfbeheersing nie.

*"Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag. Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom."* (2Pe 3:8-9) So die HERE leer ons ook om lydsaamheid te ken, want Hy wil dat alle mense tot die waarheid moet kom. Ons wil so graag dat die einde van hierdie lewe moet kom, maar die HERE wil graag dat elke persoon 'n besluit sal neem om Hom te dien. Maar daar gaan 'n dag kom wanneer dit te laat gaan wees om uit te stel om Hom as Bruidegom van jou lewe te maak.

Die laaste deug in die vers is die godsvrug. Dit beteken dat ek sal begin om heiligheid en geregtigheid uit te straal. Dit beteken dat ek sal begin om vrugte te dra wat by die bekering pas. Ek sal nie meer kan wegkruip agter verskonings nie, nee, ek sal moet kan pa staan vir dit wat in my lewe gebeur en hoe ek optree.

Ons is veronderstel om almal vroom of godvrugtig te wees en so te lewe. Die heel eerste en belangrikste eienskap van godsvrug is dat slegs iemand wat God ken, sal verstaan hoe hy in sy lewe van elke dag die beeld van God moet uitlewe. Ons is elke sekonde in God se teenwoordigheid, wat ons ookal doen en waar ons ook al is. As mens dit besef, dan moet dit jou lewe verander. Die Bybel praat 'n hele paar keer van godsvrug of vroomheid. Die dinge wat elke keer gekoppel word aan die woord godsvrug of vroomheid, gee 'n baie mooi inhoud van hoe iemand wat godvrugtig lewe, se doen en late na ander mense (en na God) toe oorkom. So lees ons in Handelinge 22:12 dat Ananías 'n man was wat vroom gelewe het. Hy het dus alles gehoorsaam gedoen wat die Here van hom verwag het. Die Bybel voeg dan iets bitterlik belangriks by: Ananías het goeie naam gehad by al die Jode wat daar woon. Presies dieselfde beginsels rondom godsvrug lees ons ook in Job se geskiedenis: "*Is jou godsvrees nie jou hoop, jou vrome wandel, jou verwagting nie?*" (Job 4:6) Heidene doen baie keer dinge wat vir die Here en sy heiligheid net totaal onaanvaarbaar is. Wanneer 'n heiden tot bekering kom, moet sy lewe verander, sodat dit godvrugtig kan wees. Titus, (2:12) het daarom opdrag gekry om sy lidmate te leer dat hulle die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede moet verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld moes lewe. Dis presies wat godsvrug is - en presies wat van ons ook verwag word dat ons Godsvrug aan almal rondom ons sigbaar moet wees.

Later het Paulus aan Timoteus weer 'n brief gekryf waarin daar 'n duidelike beskrywing was van mense in wie se lewens godsvrug (vroomheid) ontbreek. Kyk wat vind ons in 2 Timoteus 3:2-5 "*Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af".*

Vers 7"*en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde*." Nou kom ons eers by die laaste twee deugde uit. En dit is deugde wat die meeste mense dink eerste in jou lewe moet gebeur, maar tog vind ons hier dat eers wanneer ons aan die bo punt van hierdie leer kom, ons eers by liefde uitkom. En dit word in twee aparte deugde opgedeel, eerstens liefde teenoor jou mede broeders in die geloof, en dan naaste liefde. So broederliefde is hoe ek teenoor my huishouding, my mede Christen broeder en suster optree. Ons moet mekaar liefhê en daardie band sal lewenslank vir jou belangrik wees. Jy sal uit jou pad gaan om jou familie in die HERE te help sover as wat moontlik is. Dit is tog immers hoe ons binne 'n huisgesin optree. Ons sal vir mekaar instaan, liefhê, en sommer net omgee. So hierdie is nie net om om te gee nie, maar om jou mede Christen as jou eie familie te aanvaar, want ons het almal een Vader en een Verlosser wat ons saamvoeg.

Dan kom ons by die laaste sport op die leer, en dit is naaste liefde. Dit is die liefde wat vir ons so mooi in 1 Kor.13 beskryf word. *"Al sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword. En al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie. En al sou ek al my goed uitdeel, en al sou ek my liggaam oorgee om verbrand te word, en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie. Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. Die liefde vergaan nimmermeer; maar profesieë—hulle sal tot niet gaan; of tale—hulle sal ophou; of kennis—dit sal tot niet gaan."* (1Kor 13:1-8) Van die Engelse vertalings gebruik die woord "charity" in die plek van liefde. Dit is eintlik vir my 'n baie goeie manier om dit te beskryf, want wanneer ek liefdadigheidswerk doen, doen ek dit sonder om iets terug te verwag. En dit is wat Jesus vir ons kom doen het. Hy het Sy lewe vir ons gegee sonder dat ons dit gevra het of dit verdien het. En

dit is wat naasteliefde beteken. Wanneer ek my alles gee vir iemand sonder dat hulle dit verdien of vra daarvoor. Eers wanneer ek daar kom het ek die boonste sport bereik, of het ek?

Vers 8 en 9: *"Want as hierdie dinge by julle aanwesig is en toeneem, dan laat dit julle nie ledig of onvrugbaar tot die kennis van onse Here Jesus Christus nie; want hy by wie hierdie dinge nie aanwesig is nie, is blind en kortsigtig, en het die reiniging van sy vorige sondes vergeet."* (2Pe 1:8-9) So nou begin ons volgende seisoen saam met die HERE. En dit begin weer by die eerste trap, die deug. So iemand wat dalk meer as jy weet of waarna jy dalk opsien, het net al baie keer hierdie leer uitgeklim, en weer van vooraf begin. Dit is wat vers 8 vir ons so mooi uitdruk "*Want as hierdie dinge by julle aanwesig is en toeneem,"*. So ek sal nooit ledig rondsit nie, maar ek sal elke keer weer voor begin en verder groei, tot die dag aanbreek wanneer ek my kop vir die laaste keer op hierdie aarde neerlê. Eers daarna, sal ek my eindbestemming behaal. Indien ek dink ek het dit nou gemaak en is tevrede waar ek nou is, dan tree vers 9 in werking: " *want hy by wie hierdie dinge nie aanwesig is nie, is blind en kortsigtig, en het die reiniging van sy vorige sondes vergeet."*

Ons moet regtig onthou dat Christenskap is nie 'n gebeurtenis nie, maar 'n pad wat ek elke dag en elke oomblik van die dag op moet toespits, sodat ek sal weet waar ek staan met die HERE.

Maar nou, wat as ek dalk faal in my poging om hierdie leer uit te klim? Kyk waar jy gefaal het, en spits jou toe om die beginsel weer te verstaan en gaan aan. Niemand van ons is volmaak nie, maar ons kan weet wanneer ons verkeerd optree, en dan kan ons onself toespits om die stap waar ons gefaal het, weer te bestudeer en seker te maak dat ons nie weer in die slagyster trap nie.

Maar Petrus bemoedig ons ook in die volgende vers, en dit is waar ek hoop elkeen van ons eendag sal by uitkom: "2Pe 1:10 *Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie.*" Is dit nie 'n fantastiese belofte nie. Dat indien ons onself toespits op hierdie deugde, daar 'n tyd gaan kom waar ons nie meer sal struikel nie. So ons kan weet dat ons weet dat ons op die plek is waar die HERE ons graag wil hê.

Petrus sluit die hoofstuk af met 'n bede wat ek graag wil uitspreek oor elkeen wat hier lees: *"En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte;* ***terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.****"* (2Pe 1:19-21) So ek bid dat die Heilige Gees elkeen van ons sal lei en dat Hy elke profesie sal ontsluit met die regte betekenis, en nie soos deur een of ander teoloog vir ons voorgehou word nie.

So wat is die deugde van 'n suksesvolle Christen: *"waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is. En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis, en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug, en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde."* (2Pe 1:4-7)

Hoe vêr het jy al op jou leer gevorder? Hoeveel keer het jy al die leer in jou lewe al uitgeklim?

My gebed is dat ons elkeen hierdie pad sal baasraak, sodat ons werklik in broederliefde met ons mede gelowiges, kan leef. So kyk na jou lewe en besluit self watter boustene of trappe jy nog in jou lewe moet baasraak, en spits jou toe om dit te bemeester. Dit is hoekom ons as Kerk ook geoordeel sal word, en dit is waarvan Jesaja in hierdie hoofstuk vir ons uitlig.

# HOOFSTUK DRIE EN TWINTIG

## OORDEEL OOR TIRUS EN SIDON – DIE VOORSPOED (NAME IT, CLAIM IT AND FRAME IT) LEERSTELLINGS GEMEENTES

*"Godspraak oor Tirus. Huil, skepe van Tarsis! want dit is verwoes, sodat daar geen huis, geen terugkeer meer is nie. Uit die land van die Kittiërs het dit aan hulle openbaar geword. Staan verstom, inwoners van die kusland! Die koopmans van Sidon wat oor die see vaar, het jou vroeër gevul. En op groot waters is die saad van Sigor, die oes van die Nyl, in hom ingebring; en so het hy 'n handelswins vir die nasies geword. Staan beskaamd, Sidon, want die see, die vesting van die see, spreek en sê: Ek het geen weë gehad en nie gebaar nie, en ek het geen jongmanne grootgemaak of jongedogters opgevoed nie. As die tyding na Egipte kom, beef hulle daar van angs by die tyding aangaande Tirus. Vaar na Tarsis oor, huil, inwoners van die kusland! Is dít julle uitgelate stad wat in die dae van die voortyd sy oorsprong het, wie se voete hom ver weggedra het om in vreemde lande te vertoef? Wie het dit besluit oor Tirus, die uitdeler van krone, wie se koopmans vorste, wie se handelaars die edeles van die aarde was? Die HERE van die leërskare het dit besluit, om te ontheilig al die pralende trots, om die edeles van die aarde in veragting te bring. Stroom oor jou land soos die Nyl, dogter van Tarsis! Daar is geen gordel meer wat hinder nie. Hy het sy hand uitgestrek oor die see, koninkryke laat sidder! Die HERE het bevel gegee met betrekking tot Kanaän, dat sy vestings verwoes moet word. En Hy het gesê: Jy sal verder nie meer uitgelate wees nie, o onteerde jonkvrou, dogter van Sidon! Maak jou klaar, vaar oor na die Kittiërs toe; ook daar sal jy geen rus hê nie. Kyk, die land van die Chaldeërs—dit is die volk wat tot niet gegaan het: Assur het dit bestem vir die woestyndiere, het sy wagtorings daarteen opgerig, het die paleise daarvan verwoes, het dit 'n puinhoop gemaak. Huil, skepe van Tarsis, want julle vesting is verwoes! En in dié dag sal Tirus vergeet word, sewentig jaar lank, soos die dae van een koning. Aan die einde van sewentig jaar sal dit met Tirus gaan volgens die hoerelied: Neem die siter, gaan rond in die stad, vergete hoer! Speel mooi, sing baie, dat hulle aan jou kan dink. En aan die einde van sewentig jaar sal die HERE op Tirus ag gee, en sy sal terugkeer na haar hoereloon en hoereer met al die koninkryke van die aarde wat op die aardbodem is. Maar haar handelswins en haar hoereloon sal aan die HERE heilig wees; dit sal nie opgehoop of weggesit word nie; maar haar wins sal wees vir die wat voor die aangesig van die HERE woon, om te eet tot versadiging en vir pragtige klere."* (Jes 23:1-18)

## FILISTYNSE KERK.

Die mense van die Kerk het wel die pad gevolg wat deur die HERE aangewys is om in Kanaän te kom, maar het nie die Filistyne in hul gebied oorwin nie, en so het die Filistyne hulle oorwin. Daar is ook twee dele van die Kerk. Die eerste deel is die van Sidon, en die tweede deel is die van Tirus. Die gedeeltes was die erfdeel van Aser en Sèbulon, twee van die twaalf stamme van Israel. Indien ons reg onthou van die kinders van Jakob, sal ons onthou dat Sèbullon se erfdeel teen die see is, 'n gedeelte wat later as Tirus bekend geword het, en Aser se erfdeel Sidon was. Hulle gebied is later deur die Filistyne oorgeneem aangesien die twee stamme se mense nie die Filistyne uitgeroei het soos deur die HERE verwag nie. Hoe is die mense dan wat aan die Kerke behoort, en wat is hulle oordele?

Hiervoor moet ons kyk na die oordele wat oor die gedeeltes in die Bybel uitgespreek word. Dit sal dan vir ons riglyne gee oor wie aan die Kerk behoort, want hulle het die pad gevolg wat die HERE aangewys het, hulle het selfs hulle erfdeel ontvang, maar hulle het nie al hulle begeertes gekruisig nie.

Hier sien ons dat daar nie onderskeid gemaak word tussen Sidon en Tirus nie. Hulle word basies gesamentlik aangespreek. Die een punt wat uitstaan is dat dit 'n volk is wat daarvan hou om handel te dryf, en baie goed daarmee is. Hulle hou daarvan om geld te maak uit hulle

transaksies, en doen besigheid met enige iemand, net terwyl daar ‘n wins aan die einde van die dag is. Die HERE spreek egter hulle aan dat daar totale verwoesting oor hulle sal kom, maar eindig tog die oordeel oor hulle dat hulle handelswins wat hulle in hoerery verkry, gebruik sal word om te sorg vir die wat werklik voor die HERE woon, en vir pragtige klere, met ander woorde, mense wat die HERE regtig ken en rein klere aanhet. Wie die Kerk is, word later in Esegiël vir ons uitgelig, maar wat hier duidelik is dat hulle deel van die hoer van Openbaring gaan wees in die laaste dae, omdat hulle met almal in die wêreld hoereer.

Hieruit kan ons aflei dat dit by hulle gaan oor geld, en dat hulle nie omgee met wie hulle saamwerk nie. Dit maak nie saak of die mense werklik die HERE ken nie, net terwyl hulle hul tiende betaal by die Kerk is alles reg. Ek het eenmaal gevind dat een van die leraars in so ‘n gemeente my gevra het of ek sal omgee as daar Moslems of Hindu’s ook na my Bybelskool gestuur word, want hulle betaal hulle tiende aan die HERE en daaroor kan hy nie weier dat hulle nie mag deelneem aan al die gemeentelike byeenkomste nie. Die groep klink so half vir my of hulle deel kan wees van die Pinkster/Charismatiese beweging, wat glo daarin dat die HERE hulle finansieël sal vergoed vir hulle geloof. Daar is hoevele mense wat fotos van die motors en allerhande ander items wat hulle wil hê op hulle yskaste plak en glo dat hulle dit sal ontvang, want hulle geloof is nie altyd ‘n geloof in Jesus as die Christus nie, maar geloof in hulle geloof. Hulle sal altyd vir jou verklaar dat jy dit net moet verwag en die HERE sal dit vir jou gee. Hulle volg die sogenaamde “name it claim it en frame it” teologie. Mense soos Kenneth Copeland en ander spesialiseer daarin. Jy moet net jou tiende betaal, want dan sal die HERE jou seën. Die feit dat Jesus alle offers afgestel het met Sy sterfte, en so ‘n einde gebring het aan tiendes, word nie geleer nie. Verder vind ons dat baie Pinkster leraars oorgaan na die Charismatiese beweging omdat hulle dan nie meer nodig het om ‘n deel van hulle inkomste aan ander te gee nie, nee alles kan dan plaaslik aangewend word. Die een goeie punt wat wel uit die gedeelte kom is dat die beweging wel baie mense leer van die HERE, en dat hulle sorg dat baie mense wel met rein klere voor die HERE sal verskyn. Dit is wat bedoel word met die gedeelte oor die handelswins wat vir die doel van die HERE gebruik word.

## KOM ONS KYK NA WAT DIE ANDER PROFETE OOR DIE GROEP OOK PROFETEER

**Jeremia**: *“Die woord van die HERE wat aangaande die Filistyne tot die profeet Jeremia gekom het voordat Farao Gasa verslaan het. So sê die HERE: Kyk, die waters rys op uit die noorde en hulle sal ‘n oorlopende stroom word; ja, hulle oorstroom die land en sy volheid, die stad en die wat daarin woon; en die mense sal skreeu, en al die inwoners van die land sal huil, weens die stampgeluid van sy perde se pote, weens die geraas van sy waens, die gedreun van sy wiele. Die vaders kyk nie om na die kinders nie—so slap is die hande— weens die dag wat kom om al die Filistyne tot niet te maak, om van Tirus en Sidon die laaste een uit te roei wat kan help; want die HERE maak die Filistyne tot niet, die oorblyfsel van die eiland Kaftor. ‘n Kaal plek het op Gasa gekom; Askelon is vernietig, die oorblyfsel van hulle dal. Hoe lank sal jy jou stukkend kerwe? Wee, swaard van die HERE, hoe lank sal jy geen rus hê nie? Keer terug in jou skede, rus en wees stil. Hoe sou dit rus hê, terwyl die HERE daaraan bevel gegee het teen Askelon en teen die seekus? Daar het Hy dit bestel.”* (Jer 47:1-7).

Hier vind ons skielik waar ek aan die naam van die Filistynse Kerk gekom het. U sien dat Sidon en Tirus in die land van die Filistyne val, en omdat Jakob se kinders nie die Filistyne uitgeroei het nie maar hulle slegs onderdanig gemaak het, het die Filistyne so met Israel vermeng dat hulle slegs Filistyne geword het. Een punt wat ek wel wil maak is dat dit nie net sleg is in die Filistynse Kerk nie. Baie goeie mense kom daarvaandaan. Tarsis val ook in die streek, en dit is die dorp waarvandaan Paulus gekom het.

**Esegiël**: Hy is die profeet wat die meeste oordele oor die Filistynse Kerk uitspreek. Hy begin by die Filistyne wat wraaksugtig gehandel het teen die nakomelinge van Jakob in hoofstuk 25, en gaan dan deur tot aan die einde van hoofstuk 28, waar hy eindig met die profesie teen Sidon. Ek

gaan dus nie die hele gedeelte aanhaal nie, maar sal slegs enkele gedeeltes uitlig. Ek stel voor dat u maar u Bybel nader trek en self die drie hoofstukke lees om die volle impak van die oordeel te kry.

In die begin van hoofstuk 26 vind ons hoekom die HERE hulle aanspreek. *"Mensekind, omdat Tirus oor Jerusalem geroep het: Ha, ha! die poort van die volke is gebreek, dit is na my toe gedraai; ék sal vol word, dit is verwoes— "*(Eze 26:2) Hier sien ons dat die Filistynse Kerk die poort van die volke na hom toe gedraai het. Wat beteken die gedeelte? Jerusalem is die ware Kerk, maar die Filistynse Kerk het, inplaas daarvan om mense te wen vir die ware Kerk, mense gewen vir hulself, om hulle eie gemeentes vol te maak. Kyk maar om u en sien hoeveel persone woon die dienste van die Kerk by, want al wat jy moet doen om deel te word van die Koningkryk van God is om 'n gebedtjie na te luister en dan is jy deel van die Kerk. Van dit wat die Bybel ons leer oor hoe ons as Christene dissipels van Jesus moet maak, is daar geen sprake van gedurende die oproep wat gewoonlik net na die preek gedoen word nie. Eers wanneer die persoon dalk by 'n selgroep inskakel, sal dalk genoem word dat daar sekere leerstellings is wat gevolg moet word. Verder is die poort na die volke toe gedraai, so enige persoon kan maar inkom, daar word nie verwag van die persoon om 'n keuse te maak om hom of haar by Israel te voeg nie.

Vers 13 is ook 'n baie bekende sleutel van die Filistynse kerk, deurdat Esegiël as volg verklaar: ***"En Ek sal die geruis van jou liedere laat ophou, en die klank van jou siters sal nie meer gehoor word nie."*** (Eze 26:13) Die Kerk word gekenmerk deur hulle musiek wat absoluut alle aspekte van die diens oorheers. Vir van die ouer gemeentes is dit aanvaarbaar as daar vier vinnige en drie stadige liedjies gesin word, maar meeste van die mega gemeentes het spanne wat die gemeente in sang moet lei. Ek weet waar van die musikante in sonde verval het, gay is en dit goedpraat, en dan Sondae die gedeelte van die diens lei.

'n Verdere eienskap van die Filistynse Kerk is dat hulle goed kan handel dryf. Ons hoef maar net te kyk hoe word daar handel gedryf met dit wat eintlik veronderstel is om rein te wees. Daar word van elke versie 'n armbandjie of 'n T hemp gemaak en verkoop. Van die Kerke het groot boekwinkels waar jy vertrap word op 'n Sondag voor of na die dienste. Van die gemeentes het selfs hul eie winkels in groot winkelsentrums want hulle wil hulle gedeelte van die geld wat spandeer word nie mis loop nie. Alles word natuurlik gedoen omdat hulle die Woord aan die wereld wil uitdra. Dit is die handeldryf waarvan Esegiël praat. 'n Voorbeeld wat ek self ervaar het is dat my een dogter in so 'n winkel gewerk het, en toe ons haar die dag voor Kersfees om drieuur die middag wou gaan haal, is ons meegedeel dat sy eers die winkel om sesuur mag sluit, al was al die ander winkels, en dit sluit plekke soos Game en Checkers in, alreeds om tweeuur die middag gesluit. Dan word daar romanse geskryf oor die eindtyd en mense koop dit by die miljoene, en alhoewel dit nie 'n greintjie waarheid bevat nie, bou mense hulle lewe daarop en indien jy met hulle praat oor die eindtyd, is hulle verbaas en wil jou nie glo as jy sê dat dit net 'n storie is nie.

Hoofstuk 28 is seker die verdoemenste hoofstuk wat aan diè Kerk gerig word. Daar word die vors van die Kerk geïdentifiseer. *"Mensekind, hef 'n klaaglied aan oor die koning van Tirus, en sê vir hom: So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. Jy was 'n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op 'n heilige berg; 'n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is. Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut! Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op*

*jou neer kan sien. Weens die menigte van jou ongeregtighede, deur die onreg van jou koophandel, het jy jou heiligdomme ontheilig; daarom het Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitgaan; dit het jou verteer, en Ek het jou tot as gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het. Al jou bekendes onder die volke is ontsteld oor jou; jy het 'n verskrikking geword en sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie."* (Eze 28:12-19).

Watter verskriklike woorde om aan te hoor, dat jou koning wat eintlik oor jou heers, wat agter dit alles gesit het in jou lewe, die Satan is. Onthou dat Jesus gesê het dat die liefde vir geld, en nie geld self, die probleem is.

Ons moet ook onthou dat nie alle Pinkster/Charismatiese Kerke deel is van die Filistynse Kerk nie. Geen persoon sal geoordeel word volgens wat sy Kerk glo nie. Elkeen sal sy eie pak dra. So, die Filistynse Kerk word opgemaak uit die persone wat die Kerk in 'n sentrum van handeldryf verander het en in die meeste gevalle die voorspoedsleer soos hierbo verduidelik, aanhang.

Esegiël gaan verder en rig ook 'n profesie aan teen Sidon. *"Mensekind, rig jou aangesig teen Sidon en profeteer teen hom en sê: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Sidon, en Ek sal My verheerlik in jou midde; en hulle sal weet dat Ek die HERE is as Ek in hom strafgerigte voltrek en My in hom as die Heilige laat ken. En Ek sal die pes in hom stuur en bloed op sy strate, en die gewondes sal in hom val deur die swaard wat teen hom is van alle kante, en hulle sal weet dat Ek die HERE is. En daar sal vir die huis van Israel geen steekdoring en smartlike distel meer wees onder almal wat rondom hulle is nie, wat hulle verag; en hulle sal weet dat Ek die Here HERE is. So sê die Here HERE: As Ek die huis van Israel versamel uit die volke onder wie hulle verstrooi is, en Ek My in hulle as die Heilige laat ken voor die oë van die nasies, dan sal hulle in hul land woon wat Ek aan my kneg Jakob gegee het."* (Eze 28:21-25)

Die profeet maak dit hier duidelik dat die HERE die mense van die Kerk sal oordeel, want hulle gee die indruk dat hulle reg is, maar tog is hulle dood. Dit is waarom hulle die pes sal kry, want dit beteken dat die mense dink hulle is reg, maar tog is hulle verkeerd. Verder sal hy ook met die swaard oordeel, met ander woorde Hy sal hulle oordeel met die Woord, want hulle interpretasie van die Woord is foutief. Maar tog soos die ander profete, word daar gesê dat die HERE die uit die Filistynse Kerk wat Hom getrou gedien het, sal versamel saam met Hom.

**Amos.** Ek wil graag net een verdere profesie aanhaal teen die Filistynse Kerk. Dit is in die boek van Amos, hoostuk een vers nege: ***"So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Tirus, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hulle 'n ganse bevolking as ballinge aan Edom uitgelewer het en nie gedink het aan die broederverbond nie."*** (Amo 1:9) Ons vind hier dat hulle aangespreek word omdat hulle Christene uitlewer aan die Jode. Hoeveel keer sien ons nie vandag dat die Kerk van Filistea die mense aanraai om die gebruike van Israel na te volg, om te help dat die Jode weer 'n tempel kan bou, en nog vele meer, maar hulle vergeet dat hulle deel met die mense wat Jesus verwerp het en so Edom geword het. Hulle reel reise na Israel om te sien hoe die Jode leef, en word aangemoedig om die bewoners te ondersteun in wat hulle ookal doen, maar niemand probeer hulle oortuig dat Jesus die Christus was en is, en dat niemand na die Vader kan gaan sonder Jesus nie.

So dit is die beskrywing van die Filistynse Kerk, en wat die profete daaroor te sê het.

# HOOFSTUK VIER EN TWINTIG

## DIE EINDE VAN HIERDIE AARDE - DIE SESDE SEËL IN OPENBARING EN MATTEUS 24: 29-31

*"Kyk, die HERE maak die aarde leeg en verwoes dit, en Hy keer sy oppervlakte om en verstrooi sy bewoners. Dieselfde lot tref die volk en die priester, die slaaf en sy heer, die slavin en haar meesteres, die koper en die verkoper, die uitlener en die lener, die skuldeiser en die skuldenaar. Die aarde word heeltemal leeg gemaak en heeltemal geplunder, want die HERE het hierdie woord gespreek. Die aarde treur, dit verwelk; die wêreld versmag, dit verwelk; en die hoogstes van die mense van die aarde versmag. Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek. Daarom verteer die vloek die aarde en moet sy bewoners boet; daarom word die bewoners van die aarde deur 'n gloed verteer en bly daar min mense oor. Die mos treur, die wingerdstok verwelk, almal wat bly van hart is, sug. Weg is die vreugde van die tamboeryne, die gedruis van die uitgelate mense hou op, weg is die vreugde van die siter! Hulle drink geen wyn onder gesang nie; die sterk drank smaak bitter vir die wat dit drink. Verbreek is die verlate vesting; al die huise staan toegesluit, sodat niemand daar kan inkom nie. Daar is 'n gejammer oor wyn op die strate; al die vrolikheid het ondergegaan, die vreugde van die aarde is verban. Wat in die stad oorgebly het, is verwoesting; en die poort is tot 'n puinhoop stukkend geslaan. Want so sal dit wees op die aarde, onder die volke, soos by die afslaan van die olywe, soos by die na-oes as die druiwe-oes verby is. Hulle daar hef hul stem op, hulle jubel; vanweë die majesteit van die HERE juig hulle van die see af: Daarom, eer die HERE in die lande van die son, op die kuslande van die see die Naam van die HERE, die God van Israel! Van die einde van die aarde af hoor ons lofgesange: Glorie aan die regverdige! Maar ek sê: Ek teer weg, ek teer weg, wee my! Die ontroues handel troueloos, en in trouelooshe id handel die ontroues troueloos. Die skrik en die kuil en die strik oor jou, o bewoner van die aarde! En hy wat vlug vir die skrikgeroep, val in die kuil; en hy wat uit die kuil uitklim, word in die strik gevang. Want die sluise uit die hoogte het oopgegaan, en die fondamente van die aarde bewe.* ***Die aarde word geheel en al verbreek, die aarde is geheel en al aan wankel, die aarde word geheel en al geskud. Die aarde waggel geheel en al soos 'n dronkaard en swaai heen en weer soos 'n naghut; en sy oortreding is swaar op hom; en hy sal val en nie weer opstaan nie. En in dié dag sal die HERE besoeking doen oor die leërskare van die hoogte in die hoogte en oor die konings van die aarde op die aarde; en hulle sal opgesluit word soos gevangenes opgesluit word in 'n kuil en bewaar word in 'n kerker; maar ná baie dae sal daar op hulle ag gegee word. En die maan sal rooi word van skaamte, en die son sal skaam wees; want die HERE van die leërskare sal regeer op die berg Sion en in Jerusalem, en voor sy oudstes sal daar heerlikheid wees."*** (Jes 24:1-23)

### DIE WEDERKOMS SOOS VERKLAAR DEUR JESUS IN MATTHEUS 24

Die gedeelte vind ons 'n paar keer in die Bybel. Ek wil graag begin wat Jesus daaroor te sê het. Nou beskryf Jesus hoe die wederkoms sal wees. So dit is die tyd wat bespreek word in Openbaring 6 wanneer die sesde seël oopgemaak word. *"En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?"* (Opn 6:12-17) Hier sien ons wat tipies vandag verkondig word en sal die persone dink dit is wat Jesus bedoel het toe hy sy volgelinge opdrag gegee het om uit Jerusalem te vlug voor die

verwoesting van Jerusalem. Nou sal die persone probeer vlug, maar wanneer die maan word soos bloed, en die hemel wegwyk soos 'n boekrol wat wat toegerol word, so sal die aarde verwoes word, en niemand sal oorleef nie. Slegs die wat Jesus as verlosser ken, en Sy geregtigheid besit, sal hulle nou vind in die hemelruim, of die Paradys, die woorde wat Jesus gebruik het om dit te beskryf toe Hy aan die kruis gehang het.

Nou Jesus se eie woorde: *"Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom. En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.* ***En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.*** *En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur. Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie. Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie. Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen. En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie. Maar weet dit: as die huisheer geweet het in watter nagwaak die dief sou kom, sou hy gewaak en nie toegelaat het dat in sy huis ingebreek word nie.* ***Daarom moet julle ook gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie. Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee? Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, op hierdie manier besig sal vind.*** *Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel. Maar as daardie slegte dienskneg in sy hart sê: My heer talm om te kom— en hy sy medediensknegte begin slaan en saam met die dronkaards begin eet en drink, dan sal die heer van dié dienskneg kom op 'n dag dat hy dit nie verwag nie en op 'n uur dat hy dit nie weet nie; en sal hom pynig en hom 'n deelgenoot van die geveinsdes maak. Daar sal geween wees en gekners van die tande."* (Mat 24:27-51)

Die gedeelte handel dus oor hoe die einde van hierdie aarde en hierdie tydvak verby sal gaan. Ons moet ten alle tye gereed wees om te kan gaan, en nie uitstel tot more om te doen wat van ons verwag word nie. Ons kan ook nie talm en dink daar is nog baie tyd nie, want niemand weet wanneer die einde sal kom nie. Die een gedeelte wat ek regtig wil uitlig uit die gedeelte is die gedeelte wat ek in vetdruk ook beklemtoon het, naamlik: "***En Hy sal sy engele uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan."*** Dit bewys vir ons dat daar verskillende gedeeltes is in die hemel vir die verskillende Christene. Dit is iets wat ek verduidelik in my boek: "Die openbaring van die Openbaring van Johannes", asook my boek "Is Egipte in die Hemel?" Dit word ook beskryf in 'n ander boek van my "Ontwaak jy wat slaap". In al drie die boeke bespreek ek hoe die Ou Testamentiese profete gesien het hoe verskillende volke verskillende oordele sal ontvang. Al hierdie verskillende volke word in verskillende gedeeltes van die hemel gevind. En vandag kan ons al ons verskillende denkrigtings en interpretasies van die Bybel ook in sewe verskillende groepe opdeel, soos Johannes dit doen in die begin hoofstukke van Openbaring. Laai gerus die boeke gratis af en sien wie waar gaan wees. Miskien help dit net om te verseker dat u verstaan wat u moet doen om te verseker dat u

reeds in die hemelse Jerusalem sal wees wanneer Jesus op die wolke kom. Die skakel is http://shamaministries.org.za/wp/gratis-boeke/

## DIE WEDERKOMS SOOS GESIEN DEUR JOHANNES IN OPENBARING

*"En ek het gesien toe Hy die sesde seël oopgemaak het, en kyk, daar was 'n groot aardbewing; en die son het swart geword soos 'n harige sak, en die maan het geword soos bloed; en die sterre van die hemel het op die aarde geval, soos 'n vyeboom wat deur 'n groot wind geskud word, sy navye laat afval; en die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit; en die konings van die aarde en die grotes en die rykes en die owerstes oor duisend en die magtiges en al die slawe en al die vrymense het hulle weggesteek in die spelonke en in die rotse van die berge, en vir die berge en die rotse gesê: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?"* (Openbaring 6:12-17)

Hier vind ons die einde van die huidige aarde en huidige hemel. Soos daar altyd in die Bybel twee kontrasterende gedeeltes gevind word vind ons dit in die gedeelte ook. Die eerste gedeelte handel altyd oor die wet as geregtigheid, terwyl die tweede dit wat die gedeelte volmaak gemaak het, die geregtigheid van Jesus is onder die Nuwe Verbond. Die eerste einde was natuurlik die einde van die Israel en die wet wat geregtigheid gebring het in die era waar Jerusalem verwoes is, en waar die Woord van die HERE na ons as heiden nasies toe uitgegaan het, asook na die Jode wat Jesus as die Messias gesien en aanvaar het. Dit is ook die boodskap wat Jesus gebring het in Mattheus 24. Die boodskap het gegaan oor wat met Jerusalem sal gebeur wanneer die Roomse soldate die stad sal aanval en verwoes. So hier vind ons die eerste of fisiese wat altyd die tweede, of reddende wyse van die HERE voorafgaan. *"Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom—laat hy wat lees, oplet— dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie; en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae. En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie. Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word."* (Mat. 24:15-22) In die geskiedenis vind ons dat die Christene uit Jerusalem gedryf is deur die Fariseërs en Jode wat nie geglo het dat Jesus die Christus was nie. Die Christene het na die berge gevlug soos Jesus aan hulle bekend gemaak het om te doen. Daar het hulle oorleef. Maar die wat in Jerusalem gebly het en nog steeds met hulle Ou Verbond aanbidding aangegaan het is verwoes deur die Roomse soldate. Geen een van die stene van die tempel het gebly waar dit was nie, en volgens die geskiedenis is daar meer as een miljoen Jode gedurende die tyd gedood. "Josephus claims that 1.1 million people were killed during the siege, of which a majority were Jewish, and that 97,000 were captured and enslaved,"

Nou sien Johannes dat dit weer gaan gebeur, maar in die tyd sal die aarde soos ons dit vandag ken, verwoes word. Nou volg die redding plaas vir almal wat deur die eerste vier seëls staande gebly het. Die vyfde seël was natuurlik die troos woorde aan die gelowiges wat die vereistes van die eerste vier seëls aan voldoen het en wag dat die volgende oordele wat ons van lees in Openbaring oor die kinders van die HERE in die hemel eers voltrek moet word.

*"Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly,*

*saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde."* (1Th 4:13-18)

Na hierdie woorde om die gelowiges te troos, vind ons nou weer die volgende oordeel. Hierdie gedeelte is 'n basiese herhaling van Mattheus 24 oor wat met Israel gebeur het met die verwoesting van die tempel. So sal die Kerk ook deur dieselfde oordeel gaan en verwoes word deur mense wat geen belang in die HERE het nie. Dit is wat sal gebeur tydens die tyd met almal wat vertrou het op hulle werke en lidmaatskap van 'n genootskap om die ewige lewe te verkry. Hulle wêrelde sal inmekaar stort en hulle sal nie verstaan hoekom alles wat hul in glo en geglo het afgebreek word nie. Vir hulle sal dit voel asof daar nie meer 'n rede is om te leef nie. Die owerhede sal allerhande vreemde en sondige optredes beskerm in die naam van menseregte, en sal baie mense nie meer weet hoe om op te tree nie, en wat van die wêreld word nie. Maar ons weet ook dat die dag van die oordeel baie naby is.

Johannes verklaar ook dat die Antichris toe alreeds in sy tyd en vandag nog steeds deel is van die Kerk soos ons dit vandag ken. Maar dit wys ook vir ons daarop dat die Antichris eers ontbloot moet word voor die einde van hierdie aarde sal kom. Ons weet dat Johannes vir ons die Antichris gedefinieer het. Die gedeeltes is as volg: *"Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom,* ***bestaan daar ook nou baie antichriste, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is. Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie****; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie. En julle het die salwing van die Heilige en weet alles. Ek het nie aan julle geskrywe omdat julle die waarheid nie ken nie, maar omdat julle dit ken en omdat geen leuen uit die waarheid is nie.* ***Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën."*** (1Jn 2:18-22) Die tweede gedeelte lui so: *"Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan. Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God;* ***en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld."*** (1Jn 4:1-3) Die laaste gedeelte het seker die grootste impak op ons as Christene. Johannes verklaar hier as volg: *"Want baie verleiers het in die wêreld ingekom:* ***die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris.*** *Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar 'n volle loon ontvang. Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie.* ***Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun. As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie. Want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bose werke."*** (2Jn 1:7-11)

Uit hierdie gedeeltes is daar 'n paar baie belangrike punte wat Johannes maak. Eerstens verklaar hy dat die Antichris deel is en was van die Kerk. *"Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie."* Die tweede belangrike punt is dat die Antichris sal ontken dat Jesus die Seun van God is*. "Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld."* Die derde gedeelte verklaar Johannes selfs dat ons deel word van die Antichris indien ons gemeenskap het met mense wat ontken dat Jesus die Christus is. *"Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris. Want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bose werke."* Hieruit kan ons nou alreeds sien dat die Antichris nie 'n spesifieke persoon is of gaan wees nie, **maar mense wat in die Kerk sit en boodskappe verkondig of hulle skaar by mense wat nie glo dat Jesus die Christus is nie. Hoeveel mense glo dat die Jode eers gered moet word gedurende hulle sogenaamde wegrapings teorie, maar ongelukkig verklaar Johannes dat hulle deel is van die Antichris.** So die

Antichris is soos ons die uitdrukking in Engels het, die Antichris is "alive and well" binne die Kerk. En dit is wat sal gebeur gedurende die volgende hoofstukke in Openbaring, waar die mense wat hierdie leerstellings bevorder en volg eers van die werklike gelowiges geskei gaan word.

Gelukkig vir ons as kinders van die HERE, weet ons ook dat ons verlossing dan naby is: *"En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid.* ***En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is.****"*(Lukas 21:25-28)

Die gedeelte word ook in Sagaria bespreek. Hier vind ons die einde van die aarde soos ons dit vandag ken. Sagaria het oor die dag as volg geprofeteer: *"Kyk, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o Jerusalem! Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie. En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. En julle sal vlug in die dal van my berge—want die dal van die berge sal loop tot by Asal—en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussía, die koning van Juda.* ***Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U! En in dié dag sal daar geen lig wees nie, die sterre sal duister wees. En dit sal 'n enige dag wees wat aan die HERE bekend is—geen dag en geen nag nie; maar teen die aand sal dit lig word.*** *"* (Sagaria 14:1-7)

So dit is nie net die einde van die wêreld nie, maar is ook tegelyke tyd die opstanding van die dooies en die verskyning van Jesus om die wat nog leef op daardie dag saam te neem na die hemel saam met hom. *"Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde."* (1Th 4:13-18) Verder ook in Daniël 12. *"En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik."* (Dan 12:1-2)

Nou met die opstanding van die dooies, verskuif die gebeure na die hemel waar al ons verskille in doktrines en standpunte verwyder sal word, en waar die wat waarlik Jesus as Christus erken, hulle loon sal ontvang, en die wat wel deel geword het van die verbond met Christus maar deel geword het van die "kerk stelsel", geskei sal word. Jesus het daarna verwys in Mattheus 25, toe Hy onderskei het tussen die bokke en die skape. *"En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei; en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy*

*linkerhand sit."* (Mat 25:31-33) Dit is wat sal gebeur tydens die oopmaak van die sewendeseël, die trompette, die weë en die sewe skale.

Soos ons nou kan sien, sal hierdie aarde en hemel op dié dag verdwyn, en sal daar 'n nuwe aarde en 'n nuwe hemel verskyn.

Dan volg daar nog 'n tyd waartydens die wat wel voldoen het aan die eerste vier seëls van die hoofstuk, eers geleer en gesif moet word om te sien wie werklik in die Nuwe Jerusalem saam met Jesus en die Vader sal bestaan. Beide Jesaja en Miga beskryf vir ons die leer gedeelte: *"En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie. Kom, huis van Jakob, en laat ons wandel in die lig van die HERE!"* (Jes 2:2-5)

'n Baie interessante hoofstuk vind ons in Daniël 11. Die hoofstuk beskryf ook wat gaan gebeur net voor die sesde trompet geblaas word. Ons vind hier dat Gabriël vir Daniël wys op wat nog gaan gebeur. Ons vind hier twee koninkryke wat teenoor mekaar staan, die koning van die Noorde, en die koning van die Suide. Die twee verteenwoordig die Roomse Kerk, of Assirië, en die Reformasie beweging, of die kerk in Egipte, die baba doopers. Ons vind die volgende: *"Dan 11:5 En die koning van die Suide sal sterk word, maar een van sy owerstes sal sterker word as hy en heers; sy heerskappy sal 'n groot heerskappy wees."* So dit begin by Luther, maar een wat saammet hom weggebreek het, Calvyn, word groter as wat die Lutherse kerk ooit was. Dan is daar altyd oorlog tussen die twee, en vind ons dit vandag nog dat die twee altyd aan mekaar is. Die dogter wat gaan om versoening te bring verwys na die wêreldraad van Kerke, maar hulle invloed is alreeds verbreek. Dan vind ons iemand wat opstaan wat nooit 'n koning gewees het nie, so dit wys na die verkillende Pinkster en Charismatiese kerke. *"En die koning sal doen net wat hy wil en homself verhef en hom groot hou bo enige god, en teen die God van die gode sal hy wonderbaarlike dinge spreek; en hy sal voorspoedig wees, totdat die grimmigheid ten einde is; want wat vas besluit is, sal uitgevoer word. En op die gode van sy vaders sal hy nie ag slaan nie, en op die liefling van die vroue en op enige god sal hy geen ag gee nie; want hy sal homself bo alles groot hou. Maar in plaas daarvan sal hy die god van die vestings vereer, en die god wat sy vaders nie geken het nie, sal hy met goud en silwer en edelgesteente en kosbaarhede vereer.* ***So sal hy dan optree teen die versterkte vestings met behulp van 'n vreemde god; diegene wat hy erken, sal hy baie eer en hulle oor baie laat heers en grond as beloning uitdeel.****"* (Dan 11:36-39) Dit is 'n direkte verwysing na die sogenaamde nuwe apostoliese beweging, die Toronto Blessing en die voorspoed teologie mense. Maar dan kom die einde, die sesde trompet, en sal hulle almal wat hierdie koning dien in Hades gehou word vir die oordeel en die tweede dood. Ek het alreeds vroeër verwys na wat na hierdie tydperk gebeur, maar terwille van kontinuïteit, net weer die gedeelte. *"En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik."* (Dan 12:1-2)

Dit is dan ook waarom die woorde wat Daniël gehoor het, gesluit word tot die tyd van die einde, dit wat ons nou deurleef.

# HOOFSTUK VYF EN TWINTIG

## DIE DOOD WORD VERNIETIG

*"HERE, U is my God! U sal ek verhoog; u Naam sal ek loof; want U het wonders gedoen, raadsbesluite uit ver tye, waarheid en trou. Want U het van 'n stad 'n hoop klippe gemaak, van 'n versterkte vesting 'n puinhoop; 'n paleis van vreemdes, dat dit geen stad meer is nie; vir ewig sal dit nie herbou word nie. Daarom sal 'n magtige volk U eer, die vesting van tirannieke nasies U vrees. Want U was 'n vesting vir die arme, 'n vesting vir die behoeftige toe hy benoud was; 'n skuilplek teen die stortreën, 'n skaduwee teen die hitte—want die geblaas van die tiranne is soos 'n stortreën teen 'n muur. Soos hitte in 'n dor land het U die rumoer van vreemdes gedemp, soos hitte deur die skaduwee van 'n wolk; die triomfsang van die tiranne moes verstom. En die HERE van die leërskare sal op hierdie berg vir al die volke berei 'n maaltyd van vetspyse, 'n maaltyd van ou wyn, van vetspyse vol murg, van gesuiwerde ou wyn. En Hy sal op hierdie berg vernietig die uitgespreide sluier wat al die volke omsluier, en die omhulsel waarmee al die nasies bedek is. Hy sal die dood vir ewig vernietig, en die Here HERE sal die trane van alle aangesigte afvee; en Hy sal die smaad van sy volk van die hele aarde af wegneem; want die HERE het dit gespreek. En hulle sal in dié dag sê: Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos; dit is die HERE op wie ons gewag het: laat ons juig en bly wees oor sy hulp. Want die hand van die HERE sal rus op hierdie berg; maar Moab sal vertrap word op sy plek soos strooi vertrap word in die water van 'n miskuil. En as hy sy hande daarin uitsprei soos 'n swemmer dit uitsprei om te swem, dan sal Hy sy trotsheid afdruk tegelyk met die kunsgrepe van sy hande. En die steil versterkings van jou mure werp Hy neer, gooi Hy af, laat Hy kom tot op die grond, tot in die stof."* (Jes 25:1-12)

Soos ons alreeds in die vorige hoofstuk gesien het wat ek bespreek het, sal die dood ook vernietig word met die wederkoms van Christus. Almal wat dan alreeds gesterf het in die HERE sal dan saam met die wat nog lewe en Sy kinders is, Hom tegemoet kom in die lug en na die Hemel, of Paradys soos Jesus ook daarna verwys het, geneem word. Hosea sê die volgende: *"**Hos 13:14** Uit die mag van die doderyk sal Ek hulle loskoop, Ek sal hulle verlos van die dood. Dood, waar is jou pestilensies? Doderyk, waar is jou verderf? Berou bly vir my oë verborge."*

Paulus beskryf ook hierdie gedeelte as volg: *"**Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie.** Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: **Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.** Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. **En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning. Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?** Die angel van die dood is die sonde, en die krag van die sonde is die wet. Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus. Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie."* (1Ko 15:50-58)

Paulus verklaar hier drie gedeeltes vir ons. Hy wys eerstens daarop dat ek nie met hierdie verganklike liggaam die koninkryk van God kan beërwe nie maar dat ek 'n nuwe liggaam sal ontvang, dan wys hy daarop dat dit met almal sal gebeur met die sesde basuin soos ek in die vorige hoofstuk verduidelik het, en wanneer ek hierdie onsterflike liggaam beklee word, is die dood finaal oorwin.

## DIE LAASTE BASUIN

Dit word dan gevolg deur wat Johannes gesien het met die laaste basuin: *"En ek het 'n ander sterk engel uit die hemel sien neerdaal, bekleed met 'n wolk, en 'n reënboog was oor sy hoof, en sy aangesig was soos die son, en sy voete soos pilare van vuur; en in sy hand het hy 'n geopende boekie gehad, en hy het sy regtervoet op die see gesit en sy linkervoet op die land; en hy het met 'n groot stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul, en toe hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor. En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skrywe; maar ek het 'n stem uit die hemel vir my hoor sê: Verseël wat die sewe donderslae gespreek het, en skryf dit nie op nie.* ***En die engel wat ek op die see en op die land sien staan het, het sy hand na die hemel opgehef, en hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel geskape het en wat daarin is, en die aarde en wat daarin is, en die see en wat daarin is, dat daar geen tyd meer sal wees nie; maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy met die basuin sal blaas, dan is die verborgenheid van God volbring, soos Hy die blye tyding verkondig het aan sy diensknegte, die profete****. En die stem wat ek uit die hemel gehoor het, het weer tot my gespreek en gesê: Gaan, neem die geopende boekie in die hand van die engel wat op die see en op die land staan. En ek het na die engel gegaan en aan hom gesê: Gee my die boekie. Toe sê hy vir my: Neem en eet dit op, en dit sal jou maag bitter maak, maar in jou mond sal dit soet wees soos heuning. Toe neem ek die boekie uit die hand van die engel en eet dit op, en in my mond was dit soet soos heuning; maar toe ek dit geëet het, het my maag bitter geword.* ***En hy het vir my gesê: Jy moet weer profeteer oor baie volke en nasies en tale en konings.****"* (Opn 10:1-11)

So hier sien ons ook waaroor ek deurentyd verwys na verskillende volke as verskillende geloofsrigtings binne Christenskap, met elke nasie wat sy eie koning het, so een wat in beheer is van elke volk.

# HOOFSTUK SES EN TWINTIG

## OPSTANDING VAN DIE DOOIES

*"In dié dag sal hierdie lied gesing word in die land Juda: 'n Sterk stad het ons; God stel heil tot mure en skanse. Maak oop die poorte, dat die regverdige nasie kan ingaan wat die trou bewaar! U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U. Vertrou op die HERE vir ewig, want in die Here HERE is 'n ewige rots.* ***Want Hy het die bewoners van die hoogte neergewerp, die steil vesting; Hy het dit afgegooi, afgegooi tot by die grond, dit laat kom tot in die stof. Die voet vertrap dit, die voete van die ellendige, die voetstappe van die armes. Die pad van die regverdige is gelyk; U maak die spoor van die regverdige gelyk.*** *Ook in die weg van u oordele het ons U verwag, o HERE! Tot u Naam en tot u gedenknaam gaan die begeerte van ons siel uit. Met my siel begeer ek u in die nag; ook met my gees in my binneste soek ek U; want as u oordele op die aarde is, leer die inwoners van die wêreld geregtigheid. Word aan die goddelose genade bewys, dan leer hy geen geregtigheid nie; wat onreg is, doen hy in 'n land van reg, en hy sien die hoogheid van die HERE nie. HERE, is u hand opgehef, hulle sien dit nie; maar hulle sal dit sien en beskaamd staan; die ywer vir die volk, ook die vuur teen u teëstanders sal hulle verteer. HERE, U sal vir ons vrede beskik, want U het ook al ons werk vir ons volbring. HERE, onse God, ander here buiten U het oor ons geheers, maar deur U alleen prys ons ú Naam. Dooie mense herlewe nie, skimme staan nie op nie; daarom het U hulle besoek en verdelg en alle gedagtenis aan hulle laat vergaan. U het, o HERE, die nasie vermeerder; U het die nasie vermeerder, Uself verheerlik; U het al die grense van die land uitgebrei. HERE, in benoudheid het hulle U gesoek; hulle het stille gebede uitgegiet toe u tugtiging hulle getref het.* ***Soos 'n bevrugte vrou wat naby die tyd kom dat sy moet baar, inmekaar krimp, skreeu in haar weë, so was ons vanweë u aangesig, o HERE! Ons was swanger, het weë gehad—dit was asof ons wind gebaar het; ons het die land geen redding aangebring nie, en daar is geen wêreldbewoners gebore nie. U dode sal herlewe, my lyke sal opstaan. Waak op en jubel, julle wat in die stof woon! Want u dou is 'n dou van die lig, en die aarde sal aan skimme die lewenslig skenk. Kom, my volk, gaan in jou binnekamers en sluit jou deur agter jou toe, verberg jou vir 'n klein oomblik, totdat die grimmigheid verbygaan.*** *Want kyk, die HERE sal uit sy plek uitgaan om die ongeregtigheid van die bewoners van die aarde oor hulle te besoek; en die aarde sal die bloed openbaar maak wat deur hom gedrink is, en die wat op hom gedood is, nie langer toedek nie."* (Jes 26:1-21)

Die eerste gedeelte van die hoofstuk bespreek Jesaja eerstens dat ons veilig is by die HERE. Dat die poorte sal open sodat ons as Sy kinders in die Nuwe Jerusalem sal kan ingaan. Psalms 46 beskryf dit ook vir ons pragtig: *"Vir die musiekleier. Van die kinders van Korag. Met sopraanstemme. 'n Lied. (46:2) God is vir ons 'n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef. (46:3) Daarom sal ons nie vrees nie, al waggel die aarde en al wankel die berge weg in die hart van die see. (46:4) Laat sy waters bruis, laat hulle skuim; laat die berge bewe deur sy onstuimigheid! Sela. (46:5) Die stroompies van 'n rivier maak die Godstad bly, die heiligste van die woninge van die Allerhoogste. (46:6) God is daar binne-in, dit sal nie wankel nie; God sal dit help as die dag aanbreek. (46:7) Nasies het gebruis, koninkryke het gewankel; Hy het sy stem verhef; die aarde bewe. (46:8) Die HERE van die leërskare is met ons; die God van Jakob is 'n rotsvesting vir ons. Sela. (46:9) Kom, aanskou die dade van die HERE, wat verskriklike dinge oor die aarde bring, (46:10) wat die oorloë laat ophou tot by die einde van die aarde, die boog verbreek en die spies stukkend slaan, die strydwaens met vuur verbrand. (46:11) Laat staan en weet dat Ek God is; Ek sal hoog wees onder die nasies, hoog op die aarde. (46:12) Die HERE van die leërskare is met ons; die God van Jakob is 'n rotsvesting vir ons. Sela."* (Psa 46:1-11)

Daarna kry ons wat sal gebeur met die goddeloses, en is dit die eerste gedeelte wat ek benadruk het. Dit word ook in Jesaja 47 deur gegee. *"Kom af en sit in die stof, jonkvrou, dogter van Babel! Sit op die grond sonder troon, dogter van die Chaldeërs! Want jy sal nie langer genoem word die vertroetelde en verwénde nie. Neem die handmeul en maal meel; slaan jou sluier op, tel*

*die kleed op, ontbloot die been, trek deur die riviere! Laat jou skaamte ontbloot word, ja, jou skande gesien word! Ek sal wraak neem en geen mens verskoon nie.*" (Jes 47:1-3)

Dan gaan Jesaja aan en verduidelik hy dat ons getugtig sal word deur die HERE in ons lewe, maar dat wanneer die tugtiging verby is en ons saam met Hom is, is daar blydskap by ons soos 'n vrou wat gebaar het, die seer van die geboorte onmiddelik vergeet wanneer sy die nuut gebore baba in haar hande neem. *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, julle sal ween en rou bedryf, maar die wêreld sal bly wees. En julle sal bedroef wees, maar julle droefheid sal in blydskap verander. 'n Vrou het droefheid wanneer sy baar, omdat haar uur gekom het; maar wanneer die kindjie gebore is, dink sy nie meer aan haar benoudheid nie, om die blydskap dat 'n mens in die wêreld gebore is."* (Joh 16:20-21)

Dit is ook wat met ons gebeur wanneer ons uit die dood opstaan, dan sal daar geen geween meer wees nie, en sal ons met blydskap vervul wees.

Dit is waarna ek verseker uitsien, en ek dink elke Christen ook na uitsien, om te weet dat ons sal herlewe, en dat dit goed met ons sal gaan.

# HOOFSTUK SEWE EN TWINTIG

## DIE HERSTEL VAN DIE HERE SE VOLK

*"In dié dag sal die HERE met sy harde en groot en sterk swaard besoeking doen oor die Leviátan, die vinnige slang, en oor die Leviátan, die kronkelende slang; en Hy sal die draak doodmaak wat in die groot water is. In dié dag sal daar wees 'n wingerd van skuimende wyn—sing daarvan! Ek, die HERE, bewaak dit: elke oomblik sal Ek hom bevogtig; Ek sal hom nag en dag bewaak, sodat niks hom kan tref nie. Geen grimmigheid is by My nie. Kry Ek doring of distel, in oorlog sou Ek daarop aanval, dit alles saam verbrand. Of hulle moet my beskutting aangryp, vrede met My maak, vrede met My maak. In die dae wat kom, sal Jakob wortel skiet, Israel sal bloei en uitbot, sodat hulle die wêreld vol vrugte sal maak. Het Hy hom geslaan met die slag wat sy teëstander getref het? Of is hy gedood met 'n slagting soos die wat deur Hom gedood is? Met mate het U met hom afgereken toe U hom verstoot het; Hy het hom verdrywe met sy geweldige wind op die dag van die oostewind. Daarom sal hiermee die skuld van Jakob versoen word, en dit is die volle vrug van die wegneming van sy sonde: as hy al die altaarklippe maak soos verbryselde kalkklippe, die heilige boomstamme en die sonpilare nie meer oprys nie. Want die versterkte stad is eensaam, 'n woning wat ontvolk en verlate is soos die woestyn; daar wei kalwers en daar lê hulle, en hulle eet sy takke af. As sy takke verdor het, word hulle afgebreek; vroue kom en steek dit aan die brand; want dit is 'n volk sonder verstand. Daarom sal hulle Maker Hom nie oor hulle ontferm nie en sal hulle Formeerder aan hulle geen genade bewys nie. En in dié dag sal die HERE vrugte afslaan, van die stroom van die Eufraat af tot by die spruit van Egipte, en júlle sal ingesamel word, een vir een, o kinders van Israel! En in dié dag sal daar met 'n groot basuin geblaas word; dan sal kom die wat verlore is in die land Assur en die wat verdryf is in Egipteland, en hulle sal die HERE aanbid op die heilige berg in Jerusalem."* (Jes 27:1-13)

Nou begin Jesaja om vir ons te wys wie almal Sy volk is, en dat ons uit verskillende nasies, Kerkgroeperings, sal bestaan. Die eerste oordeel wat gevel sal word gaan oor die leier van die volk van Egipte. Hier word hy uitgemaak as die Leviátan, maar ons vind sy verwysing ook in Esegiel 29: *"Spreek en sê: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Farao, koning van Egipte, jou groot draak wat in jou strome lê, wat sê: My stroom is myne, en ek het dit vir my gemaak. Maar Ek sal hake in jou kakebene slaan en die visse van jou strome aan jou skubbe laat klewe; en Ek sal jou uit jou strome optrek, saam met al die visse van jou strome wat aan jou skubbe klewe."* (Esg 29:3-4)

Jesaja wys dat die HERE Sy volk weer sal herstel en dat Hy Sy wingerd sal beskerm teen alle aanvalle. 'n Baie interessante gedeelte is dat Jesaja sê dat Jacob weer sal wortel skiet, so die wat onder die Ou Verbond geleef het en daarin gedeel het, sal nou wortel skiet, so hulle sal nou uitvind wie Jesus is en waarvoor Hy gekom het. Verder sal Israel, wat ons weet die Kerk of die lede van die Nuwe Verbond is, ook sal herleef en dat daar geen afgode iewers meer gevind sal word nie. Jesaja beskryf ook dat die woord van die HERE oor die ganse aarde versprei sal word: "*Of hulle moet my beskutting aangryp, vrede met My maak, vrede met My maak. In die dae wat kom, sal Jakob wortel skiet, Israel sal bloei en uitbot, sodat hulle die wêreld vol vrugte sal maak*". Selfs die versterkte stad, so die Ou Verbond se Jerusalem, sal geen aandag aan gegee word nie en stel Jesaja dit so: "*Daarom sal hulle Maker Hom nie oor hulle ontferm nie en sal hulle Formeerder aan hulle geen genade bewys nie*".

Nou volg 'n gedeelte wat vir ons wys dat die HERE se kinders in elke nasie of Kerkgroep gevind sal word, maar dat die HERE self die mense sal nader bring om vir ewig by Hom te wees. "*En in dié dag sal die HERE vrugte afslaan, van die stroom van die Eufraat af tot by die spruit van Egipte, en júlle sal ingesamel word, een vir een, o kinders van Israel! En in dié dag sal daar met 'n groot basuin geblaas word; dan sal kom die wat verlore is in die land Assur en die wat verdryf is in Egipteland, en hulle sal die HERE aanbid op die heilige berg in Jerusalem."*

So dit leer ons dat die mense sal ook kom uit Egipte, so die wat nie huidiglik glo in die doop van gelowiges nie en hulle dus nog in Egipte bevind, asook die uit Assur, die Roomse en Ortodokse Kerke wat die moeder en kind beeld saam met Jesus aanbid. So die HERE sal self besluit wie Hy sal saambring, en ons as mense het nie seggenskap oor wie gered gaan word en wie nie gered gaan word nie.

So almal wat deur die HERE na Jerusalem, Sy koninkryk gebring sal word of reeds daar is nadat hulle deel geword het aan die Verbond van Geregtigheid, so vir Jesus as die Lam van God erken het, sal saam die HERE aanbid op die heilige berg in die Nuwe Jerusalem in die hemele.

# HOOFSTUK AGT EN TWINTIG

## OORDEEL OOR DIE WAT JESUS VERWERP HET TOE HY AARDE TOE GEKOM HET - DIE HUIDIGE JOODSE GELOOF ASOOK DIE VAN DIE OU VERBOND WAT NOGSTEEDS NIE JESUS AS MESSIAS WIL ERKEN NIE.

*"Wee die trotse kroon van die dronkaards van Efraim, en wee die blom wat verwelk, sy pronksieraad, wat daar is op die top van die vrugbare dal van hulle wat deur die wyn verslaan is. Kyk, die Here het een wat sterk en magtig is, soos 'n haelstorm, 'n storm vol verwoesting, soos 'n stortbui van geweldige, oorlopende waters wat teen die grond gooi met krag. Met voete sal vertrap word die trotse kroon van die dronkaards van Efraim; en die blom wat verwelk, sy pronksieraad, wat daar is op die top van die vrugbare dal, sal wees soos 'n voorvy voor die vrugte-oes: iemand sien dit skaars of, terwyl dit nog in sy hand is, sluk hy dit weg.* ***In dié dag sal die HERE van die leërskare wees tot 'n sierlike kroon en 'n pragtige krans vir die oorblyfsel van sy volk, en tot 'n gees van strafgerig vir hom wat sit oor die gereg, en tot 'n sterkte vir hulle wat die geveg terugdring na die poort toe.*** *En ook die manne hier wankel deur die wyn en waggel deur sterk drank; priester en profeet wankel deur sterk drank, hulle is verward van die wyn, hulle waggel van sterk drank, hulle wankel as hulle gesigte sien, hulle waggel by die regspraak. Want al die tafels is vol walglike uitbraaksel, sodat daar geen plek is nie. Vir wie wil hy dan kennis leer, en vir wie wil hy die openbaring verstaanbaar maak? Vir die wat van die melk gespeen, wat van die moederborste weggeneem is? Want dit is gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie.* ***Ja, Hy sal deur lippe wat hakkel, en deur 'n vreemde tong met hierdie volk spreek, Hy wat aan hulle gesê het: Dit is die rus, gee rus aan die vermoeides, en dit is die verkwikking. Maar hulle wou nie luister nie.****"* (Jes 28:1-14)

Ons leer hier van Efraim, die tweede seun van Josef, asook al die ander stamme wat hulle by Efraim geskaar het toe hulle weggebreek het van Juda en Benjamin. Die HERE wys vir Jesaja dat die leiers van die gedeelte van Israel vir hulle self krone maak in hul dronkenskap wat oor hulle gekom het omdat hulle Hom verwerp het. Jesaja spreek hier ook die oordeel uit wat oor Efraim as koninkryk sal gebeur. Die HERE alleen is die Een wat 'n sierlike kroon mag dra, en Hy sal dit dra vir die wat oorbly in Sy volk, of soos ons dit vandag ken, as Sy Kerk.

Selfs die profete wat die HERE moet nader sal waggel deur hul eie aanstelling, want dit wat hulle verkondig kom nie van die HERE nie. Al hulle tafels waar hul by moet eet, so waar hulle hulself moet volmaak van dit wat die HERE vir hulle het, is besaai met hul eie uitbraaksel, en ontbreek geheel en al van dit wat die HERE vir hulle het. Nou kom Jesaja met sy baie bekende woorde wat ons vandag nog hoor by die Joodse geloof. Vir hulle om die HERE te dien is dit reel op reel, gebod op gebod, en ontbreek die liefde geheel en al. Maar omdat hulle nog nie van melk eers gespeen is nie, kan hulle nie die woord van die HERE verstaan nie. Die gedeelte wys ook daarop dat hulle self vir hulle leiers aanstel en nie die raaksien wat deur die HERE aangestel is nie. Dit is ook waarvan die Hebreërs boek praat wanneer hy sê dat Jesus deur die Vader self aangestel is.

Dit word ook verder genoem in die Hebreërs boek, waar dit nog dieselfde is met die Jode wat nie Jesus as die Messias aanvaar nie. *"So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie,* ***maar Hy het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer. Soos Hy ook op 'n ander plek sê: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.*** *Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs— Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword en is deur God genoem 'n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek; waaroor ons veel te sê het wat swaar is om te verklaar, omdat julle traag geword het om te hoor.* ***Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle die eerste beginsels van die woorde***

***van God moet leer, en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie. Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is.*** *Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei."* (Heb 5:5-14)

Nou skakel Jesaja verder in by sy oorspronklike verwysing in die vorige hoofstuk oor die golwende esel, Egipte. Maar vir Efraim, die oorspronklike ergename van die HERE, bly die woord tot vandag toe nog gebod op gebod, reël op reël.

Die laaste gedeelte van die aanhaling wys Jesaja dat die HERE tot vandag toe praat met Israel deur vreemde tonge, mense van regoor die wêreld wat hulle oproep om Jesus as die Messias te sien en erken, maar tot vandag toe wil hulle nogsteeds nie luister nie.

## DIE HOEKSTEEN VAN DIE HERE

*"Daarom sal die woord van die HERE vir hulle wees gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie, sodat hulle kan heengaan en agteruit struikel en verbreek en verstrik en gevang word. Daarom, hoor die woord van die HERE, julle spotters, heersers oor hierdie volk wat in Jerusalem is! Omdat julle sê: Ons het 'n verbond met die dood gesluit, en met die doderyk het ons 'n verdrag aangegaan; as die golwende gésel deurtrek, sal hy na ons nie kom nie; want ons het die leuen ons skuilplek gemaak en ons in bedrog weggesteek— daarom, so sê die Here HERE:* ***Kyk, Ek lê in Sion 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is; hy wat glo, sal nie haastig wees nie. En Ek sal die reg tot 'n riglyn maak, en die geregtigheid tot 'n skietlood; en die hael sal die leuendak wegruk en die water die skuilplek wegspoel.*** *En julle verbond met die dood sal uitgewis word, en julle verdrag met die doderyk nie standhou nie; as die golwende gésel deurtrek, sal julle deur hom vertrap word. So dikwels as hy deurtrek, sal hy julle gryp; want môre vir môre sal hy deurtrek, by dag en by nag. En dit sal net verskrikking wees om so 'n openbaring te verneem. Want die bed sal te kort wees dat iemand hom daarop kan uitrek, en die kombers te smal dat iemand hom daarin kan toedraai. Want die HERE sal Hom gereed maak soos by die berg Pérasim; Hy sal aanstorm soos in die dal by Gíbeon om sy werk te doen—vreemd is sy werk! En om sy daad te verrig— ongehoord is sy daad! Gedra julle dan nou nie soos spotters, dat julle bande nie vaster word nie; want ek het van die Here HERE van die leërskare gehoor 'n verdelging wat vas besluit is, oor die hele aarde. Luister, en hoor na my stem; let op, en hoor my woord! Ploeg die ploeër die hele dag om te saai? Skeur hy sy akker oop, en eg hy die hele dag? Is dit nie só nie: As hy dit bo-op gelykgemaak het, gooi hy swart komyn uit en strooi komyn en saai koring in rye en gars in vakke en spelt langs die kant. En sy God het hom onderrig hoe om dit te doen, Hy leer hom. Want swart komyn word nie met die slee gedors nie, en die wawiel word nie oor komyn gerol nie; maar swart komyn word uitgeslaan met 'n stok en komyn met 'n hout. Word broodkoring fyngestamp? Nee, nie altyddeur dors hulle dit nie; en al dryf hulle die wawiel en die perde daaroor—hulle stamp dit nie fyn nie. Ook dit kom van die HERE van die leërskare: Hy is wonderbaar van raad, groot van beleid."* (Jes 28:14-29)

Wanneer ons vandag na die Joodse geloof kyk bly hulle nogsteeds vashou aan hul eie geskrifte, wat soos vroeër ook genoem is gebod op gebod vas en dink hulle dat hulle die oordeel van die HERE sal vryspring. En dan vind ons ook gedeeltes van vandag se Kerkgroepe wat saam met die Jode stem dat Jesus volgens hulle weer moet kom en eers dan sal die Joodse geloof Jesus sien vir wie hy is, maar dit word nêrens in die boek van Jesaja na verwys nie. Die enigste woorde is dat die ware Israel van die Nuwe Verbond, so die wat deel geword het van die verbond en Jesus se geregtigheid besit, gered sal word.

Paulus spreek ook met die Jode in Handelinge as volg oor Jesus: *"Want Dawid het ontslaap, nadat hy sy eie geslag volgens die raad van God gedien het, en is by sy vaders weggelê en het verderwing gesien, maar Hy wat deur God opgewek is, het geen verderwing gesien nie. Laat dit dan aan julle bekend wees, broeders, dat deur Hom vergifnis van sondes aan julle verkondig word,*

*en dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word van alles waarvan julle deur die wet van Moses nie geregverdig kon word nie. Pas dan op dat daar nie oor julle kom wat deur die profete gesê is nie: Kyk dan, julle veragters, en wees verwonderd en verdwyn! Want Ek gaan iets in julle dae doen, iets wat julle sekerlik nie sal glo as iemand julle dit vertel nie. En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word."* (Hnd 13:36-42)

So al verwag die Jode dat Jesus fisies op die troon van Dawid moet sit, word dit hier deur Paulus ook heeltemal weerlê as valse lerings.

Jesus self gebruik die gedeelte oor die hoeksteen in Sy gelykenisse wat Hy tot Sy tydgenote gespreek het. *"Luister na 'n ander gelykenis: Daar was 'n sekere huisheer wat 'n wingerd geplant het; en hy het 'n heining daarom gesit en 'n parskuip daarin gegrawe en 'n wagtoring gebou, en hy het dit aan landbouers verhuur en op reis gegaan. En toe die vrugtetyd nader kom, stuur hy sy diensknegte na die landbouers om sy vrugte te ontvang. Maar die landbouers het sy diensknegte geneem en een geslaan en 'n ander een doodgemaak en 'n ander een gestenig. Weer het hy ander diensknegte gestuur, meer as die eerstes, en hulle het met dié net so gemaak. Oplaas het hy sy seun na hulle gestuur en gesê: Hulle sal my seun ontsien.* ***Maar toe die landbouers die seun sien, het hulle onder mekaar gesê: Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak en sy erfdeel in besit neem. En hulle het hom geneem en buitekant die wingerd uitgewerp en doodgemaak. Wanneer die eienaar van die wingerd dan kom, wat sal hy met daardie landbouers doen? Hulle antwoord Hom: Die slegte mense—hy sal hulle 'n slegte dood laat sterwe en die wingerd verhuur aan ander landbouers wat hom die vrugte op die regte tyd sal gee. Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë? Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra.*** *En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel. En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek. En hulle het probeer om Hom in hulle mag te kry, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom vir 'n profeet gehou het."* (Mat 21:33-46)

Dan vind ons ook nog baie verdere gedeeltes wat na die spesifieke gedeelte verwys dat Jesus die Hoeksteun is van Sy Kerk, en dat elkeen wat glo in Hom nie verlore sal gaan nie. Enkele verwysings is as volg:

*"(Mat 21:42) Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë?*

*(Mar 12:10) Het julle nie ook hierdie Skrifwoord gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword?*

*(Luk 20:17) Maar Hy het hulle aangekyk en gesê: Wat beteken dan hierdie Skrifwoord: die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword?*

*(Hnd 4:11) Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het.*

*(Efs 2:20) gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is,*

*(1Pe 2:6) Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie.*

*(1Pe 2:7) Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen des aanstoots en 'n rots van struikeling—"*

Die laaste gedeelte van die hoofstuk leer ons ook 'n baie groot les. Soos wat 'n saaier nie altyd net ploeg nie, so werk die HERE ook. Hy het wel verskillende sade wat Hy geplant het, maar sal Sy oordeel toepas soos dit elke tipe saad of volk gedoen moet word. Hy het Sy saai werk eerste gedoen by die Joodse volk, en toe Hy uiteindelik Sy eie Seun Jesus Christus gestuur het om die oes in te samel, het die werkers Hom dood gemaak. Dit is waarna Jesaja hoofstuk vyf en Mattheus 21 na verwys. Daaroor dat Mattheus dit opgeteken het ook in dieselfde gedeelte dat: *"Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: **Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë? Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra. En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel.** En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek. En hulle het probeer om Hom in hulle mag te kry, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom vir 'n profeet gehou het."* (Mat 21:42-46)

Ek het ook al belaglike uitlegte vir die gedeelte gesien waar 'n persoon daarna verwys dat wat Jesus eintlik hier bedoel het is dat die koninkryk weggeneem word van die Fariseërs en aan die dissipels gegee word. Nou wonder ek net of die dissipels maan mannetjies was, of dalk nader aan Israel, Egiptenare was omdat 'n persoon dan moet glo dat die dissipels nie Jode was nie. Huh? Hoe onnosel kan 'n mens regtig wees?

So is dit met elke gedeelte van Christendom, dat ons almal nie dieselfde manier gedors sal word nie, maar dat die HERE elkeen van Sy volke, of dit nou Egiptiese Christene of Filistynse Christene is maak nie saak nie, op hulle eie manier sal oes.

Ek het 'n boek geskryf oor die onderwerp. Dit kan afgelaai word by: http://www.shamaministries.org.za/boeke/Struikelblokke%20en%20hoekstene.pdf

# HOOFSTUK NEGE EN TWINTIG

## OORDEEL EN HERSTEL VIR DIE HERE SE KINDERS

*"Wee Ariël, Ariël, stad waar Dawid laer opgeslaan het! Voeg jaar by jaar; laat die feeste hulle kringloop volbring— dan sal Ek Ariël benoud maak, en daar sal geklaag en geklag wees, en dit sal vir My soos Ariël wees. En Ek sal in 'n kring teen jou laer opslaan en jou met wagposte beleër en skanse teen jou oprig. Dan sal jy diep uit die grond spreek, en op dowwe toon sal jou woord uit die stof voortkom; en jou stem sal uit die grond opkom soos dié van die gees van 'n afgestorwene, en uit die stof sal jou woord piep. Maar die menigte van jou vyande sal word soos dun stof, en die menigte van die tiranne soos kaf wat wegwaai; en dit sal heeltemal onverwags gebeur. Vanweë die HERE van die leërskare sal jy in genade besoek word, met donder en aardbewing en groot gedruis, wind en storm en die vlam van 'n verterende vuur. En soos 'n droom, 'n naggesig, sal die menigte van al die nasies wees wat oorlog toe trek teen Ariël, ja, almal wat teen hom oorlog toe trek en teen sy bergvesting en hom benoud maak. En soos 'n hongerige droom dat hy eet, maar hy word wakker en—sy siel is leeg; en soos 'n dorstige droom dat hy drink, maar hy word wakker en —hy is moeg en sy siel versmag: só sal die menigte van al die nasies wees wat oorlog toe trek teen die berg Sion. Vertoef, en verwonder julle! Wees blind en verblind! Hulle is dronk, maar nie van wyn nie; hulle waggel, maar nie van sterk drank nie. Want die HERE het oor julle uitgegiet 'n gees van diepe slaap, en Hy het julle oë—die profete—toegesluit en julle hoofde—die sieners—toegebind. So het dan die gesig van al hierdie dinge vir julle geword soos die woorde van 'n verseëlde boek wat hulle gee aan iemand wat kan lees, met die woorde: Lees dit tog! Maar hy sê: Ek kan nie, want dit is verseël. Of hulle gee die boek aan iemand wat nie kan lees nie, met die woorde: Lees dit tog! Maar hy sê: Ek kan nie lees nie. En die Here het gesê: Omdat hierdie volk nader kom met hulle mond en My eer met hulle lippe, terwyl hulle hul hart ver van My hou, sodat hulle vrees vir My 'n aangeleerde mensegebod is, daarom sal Ek voortgaan om wonderlik te handel met hierdie volk, wonderlik en wonderbaar; en die wysheid van hulle wyse manne sal vergaan, en die verstand van hulle verstandige mense sal wegskuil. Wee hulle wat planne diep verberg vir die HERE, wie se werk in duisternis plaasvind; en hulle sê: Wie sien ons en wie ken ons? o Julle verkeerdheid! Of moet die pottebakker beskou word as klei, dat die maaksel van sy maker kan sê: Hy het my nie gemaak nie, en die vormsel van sy vormer kan sê: Hy het geen verstand nie? Sal dit nie nog 'n baie kort rukkie duur dat die Líbanon in 'n vrugteboord verander word, en die vrugteboord vir 'n bos gereken word nie? En in dié dag sal die dowes Skrifwoorde hoor, en uit donkerheid en duisternis sal die oë van die blindes sien. En die ootmoediges sal vreugde op vreugde smaak in die HERE, en die behoeftiges onder die mense sal juig in die Heilige van Israel. Want gedaan is dit met die tiran, en klaar is dit met die spotter, en uitgeroei is almal wat op ongeregtigheid bedag is— hulle wat 'n mens as sondaar brandmerk ter wille van 'n woord, en strikke span vir hom wat vir die reg opkom in die poort, en die regverdige met nietige voorwendsels wegstoot. Daarom, so sê die HERE tot die huis van Jakob, Hy wat Abraham verlos het: Jakob sal nou nie meer beskaamd staan nie, en nou sal sy aangesig nie meer bleek word nie; want as hy, as sy kinders die werk van my hande in sy midde sien, sal hulle my Naam heilig; ja, hulle sal die Heilige van Jakob heilig en vir die God van Israel met ontsag vervul wees; en hulle wat dwalende van gees is, sal insig verkry, en die murmureerders sal lering aanneem."* (Jes 29:1-24)

Ons leer hier van Jesaja dat Jerusalem, of soos dit hier genoem word Ariël, dat die HERE self 'n laer opslaan teen hulle en hulle deursoek om die wat wel die Woord van die HERE ken, te red voor die vernietiging van die wat in Jerusalem bly, maar nie die HERE dien nie. Die profeet gee hier te kenne dat die valse mense die opregtes probeer in strikke te vang of dink dat dit wat hulle doen nie deur die HERE gesien word nie. Dan gebruik hy die voorbeeld wat Jesus ook gebruik en wat ook deur die ander profete verkondig is dat die mense in Jerusalem, die Kerk, se oë gesluit is en hulle soos mense is wat blind is en nie kan sien nie. Verder dink die mense dat hulle aan die HERE kan voorskryf hoe Hy moet optree, want die maaksel probeer vir sy Maker sê dat Hy hulle nie gemaak het nie.

Dan verklaar die profeet dat die Libanon, so die wat nie die HERE volgens die mense die HERE dien nie, in 'n vrugteboord verander sal word, so die volke wat oorspronklik nie in die verbond met die HERE was nie, nou as Sy verbondsvolk bekend sal staan. So dit wys op die verandering van ons as oorspronklike heidene maar wat nou die HERE as ons verlosser sien, sy vrugteboord sal word en dat ons vrugte sal dra wat by die bekering pas, en die wat oorspronklik deur Hom uitgekies is, nie meer as vrugteboord gesien word nie maar as 'n wilde bos gesien word, weg van hul Maker af.

Die gedeelte laat 'n mens ook onwillekeurig dink aan wat Jesus genoem het aan Johannes die Doper se dissipels toe hulle Hom kom vra het wie Hy is. Jesus se antwoord was: *"En toe die manne by Hom kom, sê hulle: Johannes die Doper het ons na U gestuur en gesê: Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag? En in dieselfde uur het Hy baie mense genees van siektes en kwale en bose geeste, en aan baie blindes die gesig geskenk. En Jesus antwoord en sê vir hulle: Gaan vertel aan Johannes wat julle sien en hoor: blindes sien weer, kreupeles loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, aan armes word die evangelie verkondig. En salig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie."* (Luk 7:20-23)

En dan vind ons die laaste gedeelte van die hoofstuk dit wat Jesaja ook daaroor te sê het. "*Daarom, so sê die HERE tot die huis van Jakob, Hy wat Abraham verlos het: Jakob sal nou nie meer beskaamd staan nie, en nou sal sy aangesig nie meer bleek word nie; want as hy, as sy kinders die werk van my hande in sy midde sien, sal hulle my Naam heilig; ja, hulle sal die Heilige van Jakob heilig en vir die God van Israel met ontsag vervul wees; en hulle wat dwalende van gees is, sal insig verkry, en die murmureerders sal lering aanneem."*

So aan die einde van die dae sal die volk van die HERE weer kan opstaan, maar dit sal nie die fisiese volk van Israel wees nie, maar soos vroeër uitgelig, die vanuit Libanon, so ons as Kerk sal dan as die HERE se volk bekend wees.

# HOOFSTUK DERTIG

## OPROEP OM NIE TERUG TE GAAN NA JOU VORIGE SONDIGE LEWE IN EGIPTE NIE

*"Wee die opstandige kinders, spreek die HERE, wat 'n plan uitvoer, maar dit is nie uit My nie; wat 'n verbond sluit, en dit is nie uit my Gees nie, om sonde op sonde te stapel; wat gaan om na Egipte af te trek, en hulle raadpleeg my mond nie, om toevlug te soek onder die beskutting van Farao en om te skuil in die skaduwee van Egipte. Maar die beskutting van Farao sal julle tot skande wees, en die skuiling in die skaduwee van Egipte tot smaadheid. Want hulle vorste is in Soan, en hulle boodskappers het in Hanes aangekom; almal staan beskaamd vanweë die volk wat hulle geen voordeel aanbring nie, geen hulp en geen voordeel nie, maar skande en smaadheid daarby. Godspraak oor die diere van die Suidland. In 'n land van benoudheid en angs, waar leeuin en leeu uitkom, adder en vlieënde draak, vervoer hulle op die rugge van esels hul rykdomme en op die bulte van kamele hul skatte, na 'n volk wat geen voordeel bring nie. En Egipte—nietig en leeg is sy hulp; daarom noem ek dit: Rahab wat stilsit."* (Jes 30:1-7)

Ek het die gedeelte in twee opgedeel omdat die eerste gedeelte gaan oor die waarskuwing self en dan die tweede gedeelte gaan oor wat die gevolge van hierdie handelinge gaan wees tot in ewigheid.

Die eerste gedeelte waarsku die HERE die volk hier om nie hulle vertroue op 'n sterk volke te plaas nie, maar dat Hy hulle sal beskerm teen die vyand. Vir die volk mag dit lyk asof Egipte hulle sal bystaan in die komende oorlog teen Babel, maar dit sal vir hulle net tot skande en smaadheid wees. Daar is geen voordeel vir hulle om terug te keer na Egipte toe nie, want Egipte is nietig en leeg. Daaroor dat die HERE ook die naam Rahab noem, wat net 'n ander naam is vir Egipte.

So is dit ook in ons lewe vandag. Ons kan nie dink dat wanneer ons uit Egipte, die land waar die Farao, die Satan heers, getrek het en ons nou by die HERE in Jerusalem is om dan weer terug te keer wanneer ons moeilikheid in die oë staar nie, want om terug te keer daarna sal net verwoesting vir ons beteken. Nee ons moet ons volle vertroue op Hom plaas om ons in nood by te staan. Ons wil so graag die HERE "help" deur ons eie planne weer te maak wat nie tuishoort by 'n kind van die HERE nie. So net ingeval die HERE dalk nie deurkom soos ons verwag het nie, dan is ons veilig. Nee die HERE wil dat ons nooit weer terug gaan na ons vorige lewe nie, maar dat ons altyd ons vertroue in Hom sal stel.

## WAT MET DIE WAT REBELLEER TEEN DIE TERUGGAAN NA EGIPTE SAL GEBEUR

*"Gaan nou in, skryf dit op 'n tafel in hulle teenwoordigheid en teken dit op in 'n boek, dat dit kan bly vir later dae, vir altyd, tot in ewigheid. Want dit is 'n wederstrewige volk, leuenagtige kinders, kinders wat die wet van die HERE nie wil hoor nie; wat aan die sieners sê: Sien nie! en aan die profete: Profeteer vir ons nie wat reg is nie; spreek vleitaal vir ons, profeteer bedrieëry; wyk af van die weg, buig af van die pad, laat die Heilige van Israel voor ons aangesig verdwyn! Daarom, so sê die Heilige van Israel: Omdat julle hierdie woord verwerp en vertrou op verdrukking en slinksheid en daarop steun, daarom sal hierdie skuld vir julle wees soos 'n los stuk wat wil val, wat oorhang in 'n hoë muur, waarvan die instorting heeltemal onverwags kom. Ja, Hy sal dit verbreek soos die kruik van 'n pottebakker verbreek word, wat sonder verskoning stukkend geslaan word, sodat by die brokstukke daarvan geen skerf gevind word om vuur uit die vuurherd te gaan haal of om water uit die kuil te skep nie. Want so sê die Here HERE, die Heilige van Israel: In terugkeer en rus lê julle heil, in stil wees en vertroue bestaan julle krag; maar julle wou nie en het gesê: Nee, maar op perde sal ons vlieg—daarom sal julle moet vlug! en: Op renperde sal ons ry—daarom sal julle*

*vervolgers laat jaag! Een duisend van julle sal vlug vir die oorlogsgeroep van een enkele, vir die oorlogsgeroep van vyf, totdat julle oorbly soos 'n vlagpaal op 'n bergtop en soos 'n banier op 'n heuwel."* (Jes 30:8-17)

Hier vind ons dat Jesaja die mense waarsku om nie hulle rug op Hom te draai en hulp gaan soek by die Farao nie. U sien hulle het dan reeds uit Egipte gevlug vir die Farao, of soos ons dit ook sien in Eksodus, as die Satan, en nou wil hulle weer by hom gaan uitkoms soek. En dit is 'n probleem wat ons vandag ook mee sit. Mense wil terug keer na hulle vorige lewenswyse, maar nog steeds kinders van God wees. En dit is onmoontlik, want jy dien die een wat oor jou gaan heers. Ons lees in Jeremia wat die HERE oor dieselfde insident met hulle gepraat het.

*"Toe het al die owerstes van die leërs aangekom, naamlik Jóhanan, die seun van Karéag, en Asárja, die seun van Hosája, en die hele volk, klein en groot, en aan die profeet Jeremia gesê: Laat ons smeking tog voor u kom en bid tot die HERE u God vir ons, vir hierdie hele oorblyfsel—want ons het as 'n klein klompie uit baie oorgebly, soos u oë ons sien— dat die HERE u God ons bekend mag maak die pad wat ons moet trek, en die saak wat ons moet doen. En die profeet Jeremia het hulle geantwoord: Ek hoor; kyk, ek sal tot die HERE julle God bid volgens julle woorde; en alles wat die HERE julle antwoord, sal ek julle bekend maak; ek sal vir julle niks agterhou nie. Toe sê hulle vir Jeremia: Laat die HERE 'n waaragtige en geloofwaardige getuie teen ons wees as ons nie stip handel ooreenkomstig elke woord waarmee die HERE u God u na ons sal stuur nie. Laat dit goed of sleg wees—ons sal luister na die stem van die HERE onse God na wie ons u stuur, dat dit met ons goed kan gaan as ons luister na die stem van die HERE onse God. En aan die einde van tien dae het die woord van die HERE tot Jeremia gekom, en hy het Jóhanan, die seun van Karéag, geroep en al die owerstes van die leërs wat by hom was, en die hele volk, klein en groot, en aan hulle gesê: So spreek die HERE, die God van Israel, na wie julle my gestuur het om julle smeking eerbiediglik voor sy aangesig te bring: As julle rustig in hierdie land bly, sal Ek julle bou en nie afbreek nie, en julle plant en nie uitruk nie; want Ek het berou oor die onheil wat Ek julle aangedoen het. Vrees nie vir die koning van Babel vir wie julle bang is nie; wees nie vir hom bevrees nie, spreek die HERE, want Ek is met julle om julle te verlos en julle uit sy hand te red. En Ek sal julle barmhartigheid bewys, sodat hy hom oor julle sal ontferm en julle terugbring na julle land toe. Maar as julle sê: Ons wil in hierdie land nie bly nie, sodat julle nie luister na die stem van die HERE julle God nie, en sê: Nee, maar ons sal na Egipteland trek waar ons geen oorlog sal sien of basuingeluid sal hoor of honger na brood sal hê nie, en daar wil ons woon— daarom hoor dan nou die woord van die HERE, o oorblyfsel van Juda! So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: As julle werklik julle aangesig rig om na Egipte te trek en weggaan om daar as vreemdelinge te vertoef, dan sal die swaard waar julle voor vrees, julle daar in Egipteland inhaal; en die honger waar julle voor bang is, sal daar in Egipte kort agter julle aankom, en julle sal daar sterwe. Ja, al die manne wat hulle aangesig gerig het om na Egipte te trek om daar as vreemdelinge te vertoef, sal sterwe deur die swaard, die hongersnood en die pes; en daar sal vir hulle niemand wees wat vryraak of ontvlug van die onheil wat Ek oor hulle bring nie. Want so sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Soos my toorn en my grimmigheid uitgestort is oor die inwoners van Jerusalem, so sal my grimmigheid oor julle uitgestort word as julle na Egipte trek; en julle sal wees 'n voorwerp van verwensing, van verbasing, van vervloeking en van smaad, en julle sal hierdie plek nie meer sien nie. Die HERE het oor julle gespreek, o oorblyfsel van Juda:* ***Trek nie na Egipte nie! Weet verseker dat ek julle vandag waarsku. Want julle het gedwaal ten koste van julle lewe, dat júlle my na die HERE julle God gestuur het, met die woorde: Bid tot die HERE onse God vir ons; en net soos die HERE onse God sal sê, maak dit ons so bekend en ons sal dit doen. So het ek julle dit dan vandag bekend gemaak, en julle het nie geluister na die stem van die HERE julle God, naamlik na alles waarmee Hy my na julle gestuur het nie. Weet dan nou verseker dat julle deur die swaard, die hongersnood en die pes sal sterwe in die plek waarheen julle verkies om te trek om daar as vreemdelinge te vertoef.****"* (Jer 42:1-22)

Hier vind ons die geskiedenis dat Juda terug wil trek na Egipte, wat hulle op die ou einde gedoen het. Maar, die HERE het toe vir Nebukatneser gestuur om Egipte aan te val en al die

mense wat Johanán gevolg het is gedood. Net Jeremia en Barug, sy skrywer en hul families het oorleef en is toe na Babel toe geneem. So die les wat ons hieruit leer is dat indien ons terugkeer na ons vorige lewe nadat ons die nuwe lewe in Kanaän geproe het, ons nie weer sal kan terugkeer na die HERE toe nie. Daar is sovele mense wat geleer word dat indien jy eenkeer gered is jy altyd gered is, maar die gedeelte bewys net mooi die teendeel daarvan. En dit is wat met jou sal gebeur, jy sal die dood van 'n sondaar sterf, en nooit weer kan terug keer na Kanaän nie. Dit word vir ons bevestig in Esegiël 18: *"Maar julle sê: Waarom dra die seun nie saam die ongeregtigheid van die vader nie? Maar die seun het reg en geregtigheid gedoen en al my insettinge onderhou en dit volbring—hy sal sekerlik lewe! Die siel wat sondig, dié moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie; die geregtigheid van die regverdige sal op hom wees, en die goddeloosheid van die goddelose sal op hom wees. Maar as die goddelose hom bekeer van al sy sondes wat hy gedoen het, en al my insettinge onderhou en reg en geregtigheid doen, sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie. Al sy oortredinge wat hy begaan het, sal hom nie toegereken word nie; deur sy geregtigheid wat hy gedoen het, sal hy lewe. Het Ek dan miskien 'n behae in die dood van die goddelose? spreek die Here HERE. Nie liewer daarin dat hy hom bekeer van sy weë en lewe nie? **Maar as die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen en handel volgens al die gruwels wat die goddelose doen—sal hy lewe? Aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie; om sy troubreuk wat hy begaan het, en om sy sonde wat hy gedoen het, om hulle ontwil sal hy sterwe.** Tog sê julle: Die weg van die Here is nie reg nie. Hoor tog, o huis van Israel! Is my weg nie reg nie? Is júlle weë nie onreg nie?"* (Esg 18:19-25)

En dan vind ons dit herhaal in Hebreërs 6: *"Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het— **om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.** Want die grond wat die reën indrink wat dikwels daarop val, en nuttige plante voortbring ter wille van hulle vir wie dit ook bewerk word, het deel aan die seën van God. Maar as dit dorings en distels oplewer, deug dit nie en is naby die vervloeking—die einde daarvan is verbranding."* (Heb 6:4-8)

En Paulus stel dit so in Romeine: *"Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie! **Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?**"* (Rom 6:15-16)

So hieruit sien ons dat ek nooit weer my rug op die HERE durf draai indien ek deur Hom geregverdig is nie, want indien ek dit doen, ek nooit weer in Sy koninkryk sal kan kom nie.

## DIE WAT WAG OP DIE GENADE VAN DIE HERE SE UITKOMS

*"En daarom sal die HERE met ongeduld daarop wag om julle genadig te wees, en daarom sal Hy Hom verhef om Hom oor julle te ontferm; want die HERE is 'n God van die gerig. Welgeluksalig almal wat op Hom wag! Want 'n volk sal op Sion, in Jerusalem, woon; jy sal nie meer ween nie; sekerlik sal Hy jou genade bewys op jou hulpgeroep; sodra Hy hoor, antwoord Hy jou. Die Here gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie—maar jou oë sal jou leraars sien; en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan. En julle sal verontreinig die oortreksel van jou gesnede beelde van silwer en die beslag van jou gegote beeld van goud; jy sal dit weggooi soos iets wat besoedel is. Weg daarmee! sal jy daarvan sê. Dan sal Hy reën gee vir die saad waarmee jy die grond besaai, en broodkoring wat die grond voortbring, en dit sal smaaklik en voedsaam wees; jou vee sal in dié dag wei op 'n uitgestrekte weiveld; en die osse en die esels wat die grond bewerk, sal voer met sout eet, wat uitgewan is met skop en gaffel; en op elke hoë berg en op elke verhewe heuwel sal strome wees, waterlope, op die dag van die*

*groot slagting as die torings val. En die lig van die maan sal wees soos die lig van die son, en die lig van die son sal sewevoudig wees, soos die lig van sewe dae, op die dag as die HERE die breuk van sy volk verbind en die wond gesond maak wat aan hulle geslaan is. Kyk, die Naam van die HERE kom van ver af, sy toorn brand, swaar wolke kom op; sy lippe is vol grimmigheid en sy tong soos 'n verterende vuur, en sy asem soos 'n oorlopende stroom wat tot by die nek kom—om nasies te sif met 'n sif van vernietiging; en 'n toom wat verkeerd stuur, is in die kakebene van die volke. Die lied sal by julle wees soos in die nag as die fees gevier word, en julle sal vrolik wees van hart soos die wat met die fluite loop, om te kom op die berg van die HERE, na die Steenrots van Israel. En die HERE sal sy stem vol majesteit laat hoor en die neerdaling van sy arm laat sien, met grimmige toorn en die vlam van 'n verterende vuur, storm en stortreën en haelkorrels. Want vir die stem van die HERE sal Assur verskrik wees; met die stok sal Hy slaan, en elke swaai van die roede wat vir hom beskik is, wat die HERE op hom laat val, sal wees onder begeleiding van tamboeryn en sitermusiek, en met 'n uitgeswaaide vegtersarm sal Hy teen hulle veg. Want 'n Tofet is van gister af gereedgemaak, ook is dit vir die koning berei; diep en wyd het Hy die houtstapel daarvan aangelê met vuur en hout in menigte; die asem van die HERE is soos 'n stroom van swawel wat dit aan die brand steek."* (Jes 30:18-33)

Maar gelukkig gaan Jesaja voort en vertel dat dit nie die roete is wat die HERE van ons verwag nie, maar dat Hy, soos Jesaja dit hier stel *"**En daarom sal die HERE met ongeduld daarop wag om julle genadig te wees, en daarom sal Hy Hom verhef om Hom oor julle te ontferm; want die HERE is 'n God van die gerig.** Welgeluksalig almal wat op Hom wag! Want 'n volk sal op Sion, in Jerusalem, woon; jy sal nie meer ween nie; sekerlik sal Hy jou genade bewys op jou hulpgeroep; sodra Hy hoor, antwoord Hy jou. Die Here gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie—maar jou oë sal jou leraars sien; en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan".*

Ek glo dit is wat jy ook graag wil hoor, dat die HERE met ongeduld wag om jou genadig te wees.

# HOOSTUK EEN EN DERTIG

## VERDERE OORDEEL OOR DIE WAT TERUG NA EGIPTE WOU GAAN

*"Wee hulle wat na Egipte aftrek om hulp en hulle verlaat op perde, en wat vertrou op strydwaens, omdat daar baie is, en op ruiters, omdat hulle baie talryk is, maar hulle sien nie op die Heilige van Israel en hulle soek nie die HERE nie. Nogtans is Hy ook wys, en Hy laat die onheil kom en trek sy woorde nie terug nie: Hy sal opstaan teen die huis van die kwaaddoeners en teen die helpers van die wat ongeregtigheid werk. Ja, die Egiptenaars is mense en nie God nie, en hulle perde is vlees en nie gees nie; as die HERE sy hand uitstrek, dan struikel die helper, en wie gehelp is, val; en saam gaan hulle almal te gronde. Want so het die HERE vir my gesê: Soos 'n leeu en 'n jong leeu knor oor sy prooi wanneer die volle getal herders teen hom bymekaargeroep word, sonder dat hy skrik vir hulle stem of ingee vir hulle geraas—só sal die HERE van die leërskare neerdaal om in die stryd uit te trek teen die berg Sion en teen sy heuwel. Soos voëls wat fladder, so sal die HERE van die leërskare Jerusalem beskut, beskut en red, verskoon en bevry. Bekeer julle tot Hom van wie die kinders van Israel diep afgeval het. Want in dié dag sal hulle elkeen sy silwerafgode en sy goue afgode verwerp, wat julle hande vir julle tot sonde gemaak het. En Assur sal val deur die swaard, nie van 'n man nie; en die swaard, nie van 'n mens nie, sal hom verteer; en hy sal voor die swaard vlug, en sy jongmanne sal dienspligtig word; en sy rots sal uitmekaar stuif van skrik, en sy vorste sal verskrik die banier verlaat, spreek die HERE, wat 'n vuur het op Sion en 'n oond in Jerusalem."* (Jes 31:1-9)

Hier vind ons nog verdere oordele oor die wat hul vertroue op mense stel. Hulle sien nie die Heilige van Israel nie, en daarom sal die HERE self teen hulle optree. Maar Hy sal hulle beskerm, en gebruik Jesaja die voorbeeld van 'n leeu wat sy prooi beskerm teen ander, so sal die HERE hul ook beskerm. Soos Jesaja dit uitdruk, Hy sal hulle beskut, maar nie net beskud nie, maar red, verskoon en bevry.

Maar daar is een voorwaarde aan verbonde, hulle moet op Hom alleen vertrou. Die HERE sal hulle beskerm, hier teen die fisiese Assur, of soos ons vandag Assur sien as die Roomse en Ortodokse Kerke wat die ware Kerk aanval en wil verteer. Wanneer dit gebeur sal die mense hulle afgode van silwer en goud verwerp, en sal die HERE hul beskerm. Maar, hulle moet nie vertrou op Egipte nie en nie terug gaan na Egipte nie. Dan sal die HERE hulle binne in Jerusalem, of die ware Kerk beskerm teen alle aanvalle van beide die satan, en die ander Kerke wat hul teestaan in hul belydenis. So die wat glo net hulle is reg en indien jy nie aan hulle groep behoort nie sal jy verlore gaan.

So die gedeelte beskryf vir ons enkele van die aspekte wat Johannes vir ons in Openbaring 11 en 12 bespreek word.

# HOOFSTUK TWEE EN DERTIG

## JESUS SAL IN GEREGTIGHEID HEERS

*"Kyk, 'n koning sal regeer in geregtigheid, en die vorste sal heers volgens reg. En elkeen sal wees soos 'n toevlug teen die wind en 'n skuiling teen die stortreën, soos waterstrome in 'n dor streek, soos die skaduwee van 'n swaar rots in 'n land wat versmag. Dan sal nie meer verblind wees die oë van die wat sien nie; en die ore van hulle wat hoor, sal luister; en die hart van die onbedagsames sal leer om te verstaan, en die tong van die hakkelaars sal gou wees om duidelik te spreek; die dwaas sal nie meer 'n edele genoem word nie, en van die skelm sal nie gesê word dat hy vernaam is nie. Want 'n dwaas spreek dwaasheid en sy hart bring onheil voort, deur goddeloosheid te bedrywe en dwaling te spreek oor die HERE, deur die begeerte van die hongerige onvervuld te laat en die drank van die dorstige te laat ontbreek. En die skelm—sy middele is sleg, hy beraam skandelike dade om die ellendiges te ruïneer met leuentaal, ook as die behoeftige spreek wat reg is. Maar die edele beraam edele dade, en hy hou stand in wat edel is."* (Jes 32:1-8)

Hier sien ons dat die profeet verwys na Jesus wat in Geregtigheid sal heers. Selfs van die konings van verskillende Kerkgenootskappe, sal Hom dien. Maar wat beteken dit om Jesus se geregtigheid te besit. Dit word volledig in byna elke boek wat ek geskryf het, volledig bespreek. So hier gaan ek net enkele gedeeltes aanhaal. Die hele teks is beskikbaar in Die Boek van Moses, Aan hom wat oorwin, en dan die een wat net die verbond van geregtigheid bespreek, naamlik Die verbond van Geregtigheid.

Dit is ook die hoof tema van alles wat ek oor geskryf het, aangesien dit alles bespreek wat ons nodig het om te verstaan wat Jesus se Geregtigheid beteken, en dan sal ons ook die gedeelte wat Jesaja hier aanraak, kan verstaan.

Hier dan 'n enkele gedeelte uit die boek.

**Geregtigheid**

Paulus beskryf Jesus se geregtigheid as volg: *"Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie.* ***Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.*** *Want Moses beskrywe die geregtigheid wat uit die wet is: Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe. Maar die geregtigheid wat uit die geloof is, sê dit: Moenie in jou hart sê nie: Wie sal in die hemel opvaar, naamlik om Christus af te bring; of: Wie sal in die afgrond neerdaal, naamlik om Christus uit die dode op te bring? Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."* (Rom 10:3-10)

Wanneer word ek dus deel van die Verbond met Christus as Lam? Met Nagmaal, soos in Israel se tyd met die pasga. So dit beteken ook dat geen onbesnedene mag deel hê aan die nagmaal nie, aangesien die nagmaal die bewys is dat ek my lewe prys gegee het, en 'n lewe kies wat ek in gehoorsaamheid aan die Vader sal leef.

Wat sê die Nuwe Testament daaroor? Wanneer sal ek oorwin en hoe oorwin ons? *"En hulle het hom(Satan) oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie"*. Openbaring 12 vers 11.

Wat is die ooreenkoms met die verbond voor Christus?

- Met die bloed van die Lam (Bloed aan die deurposte)
- Woord van hulle getuienis (Besnyding)

- En hulle het tot die dood hulle lewe nie liefgehad nie. Ons moet ons kruis elke dag opneem en sterf aan ons eie wil. *"En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.* ***Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red"*** (Luk 9:23-24)

So is dit met ons as kinders van die HERE. Ons almal word deel van die verbond wanneer ons besluit om Hom te volg en ons lewe neer te lê. Ons almal wat die Bybel ken volg Israel en die pad wat hulle moes neem tot in Kanaän, omdat dit die voorbeeld is wat vir ons opgeskrywe is en wat ons stap vir stap kan navolg. Dit is ook die land wat aan Abraham as 'n ewige besitting gegee is. Na ons dood gaan ons almal, al Abraham se nageslag, leer om die HERE te dien vir wie Hy is, en om eendag saam in die Nuwe Jerusalem te kan woon. *"En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem."*(Jes 2:3, Miga 4:2)

Dit is ook die eerste stap wat die Heilige Gees in elke persoon op aarde kom doen. *"Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom,* ***sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde,*** *omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is."* (Joh 16:7-11)

So alle persone het die vermoë om te kies aangesien die Bybel onomwonde bevestig dat die Heilige Gees gekom het om die wêreld te oortuig van sonde, en te leer wat geregtigheid is. So sal almal wat die lewe kies, gered word. *"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het,* ***sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.*** *Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie"*(Joh 3:16-18)

Ons moet dus glo dat Jesus die volmaakte offer vir sonde was, en dat ons slegs deur dit wat Hy gedoen het vir ons, die reg het om kinders van God genoem te word.

Indien u nie die HERE kies in hierdie lewe nie, so u glo nie dat die enigste weg na die Vader Jesus is nie, sal u skuldig staan by die wit troon oordeel. *"En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding."(*Open 20:5). *"En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen.* ***En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke****. En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood.* ***En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp."(***Open 20:11-15)

Wat beteken Jesus se verbond van geregtigheid dus?

Die definisie wat ek daaraan wil gee is as volg:

**Die reg om voor God te staan sonder skuld, veroordeling en minderwaardigheid. Dit is om in die regte verhouding voor die Skepper te staan, skepsel teenoor Skepper. Dit kan ons slegs doen wanneer ons 'n oorvloed van die gawe van geregtigheid ontvang. En dit is wat Jesus kom doen het.**

## OORDELE OOR DIE VERLEIERS

*"Staan op, geruste vroue, hoor my stem! Sorgelose dogters, luister na my woord! 'n Jaar en 'n paar dae—en julle sal sidder, sorgelose dogters! Want dit is gedaan met die druiwe-oes, daar sal geen insameling van vrugte kom nie. Bewe, geruste vroue! Sidder, sorgelose dogters! Trek julle uit, ontbloot julle en gord rougewade om julle lendene. Hulle slaan op die bors vanweë die begeerlike velde, vanweë die vrugbare wingerdstok; vanweë die akkers van my volk wat met dorings en distels opskiet, ja, vanweë al die huise van vreugde van die uitgelate stad. Want die paleis is verlate, die stadsgewoel is in eensaamheid verander; die Heuwel en die Wagtoring dien as spelonke vir ewig, 'n vreugde vir die wilde-esels, 'n weiveld vir die troppe vee— totdat oor ons uitgegiet word die Gees uit die hoogte; dan word die woestyn 'n vrugteboord, en die vrugteboord self word vir 'n bos gereken. En die reg woon in die woestyn, en die geregtigheid hou verblyf in die vrugteboord. En die werking van die geregtigheid sal vrede wees, en die voortbrengsel van die geregtigheid rus en veiligheid tot in ewigheid. En my volk sal woon in 'n plek van vrede en in veilige wonings en in plekke van ongestoorde rus. Maar dit sal hael as die bos inmekaarstort en die stad wegsak in die laagte. Welgeluksalig is julle wat by alle waters saai, wat die voet van os en esel vry laat loop!"* (Jes 32:9-20)

Hier vind ons weer 'n herhaling van Jesaja 5 en Mattheus 21. Dit wys ook vir ons op die teenoorgesteldes wat sal gebeur. In die begin word beskryf hoe die huidige wingerd verwoes sal word, maar dat wanneer die HERE Sy Gees oor ons sal uitgiet, die woestyn in 'n vrugteboord verander sal word.

*"Laat my tog sing van my Beminde; 'n lied van my Beminde oor sy wingerd! My Beminde het 'n wingerd op 'n vrugbare heuwel. En Hy het dit omgespit en die klippe daar uitgehaal en dit beplant met edel wingerdstokke; en Hy het 'n toring daar binne-in gebou en ook 'n parskuip daarin uitgekap; en Hy het verwag dat dit druiwe sou dra, maar dit het wilde druiwe voortgebring. Nou dan, inwoners van Jerusalem en manne van Juda, oordeel tog tussen My en my wingerd. Wat is daar meer te doen aan my wingerd wat Ek daar nie aan gedoen het nie? Waarom het Ek verwag dat dit druiwe sou dra, en dit het wilde druiwe voortgebring? Laat My julle dan nou te kenne gee wat Ek met my wingerd gaan doen: Ek sal sy doringheining wegneem, sodat dit verwoes word; Ek sal sy muur stukkend breek, sodat dit vertrap word. En Ek sal dit 'n wildernis maak: dit sal nie gesnoei of omgespit word nie, maar opskiet met dorings en distels; en Ek sal die wolke gebied om nie daarop te reën nie. Want die wingerd van die HERE van die leërskare is die huis van Israel, en die manne van Juda is die tuin van sy verlustiging; en Hy het gewag op reg, maar kyk, dit was bloedvergieting; op geregtigheid, maar kyk, dit was geskreeu!"* (Jes 5:1-7)

So hier vind ons dat die wingerd verwoes word soos vroeër in Jesaja opgeteken staan. En dan volg die woorde van Jesus in Mattheus 21: *"Luister na 'n ander gelykenis: Daar was 'n sekere huisheer wat 'n wingerd geplant het; en hy het 'n heining daarom gesit en 'n parskuip daarin gegrawe en 'n wagtoring gebou, en hy het dit aan landbouers verhuur en op reis gegaan. En toe die vrugtetyd nader kom, stuur hy sy diensknegte na die landbouers om sy vrugte te ontvang. Maar die landbouers het sy diensknegte geneem en een geslaan en 'n ander een doodgemaak en 'n ander een gestenig. Weer het hy ander diensknegte gestuur, meer as die eerstes, en hulle het met dié net so gemaak. Oplaas het hy sy seun na hulle gestuur en gesê: Hulle sal my seun ontsien. Maar toe die landbouers die seun sien, het hulle onder mekaar gesê: Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak en sy erfdeel in besit neem. En hulle het hom geneem en buitekant die wingerd uitgewerp en doodgemaak. Wanneer die eienaar van die wingerd dan kom, wat sal hy met daardie landbouers doen? Hulle antwoord Hom: Die slegte mense—hy sal hulle 'n slegte dood laat sterwe en die wingerd verhuur aan ander landbouers wat hom die vrugte op die regte tyd sal gee. Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë? Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra. En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel. En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle*

*begryp dat Hy van hulle spreek. En hulle het probeer om Hom in hulle mag te kry, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom vir 'n profeet gehou het."* (Mat 21:33-46)

## UITSTORTING VAN DIE HEILIGE GEES OP ALLE GELOWIGES

Maar gelukkig eindig die gedeelte nie daar nie, maar is daar tog ook troos woorde vir ons as Sy kinders wat in Sy geregtigheid wandel. *"Sal dit nie nog 'n baie kort rukkie duur dat die Líbanon in 'n vrugteboord verander word, en die vrugteboord vir 'n bos gereken word nie? En in dié dag sal die dowes Skrifwoorde hoor, en uit donkerheid en duisternis sal die oë van die blindes sien. En die ootmoediges sal vreugde op vreugde smaak in die HERE, en die behoeftiges onder die mense sal juig in die Heilige van Israel. Want gedaan is dit met die tiran, en klaar is dit met die spotter, en uitgeroei is almal wat op ongeregtigheid bedag is— hulle wat 'n mens as sondaar brandmerk ter wille van 'n woord, en strikke span vir hom wat vir die reg opkom in die poort, en die regverdige met nietige voorwendsels wegstoot."* (Jes 29:17-21)

Dit is wat die profeet Joël daaroor geprofeteer het en wat Jesus ook gebruik het in Johannes 7: *"En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie."* (Joh 7:37-39)

*"En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien. En ook op die diensknegte en op die diensmaagde sal Ek in dié dae my Gees uitgiet. En Ek sal wondertekens gee aan die hemel en op die aarde: bloed en vuur en rookpilare. Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en deurlugtige dag van die HERE kom. En elkeen wat die Naam van die HERE aanroep, sal gered word; want op die berg Sion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees soos die HERE gesê het, en onder die vrygeraaktes die wat die HERE sal roep."* (Joël 2:28-32)

Die gedeelte word ook herhaal in Handelinge deur Petrus: *"Hierdie mense is tog nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar die derde uur in die môre. Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is: En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom. En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in dié dae van my Gees uitstort, en hulle sal profeteer. En Ek sal wonders gee bo in die hemel en tekens onder op die aarde, bloed en vuur en rookdamp. Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom. En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Israeliete, luister na hierdie woorde! Jesus, die Nasaréner, 'n man deur God vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens wat God deur Hom onder julle gedoen het, soos julle ook self weet— Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring; Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word. Want Dawid sê van Hom: Ek het die Here altyddeur voor My gesien, want Hy is aan my regterhand, dat Ek nie sou wankel nie. Daarom is my hart bly en my tong juig, ja, ook sal my vlees nog rus in hoop. Want U sal my siel nie aan die doderyk oorlaat of u Heilige oorgee om verderwing te sien nie. U het My die weë van die lewe bekend gemaak, U sal My vervul met vreugde by u aangesig. Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe. Omdat hy dan 'n profeet was en geweet het dat God vir hom met 'n eed gesweer het dat hy uit die vrug van sy lendene, wat die vlees betref, die Christus sou verwek om op sy troon te sit, het hy, omdat hy dit vooruit gesien het, gespreek van die opstanding van Christus, dat sy siel nie in die doderyk verlaat is en sy vlees ook nie verderwing gesien het nie. Hierdie Jesus het God opgewek, waarvan ons almal getuies is. Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor. Want Dawid het nie in die*

*hemele opgevaar nie, maar hy self sê: Die Here het gespreek tot my Here: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete. Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het. Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle:* ***Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.****"* (Hnd 2:15-38)

Dit is interessant dat Petrus hier net deur Joël aan te haal, so 'n groot hoeveelheid mense tot geloof gebring het. U sien dit is wat gebeur wanneer ons die Woord van die HERE reg gebruik. En dit is wat hier gebeur het. En dit is wat die HERE graag vir elke Christen wil laat beleef, maar dan moet ons Sy voorskrifte volg. Hoeveel mense het tot geloof gekom nou weer? ***"Die wat toe sy woord met blydskap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drie duisend siele toegebring."*** (Hnd 2:41)

So nou vind ons een gedeelte hier wat seker die grootste knelpunt vir meeste Christene is, en dit is doop. Die mense het eers geglo wat Petrus verkondig het, en is toe gedoop en het daarna die Heilige Gees ontvang. Maar vandag baklei soveel dat hulle as babas gedoop is en dit nie nodig is om die volgorde van die Bybel te volg nie.

Dit is seker die enkele grootste probleem vandag, en dan eindig ons op met Christene wat nog in Egipte sit en nie kan glo wanneer jy hulle vertel hoe die HERE in jou lewe werk nie, want hulle verstaan nie die werking van die Heilige Gees nie. Maar ek vra dat indien jy hier lees en dit vir jou moeilik is om te glo, vra dat die Heilige Gees jou sal lei en laat jou doop, en sien watter verskil dit in jou lewe maak. Maar moenie dit doen omdat ek so sê nie. Leer wat die Bybel daaroor te sê het en kyk waar jy gaan uitkom. Hopelik sal jy agterkom dat jy alles gedoen het wat die HERE van jou verwag, behalwe dat jy nie die volgorde gevolg het nie. En dit beteken dat jy nie die boodskap van die Nuwe Verbond verstaan nie. Gaan lees dan Hebreërs en dan sal jy sien wat hoofstuk 6 vir jou gaan leer. Indien jy die eerste twee verse van hoofstuk 6 wil bestudeer, is daar 'n boek op my webtuiste wat jy gratis kan aflaai wat elke stap van voor tot agter bespreek. Dit is ongelukkig net in Engels beskikbaar en kan gekry word by:

http://www.shamaministries.org.za/boeke/The%20Shama%20Ministries%20Bible%20Course.pdf

So indien jy wil deel in die gedeelte, volg die voorbeeld van die mense wat Petrus die evangelie aan verkondig het, en jy sal die Heilige Gees ervaar in jou lewe.

Dit is hoe Johannes die gedeelte in Openbaring bespreek.

*"En ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie. En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie. En ek het die getal van die verseëldes gehoor: honderd vier en veertig duisend verseëldes uit al die stamme van die kinders van Israel"* (Openbaring 7:1-4)

Die gedeelte is al soveel kere oor bespiegel en selfs gebruik om eksklusiewe kerk gemeenskappe mee te bou, dat dit nogal 'n moeilike taak is om hieroor uit te brei. Vir my is daar 'n sleutel wat net 'n bietjie verder in die hoofstuk genoem word. Dit lui as volg: *"Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam! En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge*

*en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid en gesê: Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen. Toe het een van die ouderlinge gespreek en vir my gesê: Hulle wat bekleed is met die wit klere, wie is hulle en waarvandaan het hulle gekom? En ek sê vir hom: My heer, u weet dit. En hy sê vir my: Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam. Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal sy tent oor hulle oopspan. Hulle sal nie meer honger en nie meer dors hê nie, en nooit sal die son of enige hitte op hulle val nie; want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle laat wei en hulle na lewende waterfonteine lei, en God sal alle trane van hulle oë afvee."* (Openbaring 7:9-17)

So die 144,000 is die hoofde van die menigte wat voor die troon staan. Hulle is uitgekies om na aan die HERE te kom en Hom te bedien. Ons vind die volgende gedeelte in Esegiël wat beskryf wie voor Hom by die troon staan. Hulle is uitgekies om na aan die HERE te kom en Hom te bedien: *"Dit moet wees vir die priesters wat geheilig is, die seuns van Sadok, wat my verordening onderhou het, wat nie afgedwaal het by die afdwaling van die kinders van Israel soos die Leviete afgedwaal het nie."* Eseg 48:11. Ons vind hier dat in die Ou Testamentiese eindtyd beskrywing daar slegs sekere persone as priesters aangewys sal word wat die diens aan die HERE sal kan doen. Hoekom was Sadok dan gekies? Hy was die priester wat by Dawid gebly het terwyl Absolom probeer het om oor te neem as koning, terwyl Abjater hom by Absolom geskaar het, alhoewel hulle albei priesters in Dawid se hof was. So Sadok wys op die opregte, en daarom sal slegs sekere persone as dienaars in die Nuwe Tempel van die HERE kan diens verrig.

Ons lees ook in Openbaring hoofstuk 3 verder dat hierdie 144,000 as leiers en heersers aangestel is: "Open 3:11 *"Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie."* Dit verklaar ook wie die persone is wat ons van lees in hoofstuk 20: *"Open 20:4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank."* Net konings dra krone, so dit is dieselfde persone wat saam met Jesus sal regeer, waar Jesus as hoof sal optree. Hulle sal ook deel van die oordeel oor die ongelowiges voltrek.

Die interessantheid is dat die persone nie net van die Leviete afkomstig kan wees nie, maar van elke stam en taal en nasie. Dit is ook wat ons in Hebreërs leer: *"As daar dan volkomenheid deur die Levitiese priesterskap was—want met die oog daarop het die volk die wet ontvang—waarom was dit nog nodig dat 'n ander priester moes opstaan volgens die orde van Melgisédek en dat hy dit nie volgens die orde van Aäron genoem word nie?* ***Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet; omdat Hy met die oog op wie hierdie dinge gesê word, aan 'n ander stam behoort het waaruit niemand die altaar bedien het nie. Want dit is volkome duidelik dat onse Here uit Juda voortgespruit het, en met betrekking tot hierdie stam het Moses niks gesê van die priesterskap nie. En nog baie duideliker is dit as daar 'n ander priester opstaan na die ewebeeld van Melgisédek, een wat dit geword het nie kragtens die wet van 'n vleeslike gebod nie, maar uit die krag van die onvernietigbare lewe.*** *Want Hy getuig: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek. Want aan die een kant is daar die opheffing van die voorafgaande gebod weens die swakheid en nutteloosheid daarvan, omdat die wet niks volkome gemaak het nie; maar aan die ander kant is daar die invoering van 'n beter hoop waardeur ons tot God nader. En vir sover dit nie sonder eedswering was nie—want húlle het sonder eedswering priesters geword, maar Hy met eedswering deur die Een wat aan Hom gesê het: Die Here het gesweer en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek— in sover het Jesus van 'n beter verbond borg geword. En hulle het wel priesters geword in 'n groot aantal, omdat hulle deur die dood verhinder is om aan te bly; maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy*

*altyd leef om vir hulle in te tree. Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het; wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het. Want die wet stel as hoëpriesters aan mense met swakhede, maar die woord van die eedswering wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan, wat vir ewig volmaak is."* (Heb 7:11-28)

Nou kan ons leer dat Jesus as Hoëpriester aangestel is in die Hemelse tabernakel, maar dat die persone wat as priesters diens sal doen nie op grond van die geregtigheid van die wet aangestel word nie, aangesien die geregtigheid van die wet opgehef is in Jesus Christus. Hulle is ook nie net deel van die geslag van Levi nie, maar word uit elke stam en nasie en taal gekies. So die persone is die wat volgens Openbaring hoofstuk 3 vers 12 altyd in die tempel sal wees: *" Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam."*

Nou het ons ook vroeër al in die hoofstuk die volgende gelees: "*Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie. En ek het die getal van die verseëldes gehoor: honderd vier en veertig duisend verseëldes uit al die stamme van die kinders van Israel"* . So dit verduidelik wie die 144,000 persone sal wees. Hierdie persone sal die seël van die HERE op hulle voorhoof verkry, so dit wys daarop dat hulle denke volmaak ingestel is volgens dit wat die HERE van hulle verwag, en dat daar nie eers 'n sweempie van 'n gedagte oorgebly het wat nog twyfel in die HERE nie. Hoe word dit vir hulle genoem in hoofstuk 3: *"Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie. Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het.* ***Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.****"* (Open 3:8-10)

Die persone wat in die tempel diens sal doen sal ook 'n merk ontvang. "*die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie."* So die persone sal uitgeken word deur dit wat hulle hulle gedagtes mee besig gehou het en wat niks anders as net die HERE in hulle gedagte het nie. Hulle hele lewe gaan oor die HERE en wat Hy van ons verwag, en dit is waarmee hulle hulself mee besig hou.

Maar, gelukkig lees ons ook dat daar 'n menigte mense sal wees wat nie getel kan word nie. *"Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande; en hulle het met 'n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!"* Hoe geseënd sal ons wees op die dag dat ons weet ons deel van hierdie menigte kan wees.

In die boek van Henog maak Henog ook 'n verskil tussen twee groepe mense. Hy noem die een groep die wat in geregtigheid gewandel het, en die wat die HERE in die Nuwe Jerusalem/Nuwe Tempel sal bedien, die uitverkorenes. *"Geseënd is julle, die regverdiges en die uitverkorenes, want glorieryk sal julle lot wees. Die regverdiges sal in die lig van die son staan, en die uitverkorenes in die lig van die ewige lewe, die dae van hulle lewe sal sonder ophou wees, en die dae van die heiliges sonder getal."* Henog 58:2-3.

# JESAJA DRIE EN DERTIG

## DIE ONGELOWIGES WORD GEOORDEEL

*"Wee jou, verwoester, wat self nie verwoes is nie, en troubreker teen wie nie troueloos gehandel is nie! As jy klaar is met verwoes, sal jy verwoes word; en as jy klaar is met troubreuk, sal hulle troueloos teen jou handel. HERE, wees ons genadig, op U wag ons; wees hulle arm elke môre, ja, ons verlossing in die tyd van benoudheid! Vir die dawergeluid vlug die volke; vanweë u verheffing word die nasies verstrooi. Dan word julle buit weggeskraap soos sprinkane wegskraap; soos sprinkane hardloop, hardloop hulle daarop los. Die HERE is verhewe, want Hy woon in die hoogte; Hy het Sion vervul met reg en geregtigheid. En daar sal bestendigheid van jou tye wees, 'n rykdom van volle verlossing, van wysheid en kennis; die vrees van die HERE sal sy skat wees. Kyk, die helde skreeu daarbuite, die boodskappers van vrede ween bitterlik. Die grootpaaie is verlate; die wat padlangs trek, bly weg. Hy het die verbond verbreek, die stede gering geag, mense nie gereken nie. Die land treur, dit verwelk; die Líbanon staan beskaamd, dit verkwyn; Saron het geword soos 'n woestynvlakte, Basan en Karmel staan sonder blare. Nou sal Ek opstaan, sê die HERE; nou sal Ek My verhef, nou sal Ek My oprig. Julle gaan swanger van strooi, julle sal stoppels baar; julle geblaas is 'n vuur wat julle sal verteer. Dan word die volke 'n kalkbrandery, afgekapte doringbosse wat met vuur verbrand word. Hoor, julle wat ver is, wat Ek gedoen het; en julle wat naby is, erken my mag! Die sondaars in Sion bewe, siddering het die roekelose aangegryp. Hulle sê: Wie van ons kan woon by 'n verterende vuur, wie van ons kan woon by 'n ewige gloed?"* (Jes 33:1-14)

Hier vind ons die oordeel van die goddeloses soos ook opgeteken in Openbaring 16 tot 18. Ek het die gedeelte wat ek oor die hoofstukke geskryf het hier ingesluit sodat ons kan sien hoe Jesaja ook die verskil tussen die wat die HERE dien en die wat Hom nie dien nie, gesien het.

Hierdie is seker een van die gedeeltes wat baie mense verskillende uitlegte voor gee. Die oorgrote reformiste verwys na die Roomse Kerk as die hoer. Daar is glo sewe koppe rondom die Vatikaanstad en orals soek hulle na bewyse dat die Roomse Kerk die hoer is. Dit is seker so dat baie van hulle leiers en lidmate wat hulle standpunte bevorder deel van die hoer gaan wees. MAAR, die HERE oordeel niemand oor hy of sy aan 'n sekere groepering behoort nie. Inteendeel Galasiërs verklaar die volgende: *"Maar laat elkeen sy eie werk op die proef stel; en dan sal hy grond vir roem hê alleen wat homself betref en nie wat die ander betref nie.* ***Want elkeen sal sy eie pak dra.*** *Maar laat hom wat in die Woord onderwys ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee. Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai."* (Gal 6:4-7)

*"En ek het 'n groot stem uit die tempel aan die sewe engele hoor sê: Gaan gooi die skale van die grimmigheid van God op die aarde uit. Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit, en kwaai en bose swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier gehad het en sy beeld aanbid het. En die tweede engel het sy skaal op die see uitgegooi, en dit het bloed geword soos van 'n dooie, en al die lewende wesens in die see het gesterwe. En die derde engel het sy skaal uitgegooi op die riviere en op die waterfonteine, en dit het bloed geword. En ek het die engel van die waters hoor sê: Regverdig, Here, is U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel uitgevoer het; want hulle het die bloed van heiliges en profete vergiet, en U het aan hulle bloed gegee om te drink, want hulle het dit verdien. En ek het 'n ander een uit die altaar hoor sê: Ja, Here God, Almagtige, waaragtig en regverdig is u oordele. En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei. En die mense is geskroei met 'n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plae, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie. En die vyfde engel het sy skaal uitgegooi op die*

*troon van die dier, en sy koninkryk is verduister, en hulle het hul tonge gekou van pyn; en hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie. En die sesde engel het sy skaal uitgegooi op die groot rivier, die Eufraat, en sy water het opgedroog, sodat die pad van die konings wat van die ooste af kom, reggemaak kon word. En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God."* (Open 16:1-14)

Hier vind ons die oordele wat oor die hoer uitgespreek word. Dit is verseker nie goeie woorde nie, so ek wil baie seker maak dat ek nie deel van die hoer is nie. Maar hoe weet ek of ek deel van die Bruid is en nie deel van die hoer nie?

## LERAAR OF LEUENAAR?

In my navorsing vir my boek het ek soveel goed gelees wat my regtig omgekrap het. Goeters wat heeltemal oor geswyg word wat bekende hoog aangeskrewe Christen leiers kwytraak of kwytgeraak het. Goed wat heeltemal buite verband geruk word net om die persoon se standpunt mee te versterk. Dit het my nogal laat dink hoeveel goed daar vir ons as Christene opgedis word wat nie 'n sweempie waarheid bevat nie.

Van die groot kerkvaders en herformers het ook 'n donker kant gehad, en is dit iets wat ons maar min van hoor of glad nie van hoor nie. Luther het in sy later jare 'n boekie uitgebring : "On the Jews and their lies." Die boek is selfs genoem as een van die groot redes vir die uitwissing van Jode gedurende die tweede wêreld oorlog. 'n Aanhaling wat ek raakgelees het stel dit as volg: *"William Nichols, Professor of Religious Studies, recounts, "At his trial in Nuremherg after the Second World War, Julius Streicher, the notorious Nazi propagandist, editor of the scurrilous antisemitic weekly Der Stürmer, argued that if he should be standing there arraigned on such charges, so should Martin Luther. Reading such passages, it is hard not to agree with him. Luther's proposals read like a program for the Nazis,"' It was Luther's expression "The Jews are our misfortune" that centuries later would be repeated by Heinrich von Treitschke and appear as motto on the front page of Julius Streicher's Der Stürmer. Some scholars have attributed the Nazi "Final Solution" directly to Martin Luther."* Meeste Lutherse gemeentes in Amerika en Europa het hulle heeltemal gedistansieër van die boek van Luther, maar eers gedurende die laaste 20 tot 30 jaar, maar tog is daar maar min mense wat daarvan bewus is. Ten spyte van dit word Luther vandag nog as een van die groot hervormers gesien. Ek weet dat hy wel baie regstellings gemaak het in die Kerk, maar dit sal net beter wees indien ons die persoon tog kon sien as iemand wat net soos ek ook foute gehad het. Maar dat hy met foute en al, deur die HERE gebruik is.

Calvyn het weer die volgende self verklaar: " *"Honour, glory, and riches shall be the reward of your pains; but above all, do not fail to rid the country of those scoundrels, who stir up the people to revolt against us.* ***Such monsters should be exterminated, as I have exterminated Michael Servetus the Spaniard****."* En die ou het net Calvyn se uitverkiesingsleer bevraagteken, iets wat al oor en oor bewys is as sy eie filosofie. Ek weet dit is 'n baie kontensieuse onderwerp, maar ek glo in 'n God en Sy seun Jesus Christus wat elke persoon sal oordeel volgens sy werke en sy geloof, en nie ons as pionne gebruik en net sekere persone sal red nie, maar dat elke persoon 'n keuse moet maak om sy eie lewe by die kruis te gaan neerlê, en hom te beklee met die geregtigheid van Jesus Christus. Want Hy is ons geregtigheid. *"Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het. Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek*

*is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word".* (Heb 4:12-16)

My probleem waarmee ek worstel is dat die Hebreërsboek die volgende verklaar: *"Heb 13:7 Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na."* Nou weet ek moordenaars en die wat dit verkondig verseker nie in die hemel gaan kom tensy hulle vergifnis ontvang het van hulle sondes nie, maar ek lees nêrens dat of Luther of Calvyn hulle standpunt verander het nie. Dit is tog wat ons as Christene moet doen, is bely dat ons verkeerd gedoen het en omdraai of bekeer van dit wat verkeerd is, en dan sal daar vergifnis wees.

En so is dit ook vandag. Mense wat die Bybel, die Woord van God, aanpas om hulle standpunt mee te bevestig. Die boodskap van Jesus wat ons geregtig maak om Sy kinders te wees, is in die nuwe vertaling afgewater na een van redding en in die 2008 verdraaing heeltemal uigehaal. Net die woord, geregtigheid, het 322 keer in 305 verse in die ou vertaling voorgekom, 40 keer in die nuwe vertaling en is heeltemal ontbrekend in die 2008 verdraaing. Selfs die engelse Bybels stem saam met die Ou Vertaling, aangesien die moderne King James version die woord nogsteeds 309 keer gebruik, die KJV21 305 keer, en die New American Standard Bible ook die woord 309 keer gebruik. Om beide die nuwe vertaling en 2008 as die Bybel uit te maak en te bemark is verkeerd, want dit kan slegs as 'n parafrase van die Bybel bemark word aangesien die vertalers die kluts kwyt geraak het. Hulle doen presies dit wat die Roomse Kerk gedoen het. Die RKK het die tweede gebod wat verklaar: *"Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie."*, heeltemal uitgelaat uit hulle 10 gebooie omdat hulle Maria en die kind beeld aanbid, wat eintlik Semiramis en haar seun, of die Babelse geloof verteenwoordig. En dan het hulle die tiende gebod in twee gedeel aangesien die eerste gedeelte gaan oor jou naaste se eiendom en die tweede gedeelte oor sy mense. *"Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie."* So stel elke groep "hulle" Bybels voor, want dit is aangepas om hulle standpunt te regverdig, en strydende standpunte te verskans. Die wat dit doen is deel van die hoer.

Petrus gee ook vir ons 'n verdere standpunt om te onthou: *"En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer* ***by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis, en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug, en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde.*** *Want as hierdie dinge by julle aanwesig is en toeneem, dan laat dit julle nie ledig of onvrugbaar tot die kennis van onse Here Jesus Christus nie; want hy by wie hierdie dinge nie aanwesig is nie, is blind en kortsigtig, en het die reiniging van sy vorige sondes vergeet."* (2Pe 1:5-9) So maak seker dat jy geleer word by jou gemeente sodat jy voorbereid is vir die dag, want sonder dit vind jy net dalk uit dat jy deel het aan die hoer. Daaroor ook die oproep wat Johannes maak in die gedeeelte: *"En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê:* ***Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.*** *Want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregtighede onthou. Vergeld haar soos sy ook julle vergeld het, en verdubbel dit vir haar volgens haar werke. Skink vir haar dubbel in die beker waarin sy geskink het. Namate sy haarself verheerlik het en weelderig geleef het, na dié mate moet julle haar pyniging en droefheid aandoen. Omdat sy in haar hart sê: Ek sit as koningin en is geen weduwee nie, en droefheid sal ek nooit sien nie daarom sal haar plae op een dag kom: dood en droefheid en honger; en met vuur sal sy verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel". (*Open 18:4-8)

En so is dit met die boodskap wat ons vandag van sovele predikers hoor. Iemand kan mos net hierdie gebedtjie agter jou aan herhaal of die persoon sal dit sommer net self namens jou bid en nou is jy reg. Dit is absolute onsin en ontbreek van alle waarheid. Ek moet eers besef dat ek

verdoem is en die ewige dood sal beërf voordat ek kan besef dat ek 'n verlosser nodig het, en dan moet ek eers besef wat die liefde van Jesus en die Vader beteken, voordat ek kan glo dat Hy die pad vir ons gebaan het na die ewige lewe. Gaan lees maar die eerste brief van Johannes en sien vir jouself hoe jy die HERE moet behaag. Ek plaas net so 'n paar verse wat veral van toepassing is op dit wat ek vroeër oor van die hervormers geplaas het. ***"Elkeen wat bely dat Jesus die Seun van God is—God bly in hom, en hy in God.*** *En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom. Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld. Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie. Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.* ***As iemand sê: Ek het God lief—en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie?*** *En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê."* (1Jn 4:15-21)

Daar is sovele predikers en teoloë wat die boodskap van die hoer verkondig vandag. Mense wat Christene aanval sodra jy vir hulle wys dat daar bekering in jou lewe moet wees. Jy moet ophou met jou sonde, jy kan nie net maar aangaan met jou lewe nie, die HERE verwag heiligmaking. Jesus sê self deur Petrus: *"Daarom, omgord die lendene van julle verstand, wees nugter en hoop volkome op die genade wat julle deel word by die openbaring van Jesus Christus. Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie. Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word,* ***omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig.****"* (1Pe 1:13-16)

En dan wanneer jy die leierskap wys op wat die Bybel verwag dan is dit hulle wat jou as Christen uit hulle gemeentes verban omdat jy durf hulle boodskap te bevraagteken. Sodra jy nie saamstem met die lering van die wegraping nie, is jy oop oë op pad hel toe volgens hulle. Ongelukkig verklaar die Bybel dat die Antichris die een is wat nie Jesus as Messias sien nie. *"Want baie verleiers het in die wêreld ingekom:* ***die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris.*** *Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar 'n volle loon ontvang."* (2Jn 1:7-8) **Met hul ondersteuning dat Jesus weer moet kom ondersteun hulle al reeds die Antichris en maak hulle hulself deel van die hoer.**

So tot hier wat met die ongelowiges sal gebeur.

## WIE SAL IN JERUSALEM BY JESUS KAN WOON?

*"Die sondaars in Sion bewe, siddering het die roekelose aangegryp. Hulle sê: Wie van ons kan woon by 'n verterende vuur, wie van ons kan woon by 'n ewige gloed?* ***Hy wat in geregtigheid wandel en spreek wat reg is, wat gewin deur afpersinge versmaad, wat sy hande uitskud om geen omkoopgeskenk aan te gryp nie, wat sy oor toestop om van geen bloedskuld te hoor nie, en sy oë sluit om wat sleg is, nie te sien nie— hy sal op hoogtes woon, rotsvestings is sy burg; sy brood word hom gegee, sy water is gewis. Jou oë sal die Koning in sy skoonheid aanskou, dit sal 'n wyd uitgestrekte land sien.*** *Jou hart sal die deurgestane verskrikking oordink en sê: Waar is hy wat getel het? Waar is hy wat geweeg het? Waar is hy wat die torings opgeskryf het? Jy sal die onbeskaamde volk nie meer sien nie, die volk met duister, onverstaanbare spraak, met onbegryplike hakkeltong. Aanskou Sion, die stad van ons feestelike samekoms! Jou oë sal Jerusalem sien as veilige woonplek, as tent wat nie wegtrek nie, waarvan die penne nooit meer uitgeruk word nie en geeneen van sy toue ooit losgeskeur word nie. Maar daar sal die HERE vir ons heerlik wees; dit sal 'n plek van riviere wees, van breë strome; geen vloot van roeiskepe sal daarop vaar nie, en geen trotse skip sal daaroor gaan nie. Want die HERE is ons Regter, die HERE is ons Aanvoerder, die HERE is ons Koning: Hy sal ons verlos. Jou toue hang slap, hulle hou die voetstuk van hulle mas nie styf nie, hulle ontplooi nie die banier nie; dan word*

*roofbuit verdeel in menigte, selfs die lammes maak buit. En geen inwoner sal sê: Ek is siek nie; aan die mense wat daarin woon, is die skuld vergewe."* (Jes 33:14-24)

Hier haal Jesaja vir Dawid aan oor wat Dawid in Psalms 15 geskryf het. *"'n Psalm van Dawid. HERE, wie mag vertoef in u tent? Wie mag woon op u heilige berg? Hy wat opreg wandel en geregtigheid doen, en wat met sy hart die waarheid spreek; wat nie rondgaan met laster op sy tong nie, sy vriend geen kwaad doen en geen smaadrede uitspreek teen sy naaste nie; in wie se oë die verworpene veragtelik is, maar hy eer die wat die HERE vrees; al het hy gesweer tot sy skade, hy verander nie; wat sy geld nie gee op woeker en geen omkoopgeskenk aanneem teen die onskuldige nie. Hy wat hierdie dinge doen, sal nie wankel in ewigheid nie.*" (Psa 15:1-5)

Watter pragtige woorde om te hoor wat ons as kinders van God sal kry wanneer die finale oordeel verby is. Dit sal ons dan ook deel maak van die bruid wat Johannes in Hoofstuk 19 bespreek. *"En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God. En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie."* (Opn 19:6-10)

# HOOFSTUK VIER EN DERTIG

## OORDEEL OOR AL DIE VERSKILLENDE TIPES CHRISTENE

*"Kom nader, o volke, om te hoor; en nasies, luister! Laat die aarde hoor, en die volheid daarvan, die wêreld en alles wat daaruit voortkom. Want die toorn van die HERE is oor al die nasies, en grimmigheid oor al hulle leërskare; Hy het hulle met die banvloek getref, Hy het hulle oorgegee om geslag te word. En hulle gesneuweldes sal weggewerp word, en die stank van hulle lyke gaan op, en die berge smelt van hulle bloed. En al die leërskare van die hemel vergaan, en die hemel word inmekaar gerol soos 'n boek en al sy leërskare val af soos 'n blad van die wingerdstok afval en soos vye afval van die vyeboom. Want my swaard het dronk geword in die hemel; kyk, dit kom af op Edom en op die volk van my banvloek, om geoordeel te word.* ***Die swaard van die HERE is vol bloed, dit drup van vet, van die bloed van lammers en bokke, van die niervet van ramme; want die HERE het 'n slagoffer in Bosra en 'n groot slagting in die land Edom.*** *Dan val die buffels saam met hulle, en die jong stiere saam met die stiere; en hulle land word dronk van bloed, en hulle stof versadig van vet. Want die HERE hou 'n dag van wraak, 'n jaar van vergelding in die regsaak van Sion. En sy strome sal in pik verander word en sy stof in swawel, en sy land sal brandende pik word. Dit sal snags of oordag nie uitgeblus word nie; vir ewig gaan sy rook op; van geslag tot geslag lê dit woes, vir altyd en ewig trek niemand daardeur nie. Maar die pelikaan en die krimpvarkie neem dit in besit, en die uil en die kraai woon daarin. En Hy sal die riglyn van woestheid daaroor span en die skietlood van vormloosheid. Sy edeles—daar sal hulle geen koninkryk meer uitroep nie, en met al sy vorste is dit gedaan. En sy paleise word begroei met dorings, brandnekels en distels sal in sy vestings wees. En dit sal 'n lêplek van jakkalse, 'n verblyf vir die volstruise wees. En boskatte kom wildehonde teë, en veldduiwels ontmoet mekaar; ook woon die naggees daar in vrede en vind 'n rusplek vir hom. Daar maak die pylslang sy nes en lê eiers en broei dit uit en koester haar kleintjies daar in die skaduwee; ook sal die kuikendiewe daar bymekaarkom, die een by die ander.* ***Soek in die boek van die HERE en lees! Nie een van hierdie wesens ontbreek nie, die een mis die ander nie; want my mond—dié het dit beveel, en sy Gees—dié het hulle bymekaargebring. En Hy het vir hulle die lot gewerp, en sy hand het die land aan hulle met die meetsnoer uitgedeel; tot in ewigheid sal hulle dit besit, van geslag tot geslag daarin woon."*** (Jes 34:1-17)

Hier sien ons ook soos Johannes in hoofstuk 20 van Openbaring die oordeel oor die volke beskryf het. Hier kry ons die beeld van Jesus wat die finale oordeel oor die volke sal doen, oor die wat ten spyte van dit wat hulle aanskou het, nogsteeds aan hulle godsdiens vashou. So sien ons sy kleed wat in bloed gedoop is, en sien ons weer Jesus se naam as die Woord van God. Sy oordeel wat Hy doen is alles gebaseer op die Woord wat ons al die jare gehad het en al die vereistes van geweet het. Hier vind ons ook weer dat Sy kleed in bloed gedoop is waarvan Jesaja in hoofstuk 63 geskryf het: *"Wie is dit wat daar aankom uit Edom, met bloedrooi klere uit Bosra? Hy daar, pragtig in sy gewaad, wat agteroor buig in die volheid van sy krag? Dit is Ek wat in geregtigheid spreek, wat magtig is om te verlos. Waarom is u gewaad so rooi, en u klere soos dié van een wat die wynpers trap?* ***Ek het die pers alleen getrap, en van die volke was niemand by My nie; en Ek het hulle getrap in my toorn en hulle vertrap in my grimmigheid, sodat hulle lewensap op my klere gespat en Ek my hele gewaad bevlek het. Want die dag van wraak was in my hart, en die jaar van my verlossing het gekom.*** *En Ek het uitgekyk, maar daar was geen helper nie; en Ek het My verbaas, maar daar was niemand wat ondersteun nie. Toe het my arm My gehelp en my grimmigheid het My ondersteun. En Ek het volke vertrap in my toorn en hulle dronk gemaak in my grimmigheid; en Ek het hulle lewensap op die aarde laat afloop."*(Jes 63:1-6) Die Psalm skrywer stel dit as volg: *"Want nie van die opgang of van die ondergang, ook nie van die woestyn van berghoogtes nie…. maar God is regter: Hy verneder die een en verhef die ander.* ***Want in die hand van die HERE is 'n beker, en die wyn skuim; dit is oorvloedig gemeng, en Hy skink daaruit; ja, die afsaksel daarvan moet al die goddelose van die aarde opslurp, uitdrink."*** (Psa 75:6-8)

Die hoofstuk sluit af met die laaste wat met die goddelose sal gebeur: "*En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees.*"

# HOOFSTUK VYF EN DERTIG

## DIE UITGESOEKTES SAL ERF WAT VIR HULLE BESTEM IS

*"Die woestyn en die dor land sal bly wees, en die wildernis sal juig en bloei soos 'n narsing; dit sal lustig bloei en juig, ja, met gejuig en gejubel; die heerlikheid van die Líbanon is aan hom gegee, die sieraad van Karmel en Saron; hulle dáár sal sien die heerlikheid van die HERE, die sieraad van onse God. Versterk die slap hande en maak die struikelende knieë vas.* ***Sê aan die wat vervaard is van hart: Wees sterk, wees nie bevrees nie! Kyk, julle God kom met wraak, met goddelike vergelding; Hy self sal kom en julle verlos. Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word. Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis. En die gloeiende grond sal 'n waterplas word, en die dorsland fonteine van water; in die plek van die jakkalse waar hulle gelê en rus het, is gras met riete en biesies. En dáár sal 'n grootpad wees en 'n weg wat die heilige weg genoem sal word; geen onreine sal daarop voorttrek nie, maar vir húlle sal dit wees; wie die weg bewandel—selfs die dwase sal nie dwaal nie. Dáár sal geen leeu wees nie, en geen verskeurende dier sal daarop kom of daar aangetref word nie; maar die verlostes sal daarop wandel; en die losgekooptes van die HERE sal teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydskap sal hulle verkry, maar kommer en gesug vlug weg****."* (Jes 35:1-10)

Hier beskryf Jesaja vir ons sy beeld van die finale gedeelte van die geskiedenis van die mensdom, en hoe ons vir ewig saam met Jesus, die Vader, en die Heilige Gees in Jerusalem sal spandeer. Dit is ook die gedeelte wat Esegiël vir ons beskryf soos hy dit gesien het as die Nuwe Tempel, want vir hom was dit die plek waar die HERE gevind kon word, met Johannes wat weer Jerusalem as die stad van die HERE sien.

Dit word herhaal deur Jesaja in hoofstuk 66 waarmee hy sy boek ook afsluit. *"Want kyk, die HERE sal kom in vuur, en sy waens soos 'n stormwind, om in hittigheid sy toorn te openbaar en in vuurvlamme sy dreiging. Want met vuur en met sy swaard sal die HERE strafgerig hou oor alle vlees, en hulle wat deur die HERE verslaan is, sal baie wees. Die wat hulleself heilig en hulleself reinig vir die tuine, terwyl hulle die een nadoen wat in die middel staan; wat varkvleis eet en verfoeisels en muise—almal saam sal hulle tot niet raak, spreek die HERE. Maar Ek ken hulle werke en hulle gedagtes; die tyd kom dat Ek al die nasies en tonge versamel; en hulle sal kom en my heerlikheid sien. En Ek sal 'n teken onder hulle doen, en vrygeraaktes uit hulle stuur na die nasies, na Tarsis, Pul en Lud, wat die boog span, na Tubal en Jawan, na die ver kuslande wat my tyding nie gehoor en my heerlikheid nie gesien het nie; en hulle sal my heerlikheid onder die nasies verkondig. En hulle sal al julle broers bring uit al die nasies as offergawe aan die HERE, op perde en op waens en in draagstoele en op muilesels en op kamele na my heilige berg, na Jerusalem, sê die HERE, net soos die kinders van Israel die spysoffer in 'n rein voorwerp bring na die huis van die HERE. En ook sal Ek uit hulle priesters en Leviete neem, spreek die HERE. Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die HERE, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees. En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE. En hulle sal uitgaan en die lyke sien van die mense wat teen My opgestaan het; want hulle wurm sal nie sterwe en hulle vuur sal nie uitgeblus word nie, en hulle sal afgryslik wees vir alle vlees."* (Jes 66:15-24)